# DIE GESKIEDENIS EN BYDRAE VAN DIE OPLEIDINGSKOOL SOHNGE TOT DIE ONDERWYS

deur

WESLEY BARRY BAARTZES

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

Departement Historiese Pedagogiek

aan die

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

STUDIELEIER: PROFESSOR P.P. KIRSTEIN

BELLVILLE

NOVEMBER 1982

http://etd.uwc.ac.za/

## DANKBETUIGINGS

Ek wil my opregte dank uitspreek teenoor my promotor, prof. P.P. Kirstein vir die opoffering wat hy gemaak het en die leiding wat hy tydens my navorsing gegee het. As studieleier het hy altyd inspirerend en aan=moedigend opgetree veral in daardie tye toe omstandighede vir my baie moeilik was.

Ek wil ook my dank en waardering betuig teenoor al die persone en instansies vir die hulpverlening en middele wat hulle aan my beskikbaar gestel het en sodoende dit vir my moontlik kon maak om die verhandeling te voltooi.

'n Spesiale dank aan die persone wat met die tikwerk gehelp het en aan mej. M.S. Farmer vir die finale tikwerk wat sy onderneem het. Vir mnr. J.N.B. Goliath wil ek dankie sê vir die sketsplanne wat hy geteken het.

Aan my eggenote, Dulcie Naomi, is ek veel dank verskuldig vir haar besondere bydrae en aanmoediging, en die volgehoue belangstelling wat sy in my werk getoon het. Dan wil ek dankie sê aan my vier kinders Johann, Tonya, Warren en Hayley en twee susters Vanity en Bernice vir die wyse waarop hulle my bygestaan het.

Die grootste dank wil ek aan my God betuig vir Sy genade en onderskraging wat aan my bewys is en wat ek baie nodig gehad het om hierdie studie suksesvol te kon afhandel.

CERES

Oktober 1982

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Ek verklaar hiermee dat:

DIE GESKIEDENIS EN BYDRAE VAN DIE OPLEIDINGSKOOL SÖHNGE TOT DIE ONDERWYS my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige verwysing aangedui en erken het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

DIE ONTSTAAN EN DIE BYDRAE VAN DIE OPLEIDINGSKOOL SÖHNGE TOT DIE ONDERWYS.

HOOFSTUK 1

ORIëNTERENDE INLEIDING : ONDERWYSEROPLEIDING IN PERSPEKTIEF

BLADSY


1.1 Die opleiding van onderwysers in Suid-Afrika (Kleurlingonderwys) 2

1.1.1 Die belangrikheid van onderwyseropleiding 9

1.1.1.1 Akademiese opleiding 9

1.1.1.2 Professionele opleiding 10

1.1.1.3 Opleiding in ekstra-kurrikulêre bedrywighede 12

1.1.1.4 Die daarstelling van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing 12

1.1.1.5 Die onderwyser in die gemeenskap 15

1.1.2 Fasiliteite wat tans bestaan vir die opleiding van onderwysers in Suid-Afrika 16

1.1.2.1 Opleiding van onderwysers vir die primêre skole 17

1.1.2.2 Opleiding van onderwysers vir die sekondêre skole 24

1.1.3 Hoe die Opleidingskool Söhnge hier inskakel 26

1.2 Die doel van hierdie ondersoek 27

1.3 Afbakening van terrein 27

1.4 Metode van ondersoek 28

1.5 Slotopmerkings 29


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

HOOFSTUK 2

DIE OPKOMS VAN KLEURLINGONDERWYS IN KAAPLAND

| | BLADSY |
|---|---|
| 2.1 Historiese aanloop | 33 |
| 2.1.1 Die eerste opvoedingspoging | 34 |
| 2.1.2 Eerste slaweskool | 36 |
| 2.1.3 Gemengde skole | 40 |
| 2.1.4 Die tweede slaweskool | 42 |
| 2.1.5 Die totstandkoming van die Oonderwysdepartement van die Kaap die Goeie Hoop | 45 |
| 2.2 Uitbreiding van die Kolonie na die binneland | 47 |
| 2.2.1 Reglemente om die Hottentotte meer gevestig te kry | 48 |
| 2.2.2 Worcester (1820): historiese aanloop | 50 |
| 2.3 Godsdienstige aanloop | 53 |
| 2.3.1 Die koms van die Morawiërs (1792) | 55 |
| 2.3.2 Die koms van die Britse en ander Buitelandse Sendinggenootskappe | 55 |
| 2.3.3 Die koms van die Rynse Sendinggenootskap (1829) | 56 |
| 2.3.4 Die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap | 58 |
| 2.3.5 Hulpgenootskappe en die stigting van takke in die binneland | 61 |
| 2.3.6 Die Roodezandse Hulpgenootskap (1799) | 61 |
| 2.3.7 Die Worcesterse Hulpgenootskap | 63 |
| 2.3.8 Die Worcesterse Hulpgenootskap word deur die Rynse Sendinggenootskap oorgeneem | 65 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

HOOFSTUK 3

DIE OPKOMS VAN KLEURLINGONDERWYS IN DIE DISTRIK WORCESTER

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Onderwys onder die Departement van die Kaap die Goeie Hoop | 78 |
| 3.1.1 | Eerste skole | 80 |
| 3.1.2 | Openbare skole | 80 |
| 3.1.3 | Sendingonderwys | 81 |
| 3.1.3.1 | Historiese aanloop | 82 |
| 3.1.3.2 | Bestuur | 90 |
| 3.1.3.3 | Huisvesting en skooluitrusting | 90 |
| 3.1.3.4 | Leerplig | 94 |
| 3.1.3.5 | Taalmedium | 103 |
| 3.1.3.6 | Personeelvoorsiening | 104 |
| 3.1.3.7 | Opleiding van onderwysers | 115 |
| 3.1.3.8 | Kursus | 118 |
| 3.1.3.9 | Finansiële bystand | 125 |
| 3.2 | Worcester kry opleidingskoolstatus | 128 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

HOOFSTUK 4

DIE OPKOMS VAN DIE OPLEIDINGSKOOL WORCESTER


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.1 | Tydperk van ontwikkeling | 137 |
| 4.1.1 | Die stigting van 'n selfstandige opleidingskool word 'n noodsaaklikheid | 137 |
| 4.1.2 | Die oprigting van 'n afsonderlike skoolgebou vir die opleiding van onderwysers | 138 |
| 4.1.3 | Hoeksteenlegging | 140 |
| 4.1.4 | Amptelike opening van die opleidingskool | 141 |
| 4.1.5 | Personeel | 142 |
| 4.1.6 | Kursusse | 145 |
| 4.1.7 | Inskrywing | 148 |
| 4.1.8 | Fondsinsameling | 149 |
| 4.1.9 | Uitbreiding | 150 |
| 4.1.10 | Finansiële bystand | 151 |
| 4.1.11 | Buitemuurse bedrywighede | 153 |
| 4.1.12 | Benoeming van die eerste kleurling-prinsipaal | 154 |
| 4.2 | Tydperk van stabilisering (1937 - 1960) | 158 |
| 4.2.1 | Personeel | 158 |
| 4.2.2 | Inskrywing | 160 |
| 4.2.3 | Kursusse aangebied | 162 |
| 4.2.4 | Die St. John Noodhulpliga | 163 |
| 4.2.5 | Leer- en leesboeke | 163 |
| 4.2.6 | Die biblioteek | 166 |
| 4.2.7 | Identifisering met die skool | 171 |
| 4.2.8 | Dagprogram | 173 |
| 4.2.9 | Buitemuurse aktiwiteite | 175 |
| 4.2.10 | Ontgroening van nuwelinge | 178 |
| 4.2.11 | Fondsinsameling | 179 |
| 4.2.12 | Die Fransmanbeursfonds | 180 |
| 4.2.13 | Voedingskema | 182 |
| 4.2.14 | Oorname van die Rynse Sendinggenootskap deur die N.G. Sendingkerk | 182 |


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

BLADSY

4.2.15 Die opleidingskool doen afstand van sy primêre en sekondêre afdelings 184

4.3 Tydperk van konsolidering (1961 - 1982) 186
4.3.1 Beheer 186
4.3.2 Personeel 187
4.3.3 Inskrywing 189
4.3.4 Kursusse 192
4.3.5 Die Söhnge koshuis 192
4.3.5.1 Personeel 198
4.3.5.2 Bedieningsgebied 199
4.3.5.3 Finansies 203
4.3.5.4 Huishoudelike reëls 205
4.3.5.5 Uitstappies 206
4.3.6 Re-unies 206
4.3.7 50 jaar oud 208
4.3.8 Wat bereik is 210

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

HOOFSTUK 5

BYDRAE

BLADSY


5.1 Wat die Opleidingskool Söhnge al tot stand gebring het 221

5.2 Knelpunte 225

5.2.1 Beheer deur die kerk 225

5.2.2 Personeelvoorsiening en kwalifikasies van die personeel 225

5.2.3 Akkommodasie en fasiliteite 228

5.2.4 Proefonderwys 228

5.2.5 Losiesgeriewe 229

5.2.6 Instandhouding van geboue 229

5.3 Vooruitskouing 229

5.4 Slotsom 230

Opsomming 233


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## VERNAAMSTE AFKORTINGS IN DIE TEKS EN VOETNOTE

| | |
|---|---|
| H.O.D. | – Hoër Onderwysdiploma |
| I.P.O.S. | – Intermediêre Primêre Onderwyssertifikaat |
| J.P.O.S. | – Junior Primêre Onderwyssertifikaat |
| L.P.O.S. | – Laer Primêre Onderwyssertifikaat |
| L.S.O.D. | – Laer Sekondêre Onderwysdiploma |
| O.B.S. | – Onderwys Buite Skoolverband (Deeltydse klasse) |
| O.D. | – Onderwysdiploma |
| P.O.D. | – Primêre Onderwysdiploma |
| P.O.S. | – Primêre Onderwyssertifikaat |
| Rds. | – Riksdaalders |
| S.O.D. | – Sekondêre Onderwysdiploma |
| W.S.G. | – Worcesterse Sendinggenootskap |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Gulden | = | 6d | = | 5 sent |
| Riksdaalder | = | 1/6 d | = | 15 sent |

## SKETSPLANNE


| | Bladsy |
|---|---|
| Sketsplan van die dorp Worcester om die verdeling van die dorp in blokke en erwe te illustreer. | 52 (a) |
| Skoolplan : 1929 | 151 (a) |
| Skoolplan : 1932 | 151 (b) |
| Skoolplan : 1934 | 151 (c) |


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

## LYS VAN TABELLE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| I. | Die vierfase-stelsel van gedifferensieerde onderwys vir kleurlingskole | 2 |
| II. | Organisatoriese struktuur van die stelsel van kleurlingonderwys | 4 |
| III. | Aansluiting van diensdoende leerkragte by die tweede jaar van die OD-kursus vir 1983 | 8 |
| IV. | Aantal studente wat vir die tweede en/of derde jaar van die J.P.O.S.-kursus by die verskillende onderwysinrigtings in 1982 inge= skryf is | 18 |
| V. | Aantal studente wat in 1982 vir die L.P.O.S.-spesiale kursusse by die verskillende oplei= dingskole en -kolleges ingeskryf is | 19 |
| VI. | Aantal studente wat ingeskryf is in die verskil= lende kursusse by die opleidingskolleges vir 1982 | 20 |
| VII. | Die verskillende spesialiseringsrigtings wat by die onderwyskolleges in 1983 aangebied sal word | 22 |
| VIII. | Aantal studente wat as leerkragte aan opleiding= skole en -kolleges gekwalifiseer het, 1974 - 1982 | 23 |
| IX. | Diplomas en grade wat aan die Universiteit van Wes-Kaapland verwerf is, 1960 - 1981 | 24 |
| X. | Diensdoende leerkragte vir die twee jare 1970 en 1980 | 25 |
| XI. | Biblioteekmateriaal | 93 |


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| XII. | Rynse Sendingskool skoolbywoning vir die tien jaar 1893 tot 1903 | 96 |
| XIII. | Op rol tydens inspeksie vir die tydperk 1904 - 1918 | 98 |
| XIV. | Vordering in die standerd 1 tot 6 1897 tot 1906 | 100 |
| XV. | Vordering van standerds 1 tot 6 1907 tot 1918 | 101 |
| XVI. | Prestasie van sub.B-leerlinge vir die tydperk 1895 - 1899 | 102 |
| XVII. | Diensdoende leerkragte en kwekelinge verbonde aan die Rynse Sendingskool in 1892 | 106 |
| XVIII. | Diensdoende leerkragte en kwekelinge verbonde aan die Rynse Sendingskool in 1897 | 108 |
| XIX. | Diensdoende leerkragte en kwekelinge verbonde aan die Rynse Sendingskool in 1902 | 109 |
| XX. | Diensdoende leerkragte en kwekelinge verbonde aan die Rynse Sendingskool in 1907 | 111 |
| XXI. | Diensdoende leerkragte en kwekelinge verbonde aan die Rynse Sendingskool in 1912 | 112 |
| XXII. | Diensdoende leerkragte en kwekelinge verbonde aan die Rynse Sendingskool in 1917 | 113 |
| XXIII. | Diensdoende leerkragte en kwekelinge verbonde aan die Rynse Sendingskool in 1923 | 114 |
| XXIV. | Kursus wat aangebied is vir die eerste jaar van die Laer Primêre Onderwyssertifikaat: 1924 | 119 |


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

BLADSY

XXV. Kursusse wat aangebied is vir die tweede en derde jaar van die Laer Primêre Onderwyssertifikaat: 1924 — 120

XXVI. Kwekelinge: Inskrywings vir die tydperk 1906 - 1918 — 122

XXVII. Kwekelinge: Uitslae vir die tydperk 1908 - 1921 — 123

XXVIII. Finansiële bystand vir die tydperk 1882 - 1890 aan die Rynse Sendingskool — 127

XXIX. Personeel van die Rynse Sendingskool met ingang 1 Januarie 1929 — 143

XXX. Personeel van die Rynse Oefenskool met ingang 1 Januarie 1929 — 144

XXXI. Werkindeling vir 1928 — 146

XXXII. Werkindeling vir 1929 — 147

XXXIII. Inskrywings vir die tydperk 1928 - 1934 — 148

XXXIV. Skooluitgawes vir die tydperk 1929 - 1931 — 152

XXXV. Inksrywing en personeelvoorsiening van die skool vir die jare 1938, 1948 en die tydperk 1956 - 1960 — 159

XXXVI. Inskrywing van studente en leerlinge vir die tydperk 1938 - 1960 — 161

XXXVII. Agterstallige boekegeld vir die eerste halfjaar van 1938 — 165

XXXVIII. Fondse beskikbaar gestel vir die aankoop van biblioteekboeke — 168

http://etd.uwc.ac.za/

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| XXXIX. | Aantal boeke in die biblioteek in 1952, vir die tydperk 1956 - 1976 en in 1982. | 169 |
| XL. | Inkomste en uitgawes van die Fransmanbeursfonds vir die tydperk 1945 - 1954 | 181 |
| XLI. | Diensdoende leerkragte verbonde aan die Oplei= dingskool Söhnge vir 1982 | 188 |
| XLII. | Inskrywing van die Opleidingskool Söhnge vir die tydperk 1961 - 1976 | 189 |
| XLIII. | Inskrywing van die Opleidingskool Söhnge vir die tydperk 1977 - 1982 | 190 |
| XLIV. | Inskrywing van diensdoende leerkragte vir die derdejaar van die J.P.O.S.-kursus aan die Oplei= dingskool Söhnge | 191 |
| XLV. | Inskrywing van studente van ander plekke in die Rynse Opleidingskool vir die tydperk 1929 - 1933 | 192 |
| XLVI. | Die plek van herkoms en aantal studente wat in 1964 by die opleidingskool ingeskryf was | 199 |
| XLVII. | Getal loseerders in die koshuis en private wonings vir die tydperk 1961 - 1982 | 201 |
| XLVIII. | Kosgangers in 1982 en hul plekke van herkoms | 202 |
| XLIX. | Beurs- en leninggelde aan studente betaalbaar vir die tydperk 1964 - 1982 | 204 |
| L. | Aantal studente wat as leerkragte aan die Opleiding= skool Söhnge gekwalifiseer het vir die tydperk 1928 - 1982 | 221 |
| LI. | Bevorderingsposte wat deur oud-studente van Söhnge gevul is | 223 |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| LII. | Beroepe waartoe persone toegetree het nadat hulle 'n gedeelte van hul akademiese opleiding aan Söhnge ontvang het | 224 |
| LIII. | Kwalifikasies van leerkragte wat in die personeel gedurende die tydperk 1955 - 1976 gedien het | 226 |
| LIV. | Kwalifikasies van personeel verbonde aan die Oplei= dingskool Söhnge vir die jare 1981 en 1982 | 227 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## HOOFSTUK 1

## ORIëNTERENDE INLEIDING : ONDERWYSEROPLEIDING IN PERSPEKTIEF

Onderwyseropleiding, 'n integrende deel van die onderwysstelsel in die Republiek van Suid-Afrika, soos dit ook die geval in ander lande is, is die spil waarom die opheffing van en kultuuroordrag van 'n nasie in die algemeen en dié van 'n onontwikkelde gemeenskap in die besonder draai. Sonder 'n onderwysstelsel, en meer belangrik, sonder 'n onderwys= erskorps kan geen gemeenskap ver op die beskawingspad vorder nie.

Die sendinggenootskappe het die belangrikheid van onderwys en opvoeding reeds lankal raakgesien, vandaar die ontstaan van sendingskooltjies by die sendingkerke met die hoofdoel om die gemeenskap sinvol te betrek. Die taak van die kerk is aansienlik ver= gemaklik aangesien die verkondiging van die evangelie aan die lede van die gemeenskap gepaard gegaan het met die onderrig van die basiese beginsels van lees, skryf en reken= kunde. Op hierdie wyse kon die lees uit die Bybel en Katkisasieboekie, en die aanleer van Gesange en Psalms verseker en bespoedig word.

Aanvanklik was die volwassenes eerste betrek in aandklasse. Een van die redes hiervoor is heelwaarskynlik om eers die ouers te onderrig sodat hulle (die ouers) op hulle beurt die kennis wat hulle opgedoen het aan die kinders kon oordra. Later het die klemver= skuiwing na die kinders in die dagskooltjies plaasgevind.

In die begin was dit vir die bedienaar van Gods Woord nog moontlik om beide die bearbeiding van die gemeente en die onderrig van kinders in die dagskooltjie en die volwassenes in die aandklasse te behartig, maar namate die werk van die kerk uitgebrei het, het dit bykans onmoontlik vir die sendeling geword om behoorlike aandag aan die kerk en die skool te gee. Die sendelinge het eers self hul eie onderwysers opgelei om te help met die onderrig van die kinders. Aanvanklik is die monitorstelsel gebruik en later is die kwekelingstelsel op die proef gestel. Die kwekelingstelsel is daarna met vrug aangewend totdat die Departement van Onderwys die beheer van onderwyseropleiding onder sy vleuels geneem het.

Die opheffing van die kleurlinggemeenskap in Worcester is in hoofsaak te danke aan die bearbeiding van die Worcesterse Sendinggenootskap en in later jare aan die Rynse Sendinggenootskap wat eersgenoemde sendinggenootskap oorgeneem het. Onderwyseroplei= ding het 'n deel van die onderwystaak van die sendinggenootskap uitgemaak en so het 'n opleidingskool, wat later as die Opleidingskool Söhnge bekend sou staan, vir kleurlinge in Worcester tot stand gekom.

http://etd.uwc.ac.za/

## 1.1 Die opleiding van onderwysers in Suid-Afrika (Kleurlingonderwys)

Om die opleiding van onderwysers in perspektief te stel, is dit belangrik om eers die onderwysstelsel, soos dit tans daaruit sien, en daarnaas die onderwysfasiliteite wat vir kleurlingonderwys beskikbaar gestel word, van nader te beskou.

Kleurlingonderwys is gedifferensieerd. Basies bestaan dit uit 'n vierfase-stelsel wat oor 'n twaalfjaar-tydperk strek.

TABEL 1 [1)]

DIE VIERFASE-STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS VIR KLEURLINGSKOLE

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jare van skoolbywoning | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| Klas | A | B | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| Fase | Jun. prim. | | Sen. prim. | | | | | Jun. Sek. | | | Sen. Sek. | |

Die eerste fase is die junior primêre fase wat oor die eerste drie jaar van die kind se skoollewe strek, dit wil sê vanaf sub.A tot st.1. Die kind word aan die begin van die jaar waarin hy 6 sal word tot die skool toegelaat, maar die ouers is verplig om die kind te laat inskryf en die skool by te woon as hy die ouderdom van 7 jaar bereik het.

Die tweede is die driejarige senior primêre fase en sluit standerds 2 tot 4 in. Hierna volg die junior sekondêre fase vir die groep in st.5 tot st.7. Die vierde fase staand bekend as die senior sekondêre fase en strek van st.8 tot st.10. 'n Kandidaat wat die eindeksamen van die eerste jaar van die vierde fase suksesvol afgelê het, kan die skool verlaat en aan hom word 'n Junior Sertifikaat uitgereik.

In die eerste twee fases word nie eintlik gedifferensieer nie. Leerlinge word egter in groepe na gelang van hul vermoëns geplaas sodat onderrig op 'n gedifferensieerde basis kan geskied. Die stadige leerders word, waar dit prakties moontlik is, na aanpassingsklasse verwys.

In die junior sekondêre fase word ook geen differensiasie toegepas nie. Leerlinge in st.6 tot st.7 word slegs 'n keuse in sekere praktiese of handelsvakke toegelaat. Wat die senior sekondêre fase betref, word leerlinge nie net 'n wyer keuse van vakkombinasies tot die 9 studierigtings toegelaat nie, maar hulle het ook die keusevry=heid om die vak òf op die hoër òf op die standaardgraad, in ooreen=stemming met die vereistes vir die senior sertifikaat en matrikulasie=vrystelling, aan te bied.

Daar word voorsiening ten opsigte van onderwysfasiliteite vanaf primêre tot universiteitsvlak gemaak. Kleuterskole (pre-primêre onderwys) is private ondernemings en die meeste van hulle is staatsondersteund.

Die struktuur van die stelsel van kleurlingonderwys word in Tabel II hieronder weergegee:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL II[2)]

## ORGANISATORIESE STRUKTUUR VAN DIE STELSEL VAN KLEURLINGONDERWYS

Minister

Dept. van Binnelandse Aangeleenthede
(Kleurlingsake)
Hoofkantoor

Streekkantore

Staatskole

- Primêr
  Sub A tot st.5
  Aanpassingsklasse
- Jun. Sek. Skole
- Sen. Sek. Skole
  Akademies, Handels
  Tegnies, Huishoud=
  kunde
- Tegnies
  Vakleerlingskapoplei=
  ding
- Technikon
  Gevorderde tegn.
  opleiding
- Onderwyseropleidingskolleges
  P.O.D. O.D. H.O.D.
- Onderwysersopleidingskole
  J.P.O.S.
- Kinderwetskole
  Nywerheid- en
  Verbeteringskole
- Opleidingsentrum vir seelui
- Opleidingsentrums vir kunstenaars

Onderwys vir volwassenes

- O.B.S.
  Primêr
  Sekondêr
  Beroeps
- Kultuur & Ontspanning
  Ballet, Drama
  Musiek, Kuns
  Vroueverenigings
  Jeugverenigings
  Sport

Dept. van Kleurl., Rehoboth- en
Nama Aangeleenthede

- U.W.K.
  (hoëronderwys)
- Khromme Rhee
  (Tegn. landbouk.)

Private skole

- Primêr
- Sekondêr
- Beroeps

Staatsondersteunde skole

- Pre-primêr
- Primêr
  Sub A - st.5
- Opleidingskole
  Sekondêr
  Onderwyseropleiding
- Beroepskole
  Tegnies
  Handels
  Huishoudkunde
- Voortsettingsklasse
- Spesiale skole
  Doof, Blind, Epileptiese,
  Serebraal verlamdes
- Opleidingsentrum vir
  kleuterskoolonderwyseresse

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

In die primêre skole word voorsiening vir die onderrig van die junior primêre en die senior primêre fase gemaak. Die finale jaar van die senior primêre fase (st.5) is nog aan die primêre skole verbonde terywl sommige primêre skole ook nog die tweede jaar van hierdie fase (st.6) huisves. Alhoewel die junior sekondêre skole voorsiening vir die tweede (st.6) en die derde (st.7) jaar van die junior sekondêre fase maak, word beide hierdie standerds steeds by meeste van die senior sekondêre skole aangetref.

Enkele skole is in der waarheid komprehensiewe skole aangesien hulle meer as een studierigting aanbied. Leerlinge wat nie van voornemens is om die senior sekondêre fase te voltooi nie en die skool aan die einde van die eerste jaar van bogenoemde fase verlaat, mag hulself as vakleerlinge vir verskillende beroepe laat inskryf. In hierdie geval word die praktiese ondervinding by die werk opgedoen en die teoretiese kennis by die tegniese kolleges verkry. Kursusse vir meer gevorderde tegniese opleiding en ander beroepe na st.10 word by die techni= kons aangebied.

Die Kinderwet maak voorsiening vir nywerheids- en verbeterskole, asook spesiale skole vir liggaamlik gestremdes waarin buitengewone onderrig gegee word.[3)]

Suksesvolle st.10-kandidate wat ook matrikulasievrystelling verwerf het, kan hul studie aan die Universiteit van Wes-Kaapland, die Universiteit van Suid-Afrika of, onder sekere voorwaardes, enige ander universiteit voortsit.

Indiensopleidingsfasiliteite word deur sekere staatsdepartemente en private ondernemings voorsien. Aandag word ook aan die onderwys van volwassenes gegee. Hierdie onderwys neem onder andere die vorm van voortsettingsklasse aan en die kursusse vir primêre en sekondêre onderwys wat gevolg word is dieselfde as vir die dagskool. Kursusse wat aangebied word, sluit die volgende in: kursusse vir die opleiding van seelui, kursusse in die vis- en spyseniersnywerheid en 'n verskeidenheid kursusse van kulturele omvang wat vir volwassenes bedoel is.[4)]

Die opleiding van onderwysers vind na st.10 plaas en kan by enige van die verskil= lende opleidingskolleges, die technikon en universiteite verkry word. Die rol wat opleidingskole in onderwysopleiding vir dames na st.8 gespeel het, loop nou ten einde nadat dit aangekondig is dat onderwyseropleiding na st.8 aan die einde

http://etd.uwc.ac.za/

van 1981 gestaak word. Slegs studente wat in hul tweede en derde jaar van die Junior Primêre Onderwysersertifikaat-kursus (J.P.O.S) is, word toegelaat om die kursus te voltooi. Diensdoende leerkragte in besit van die tweejarige Laer Primêre Onderwysersertifikaat (L.P.O.S.) en wat begerig is om hul onderwyskwalifikasies vir salarisdoeleindes te verbeter, word die geleentheid gegun om hulle by die derde jaar van die J.P.O.S.-kursus aan te sluit.

Tot 1982 sal persone wat die Laer Primêre Onderwysersertifikaat of die Junior Primêre Onderwysersertifikaat na st.8 verwerf het, nog toegelaat word om een of ander spesialiseringskursus soös Naaldwerk, Kindertuin, Musiek of Liggaamlike Opvoeding by sekere opleidingskole te volg.

Onderwyseropleiding by kolleges staan onder beheer van 'n Assistent-Direkteur van Onderwys (onderwyseropleiding) met drie inspekteurs van onderwys as assistente. Die Assistent-Direkteur van Onderwys het sy kantoor in die Direktoraat se hoofkantoor in Kaapstad. 'n Raad van Onderwyseropleiding bedien die Direkteur van Onderwys met raad oor aan=geleenthede in verband met onderwyseropleiding.

Met ingang Januarie 1982 is nuwe Onderwysdiploma- en Hoëronderwysdiploma=kursusse (O.D. en H.O.D.) by die kolleges ingestel. Die ou driejarige Primêre Onderwysdiploma (P.O.D.)-kursus word teen die einde van 1983 uit=gefaseer. Die eerste jaar van die nuwe kursusse "sal 'n algemene en basiese professionele oriënteringsjaar asook 'n verkenningsjaar wees". Dit kom daarop neer dat die kurrikulum en derhalwe die vakke wat al die studente sal neem, feitlik dieselfde sal wees ongeag die spesialisering=rigting waarin hulle belangstel. Spesialisering vind eers vanaf die tweede jaar plaas.

Vanaf 1982 kan die volgende kursusse by opleidingskolleges gevolg word:[5)]

i) Onderwysdiploma (Junior Primêr) - 'n driejarige onderwyseroplei=dingskursus vir die junior primêre klasse.

ii) Onderwysdiploma (Senior Primêr) - 'n driejarige onderwyseroplei=dingskursus vir die senior primêre klasse.

iii) Onderwysdiploma (Praktiese vakke) - 'n driejarige onderwyserop=leidingskursus vir spesialisering in Handwerk, Naalwerk, Musiek, Kuns, Huishoudkunde en Liggaamlike Opvoeding.

http://etd.uwc.ac.za/

Hierdie leerkragte sal gekwalifiseer wees om die vak waarin hulle gespesialiseer het, aan 'n primêre of 'n sekondêre skool te onderrig asook sekere akademiese vakke in die primêre en die laer klasse van die sekondêre skole.

iv. Hoër Onderwysdiploma: (Sekondêr) - 'n vierjarige kursus in akademiese vakke vir persone wat graag in die junior sekondêre skole onderwys wil gee.

v. Hoër Onderwysdiploma: (Junior Primêr / Senior Primêr / Praktiese Vak) - 'n eenjarige kursus na die driejarige Onderwysdiplomakursus (Junior Primêr / Senior Primêr / Praktiese Vak)[6)]

Gekwalifiseerde leerkragte wat in besit is van 'n tweejarige Primêre Onderwysersertifikaat (P.O.S), kan hul kwalifikasies verbeter deur deeltydse klasse by een van die opleidingskolleges te volg om 'n Primêre Onderwysdiploma te bekom.

Voorsiening word ook gemaak vir spesialiseringskursusse aan onderwys= kolleges vir diensdoende leerkragte en studentonderwysers. Onderwysers wat alreeds die Primêre Onderwysersertifikaat (P.O.S.) verwerf het, kan hulle by die derde jaar van die Primêre Onderwysdiploma (P.O.D.) aan= sluit, en enige een van die volgende kursusse volg:

i. P.O.D. III (Kursus A) - Akademiese vakke.
ii. P.O.D. III (Kursus B) - Kindertuin.
iii. P.O.D. III (Kursus C) - Praktiese vakke in die volgende rigtings:
Handwerk (mans)
Liggaamlike Opvoeding (mans)
Kuns
Huishoudkunde
Naaldwerk
Liggaamlike Opvoeding (dames)
Musiek[7)]

Die volgende kolleges maak ook voorsiening vir die laer gekwalifiseerde onderwysers wat graag hul kwalifikasies om salaris- en kategorie-doeleindes wil verbeter, soos uit die onderstaande tabel blyk:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL III[8)]

AANSLUITING VAN DIENSDOENDE LEERKRAGTE BY DIE TWEEDE JAAR VAN DIE OD-KURSUS VIR 1983.

| | KWALIFIKASIES | SLUIT AAN BY |
|---|---|---|
| (a) | L.P.O.S + st.10<br>J.P.O.S + st.10<br>L.P.O.S (Spesialisering) met 'n slaag=punt van 45% tot 49% + st.10 | OD II (Junior Primêr) of<br>OD II (Senior Primêr) of<br>OD II (Praktiese Vak) |
| (b) | L.P.O.S. (Spesialisering in 'n Praktiese Vak) met 'n slaagpunt van 50% of meer + st.10. | 'n OD II (Junior Primêr) of<br>OD II (Senior Primêr) of<br>OD II ('n ander Praktiese Vak)<br>OD II (Praktiese Vak waarin gespesialiseer is) |
| (c) | L.P.O.S. (Spesialisering in Kindertuin) met 'n slaagpunt van 50% of meer + st.10 | OD II (Senior Primêr) of<br>OD II (Praktiese Vak) of<br>OD II (Junior Primêr) |

Na die bestudering van die tabel sal dit duidelik word dat slegs onderwysers in besit van 'n Laer Primêre Onderwysersertifikaat (L.P.O.S.) of 'n Junior Primêre Onderwysersertifikaat (J.P.O.S) en wat 'n erkende Senior Sertifikaat verwerf het, tot die tweede jaar van die OD-kursus in 1983 toegelaat sal word.

Die kursusse vir onderwyseropleiding wat die Universiteit van Wes-Kaapland aanbied, is 'n eenjarige Sekondêre Onderwysdiploma-kursus na 'n Baccalareusgraad, 'n vierjarige Sekondêre Onderwysdiploma-kursus vir nie-gegradueerdes en 'n driejarige Laer Sekondêre Onderwysdiploma-kursus. Verder kan gekwalifiseerde onderwysers eenjarige kursusse volg om verskillende addisionele diplomas te verwerf.[9)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

### 1.1.1 Die belangrikheid van onderwyseropleiding

Die grootste verantwoordelikheid wat die onderwyser, die opvoeder, ten taak lê, is die opvoeding van die kind tot geestelike wasdom[10] en die strewe om die onrype leerling na 'n nagenoeg volmaakte vorm van kennis te lei.[11] Om hierdie opvoedingsdoelstellings te verwesenlik, word daar gepoog om die kind op die volgende gebiede sinvol te ontwikkel: liggaamlik, verstandelik, esteties, sosiaal, sedelik en die karakter.[12] In die proses om sy doel te bereik, deel die onderwyser die kind sekere leerinhoude mee en is hy ter= selfdertyd die kind behulpsaam met die aanleer van bepaalde vaar= dighede.[13]

Omdat die opvoeder te doen het met die opvoeding van nog 'n wese, in hierdie geval 'n onvolwassene, is dit essensieel om eers 'n studie van kinders te maak voordat enige pogings aangewend kan word om hulle te onderrig.[14] Met ander woorde, onderwyseropleiding onder die leidende invloed van ouer en bekwame pedagoë is belangrik as die opvoeder enigsins daarin wil slaag om 'n sukses van sy roeping,[15] 'n geleerde en 'n geëerde professie,[16] wil maak.

Die feit dat die kandidaat alreeds 'n goeie algemene opvoeding opge= doen het (tot st.10) wanneer hy gereed is om professionele studie te onderneem, laat hom toe om 'n kursus te volg wat hoofsaaklik vakke wat professioneel van aard is en praktiese opleiding vereis, insluit.[17]

In onderwyseropleiding word op veral drie terreine besondere klem gelê: akademiese opvoeding, professionele opleiding en onderwys in ekstra-kurrikulêre bedrywighede.[18] Hierbenewens word die aspirant-onderwyser in sy opleiding aan 'n meer belangrike dissipline onder= werp, naamlik dit wat basies oor sy algemene persoonlikheidsvorm= ing gaan.[19]

#### 1.1.1.1 Akademiese opleiding

Die onderwyser se bevoegdheid om te onderrig hang ten nouste saam met die vakkennis waaroor hy beskik, "for the wider his knowledge the more he is able to see the meaning of the child's elementary reactions and how he may be directed to a richer and fuller experience".[20]

http://etd.uwc.ac.za/

Om derhalwe aan die student 'n deeglike vakkennis en 'n stewige akademiese agtergrond te besorg wat hom in staat stel om sy onderrig= taak met gesag te kan beoefen, speel 'n grondige opleiding beslis 'n vername rol in sy opleiding.[21] Bo en behalwe die vak of vakke wat die student gekies het om in sy onderwysloopbaan te onderrig (die vak of vakke waarin diegene wat die vierjarige Hoër Onderwys= diploma volg, uiteindelik sal spesialiseer), word hy ook in ander akademiese en praktiese vakke opgelei.[22]

1.1.1.2 Professionele opleiding

Die akademiese opleiding vorm daardie deel van onderwyseropleiding waardeur, soos ons alreeds aangedui het, die opvoedeling 'n deeglike kennis van die vak of vakke wat hy later sal wil onderrig, opdoen. Hierdie akademiese opleiding konstitueer derhalwe die onontbeerlike grondslag vir sy professionele opleiding. Hierdie professionele opleiding gaan basies oor die kuns en wetenskap van onderwys en verteenwoordig derhalwe 'n spesifieke voorbereiding vir 'n onderwys= loopbaan.[23] Gedurende die basiese kursus word die akademiese en professionele aspekte egter naas mekaar ontwikkel.[24]

In sy professionele opleiding maak die kandidaat kennis met o.a. die volgende vakke: Pedagogiek, Klasonderwys, Onderwyshulpmiddels, Spraakopleiding en Vakdidaktiek.[25] In die vak Pedagogiek sal hy 'n studie van die kind maak; al die vertakkinge van sy ontwikkeling, sy gedrag en handelinge, sy emosies, sy verstandelike vermoë en geestesgesteldheid en hoe die leerproses op die kind en in die klaskamersituasie toegepas word.[26] Die student se benadering tot die leersituasie sal grootliks deur hierdie verworwe kennis van die kind beïnvloed word. Die stadige leerder, die begaafde en probleem= kind sal geïdentifiseer kan word, met die gevolg dat die student die leerproses by elke situasie dienooreenkomstig sal kan aanpas. Hy sal ook in ag kan neem die wyse waarop en hoeveelheid onderrig wat in bepaalde omstandighede gegee kan word.[27]

In klasonderwys word voorsiening vir die praktiese opleiding van die student gemaak en dan word daar op aspekte soos proefonderwys, die proefles, demonstrasie- en kritieklesse gekonsentreer.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die praktiese opleiding in die vorm van demonstrasie- en proeflesse wat òf deur die dosente òf deur die studente self behartig word, ont= vang die student in die kollege. Vir sy proefonderwys word die stu= dent na 'n naburige skool gestuur waar hy oefening kry om toe te pas wat hy tydens demonstrasielesse waargeneem het.[28] Dit word van die student verwag om van onderwystegnieke wat hy as teoretiese kennis in die klas= kamer opgedoen het, in sy proeflesse gebruik te maak.[29]

Die student se besoek aan 'n modelskool hou ook vir hom die voordeel in dat hy eerstehandse ondervinding opdoen in soverre dit die organisasie en administrasie van 'n skool betref, hoe die leerlinge in die skool onderrig word en die metodes wat onderwysers gebruik om die leerproses aan te moedig en te beplan.[30]

Wat Onderwyshulpmiddels betref, word die studente aan die verskillende oudivisuele hulpmiddels bekend gestel en opleiding in die hantering van hierdie professionele apparaat gegee. Die student word verder op= gelei om sy eie hulpmiddels uit eenvoudige materiaal, somtyds afvalmate= riaal, te vervaardig en die gebruik daarvan met vrug in sy lesse aan te kan wend. In die student se opleiding word dit beklemtoon dat die hoof= doel vir die gebruik van aanskouingshulpmiddels eerstens is om die aan= bieding van die les vir die onderwyser self te vergemaklik en tweedens om die les self op te helder en so interessant as moontlik vir die kind te maak. Die praktiese opleiding wat die student in sy praktiese werk ontvang het, tesame met sy kennis van onderwyshulpmiddels, sal dit vir hom moontlik maak om sy kundigheid tèn opsigte van die hantering van verf, lym, modelleermateriaal, die afrolmasjien, kunsgereedskap, materiaal en so meer, te toon.[31]

Spraakopleiding speel ook 'n belangrike rol in die opleiding van studente. Hierdeur word gepoog om die uitspraak en stembeheer van die student te verbeter en derhalwe word gepaste mondeling oefeninge gereeld gegee om die student se kommunikasiedoeltreffendheid gunstig te beïnvloed.

Vakdidaktiek het hoofsaaklik met die metodiek van onderwys en opvoeding te doen. In sy opleiding sal die student ontnugter word dat die "onder= wys geen resepmatige proses is nie, maar 'n reeks gebeure" wat verskillend van mekaar is, en elk 'n eie beoordeling en 'n eie benadering vereis.[32] Hoewel daar gepraat kan word van 'n algemene metodologie, is die klas= kamersituasie van so 'n aard dat verskillende vakke onderrig moet word wat meebring dat vir elke vak 'n besondere metode aangeleer moet word.[33]

http://etd.uwc.ac.za/

1.1.1.3 Opleiding in ekstra-kurrikulêre bedrywighede

Die opleidingskolleges maak voorsiening vir dissiplines waarin studente opgelei kan word om hulle as afrigters, skeids= regters en kultuur- en jeugleiers te bekwaam. Die opleiding is verpligtend aangesien die kursusse waarvan die studente min= stens twee moet kies, in die nuwe Onderwysdiploma-kursus ingebou is, en dit word na-uurs aangebied. Aan die einde van die kursus word die student geëvalueer en ontvang hy 'n sertifikaat as hy suksesvol is. Dit staan die student vry om vir kursusse wat nie deur die betrokke kollege aangebied word nie, by ander instansies in te skryf maar met hierdie voorbehoud dat sodanige kursusse eers deur die departement goedgekeur is.[34]

Sodanige opleiding sal die student goed te pas kom wanneer dit van hom verwag word om in die gemeenskap leiding op gebiede soos jeugorganisasies en afrigting van sport-, kulturele en jeugbe= drywighede te gee. As die student eers afgestudeer het en later gemoeid raak met die organisering van buitemuurse bedrywighede en programme wat veral in diens van die gemeenskap sal wees, sal dit nie net sy selfvertroue help opbou nie, maar hy sal ook die geleentheid gebied word om waardes soos spanwerk, onselfsug= tigheid en hulpvaardigheid te beoefen.[35]

Wat die opleiding in buitemuurse bedrywighede belangrik maak, is die feit dat die student geleer word om sy vrye tyd so te bestee dat sy belange sowel as dié van die gemeenskap nuttig gedien word.[36]

1.1.1.4 Die daarstelling van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing

Met betrekking tot onderwyseropleiding is dit waar dat "superior intelligence, however, is not a sufficient personal quality of itself for entry to teaching."[37] Wat kinders nodig het - en die ouers verlang dit - is onderwysers wat konstruktiewe mens= like verwantskapsverhoudinge met hulle kan opbou en wat aan die groeiende behoefte van hul verstand kan voldoen.[38] Nog minder kan van die veronderstelling uitgegaan word dat dit bloot die akademiese en professionele opleiding is - alhoewel dit baie belangrik is - wat van 'n student 'n suksesvolle onderwyser sal maak.[39] Daar is inderdaad 'n sekere soort karakter en tempera= ment nodig as die kind deur die onderwyser gevorm moet word.[40]

http://etd.uwc.ac.za/

Dit is daarom dat dit wenslik sou wees dat 'n kandidaat wat vir die eerste keer sy toetrede tot 'n onderwyskollege maak om as onderwyser opgelei te word, minstens met 'n liefde vir kinders vervul moet wees.[41] Die ander belangrike hoedanighede wat tot die algemene persoonlikheidsvorming van die student sal bydra, sluit in die religieuse, die etiese, die intellek= tuele, die estetiese, die liggaamlike, die sosiaal-maatskaplike, die staatkundige en die ekonomiese aspek. Die ontwikkeling van hierdie eien= skappe in die opvoedeling sal nie net aan hom 'n breër horison en 'n dieper insig in die lewe verseker nie; dit sal van hom 'n volwaardige opvoeder in die volste sin van die woord maak.[42]

In die student se opleiding word die verskillende aspekte van sy per= soonlikheidswording nie afsonderlik behandel nie, maar is dit deurvleg met die sillabus wat in die basiese kursus aangebied word en op dié wyse word dit voortdurend aan hom voorgehou.[43]

As kennis geneem word van die voorafgaande bespreking van die student en sy opleiding, is dit te begrype dat onderwysinrigtings die enigste in= stansies is waar onderwysers met vrug opgelei word.

'n Hooffunksie wat 'n kollege moet vervul is, benewens die verskaffing van kennis en opleidingsfasiliteite, die aankweek van gesonde dissipline.[44] Onderwysoutoriteit is inherent aan die onderwyssituasie en moet deur voorligting, leierskap en kontrole gemanifesteer word. Sodanige leier= skap en outoriteit is noodsaaklik om die student in staat te stel om die doel van sy opvoeding, volwassenheid, te bereik. Dissipline in die peda= gogiese sin, is die totale oefening van die opvoeder se onderwysoutoriteit om sodoende individuele vryheid te verseker en aan die student die geleent= heid te gee om selfsug en selfbeheersing te beoefen.[45]

Die doel van 'n kollege lê ook daarin opgesluit om soveel jongmans en vroue, wat die neiging openbaar om ander te wil opvoed, bymekaar te bring onder die leidende invloed van ouer pedagoë wat hulle inspireer met die ware doelwitte van die opvoeders en die metodes waardeur dit bereik kan word.[46] Die student word in die gulde posisie geplaas waar hy enersyds gedurig in kontak met sy eweknie verkeer en andersyds die geleentheid ervaar om met sy opvoeders te kan kommunikeer. So 'n op= set bied 'n gunstige teelaarde vir die wisseling van idees wat beslis sal bydra om die onderrigsproses te vergemaklik. Vir die student is dit ook moontlik om met sekere sedelike standaarde

http://etd.uwc.ac.za/

kennis te maak en dit te aanvaar vanweë die ondervinding wat hy by die kollege opgedoen het.[47)]

Net so belangrik is die feit dat die kollege 'n kultuurbron is waar kulturele waardes aan die student ontsluit word en dit vir hom moontlik gemaak word om die kennis daarvan aan ander oor te dra.[48)] Die kollege sal hom selfs daarvoor beywer om die erns van sy roeping herhaalde male gedurende die opvoedeling se opleidingsjare te beklemtoon.[49)]

Met sy toelating tot die kollege is die student in daardie stadium van sy ontwikkeling waar hy 'n intense belangstelling in die wêreld rondom hom toon en is hy gevolglik "ook hoogs ontvanklik vir vormende indrukke en invloede van buite."[50)] In die kollege is dit dan heel moontlik die gepaste tyd en plek om kontensieuse vraagstukke soos die gebruik van alkohol, ver= dowingsmiddels, seksuele aangeleenthede en so meer met die student te bespreek, miskien nie so seer om die wangebruike daarvan te probeer elimi= neer nie, maar eerder om voorkomend op te tree deur debatte en gesprekke daaroor te voer.[51)]

'n Lewens- en wêreldbeskouing wat deur die gemeenskap bepaal word, word aan die student gestalte gegee.[52)] Sover dit hierdie aangeleentheid aanbetref, moet die kollege daarteen waak om dogmaties of voorskriftelik in sy bena= dering te wees.[53)] Die kollege behoort egter breë riglyne vir "'n suiwer, helder omlynde lewensbeskouing"[54)] neer te lê, sodat studente wat hul op= leiding voltooi het, met minstens dieselfde norme en waardes toegerus word.[55)] Die lewensopvattings wat die student sy eie gemaak het sal hy nie net alleenlik "act and speak as if that which he asserts to believe is in fact true, but the style of his believe will be evidential."[56)] Dit wat hy dien sal ook in sy leefwyse vorm moet kry.

Die kollege stel 'n hoë premie op die inskerping van 'n positiewe gesindheid in die student en gee bepaald aandag aan die gesindheid wat hy aan sy be= roep en ander wat ook in die beroep staan, behoort te openbaar.[57)] Deur slegs met 'n goeie gesindheid sy lewenstaak te benader, kan die student van enige redelike sukses verseker wees.

Die student word ook geleenthede gebied om aan kollegeklubs of -verenig= ings te behoort, of selfs om 'n meer verantwoordelike posisie in die Stu= denteraad te beklee. Deelname aan die aktiwiteite van hierdie liggame leer die student om te organiseer, te beplan en projekte aan te pak waar die

http://etd.uwc.ac.za/

sukses daarvan van die samewerking met ander afhang. Die verworwe kennis op hierdie gebiede kan later met vrug in die gemeenskap toegepas word.[58)]

Ten slotte kan gekonstateer word dat daar in die kollege vasge= stel moet word of die opvoedeling die kennis en vaardighede ten opsigte van die norme en standaarde van al die kultuuraktiwiteite van die gemeenskap wat aan hom voorgehou word, bemeester het, of hy die regte gesindheid teenoor hierdie norme en waardes binne en buite die inrigting openbaar, of hy die regte keuse ten op= sigte van hierdie waardes gemaak het en of hy 'n aktiewe veldtog ten gunste van die toepaslike waardes sal kan voer.[59)]

1.1.1.6 Die onderwyser in die gemeenskap

Die opleiding wat die student in die kollege ontvang behoort eintlik opleiding in vryheid sowel as verantwoordelikheid te wees. Sy opleiding moet nie slegs tot sy aanpassing by die lewe van die gemeenskap lei as ons daarmee bedoel die passiewe aanvaarding van die gemeenskap se standaarde en patrone nie, soos Morley dit stel: "His must be a creature and critical participation, learned by the way of selfdiscipline and service."[60)] Maar voordat die jong en onervare onderwyser sy regmatige plek in die gemeenskap kan inneem, sal dit vir hom raadsaam wees om eers insae te kry in die situasie waarin hy hom sal bevind. Menige onderwyser het al in hul professie gefaal bloot omdat hulle nie op sosiale gebied behoorlik by die gemeenskap kon aan= pas nie.[61)]

Die eerste aspek omtrent die gemeenskap wat die jong onderwyser sal kan ontnugter, is die feit dat hy in isolasie in die gemeen= skap sal staan. Eerstens is hy geïsoleer omdat hy vanweë sy eie houding hom verstandelik van die gemeenskap isoleer en tweedens word hy deur die gemeenskap geïsoleer aangesien hulle hom meer as 'n god en minder as 'n mens kan beskou. Dan geniet die onder= wyser ook 'n betreklike lae sosiale aansien vanweë die gemeenskap se skeptisisme m.b.t. die toediening van lyfstraf en hul siening van die beroep as een wat slegs ongetroude vroue en mans wat nie elders kan inpas nie, trek.

http://etd.uwc.ac.za/

Op die onderwyser rus die verantwoordelikheid om die doel en begrip van die opvoeders aan die lekegemeenskap te verduidelik sodat die ouers nie onder die wanindruk gebring word dat aan hul kinders nuwe en vreemde leerstellings onderrig word nie. In die algemeen moet die onderwyser as die bondgenoot en nie as die antagonis van die gemeenskap gesien word nie.[62] Verder moet die onderwyser 'n rigting inslaan waar hy die jeug asook die volwassenes van die gemeenskap op kulturele en sosiale gebiede kan betrek. Die kennis van sosiologie en gemeenskapswerk wat hy in sy opleiding opgedoen het, sal hom goed te pas kom as hy 'n positiewe bydrae tot die opheffing van die gemeenskap wil maak.[63] Die onderwyser se deelname aan kerklike werk sal sy aansien as persoon laat toeneem en die aanhang wat hy in die gemeenskap in staat was om te verwerf, sal hierdeur ongetwyfeld verder uitbrei.[64]

Die onderwyser se bemoeienis met die kind in die leersituasie vereis dat hy be= paalde leierseienskappe[65] aan die dag moet lê. "Onderwys is leierskap."[66] Leierskap impliseer meesterskap van die hoogste orde binne en buite die skool[67] en dit sluit in enige of al daardie karaktertrekke wat, in enige besondere situasie, dit vir die onderwyser moontlik maak om by te dra tot die verkryging van 'n groepsdoelwit.[68]

In die algemeen dui die woord "leier" 'n persoon met status aan wat hom veroor= loof om invloed oor sekere ander individue uit te oefen.[69] Dit kan met ander woorde gesê word dat leierskap 'n vorm van oorheersing is,[70] wat die bekleër van hierdie eienskap die vermoë gee om ander te beïnvloed in 'n rigting waarin hy hulle graag wil lei.[71] In sy begeleiding probeer die onderwyser om by sy leerlinge die besef tuis te bring dat hy met 'n onderneming besig is wat belangrik vir hulle sal wees en wat hulle trouens sal geniet.[72] Sy bekwaamheid as leier sal gesien word as hy sy leerlinge in so 'n mate kan motiveer en inspireer dat hulle slegs die beste sal wil lewer.[73] Hierdie situasie kan alleenlik bereik word as die onderwyser self 'n vurige geesdrif teenoor dit wat beoog word, open= baar.[74]

1.1.2 Fasiliteite wat tans bestaan vir die opleiding van onderwysers in Kaapland

Die onderwysdiens maak voorsiening vir die opleiding van onderwysers vir primêre en sekondêre skole.

http://etd.uwc.ac.za/

1.1.2.1 Opleiding van onderwysers vir die primêre skole

Daar is vyf opleidingskole en 9 opleidingskolleges wat kursusse vir die opleiding van primêre skool onderwysers aanbied. Die opleidingskole is die volgende:
Battswood (N.G.K.), Wynberg
Söhnge (N.G.K.), Worcester
Uitenhage, Uitenhage
Wesley (Met.), Soutrivier
Zonnebloem (E.K.), Kaapstad

By elk van hierdie opleidinskole word die J.P.O.S.-kursus aangebied, maar omdat hierdie kursus teen die einde van 1983 uitgefaseer sal wees, hang die toekoms van hierdie inrigtings as opleidingskole in die weegskaal. Waar dit prakties moontlik is om van die opleidingskole in opleidingskolleges te omskep, verleen die departement goedkeuring dat die driejarige en vierjarige onderwyseropleidingkursusse na st.10 by sodanige inrigtings ingevoer mag word. Twee opleidingskole, nl. Rogge=baai en Athlone, het met ingang 1982 studente vir die eerste jaar van die OD-kursus ingeskryf.[73)] Eersdaags sal die Opleidingskool Wesley se status ook na dié van 'n kollege verhoog word. Die opleidingsinrigtings wat nog steeds voorsiening vir die tweede en/of derde jaar van die Junior Primêre Onderwysser=tifikaat maak, word in die onderstaande tabel weergegee.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL IV [74)]

AANTAL STUDENTE WAT VIR DIE TWEEDE EN/OF DERDE JAAR VAN DIE J.P.O.S.-KURSUS BY DIE VERSKILLENDE ONDERWYSINRIGTINGS IN 1982 INGESKRYF IS.

| | J.P.O.S. | |
|---|---|---|
| Onderwysinrigtings | 2de jaar Aantal studente | 3de jaar Aantal studente |
| Kolleges | | |
| Die Rand | 0 | 18 |
| Perseverance | 20 | 37 |
| Skole | | |
| Athlone | 0 | 51 |
| Battswood | 0 | 34 |
| Roggebaai | 0 | 0 |
| Söhnge | 60 | 89 |
| Uitenhage | 52 | 71 |
| Wesley | 0 | 33 |
| Zonnebloem | 65 | 68 |

Uit die tabel kan die afleiding gemaak word dat die Junior Primêre Onderwysersertifi= kaat op die derdejaarsvlak in 1983 slegs by die opleidingskole Söhnge, Uitenhage en Zonnebloem, en die Opleidingskollege Perseverance aangebied sal word.

Huidiglik bied van die opleidingskole en -kolleges L.P.O.S.-spesialiseringskursusse in Kindertuin, Kuns, Liggaamlike Opvoeding, Musiek en Naaldwerk aan.

Onderstaande tabel toon die aantal studente wat vir die verskillende spesialiserings= kursusse in 1982 ingeskryf is:

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL V[75)]

AANTAL STUDENTE WAT IN 1982 VIR DIE L.P.O.S.-SPESIALE KURSUSSE BY DIE VERSKILLENDE OPLEIDINGSKOLE EN -KOLLEGES INGESKRYF IS.

| Onderwysinrigtings | Spesialiseringsinrigtings | Totaal |
|---|---|---|
| Opleidingskole | | |
| Roggebaai | Kindertuin | 4 |
| | Naaldwerk | 23 |
| Wesley | Kindertuin | 33 |
| Zonnebloem | Ligg. Opvoeding (dames) | 20 |
| | Musiek | 10 |
| Opleidingskolleges | | |
| Bechet | Kindertuin | 4 |
| | Ligg. Opvoeding (dames) | 2 |
| | Naaldwerk | 6 |
| Bellville | Kindertuin | 30 |
| | Kuns | 4 |
| | Naaldwerk | 6 |
| Dower | Kindertuin | 30 |
| | Kuns | 4 |
| | Ligg. Opvoeding (dames) | 1 |
| | Naaldwerk | 6 |
| Perseverance | Kindertuin | 22 |
| Rand | Kindertuin | 2 |

Die Laer Primêre Onderwyssertifikaat - spesiale kursusse word aan die einde van 1982 afgeskaf.

Die getal studente soos op 1 Maart 1982 wat vir die verskillende heeltydse kursusse ingeskryf is, word in Tabel VI hieronder aangedui:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

TABEL VI [76)]

AANTAL STUDENTE WAT INGESKRYF IS IN DIE VERSKILLENDE KURSUSSE BY DIE OPLEIDINGSKOLLEGES VIR 1982.

| Opleidingskolleges | P.O.D. I | P.O.D. II | P.O.D. III | O.D. I |
|---|---|---|---|---|
| Athlone | 0 | 63 | 0 | 97 |
| Bechet | 0 | 48 | 76 | 80 |
| Bellville | 0 | 167 | 182 | 125 |
| Dower | 0 | 142 | 228 | 131 |
| Hewat | 0 | 206 | 286 | 160 |
| Perseverance | 0 | 63 | 81 | 61 |
| Rand | 0 | 40 | 95 | 57 |
| Roggebaai | 0 | 41 | 34 | 46 |
| Suid-Kaapland | 0 | 116 | 116 | 61 |
| Wesley | 0 | 0 | 0 | 63 |
| Totaal | 0 | 886 | 1 098 | 881 |

Aan die einde van 1983 word die ou Primêre Onderwysdiploma (P.O.D.)-kursus uitgefaseer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Onderstaande kolleges maak almal voorsiening vir die driejarige Onderwysdiploma wat deur mans sowel as dames na st.10 gevolg kan word:

| | |
|---|---|
| Athlone, | Paarl |
| Bechet, | Durban |
| Bellville, | Bellville-Suid |
| Dower, | Port Elizabeth |
| Hewat, | Athlone |
| Perseverance, | Kimberley |
| Randse Onderwyskollege, | Johannesburg |
| Roggebaai, | Kaapstad |
| Suid-Kaapland, | Oudtshoorn |

Die Primêre Onderwysdiploma-spesialiseringsrigtings wat in 1983 by die verskillende onderwyskollege aangebied sal word, word in Tabel VII aangedui:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## TABEL VII[77)]

DIE VERSKILLENDE SPESIALISERINGSRIGTINGS WAT BY DIE ONDERWYSKOLLEGES IN 1983 AANGEBIED SAL WORD.

| Spesialiseringsrigtings | Roggebaai | Dower | Hewat | Perse= verance | Suid-Kaapland | Bechet | Die Rand | Bellville | Athlone |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kursus A Akademies | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| Kursus B Kindertuin | x | x | x | x | x | x | x | x | |
| Kuns | | x | x | | | | | | |
| Huishoudkunde | | x | x | | | | x | x | |
| Naaldwerk | x | x | x | x | | x | x | x | |
| Handwerk | | x | x | x | x | | x | x | |
| Ligg. Opv. (mans) | | x | x | x | x | | x | x | |
| Ligg. Opv. (dames) | x | x | x | | | x | | x | |
| Musiek | | x | x | | | x | | x | |



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Die aantal studente wat hulle as leerkragte vir die primêre skool gedurende die tydperk 1974 - 1982 bekwaam het, is soos volg:

TABEL VIII[78)]

AANTAL STUDENTE WAT AS LEERKRAGTE AAN OPLEIDINGSKOLE EN -KOLLEGES GEKWALIFISEER HET, 1974 - 1982

| Jaar | L.P.O.S./ J.P.O.S. | I.P.O.S. | L.P.O.S. (spesiaal) | P.O.S. | P.O.D. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1974 | 1019 | 93 | 115 | 458 | 290 |
| 1975 | 988 | 91 | 133 | 481 | 288 |
| 1976 | 1043 | 43 | 59 | 364 | 400 |
| 1977 | 1143 | 41 | 192 | 550 | 389 |
| 1978 | 173 | 41 | 191 | 594 | 470 |
| 1979 | 104/623 | 16 | 311 | 982 | 687 |
| 1980 | 19/503 | 1 | 69 | 558 | 871 |
| 1981 | 448 | - | 63 | 520 | 474 |

Uit die statistiek is dit duidelik dat nadat die hoogste aantal leerkragte (1143) in 1977 as Laer Primêre Onderwysersertifikaat-onderwyseresse gekwalifiseer het, het die aantal leerkragte wat hierdie sertifikaat verwerf het in die daaropvolgende jare aansien= lik gedaal. In 1980 het slegs 19 persone as leerkragte met 'n Laer Primêre Onderwysersertifikaat (L.P.O.S.) gekwalifiseer. Die aantal leerkragte wat 'n Junior Primêre Onderwysersertifikaat (J.P.O.S.) bekom het, het ook 'n dalende neiging getoon (623 in 1979 en 505 in 1980). Hierteenoor het die aantal leerkragte wat die driejarige Primêre Onderwysdiploma (P.O.D.) suksesvol voltooi het, oor die jare gestyg. In 1974 het 290 persone die Primêre Onderwysdiploma verwerf en in 1980 het hierdie getal op 871 te staan gekom. Die Intermediêre Primêre Onderwysdiploma-kursus wat deur studente gevolg is wat onsuksesvol in die Senior Sertifikaat-eksamen was, is in 1978 gestaak.

http://etd.uwc.ac.za/

## 1.1.2.2 Opleiding van onderwysers vir die senior sekondêre skole

Die universiteite is hoofsaaklik verantwoordelik vir die oplei= ding van onderwysers vir sekondêre skole. In hierdie opsig is die Universiteit van Wes-Kaapland die vernaamste bron van sekondêre onderwysers. Die Universiteit van Suid-Afrika lewer ook 'n geringe bydrae tot die opleiding van sekondêre onderwysers deur 'n tweejarige indiensopleidingskursus aan te bied. Gedurende die tydperk 1960 tot 1980 het die Universiteit van Wes-Kaapland diplomas en grade aan suksesvolle studente soos volg uitgereik:

TABEL IX[79)]

DIPLOMAS EN GRADE WAT AAN DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND VERWERF IS, 1960 - 1981.

| Jaar | L.S.O.D. | S.O.D. Nie-grad. | S.O.D. Gegrad. | B.Ed. | M.Ed. | D.Ed. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1960 | - | - | - | - | - | - | - |
| 1961 | 3 | - | - | - | - | - | 3 |
| 1962 | 2 | - | - | - | - | - | 3 |
| 1963 | 10 | 5 | 11 | 1 | 0 | 0 | 27 |
| 1964 | 14 | 4 | 16 | - | - | - | 34 |
| 1965 | 13 | 4 | 8 | 1 | 1 | - | 27 |
| 1966 | 17 | 2 | 17 | 2 | - | - | 38 |
| 1967 | 18 | 6 | 22 | 2 | - | - | 48 |
| 1968 | 12 | 7 | 13 | 3 | - | 1 | 36 |
| 1969 | 10 | - | 18 | 2 | 2 | - | 32 |
| 1970 | 11 | 3 | 21 | - | 3 | - | 38 |
| 1971 | 13 | 3 | 14 | 1 | 1 | 2 | 34 |
| 1972 | 14 | 4 | 19 | - | - | 1 | 38 |
| 1973 | 12 | 5 | 30 | 4 | - | - | 51 |
| 1974 | 11 | 6 | 51 | 1 | - | - | 69 |
| 1975 | 13 | 3 | 34 | 6 | - | 1 | 57 |
| 1976 | 14 | 16 | 41 | 2 | - | - | 73 |
| 1977 | 13 | 7 | 68 | 5 | 1 | - | 94 |
| 1978 | 13 | 14 | 73 | 6 | - | - | 106 |
| 1979 | 27 | 15 | 81 | 14 | - | - | 137 |
| 1980 | 7 | 3 | 11 | 25 | - | - | 40 |
| 1981 | 95 | 196 | 28 | 43 | 2 | 1 | 365 |
| Totaal | 342 | 303 | 576 | 119 | 10 | 6 | 1 356 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die aantal diplomas en grade wat aan die Universiteit van Wes-Kaapland verwerf is, het vandat die universiteit in 1959 geopen is, geleidelik gestyg totdat dit 'n totaal van 133 in 1979 bereik het. In 1980 het die getal tot 46 gedaal. Die tabel dui daarop dat die getal B.Ed.-grade wat toegeken is, gedurende hierdie tydperk toegeneem het. In 1962 het een persoon die B.Ed.-graad verwerf, terwyl vyf-en-twintig studente dit in 1980 ontvang het. Enkele hoër grade in Opvoedkunde (M.Ed. en D.Ed.) is ook in 1965, 1968, 1969, 1970, 1971, 1972, 1975, 1977 en 1981 aan studente uitgereik. In 1981 was daar nagenoeg 150 studente in die B.Ed.-klas.[80)]

Tabel X gee 'n duidelik beeld van wat die posisie ten opsigte van diens= doende leerkragte in kleurlingskole in 1980 was en hoe dit met 1970 verge= lyk:

TABEL X[81)]

DIENSDOENDE LEERKRAGTE VIR DIE TWEE JARE
1970 EN 1980

| | Primêre skole Sub.A - st.5 | | Sekondêre skole St.6 - 10 | | Totaal (Primêr & Sekondêr) | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1970 | 1980 | 1970 | 1980 | 1970 | 1980 |
| Kwalifikasies | Getal | Getal | Getal | Getal | Getal | Getal |
| Gegrad. & diploma | 55 | 145 | 447 | 1 236 | 502 | 1 381 |
| Gegrad. maar ongedipl. | 6 | 11 | 59 | 260 | 65 | 271 |
| St.10 + 3jr of meer onderwyseropleiding | 534 | 2 239 | 676 | 2 642 | 1 210 | 4 881 |
| St.10 + 2jr | 2 686 | 2 802 | 728 | 1 039 | 3 414 | 3 841 |
| Slegs st.10 | 300 | 630 | 101 | 416 | 401 | 1 046 |
| St.9 + 2jr | - | 262 | - | 53 | - | 315 |
| St.8 + 3jr of meer onderwyseropleiding | 790 | 2 176 | 110 | 164 | 900 | 2 340 |
| St.8 + 2jr | 7 886 | 10 605 | 138 | 209 | 8 024 | 10 814 |
| Slegs st.8 | 665 | 818 | 5 | 23 | 670 | 841 |
| Tegn. Kwal. + onder= wyseropleiding | - | 1 | - | 10 | - | 11 |
| Slegs tegn. kwal. | - | 1 | - | 29 | - | 30 |
| Benede die bogenoemde vlakke | 724 | 249 | 13 | 4 | 737 | 253 |
| Totaal leerkragte | 13 646 | 19 939 | 2 277 | 6 085 | 15 923 | 26 024 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die volgende insiggewende afleidings kan n.a.v. die tabel gemaak word:

1. Meer leerkragte met 'n Senior Sertifikaat en drie of meer jaar onderwyseropleiding is aan sekondêre as aan primêre skole verbonde. In 1970 en 1980 was daar onderskeidelik 534 en 2 239 leerkragte met hierdie kwalifikasies by primêre skole in diens. Die ooreenstemmende getalle vir sekondêre skole vir hierdie twee jare was 676 en 2 642 onderskeidelik.

2. 'n Groter persentasie leerkragte (260%) met st.8 en drie jaar of meer onderwyseropleiding het hulself as leerkragte bekwaam as die twee jaar 1970 en 1980 vergelyk word, as wat die geval is met leerkragte met twee jaar opleiding na st.8 (134,7%). In 1970 het 900 studente die driejarige onderwyseropleiding-kursus na st.8 gevolg en in 1980 was die getal 2 340. Die ooreenstemmende syfers vir die tweejarige kursus na st.8 is 8 024 en 10 814 vir die jare 1970 en 1980 onderskeidelik.

3. Die toename in inskrywings vir die driejarige kursus na st.10 vir die tydperk 1970 tot 1980, is hoër as dié vir die driejarige en die tweejarige opleiding na st.8 asook die tweejarige opleding na st.9 vir dieselfde tydperk. 3 671 meer studente het in 1980 (4 881) met 'n hoër onderwysdiploma afgestudeer as in 1970 (1 210), 'n persentasietoename van 503,3%. Die ooreenstemmende gesamentlike toename in persentasie vir die ander kursusse, te wete st.8 plus twee en drie jaar of meer onderwyseropleiding en st.9 plus twee jaar onderwyseropleiding, is 150,9%.

4. Uit 'n totaal van 6 085 sekondêre skool leerkragte, was slegs 1 496 in 1980 gegradueerd, terwyl 260 ongediplomeerd was.

5. Van die 26 024 leerkragte wat in 1980 aan primêre en sekondêre skole verbonde was, was die oorgrote meerderheid, naamlik 13 469, in besit van 'n Laer Primêre Onderwysersertifikaat (st.8 + 2 jaar) en 'n Junior Primêre Onderwysersertifikaat (st.8 + 3 jaar).

1.1.3 Hoe die Opleidingskool Söhnge hier inskakel

Söhnge is een van die vyf opleidingskole wat verantwoordelik is vir die opleiding van dames vir die onderwysprofessie. Vanaf sy beginjaar is die Opleidingskol Söhnge gemoeid met die opleiding van onderwysers vir onderwys aan primêre skole. Onderwysers wat onderrig in die substanderds tot st.2 sal gee, het hul opleiding by hierdie inrigting ontvang. 'n Driejarige kursus wat tot die Junior Primêre Onderwysersertifikaat (J.P.O.S) gelei het, is tot aan die einde van 1982 gevolg.

http://etd.uwc.ac.za/

## 1.2 Die doel van hierdie ondersoek

In die voorafgaande waarin onderwyseropleiding in perspektief geplaas is, het die belangrikheid van onderwyseropleiding duidelik na vore gekom. Dit kom daarop neer dat dit half ondenkbaar sal wees om die onderrig van ons kinders aan die sorg van 'n onopgeleide, 'n leek, toe te vertrou. Nie net die ouers nie maar ook die kinders vereis dat hul skole met die beste en goedopgeleide leerkragte toegerus moet wees. Die verantwoordelikheid van die opleidings= inrigtings om leerkragte van gehalte op te lei, is 'n vereiste wat aan die kern van 'n gesonde onderwysstelsel lê. Die doel van hier= die ondersoek is juis daarop gemik om die geskiedenis van een sodanige onderwysinrigting van nader te beskou en sy bydrae tot die onderwys te ondersoek.

## 1.3 Afbakening van terrein

Die terrein wat gedek is om 'n logiese verloop van gebeure te skets soos die geskiedenis van die Opleidingskool Söhnge ontvou het en die bydrae wat dit tot die onderwys gemaak het, word opsommender= wys in elk van die hoofstukke hieronder weergegee:

Hoofstuk I : Oriënterende inleiding : Onderwyseropleiding in perpektief.

Hoofstuk II : 'n Oorsig van die opkoms van kleurlingonderwys in die Kaap word gegee en hoe dit na die binneland uitgebrei het. Die koms van die Sendinggenoot= skappe word in breë trekke behandel asook die akti= witeite van die sendinggenootskappe in Worcester.

Hoofstuk III : Hierdie hoofstuk gaan oor die opkoms van kleurling= onderwys in die distrik Worcester totdat Worcester opleidingskoolstatus gekry het.

Hoofstuk IV : In hierdie hoofstuk word die opkoms van die Oplei= dingskool Söhnge behandel. 'n Kort oorsig van elke prinsipaal se bydrae tot die geskiedenis en die onderwys van Söhnge word uiteengesit.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die geskiedenis word in drie tydperke ingedeel:

i) Tydperk van groei en uitbreiding
ii) Tydperk van stabilisering
iii) Tydperk van konsolidering

Hoofstuk V : Die volgende aspekte word in hierdie hoofstuk opgesom: wat die opleidingskool tot stand ge= bring het, sy knelpunte soos in hierdie onder= soek aan die lig gebring is, asook 'n vooruit= skouing van die opleidingskool self.

1.4.1 Metode van ondersoek

Die historiese metode van ondersoek waar navorsing en dokumenêre bronne gebruik is, is in hierdie ondersoek geïmplementeer. Die amptelike dokumente wat nageslaan is, is die volgende: Die notule vna die Worcesterse-, Rynse- en die N.G.-Sending, in die Worcesterse museum en die kantoor van die skriba van die Worce= sterse N.G. Sendingkerk, die S.GO.-inspeksieverslae en Departe= mentele korrespondensie in die staatsargief in Koningin Victoria= straat, Kaapstad, die S.G.O. Jaarverslae en Onderwysgasette in die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad, opgawes, statistiek , en Jaarverslae van die Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake) in die argief van die Departement in Roelandstraat Kaapstad, Jaarlikse opgawes, registers en amptelike korrespondensie in die kantoor van die Opleidingskool Söhnge en Onderwysbulletins in die kantoor van die Senior Sekondêre Skool Fred Gaum.

1.4.2 Nie-Amptelike Dokumente (Sekondêre Bronne)

Geskiedkundige publikasies in die Opvoedkunde, Wetenskaplike tydskrifte en artikels en die publikasies van navorsers en akademici is vir hierdie ondersoek geraadpleeg.

Die naslaanwerke van die Universiteit van Wes-Kaapland en die interbiblioteekdiens van dieselfde universiteit, die kweekskool= biblioteek en die Teologiese Seminarium te Stellenbosch, die Carnegie Biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch, die

http://etd.uwc.ac.za/

openbare biblioteek vir blankes te Worcester, die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad, en die biblioteek van die N.G. Sending Kweekskool verbonde aan die Universiteit van Wes-Kaapland is vir hierdie ondersoek gebruik.

### 1.4.3 Onderhoude

Onderhoude is gevoer met oud-prinsipale, -onderwysers en -studente van die Opledingskool Söhnge, en persone wat nou verbonde is met die ontwikkeling en geskiedenis van die opleidingskool.

### 1.4.4 Vraelyste

Vraelyste is gestuur aan en telefoongesprekke is gevoer met persone wat lank gemoeid was met onderwys aan die opleidingskool en wat die skrywer nie andersins kon bereik het nie.

## 1.5 Slotopmerkings

In die eerste deel van die eerste hoofstuk is die opleiding van onderwysers in perspektief geplaas en besin oor watter plek die Opleidingskool Söhnge in hierdie opset inneem. In die volgende hoofstukke word die geskiedenis wat tot die totstandkoming van die Opleidingskool Söhnge gelei het en meer spesifiek die rol wat die opleidingskool in die onderwys gespeel het, uitgebeeld.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

VOETNOOT LYS - HOOFSTUK 1

1. A.L. Behr, New Perspectives in South African Education, p. 212.
2. A.L. Behr, op. cit., p. 214.
3. R.M. Ruperti, Die Onderwysstelsel in Suider-Afrika, p. 91.
4. Dept. of Internal Affairs, Education for Life, p. 25.
5. H.J. Harmse, Onderwyseropleiding Deel I in Alpha, maandblad van die Dept. van Binnelandse Aangeleenthede, Deel 20 no. 1, Febr. 1982, p. 10.
6. Ibid..
7. Dept. of Internal Affairs, op. cit., p. 21.
8. Ibid., p.41.
9. Ibid..
10. W.G. Pretorius, Die Goeie Opvoeder in ons skole, p. 32.
11. R.S. Arndt, John Deweys Philosophy of Education in Modern Pedagoge Deel 4, p. 58.
12. C.C. Welman, Die Ontwikkeling van 'Hooger Onderwijs' in die Zuid-Afrikaanse Republiek, p.64.
13. S.B. Sarason, The Preparation of teachers, p.2.
14. S. Duggan, A Students Textbook in the History Education, p. 315.
15. S.S. Laurie, The Training of Teachers and Methods of Instruction, p. 57.
16. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p. 71.
17. International Conference on Public Education,Training of Primary Training Staffs, p. 11.
18. Ibid., p. 79.
19. Rektor, e.a. van die Potchefstroomse Onderwyskollege, Onderwysers=opleiding, p. 53.
20. R.S. Arndt, op. cit., p. 58.
21. B. Taute, Die skoolhoof, assistente en professie, p. 187.
22. Dept. of Internal Affairs, op. cit., p. 21.
23. XII th International Conference on Public Education, p. 15.
24. Roland Meigham, The Structure of Teacher Education in The Future of Teacher Education by J.W. Tibble (Ed.), p. 156.
25. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake), Onderwys=diploma en Hoër Onderwysdiploma.
26. F. van der Stoep e.a. Didaktiese Oriëntasie, p. 144.
27. S.S. Laurie, op. cit., p. 46.
28. H.J. Harmse, Die praktiese opleiding van die student in Konferensie oor Onderwyseropleiding 1978 gereël deur die Adm. van Kleurlingsake.
29. C.P. van der Walt, Die taak van die Onderwyskollege in Konferensie oor Onderwyseropleiding, op. cit., p. 6.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

30. F.H. Hilliard, Teaching the Teachers. Trends in Teacher Education, p.34.
31. B. Kaye, Participation in learning, p. 42.
32. C.P. van der Walt, op. cit., p. 3.
33. S.S. Laurie, op. cit., p. 45.
34. Onderwysdiploma en Hoëronderwysdiploma Voorskrifte, p. 16.
35. G. Braam, Die morele vorming van die student en Kollege dissipline in Konferensie oor onderwyseropleiding 1978, op. cit., p. 15.
36. Coetzee, op. cit., p. 84.
37. J.P. Parry, The Lord James Tricycle, p. 84.
38. Ibid..
39. B.F. Nel. Die Psigologie van die Onderwyser, p. 92.
40. S.S. Laurie, op. cit., p. 56.
41. C.P. van der Walt, op. cit., p. 2.
42. Die Rektor, personeel en studente van die Potchefstroomse Oplei= dingskollege, Onderwyseropleiding, pp. 55 - 56.
43. G. Braam, op. cit., p. 14.
44. S.S. Laurie, op. cit., p. 22.
45. G. Braam, op. cit., p. 4.
46. S.S. Laurie, op. cit., p. 57.
47. G. Braam, op. cit., p. 14.
48. C.P. van der Walt, op. cit., p. 8.
49. Ibid., p. 4.
50. Ibid., p. 8.
51. G. Braam, op. cit., p. 20.
52. R.A. Krüger, Onderwyskunde en Onderwysopleiding, p. 144.
53. J.T. de Witt, Professionele Oriëntering vir die Onderwysberoep, p. 44.
54. P.P. Kirstein, Die Historiese Pedagogiek - Twee beanderings, Publikasies van die Universiteit van Wes-Kaapland Reeks A no. 27, p. 12.
55. D.E. Lomax, The education of Teachers in Britain, p. 195.
56. P.P. Kirstein, Die Gesindheid van die Aspirant-Onderwyser teenoor sy opleiding, p. 73.
57. G. Braam, op. cit., p. 16.
58. L.D. Hainaut, Education Systems Regulation, p. 33.
59. W.F. Morley, The Purpose of training in Three-year teacher Training, p.14.
60. J. Chris Coetzee, op. cit., p. 83.
61. W. Waller, The Sociology of Teaching, p. 60.
62. N.M. Goble e.a., The Changing role of the teacher, p. 77.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

63. I.S. Turner, The Training of Teachers in Australia, p. 5.
64. S.S. Laurie, op. cit., p. 66.
65. J.S. Shivers, Leadership in Recreational Service, p. 27.
66. J.T. de Witt, Professionele Oriëntering vir die Onderwysberoep, p. 75.
67. J.F.A. Swartz, Onderwysleierskap in Onderwysleierskap, 1979 SAVBO-Kongres, p. 4.
68. P.F. Second e.a., Social Psychology, p. 354.
69. E.P. Hollander, Emergent Leadership and Social Influence in Leadership and Interpersonal Behavior deur Luigi Petrullo (Red.), p.30.
70. K. Yound, Handboek of Social Psychology, p. 251.
71. J.S. Shivers, op. cit., p. 30. Vgl. B.F. Nel, op. cit., p.91.
72. O. Tead, The Art of Leadership in Leaders on Leadership deur Anton Rupert, p. 202.
73. H.J. Harmse, op. cit., p.
74. Persoonlike korrespondensie, mnr. C.D. Beukes, Assistent direkteur van Onderwys (Onderwyseropleiding) 9 Julie 1982.
75. Ibid..
76. Ibid..
77. Onderwysbulletin no. 10/82, p. 4.
78. Dept. of Internal Affairs, op. cit., p.41.
79. Ibid..
80. R.E. van der Ross, The University of the Western Cape: What does the future hold for its students? Paper delivered at the Institute of Citizenship, Cape Town, on Thursday 19th Aug. 1982, p. 5.
81. Dept. of Internal Affairs, op. cit., p. 42.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK 2

## DIE OPKOMS VAN KLEURLINGONDERWYS IN KAAPLAND

### 2.1 Historiese aanloop

Toe Jan van Riebeeck in 1652 met 'n bemanning van 100 man by die Kaap aan wal gestap het, was sy uitsluitlike instruksie om die Kaap weer "ter culture te brengen, en alle aardvrugten daar aan te queken".[1] Hy moes 'n verversingspos stig om aan die verbygaande skepe vars vleis en groente te voorsien.[2]

Gebeure in Europa, o.a. die twee oorloë wat Frankryk teen Holland gevoer het, het die oorspronklike oogmerk, om die Kaap slegs as 'n verversingspos te gebruik, in heroorweging gebring. Die Kompanjie het gevrees dat die stryd tussen die twee lande tot in die Kaap sou uitbrei, daarom is besluit om die Nederlandse nedersetting aan die Kaap te versterk deur Duitse en Nederlandse immigrante naby Stellenbosch en langs die Eersterivier te vestig.[3]

Aan goewerneur Isbrand Goske is in 1672 die taak opgelê om die Kaap teen enige aggressie te versterk en vir hierdie doel het hy die magtiging gehad om genoeg manskappe vanaf verbygaande skepe aan wal te bring.[4]

As gevolg van die ontwikkeling van die Kaap, het dit vir Van Riebeeck gou duidelik geword dat die nedersetting aan die Kaap nie selfonderhoudend sou kan voortbestaan nie.[5] Dit was toe bereken dat plase vir boerderydoeleindes aan Vryburgers beskikbaar gestel moes word om daardeur te help om die ekonomie van die betreklik nuutgestigte kolonie op 'n gesonde voet te plaas. Ook wou sommige van die koloniste hul eie grond besit en 'n bestaan voer wat vry was van die menige beperkinge van die staat. Uiteindelik het die Kaap 'n kolonie geword.[6]

http://etd.uwc.ac.za/

Die taak van Jan van Riebeeck was nie net om te sorg dat vars produkte aan verbygaande skepe voorsien moes word nie en dat die nedersetting selfonderhoudend bly nie,[7] maar hy moes ook omsien na die welsyn van almal wat met die verversingspos gemoeid was.[8]

### 2.1.1 Die eerste opvoedingspoging

Jan van Riebeeck het persoonlik pogings aangewend om die Hotten= totte met wie hy in kontak gekom het, op te voed.[9] Hy het probeer om van die Hottentotte as tolke op te lei, en so het hy 'n Hottentot= seun met die Goede Hoop na Saldanhabaai gestuur, met die doel om die Hollandse taal aan te leer.[10]

Harry se niggie, Eva, is in Van Riebeeck se huishouding opgeneem[11] waar sy opgevoed en uiteindelik deur ds. P. Sybelius op 3 Mei 1662 gedoop is.[12] Sy is die eerste inboorling wat gekersten is.[13] Op vyftienjarige ouderdom kon sy reeds vlot Nederlands praat, en sy was ook die Portugese taal magtig [14] - 'n bate wat sy as tolk kon gebruik wanneer die Europeërs met die Hottentotte handel gedryf het.[15]

Hierdie pogings tot opvoeding was geensins tevergeefs nie, want so kon Eva (hierdie naam is deur die Kommandeur se vrou aan haar gegee)[16] van tyd tot tyd na haar mense, die Cochaquastam, terug= gaan en aan hulle oordra wat sy geleer het.[17]

So vroeg as 1624 het die Gereformeerde Kerk in Nederland besluit dat predikante en sieketroosters hulle met die opvoeding van oorsese heidene moes bemoei en hulle tot 'n Christelike lewe en geloof moet bekeer.[18]

Saam met Jan van Riebeeck het die sieketrooster, Willem Baerentz Wijlant, gekom en sy opdrag was om vir die siekes te sorg en "de kinderen der inwoners in lezen, schryven, cyferen en in die gronden van haar Christendom t' onderwyzen".[19] Sondae was dit sy plig om die diens in die kerk voor te lees.[20] Hierdie plig moes die sieketroosters vir 13 jaar nakom[21] totdat die eerste

http://etd.uwc.ac.za/

predikant, ds. Johan van Arckel, in 1665 sy intrek geneem het.[22] Omdat die sieketroosters nie gemagtig was om die sakramente te bedien nie, moes predikante op skepe wat by die Kaap aangedoen het hulle met hierdie aspekte van die geestelike werk behulpsaam wees.[23]

In 1656 het Wijlant na Batavia vetrek en in dieselfde jaar is sy pos gevul deur Pieter van der Stael,[24] "een ijverig, godvruchtig man", 'n swaer van die kommandeur.[25]

Jan van Riebeeck was nie lank aan die Kaap nie toe hy verplig was om by die Kamer van Amsterdam verlof te vra om slawe te laat invoer.[26] Na die eerste drie jaar het Van Riebeeck besluit om meer intensief op die landbou te konsentreer, maar die groot probleem was die tekort aan goedkoop arbeid. Op die blankes kon nie veel gereken word nie omdat dit 'n te duur onderneming sou wees en dan was hulle ook soms opstandig.[27] Op die Hottetotte en Boesmans kon ook nie staatgemaak word nie:[28] hulle was werksku en die meeste van hulle het noordwaarts getrek.[29] Die Vryburgers wat arbeiders dringend nodig gehad het, het die aanvraag na goedkoop arbeid meer akuut gemaak.[30]

Jan van Riebeeck se beskikbare hulp was onvoldoende want behalwe hul daaglikse taak moes hulle ook snags hul vesting en eiendom beskerm.[31]

Die oorspronklike gedagte was om Chinese in te voer[32] en dan kon die slawe ook gebruik word om robbe te vang,[33] maar hierdie gedagte moes laat vaar word want "Geene Chineezen hebben wij connen bewegen op het onseecher haer verre buitjen naer landt te bevegen".[34]

Die eerste slawe, vier in getal, is so vroeg as 1654 ingevoer[35] en teen 1657 was die getal twaalf.[36] Hierdie slawe het van plekke soos Batavia, Madagaskar en Bengale gekom. 'n Portugese skip, die Amersfort, met 170 Angolese slawe aan boord,[37] is buitgemaak en die slawe is op 28 Maart aan die Kaap afgelaai.[38] Later, op 6 Mei, is nog 228 Guinese slawe bygebring.[39] Die slawe was egter te veel vir Van Riebeeck se doeleindes[40] en hy moes 172 van hulle na Batavia stuur[41] nadat hy 226 teruggehou het.[42] Van hulle het Van Riebeeck aan die Vryburger teen pryse wat gewissel het tussen

http://etd.uwc.ac.za/

R8 en R16 elk, verkoop.[43] In hierdie stadium was daar nagenoeg 238 slawe aan die Kaap gevestig.

### 2.1.2 Eerste slaweskool

Die invoer van slawe na die Kaap het nie sonder probleme geskied nie. Die slawe se agtergrond, kultuur en taal was verskillend van die koloniste s'n. Kommunikasie is dus bemoeilik en boonop was hulle heidene.[44] Pieter van der Stael is toe aangesê om "een slavenschool te beginnen,"[45] sodat die slawe daardeur meer diensbaar gemaak kon word. Deur die slawe op te voed sou hul nuttiger burgers word en hulle sou teen hoër pryse verkoop kon word.[46]

Die eerste slaweskool is op 18 April 1658 geopen met die eerste onderwyser in die persoon van Peter van der Stael, wat met die Weseph in 1657 hier aangekom het.[47] Jan van Riebeeck het sy welwillendheid en persoonlike belangstelling getoon deur self teenwoordig te wees op die eerste skooldag.[48] Van der Stael was geskik geag en as die beste keuse beskou omdat hy Hoog-Hollands goed magtig was.[49]

Huissolders is aanvanklik as klaskamers gebruik en later is kerksale en pastorieë of enige skuur of groot vertrek wat gehuur kon word, ook in gebruik geneem.[50] Dikwels het die sieketroosters en selfs ander skoolmeesters een van die kamers van hul eie huise as klaskamers gebruik.[51]

Alhoewel die eerste skool uitsluitlik vir die gebruik van slawe bedoel was,[52] was daar in die volgende jaar minstens twee Hottentotkinders ook ingeskryf. Die leerlingtal het be= treklik gou tot 29 opgeskuif. In die skool is goeie vordering gemaak, want eerlank kon almal die Onse Vader in Hollands opsê.[53]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die leerplan was redelik beperk. Onderwys was hoofsaaklik gods=diensgeoriënteerd en die doel was om die Gereformeerde geloof te verkondig.[54] Van Goens het in 1657 'n besluit geneem dat die slawe geen vreemde taal,[55] soos Engels of die destydse algemene lingua franca moes besig nie;[56] gevolglik was die onder=rig in Nederlands.[57] Hier het Van de Rheede ook 'n bydrae gelewer deur die belofte voor te hou dat slawe hul vryheid vir 100 gulden kon koop as hulle eerstens gedoop en daarna die Christelike belydenis as bekeerlinge afgelê het.[58] 'n Kennis van die Hollandse taal was 'n voorvereiste vir hierdie klasse.[59] Die Heidelbergse kategismus, gebruiklike gebede, Psalms, ens. moes opgesê kon word. Ook is onder=rig in die drie r'e gegee.[60]

Leerboeke was nie vrylik beskikbaar nie, maar die Bybel, die Gesang=boek en die Katkisasieboek is gebruik.[61]

Daar was geen openbare vakansiedae nie. Die solder wat as skool gebruik is, moes ontruim word om matrose te akkomodeer sodra skepe by die Kaap aangedoen het en dan het die skoolkinders vakansie gehad.[62]

Dit kan wel aanvaar word dat die bepalings van die kerkorde van 1643 nagekom is en dat daar nie op Nuwejaarsdag, Sondae en ander kerklike feesdae skoolgehou is nie. Woensdag- en Saterdagmiddae het die kinders vroeg huis toe gegaan.[63]

Die taak van Van der stael was geensins maklik nie. Aanvanklik het leerlinge en onderwyser mekaar glad nie verstaan nie. Die probleem is verder vererger omdat veral die slawe 'n afkeer aan die skool gehad het vanweë die feit dat hul lewe aan verpligte arbeid onderworpe was.[64] Die leerlinge was nietemin aangemoedig om gereeld die skool by te woon deur elke dag aan hulle 'n klein glasie brandewyn en twee duim tabak te gee,[65] maar dit het ook nie elke dag geslaag nie. In een stadium het die leerlinge vir 5 dae weggehardloop en hulle in 'n grot naby Houtbaai versteek.[66]

http://etd.uwc.ac.za/

Later, as gevolg van swak skoolbywoning, is die skool gesluit, maar in 1663 is dit heropen. Terwyl die skool gesluit was, het Van der Stael aandag aan die bekering van die strandlopers gegee.[67)]

Aanvanklik was daar van owerheidsweë geen salaris aan die sieke= troosters betaal nie. In 1665 het Jan van Riebeeck 'n skrywe aan die Here XVII gerig waarin hy vermeld het dat die sieketrooster graag 'n salaris sou wou ontvang vir sy addisionele pligte sodat hy sy vrou en kinders beter kon onderhou.[68)] Daar is op 'n bedrag van 36 gulden besluit en dit is maandeliks aan die sieketrooster betaal. Die owerhede het hom ook met sy huishuur gehelp.[69)] Die sieketrooster was ook gemagtig om van elke ouer 'n bedrag wat deur die regering vasgestel sou word, in te vorder.[70)] Ouers wat dit kon bekostig, het 'n halwe riksdaler betaal, terwyl arm kinders, die Hottentotjie en vier slawekinders, gratis onderwys ontvang het.[71)]

'n Register is ook gehou waarin die name van al die leerlinge, getroud of ongetroud, oud en jonk, ingeskryf is. Aan diegene wat geen name gehad het nie, is name gegee en almal moes behoorlik soos Europeërs geklee wees.[72)] Die Politieke Raad se begeerte was dat gedoopte slawe= kinders in die skool opgeneem moes word en kort voor lank het die name van vier sulke kinders ook in die register verskyn.[73)]

Die metode van onderrig het aan die begin maar voel-voel gegaan, maar herhaling en die agternasê-metode het geblyk die mees effektiewe te wees.[74)]

In 1661 het Van der Stael 'n tweede kontrak vir 'n ampstermyn van nog 3 jaar met die Here XVII aangegaan.[75)] Hy het ook 'n salarisverhoging aangevra en 'n bedrag van 45 gulden per maand is aan hom toegestaan op grond van die feit dat hy behalwe sy plig as onderwyser en as voorleser Sondae, ook as superintendent van die hospitaal moes optree.[76)]

http://etd.uwc.ac.za/

In 1663 was Van der Stael se ampstermyn verstreke en het hy aan die klassis van Amsterdam aangedui dat hy nie graag langer aan die Kaap wou aanbly nie. In September van dieselfde jaar het hy met die Alphen na Batavia vertrek.[77)] Sy opvolger as sieke=trooster en onderwyser was Ernestus Back.[78)]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

2.1.3 Gemengde skole

As gevolg van die aanwas van die getal blankes aan die Kaap, het die oprigting van 'n skool vir blanke kinders 'n noodsaaklik=heid geword.[79] In 1663 is die eerste skool vir blankes geopen en die sieketrooster Ernestus Back is aangestel as die onder=wyser van die skool.[80] Sy sieketroosterskap was nie iets vreemds vir hom nie, aangesien hy op een van die Kompanjie se skepe dieselfde diens verrig het.[81] Alhoewel die skool op=gerig is vir die uitsluitlike gebruik van blanke kinders, toon die geskiedenis dat dit in werklikheid nie die geval was nie.[82] Op 'n 'bequame solder' het hy aan 17 kinders onderrig verskaf: 12 Europeërs, 4 slawe en 'n enkele Hottentot.[83] Dit is alge=meen aanvaar dat 'n Christen nie verder aan slawerny onderworpe moes wees nie. Dit het gevolglik gebruiklik geword om kinders van slavinne wat deur blankes of Christene verwek is, en vir vrystelling bestem was, te laat doop.[84] Laasgenoemde kinders is tot die skool toegelaat om te leer lees en te katkiseer, sodat hulle uiteindelik gedoop kon word.[85]

Basies het die leerplan neergekom op 'n kennis (soos reeds ge=noem) van die drie r'e en die feite van Bybelgeskiedenis asook die aanleer van die Kategismus.[86] Die hoofdoel van die onder=wys was dus aanneming tot lidmaat van die Gereformeerde kerk[87] waarvan die onderwyser ook lid en voorganger was.[88]

Ernestus Back het 'n klein maandelikse salaris van 30 sjielings ontvang en hy kon 'n huis met 'n tuin gratis bewoon.[89] Ook kon hy van ouers van skoolgaande kinders skoolgeld invorder. Aan=vanklik was die bedrag twee sjielings per maand vir elke burger se kind, maar later is dit verminder tot een sjieling per kind per maand.[90] Die kinders van slawe en Hottentotte het gratis onderwys ontvang, soos bepaal deur die regulasies.[91] Die skool het goeie vordering getoon en in April 1664 het die in=skrywing tot 29 gestyg.[92]

http://etd.uwc.ac.za/

Uit die staanspoor het die skooltjie maar 'n wisselvallige bestaan gevoer.[93] Die rede hiervoor is dat Back aan sterk drank verslaaf was. Tydens meer as een geleentheid was hy net nie in staat om onderwys te gee nie, in welke geval die fiskaal as plaasvervanger moes optree.[94] Back is uiteindelik in 1665 na Batavia verban[95] en sy plek is geneem deur 'n baie geskikte en goedgemanierde soldaat, by name Daniel Edelgraff van Batavia.[96]

Onder Edelgraff se sorg het die skool aansienlik gefloreer, die leerlingtal het aangewas en alles het goed verloop, totdat hy in 1666 oorlede is.[97] Back se opvolger as onderwyser en sieketrooster was ene Victor.[98]

Tussen die onderwys en die doop van kinders was daar 'n noue band. Dit was verpligtend dat sulke gedoopte kinders 'n Christelike onderwys moes ontvang.[99] Aan die begin was kinders van alle rassegroepe tot die skole toegelaat. Kleur het weinig verskil gemaak. Die enigste gebied waar onderskeid wel gemaak is, was op grond van geloof: wie Christen was en wie nie.[100]

Sedert 1676 is egter 'n begin gemaak om die verskillende rassegroepe in die skool te segregeer.[101] Die kerkraad wat in die beheer van die skole was, wou liewer hê dat die slawe en ander gekleurdes afsonderlik onderrig moes word[102] en het op 27 Desember 1676 die Politieke Raad versoek om 'n afsonderlike skool vir die slawekinders op te rig.[103] Al=hoewel die Politieke Raad hierdie versoek van die kerkraad goedgesind was, het hulle nietemin bepaal dat die belowendste nie-blanke kinders nog steeds die bestaande skole kon bywoon totdat afsonderlike geriewe vir hulle oopgestel kon word.[140]

In 1677 het Isbrand Goske verorden dat alle slawekinders na 'n afsonder=like skool gestuur moes word. Teen 1789 is 'n afsonderlike skool vir gekleurde kinders met 'n gekleurde onderwyser gestig.[105]

Intussen het rassevermenging tussen Hollandse mans en slawevrouens plaasgevind.[106] Hier was baie meer mans as vroue aan die Kaap, gevolglik was geslagtelike omgang met nie-blanke meisies aan die orde van die dag.[107]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die enigste beswaar teen huwelike tussen 'n Europeër en 'n nie-blanke was godsdienstig van aard. Sodra 'n persoon (bv. 'n slavin) die Christelike geloof aanvaar het, kon 'n huwelikskontrak met 'n Europeër aangegaan word.[108] So het die eerste geslag kinders van gemengde afkoms aan die Kaap ontstaan. In 1671 was daar alreeds 12 van hierdie kinders in die skool opgeneem.[109] Hierdie kinders van gemengde afkoms was eers as Basters bekend, maar later is hulle Griekwas of Kleurlinge genoem.[110]

2.1.4 Die tweede slaweskool

Vanaf 1676 is Hottentotte en slawekinders afsonderlik onderrig. In daardie jaar is 'n skool in die slawelosies opgerig waarin slegs slawekinders toegelaat is.[111] Die slawelosies is gebou op 'n stuk grond aan die onderent van die Kompanjiestuin[112] naby die kerk. Dit was 'n klipgebou met 'n vierkant in die middel.[113]

Kleurlingkinders wat 'n besondere intelligensie getoon het, is na die openbare skole vir blankes verwys en daar het hulle saam met die blanke kinders hul onderwys ontvang.[114]

Tydens sy besoek in 1682 aan die Kaap het goewerneur-generaal Van Goens bepaal dat alle slawekinders onder die ouderdom van 12 jaar die skool moes bywoon, terwyl diegene wat ouer was, twee keer per week onderrig moes word.[115] Van Rheede se besoek aan die Kaap (in 1685) het 'n noemenswaardige stimulus aan slaweonderwys gegee.[116] Hy het die slawelosies in 'n uiters treurige toestand aangetref, en het 'n aantal opdragte nagelaat wat die lot van die slawe ingrypend sou verbeter.[117]

Van Rheede het die volgende regulasies wat van toepassing op die slawe was, opgestel:

1. Die skool moes om 8 uur 'n aanvang neem en stiptelik om 4 uur sluit.
2. Die kinders moes leer lees, skrywe, die Psalms sing en in die Kategismus van die kerk onderrig word.

http://etd.uwc.ac.za/

3. Die kinders moes gehoorsaam wees, die nodige agting teenoor hul meerderes toon en die skool gereeld bywoon.
4. Die kinders moes elke Sondag twee keer kerk toe en gaan en die predikant moes die skool twee keer per week inspekteer.
5. Geen blanke kinders kon tot hierdie skool toegelaat word nie.[118)]

Van Rheede wou nie hê dat alle bevolkingsgroepe in een gebou onderrig moes word nie. 'n Openbare skool in 'n geskikte gebou, vir die uitsluit= like gebruik van blanke kinders, is opgerig, terwyl die slawe vir hul onderwys na die slawekwartier of losie verwys is.[119)]

Selfs die knapste slawekinders was verbied om die openbare skole by te woon.[120)] Die geskiedenis het egter bewys dat hierdie regulasie nie tot die letter nagekom is nie[121)] en dat daar tog in later jare gekleurde kinders in openbare skole aangetref is.[122)]

As gevolg van die toename in die getal slawekinders van beide Kompanjie- en burgerslawe, kon die enkele Kompanjie- en slaweskool nie meer al die kinders akkommodeer nie. Slawekinders is toe opgeneem in die agt openbare blanke skole.[123)]

In 1685 is 'n vry skool vir slawekinders in die slawelosie geopen en die beheer van die skool is in die hande van die kerkraad geplaas.[124)] Hier= heen is slawekinders van die blanke skool oorgeplaas.[125)] Die leerkragte was Jan Pasqual, van gemengde afkoms en van Batavia, wat die seuns onderrig het, en Margaret, 'n vrygesette Kaapse slavin, wat vir die meisies verantwoordelik was.[126)]

Die leerplan was maar eenvoudig. Behalwe vir godsdiens het die onderrig van letterkunde in 'n eenvoudige vorm ook deel van die leerplan gevorm. Die kinders moes ook Nederlands lees en skryf.[127)] Soms was die be= ginsels van rekenkunde ook onderrig. Die skoolmeester se grootste plig was om toe te sien dat die grondbeginsels van die Calvinistiese geloof verstaan word.[128)]

http://etd.uwc.ac.za/

Die inskrywing by hierdie skool het gewissel. In 1779 was die leerling=tal 84, maar in 1794 het dit egter tot 47 gedaal.[129)]

Om die skoolkinders in hul skoolwerk aan te moedig, is aan hulle, soos aan blanke kinders,[130)] spesiale pryse uitgeloof in die vorm van koekies en silwer aandenkings as hulle goed gepresteer het in die eindeksamen.[131)] Slawe-onderwysers is vir hul dienste vergoed.[132)]

Jan Pasqual is deur 'n goedopgevoede en bekwame Kompanjie-slaaf, Claas Corneliz van de Caap opgevolg. Hy het 'n maandelikse besoldiging van drie riksdaalders, met vry etes en klere ontvang.[133)]

Baie slawe het as onderwysers opgetree en as gevolg van hul getroue en onbaatsugtige werk het hulle hul vryheid verdien.[134)] Slawe-onderwysers wat gedoop was, die Nederlandse taal vlot kon praat en 'n aantal jare getroue diens as onderwyser verrig het, kon teen 'n betaling van 100 gul=den elk hul vryheid verkry. Persone soos Presanna van de Caab, Anna van Jacoba, Jan van Amanda, Hans Jacob Jurgen, Christoffel Simosia asook Jan Pasqual en Margaret het so hul vryheid verwerf.[135)]

Die tweede slaweskool wat in die losie deur Van Rheede daargestel is, het vir hele aantal jare bly voortbestaan. Gedurende die Britse bewind het die skool nog steeds bestaan, maar in 1823 was daar slegs 17 leer=linge ingeskryf. Lord Charles Somerset het probeer om weer lewe in die skool te blaas deur nuwe leerkragte aan te stel, maar dit het finaal tot 'n einde gekom na die vrystelling van die slawe in 1834.[136)]

http://etd.uwc.ac.za/

2.1.5 Die totstandkoming van die Onderwysdepartement van die Kaap Die Goeie Hoop

Reeds vanaf die beginjare van die volksplanting hier aan die suiderpunt van Afrika, was die onmiddellike onderwysliggaam wat in beheer van die skole was, die kerkraad en by implikasie die Politieke Raad.[137)]

Die kolonie het gedurende die 18de eeu na die binneland uitge= brei. Daar is voorsien in die behoeftes van die gemeenskappe wat tot stand gekom het deur die oprigting van kerke en skole.[138)] So 'n skool was dan aan die kerk verbonde en die kerkraad het beheer oor die skool uitgeoefen.[139)] Die sieketrooster of enige ander kerkamptenaar is as onderwyser aangestel.[140)]

Teen die einde van die 17de eeu is boeregemeenskappe alreeds by Stellenbosch, in die Paarlse distrik, in die omgewing van Malmesbury en so ver as Botrivier aangetref. Waar die neder= setting behoorlik gevestig was, is skole opgerig waarin die sieketrooster as onderwyser opgetree het. Die plaaslike gemeenskap het gewoonlik self die oprigting van 'n kerk en skool aangevra, soos dit onder andere die geval met Stellenbosch was.[141)]

Voor 1714 is die beheer van onderwys deur die verskillende kerkrade uitgeoefen. Daar was nie 'n sentrale liggaam wat verant= woordelik vir onderwys was nie, dus het algemene beheer oor die onderwys totaal ontbreek. Die onderwys was gedurig onderhewig aan veranderinge en elke goewerneur, op weg na die Ooste wat by die Kaap aangedoen het, het sy stempel op die onderwys afgedruk.[142)]

Op 21 Augustus 1714 is die eerste onderwyswet in Suid-Afrika deur die destydse goewerneur, Mauritz Pasquaes de Chavonnes, gepubli= seer.[143)] Die onderwyswet van Chavonnes het die beheer van onder= wys in die hande van die kerk geplaas en die liggaam wat algehele beheer uitgeoefen het, was die sogenaamde Raad van Skolarge.[144)]

http://etd.uwc.ac.za/

In die buitedistrikte was die invloed van die Skolarge en Politieke Raad nie so sterk gevoel nie, tog was daar 'n gesonde verstandhouding en samewerking tussen die staat wat in die Kaap gesetel was en die kerkrade wat beheer oor die skole in die buitewyke uitgeoefen het. Die predikante in die buitewyke wat in werklikheid besoldigde staats=amptenare was, het leiding aan die kerkrade gegee en derhalwe kan gesê word dat die predikante die beleid van die staat, met betrekking tot onderwysaangeleenthede, ook daar laat geld het.[145)]

Generaal Janssens en Kommissaris De Mist het die Kaap namens die Republiek van Batavia in 1803 oorgeneem en hulle het 'n besondere belangstelling in die onderwys in die Kolonie getoon.[146)] Nadat De Mist 'n reis deur die Kolonie onderneem het, het hy belangrike onderwyshervormings aangebring wat onder andere die volgende ingesluit het: die onderwys is onder die algemene beheer van die staat geplaas en 'n Kommissie van Skolarge is aangestel om toesig oor die onderwys te hou.[147)]

Met die tweede Britse bewind was daar nog steeds leemtes in die onderwysstelsel van die Kolonie. Die Britse goewerneur aan die Kaap, Sir John Cradock, het probeer om aan die onderwysstelsels 'n stewige grondslag te gee deur Koster- en Voorleserskole op te rig.[148)]

Later op 1 Julie 1813 het Cradock 'n verandering aan De Mist se Skool=kommissie van Skolarge gebring.[149)] Die naam van hierdie Skoolkommissie is ook verander na die van Bybel- en Skoolkommissie,[150)] aangesien dit behalwe sy beheer oor die onderwys, ook verantwoordelik vir die verspreiding van Bybels was.[151)] Hierdie Kommissie het sy oorsprong in Cradock se beleid om die kerk en skool nouer met mekaar te ver=bind, gehad.[152)] Die Kommissie van Cradock sou die voorganger van 'n beter georganiseerde onderwysdepartement wees.[153)]

Ten spyte van die onderskeie pogings tot onderwyshervorming wat met verloop van tyd aangewend is, is die behoefte aan 'n doeltreffende en sentrale onderwysbeheerliggaam steeds gevoel. As gevolg van die beywering van mnr. Fairbairn is die bybel- en Skoolkommissie op 29 April 1841 finaal van die onderwysbeheer losgemaak.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Nuwe wetgewing is ingedien wat voorsiening sou maak vir die beheer van die onderwys deur die Onderwys Departement van die Kaap die Goeie Hoop.[154] Die Britse regering het 'n Superintendent-Generaal van Onderwys teen 'n salaris van £500 per jaar plus reis=toelae aan die hoof van die nuwe Onderwys Departement geplaas.[155] Die eerste pos van S.G.O. is deur Sir James Rose Innes gevul.[156] Deur die daarstelling van die onderwysdepartement is die skool op 'n per=manente basis aan die staat verbind.[157]

## 2.2 Uitbreiding van die Kolonie na die binneland

Sekere faktore sou bepaal dat die onderwys nie slegs tot Kaapstad be=perk sou wees nie. Nadat dit vir die Kamer van XVII duidelik ge=word het dat die Kaap 'n permanente nedersetting sou word, en plase gevolglik aan Vryburgers uitgereik is, het die uitbreiding van die Kolonie begin.[158]

Van Riebeeck se bitteramandelheining wat as die eerste grens gedien het, het in later jare verval.[159] Die kolonisasie van die Kaap het spoedig plaasgevind en teen die einde van die 18de eeu is drie distrikte buitekant Kaapstad geproklameer: Stellen=bosch in 1685, gevolg deur Swellendam in 1746 en Graaff-Reinet in 1786.[160] In die groot dorpe soos Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Reinet is behalwe 'n kerk en 'n skool, ook 'n drosdy op=gerig. Die drosdy het gedien as die setel van plaaslike bestuur vir die betrokke distrik. Hofsittings en huwelike het ook deel uitgemaak van die aktiwiteite wat in 'n drosdy plaasgevind het. As gevolg van die Angliseringsbeleid van Somerset was daar ook 'n skool by elke drosdy.[161]

Die veeboere op soek na nuwe weivelde het die onderwys verder die binneland ingedra. Die drie hoofroetes waarlangs hulle die land binnegetrek het, was die volgende: 'n noord-oostelike, 'n noord-westelike en 'n oostelike roete.[162] Die tweede roete (noord-westelik) het deur die Tulbaghkom gegaan, vanwaar drie roetes na die binneland gelei het. Een het oor die Witzenberg=

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

pas, wat in 1780 deur veldkornet Pienaar gebou is, na die Witzenbergvlakte en oor die Schurfdeberg na Ceres gelei. Die ander twee was Mitchell se pas na Ceres en die Hexrivierpas by Worcester.[163)] Die koloniste het in die 17de eeu deur die Hexrivier- en Breërivriervallei na nuwe gebiede getrek[164)] en op die wyse is die gebied waar Worcester later gestig sou word, verken.

2.2.1 Reglemente om die Hottentotte meer gevestig te kry

Voor die koms van Jan van Riebeeck het die Hottentotte 'n relatief sorgvrye bestaan gevoer. Al wat vir hulle van belang was, was hul beeste en voldoende weiveld en suipplekke vir hul diere. Hulle het geen werk of handearbeid geken nie en het maar net saam met hul vee van een gebied na 'n ander geswerwe.[165)]

Nadat Jan van Riebeeck met sy manskappe aan wal gestap het, het dit die begin van omstandighede ingelui wat die leefwyse van die Hottentotte dramaties sou verander.

Die bewegings van die Hottentotte was meestal om die Kaap gekonsentreer waar hulle veeruilhandel met die kompanjie gedryf het.[166)] Hul getalle het skerp gedaal as gevolg van die nadelige invloed van drank en sifilus en ook a.g.v. die feit dat hulle stadig maar seker deur die koloniste uit die vrugbare gebiede na die onbewoonbare gebiede verdryf is.[167)] Teen die einde van die H.O.I.K. se bewind aan die Kaap (in 1785) het die Hottentotte baie min van hul eie grond oorgehad. 'n Paar Hottentotkrale wat wel ongeskonde gebly het, het naderhand sen= dingstasies geword.[168)] Die oorgrote meerderheid van die Hotten= totte wat verplig was om binne die grense van die Kolonie te bly, het as arbeiders die dorpe en plase binnegesypel.[169)]

Die boere in die Skiereiland en omgewing het egter meer van slawe gebruik gemaak. Slegs nadat die slawehandel na 1807 ontmoedig is, het boere op wette aangedring wat die Hottentotte sou dwing om tot die arbeidsmark toe te tree en die plek van die slawe in te neem.[170)]

http://etd.uwc.ac.za/

Janssens het die omstandighede van die Hottentotte aangevoel en wou hulle beskerm, maar hy was hoegenaamd nie tevrede met hul rondswerwery nie en daaraan wou hy 'n einde maak want dit was dikwels die oorsaak van baie probleme.[171)]

Gedurende die eerste Britse bewind was die Hottentotte òf betaalde òf onbetaalde arbeiders en diegene wat hulle nie met die plaaslewe kon vereenselwig nie, het swerwers geword.[172)] Caledon wou aan hierdie doellose leeglopery en rondswerwery van die Hottentotte 'n einde maak en op 1 November 1809 het hy 'n proklamasie uitgevaardig wat die Hottentotte aan die lands= wette sou onderwerp.[173)] In dié proklamasie is daarvoor voorsiening gemaak om die Hottentotte se rondlopery aan bande te lê.[174)]

Cradock het in 1812 ook 'n proklamasie gepromulgeer wat die Hottentotte se leefwyse geaffekteer het.[175)]

Die sendelinge het menige klag van Hottentotmishandeling deur boere ontvang en hierdie klagtes het hulle direk onder die aandag van die Britse Regering gebring. Die gevolg is dat Ordinansie no. 50 op 17 Julie 1828 deur lt.-generaal Bourke bekendgemaak is en dit sou die toestand van die Hottentotte en ander vry persone verbeter en ook die wette wat spesifiek betrekking op die Hottentotte gehad het, konsolideer en wysig.[176)]

Na die Ordinansie no. 50 aan die Hottentotte hul vryheid gegee het, was dit bereken dat tussen 8- en 10 000 Hottentotte en vry kleurlinge orals oor die land rondgeswerf het, met geen vaste werk nie. Baie van hulle het sonder enige vorm van inkomste digby dorpe en stede gewoon.[177)] Die omstandighede van hierdie mense het onder die aandag van die sendelinge gekom, soos ons later sal sien dit die geval met Worcester was. Die sendelinge het hierdie mense geestelik bearbei en aan die kinders 'n mate van onderwys gegee.

http://etd.uwc.ac.za/

## 2.2.2 Worcester (1820) : historiese aanloop

Voor die begin van die 18de eeu was alreeds handel gedrywe met die Gainokwas, 'n Hottentotstam wat in die Tulbaghkom gewoon het.[178)] Nadat Willem Adriaan van der Stel in 1700 'n paar nedersetters in die Tulbaghkom gevestig het, het hierdie gebied meer bekend geword.[179)]

Uit die Tulbaghkom, al langs die Breërivìervallei, het die veeboere en pioniere ooswaarts beweeg,[180)] en teen 1730 is hulle al tot by Mosselbaai aangetref.[181)] Aan die begin van die 18de eeu het 'n paar boeregesinne hulle in die Hexriviervallei gevestig waar die dorpies Robert=son en Worcester later sou ontstaan.[182)] In die jare 1797 - '98 was daar min mense in die Hexriviervallei, maar heelwat meer in die Breëriviervallei.[183)]

In die 17de eeu is weilisensies aan gevestigde boere wat hul vee in ander onbesette gebiede wou laat wei, uitgereik.[184)] Drie boere het aansoek om weilisensies gedoen om hul beeste in die Breërivier te laat wei.[185)] Nadat die weilisensies in 1714 afgeskaf is en die leningplaasstelsel in die plek daarvan ingestel is,[186)] het boere plase langs die Breë=rivier en die Hexriviervallei bekom.

Die twee leningplase Roodedraaij (later Roodewal) en Langerug wat vir die stigting van Worcester deur die staat gekoop sou word, het onderskeidelik eers aan Pieter du Toit d'Oude en Gerrit Cloete Janz behoort.[187)]

Vir ongeveer 'n eeu het die "Land van Waveren" met inbegrip van die Breëriviergebied deel van die distrik van Stellenbosch uitgemaak. De Mist het die gebied noord van die Breërivier afgesny en dit as 'n afsonderlike distrik geproklameer. Die naam Roodezand(Land van Waveren) is toe na Tulbagh verander en dit het die setel van hierdie landdrosgebied geword.[188)]

http://etd.uwc.ac.za/

Omstandighede (bv. die aanwesigheid van Basters in die Nuweveld= gebied) het daartoe gelei dat die oprigting van 'n drosdy tussen Tulbagh en Graaff-Reinet 'n noodsaaklikheid geword het. Die land= dros van Tulbagh, J.N. Fischer, en die landdros van Graaff-Reinet was ten gunste daarvan dat nog 'n drosdy op Hooivlakte opgerig moes word.[189)] Hulle het hul aanbeveling aan Lord Charles Somer= set voorgelê. Dit is goedgekeur en in 1820 is 'n nuwe dorp met die naam Beaufort-Wes op die twee leenplase van Hooivlakte en Boes= mansberg gestig.[190)]

Fischer het agtergekom dat die afstand tussen Tulbagh en Beaufort-Wes nog steeds groot was en dat die bedieningsgebied van Tulbagh nog steeds moeilik sou wees om doeltreffend geadministreer te word.[191)]

Fischer het die gebied aan die suidekant van die Hexrivierpoort as geskik geag vir die aanlê van 'n dorp en die stigting van 'n drosdy,[192)] en het so 'n voorstel aan die Goewerneur voorgelê. Lord Charles Somerset het sy goedkeuring verleen dat 'n adjunk-landdrossetel in die Breërivierval1ei gestig moes word.[193)] Op 11 Desember 1818 het hy 'n opdrag aan die Koloniale Sekretaris, C. Bird, gegee om "de plaatsen de Roodedraaij van de Gebroeders du Toit en de Langerug van Barend Burgess in te trekken" en vir die opstalle en enige ver= beterings op die plase te vergoed.[194)]

Op 20 Oktober 1819 het die Goewerneur aangekondig dat 'n dorp in die distrik van Worcester gestig sou word, en dit sou vernoem word na die Markies van Worcester, die broer van Lord Charles Somerset.[195)] Die vlakte waarop Worcester sou verrys, is in 144 erwe opverdeel, elk $^{2}/_{3}$ van 'n morg en uitgelê in 24 blokke met breë strate tussenin.[196)] Die blokke is genommer van A tot Y en elke blok is onderverdeel in 6 erwe.[197)] Die eerste erwe is in Februarie 1820 in Worcester ver= koop.[198)]

Worcester het wel die status van adjunk-landdrossetel van die gebied ontvang, maar vir meer gewigtige regsake en huwelikskontrakte moes die inwoners van Worcester en omgewing nog steeds na Tulbagh gaan.[199)]

http://etd.uwc.ac.za/

Tussen 18 en 25 Julie 1822 het 'n storm in die Boland en omgewing gewoed.[200] Tulbagh het die ergste deurgeloop. Die storm het die meeste huise in Kerkstraat asook Thibault se drosdy[201] erg beskadig en selfs onbewoonbaar gemaak.[202] Lord Charles Somerset het te midde van groot ontevredenheid besluit om die hooflanddrossetel na Worcester te verskuif.[203]

Uit Kaapstad is 'n bedrag van 100 000 rds vir die oprigting van die openbare geboue te Worcester ontvang. Die eerste geboue sou 'n woning vir die landdros ('n drosdy), 'n huis vir die distriksklerk en 'n tronkkompleks insluit.[204] In Januarie 1823 het die oprigting van die drosdy op die plaas Rietvallei 'n aanvang geneem.[205] Aanvanklik was die kerk en 'n "Government Free School" in die drosdygebou gehuisves.[206]

Gedurende die eerste vyf jaar van die bestaan van Worcester is nog niks wat formele onderwys betref, vermag nie. Vanaf 1825 is private skole gestig en eers in 1830 kry Worcester sy eerste "Government Free School", 'n staatskool, met Thomas Bayly, "approved second class teacher", as die eerste prinsipaal.[207] Hierdie skool het nie groot byval by die boeregemeenskap van Worcester gevind nie, sodat Bayly in 1840 slegs 31 leerlinge in sy skool gehad het.[208]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/




Sketsplan van die dorp Worcester om die verdeling van die dorp in blokke en erwe te illustreer.

A – Y = Blokke

1 – 6 = Erwe

## 2.3 Godsdienstige aanloop

Die ontwikkeling van kleurlingonderwys hou in 'n mate verband met die ontwikkeling van die onderwys van blankes.[209] Terselfdertyd het die kerke van die verskillende kerkgenootskappe 'n groot rol in die geestelike opheffing van die kleurlinge gespeel.

Sover dit vasgestel kan word, was die lewenstandaard van die kleurlinge in die begin van die volksplanting aan die Kaap op 'n lae peil. Om die geestelike rykdom van die Bybel enigsins tot die kleurlinge te bring en om met evangeliseringwerk onder hulle te begin, was dit uiteraard noodsaaklik dat aan die kleurlinge 'n basiese vorm van onderwys gegee moes word. Die kleurlinge moes hoofsaaklik geleer word om te lees, sodat die Bybel, die Katkisasie- en Psalmboekies vir hulle verstaanbaar gemaak kon word. Uiteindelik moes die geestelike bearbeiding van die kleurlinge tot hul kerstening lei, wat die hoofdoel van die onderwys in die beginjare was. Onderwys was feitlik godsdienstig georiënteerd, en so het elke kerkgenootskap sy bydrae tot die onderwys van kleurlinge gelewer.[210]

Soos reeds gemeld, was die eerste inboorlinge met wie Jan van Riebeeck en sy mense in die Kaap kontak gemaak het, die Hottentotte en Boesmans. Die H.O.I.K. was deur sy grondwet verbind om die Evangelie te verkondig en die leerstellings van die Gereformeerde Kerk onder die heidene aan die Kaap uit te dra. Geen moeite is deur Jan van Riebeeck en die sieketroosters ontsien om hierdie verpligtinge na te kom nie.[211]

Die sendingwerk het gepaard gegaan met die werk wat deur die sieketroosters verrig was. Hulle moes die inwoners van die Kaap bearbei, vir hulle preke voorlees en aan die jeug 'n godsdienstige opvoeding gee.[212]

Vir die slawe is 'n skool gestig waar hulle hoofsaaklik godsdiensonderwys ontvang het.[213]

http://etd.uwc.ac.za/

Die vroegste pogings om op 'n georganiseerde grondslag die Evangelie aan die Hottentotte te bedien, was nie geslaag nie.

Die nedersetters, wat nie slawearbeid kon bekostig nie, moes op die dienste van die Hottentotte as algemene arbeiders en vee=wagters steun. In hul omgang met die blankes het hulle metter=tyd genoeg van die Nederlandse taal geleer om hullė, sover dit hul werk betref, verstaanbaar te maak. Die meer welwillende huisgesinne het hul Hottentotdienaars toegelaat om huisgodsdiens by te woon.[214)] Verder was die Hottentotte oor die algemeen aan hul lot oorgelaat.[215)]

Twee sendelinge, Ziegenbalg en Plutschau, het in 1706 in die Kaap aangekom.[216)] Hulle was op pad na hulle sendingveld in Indië, maar die feit dat tot in daardie stadium nog geen sending=werk in die Kolonie, veral onder die Hottentotte gedoen is nie, het onder hul aandag gekom.[217)]

De Bruyn en Van Alphen, lede van die Gereformeerde Kerk van Amsterdam, het op hierdie behoefte ingesien en op 7 Februarie 1736 'n versoek aan die hertog Von Zinzendorf, stigter van die Morawiese Broederskap, gerig.[218)]

Die 27-jarige George Schmidt is deur Unitas Fratum van Herrnhut (ook die Morawiese Broeders genoem) gekies om met sendingwerk in Suid-Afrika te begin.[219)] Vanaf 1737 tot 1744 het Schmidt met sy evangelisasiewerk in die Baviaanskloof (later Genadendal) voort=gegaan en daar "Vijf Zilner leerlingen"[220)] in die naam van Joshua gedoop.[221)]

Schmidt se sendingwerk het heelwat ontevredenheid en teenkanting van die boeregemeenskap en die predikante van die Gereformeerde Kerk uitgelok.[222)] Na die vertrek van Schmidt op 3 Maart 1744, het die sendingwerk in Suid-Afrika feitlik tot stilstand gekom.[223)] In Europa, maar veral in die Britse Eilande, het daar egter 'n godsdienstige herlewing teen die einde van die 18de eeu en aan die begin van die 19de eeu plaasgevind.[224)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die gevolg hiervan was dat die behoefte aan geestelike bearbeiding van die Suid-Afrikaanse boorlinge weer onder die aandag van die Sendinggenootskappe gekom het.[225] Verskil= lende sendinggenootskappe is gestig en verteenwoordigers is na Suid-Afrika gestuur om sendingwerk hier te doen.[226]

Op verskeie plekke in Kaapland het die sendinggenootskappe sendingstasies gestig.[227]

### 2.3.1 Die koms van die Morawiërs (1792)

Die eerste sendelinge wat na Suid-Afrika gekom het, was die Herrnhutters, in die persone van Maasveld, Schwinn en Kühnel, wat op 18 Desember 1792 by die Kaap aan wal gestap het om die werk wat deur Schmidt begin is, voort te sit.[228]

As gevolg van volgehoue arbeid het Baviaanskloof die afmeting van 'n dorp aangeneem en die Hottentotte het stadigaan in 'n gevestigde landbougemeenskap ontwikkel.[229] In 1806 is die naam van die sendingstasie deur Janssens na Genadendal ver= ander.[230]

### 2.3.2 Die koms van die Britse en ander Buitelandse Sendinggenootskappe

In 1799 het die eerste vier sendelinge van die Londense sendinggenootskap in die Kaap aangekom en sendingstasies soos Sakriviersending, die Griekwa-sending, die Kuruman-sending, die Namaquasending, en die Bethelsdorpse sending is gestig.[231]

Die Wesleyaanse sendinggenootskap het in 1816 gevolg en hul werk by Leliefontein en Rietfontein begin.

Die Glasgowse sendinggenootskap het in 1820 twee van hul sendelinge gestuur, wat 'n sendingstasie by Lovedale gestig het.

http://etd.uwc.ac.za/

Drie sendelinge van die Paryse Sendinggenootskap het in Oktober 1829 by die Kaap aangekom en was later veral in die Wagenmakersvallei (later Wellington) bedrywig.

Die Berlynse Sendinggenootskap het in 1834 sy eerste sendeling na Suid-Afrika gestuur en 'n sendingstasie is by Zoar gestig.[232)]

Die Genootskappe het nie net die Evangelie aan die heidene gebring nie, maar het ook daarna gestrewe om die kwaliteit van lewe van hierdie mense te verbeter.[233)]

Die Genootskappe wat teen 1815 met hul sendingwerk nog bedrywig was - die ander het na 'n kort verskyning weer spoedig van die toneel verdwyn - was die Herrnhutters en die Londense Sendinggenootskappe.[234)]

### 2.3.3 Die koms van die Rynse Sendinggenootskap (1829)

Die Rynse Sendinggenootskap het sy oorsprong in 'n klein bidgroep van nege mans gehad, wat op 3 Julie 1799 te Elberfeld gestig is.[235)]

Die sendingverenigings van Barmen, Elberfeld, Cologne en Wessel het noue skakeling met mekaar gehad en hulle het op 23 September 1828 besluit om te verenig onder die naam van die Rhenische Mission-gesellschaft.[236)] Hul hoofkwartier sou in Wupperthal gesetel wees en sendelinge sou in die Barmen sendingskool opgelei word.[237)]

Toe die Rheinische Mission-gesellschaft gereed was om hul eerste sendelinge in die veld te stuur, het die leiers met dr. Philip, wat in Engeland met vakansie was, in verbinding getree.[238)] Na 'n besoek aan Duitsland het dr. Philip en sy eggenote (Zahn se suster) op 5 Julie 1829 van Düsseldorf na Engeland vertrek en vandaar het hulle op 16 Julie geseil. Op 7 Oktober 1829 het hulle in Tafelbaai aangekom.[239)]

http://etd.uwc.ac.za/

Lückhoff is na Stellenbosch gestuur waar hy belangrike en waarde=volle werk vir die slawe gedoen het.[240] Zahn moes na Roodezand (Tulbagh) gaan om daar die bejaarde eerw. Arie Vos behulpsaam te wees.[241] Op 27 Desember 1829 begin Leipoldt sy werk in Wupperthal, waar hy heelwat tuis-industrieë op die been gebring het.[242] Van Wurmb het Leipoldt in sy werk bygestaan.[243]

Soos die Morawiërs, het die sendelinge van die Rynse sendinggenoot=skap hul godsdienstige werk aan nuttige en konstruktiewe hande-arbeid verbind en hierdie kombinasie het daartoe gelei dat hul opheffings=werk vrugte afgewerp het.[244]

Die koms van die sendinggenootskap was 'n groot seën vir al die gekleurdes. Die sendelinge het deur hul bearbeiding in 'n mate daar=in geslaag om die leefwyse van die gekleurdes in baie opsigte te verbeter. Die sendelinge het aan hulle die nut en waarde van hande-arbeid geleer, hulle geestelik verryk en aan hulle onderwys gegee. Sonder die sendelinge sou baie gekleurdes waarskynlik geen onderwys ontvang het nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 2.3.4 Die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap

Daar is reeds gewys op die sendingherlewing wat teen die einde van die 18de eeu in Europa plaasgevind het. Die invloed daarvan was ook aan die Kaap gevoel. Die Grootte Kerk in Kaapstad het in 1786 'n jong dominee van Nederland, eerw. dr. H.R. van Lier, versoek om hierheen te kom. Die 22-jarige Van Lier het die beroep aangeneem.

Die geestelike toestand van sy eie gemeente was op 'n lae peil en hy het dit hom erg aangetrek aangesien daar blykbaar niemand was wat werklik bekommerd oor die geestelike welsyn van die Hottentotte en slawe was nie.[245)]

Ds. Van Lier het nie net die saak van die Herrnhutters om na Suid-Afrika terug te keer bepleit nie, maar het hom ook daarvoor beywer om 'n inheemse sendinggenootskap in die Kaap tot stand te bring.

Onder sy invloed is 'n bid- en werkvereniging gestig met die uitsluitlike doel om die evangelie onder die Hottentotte te versprei en op hierdie wyse is die sendingwerk van die kerk tot in die verste uithoeke van die Kaap uitgedra.[246)]

In sy kort dienstydperk van nagenoeg 7 jaar, voor sy afsterwe, het Van Lier menige persoon beweeg om belangstelling in die opheffing van die gekleurdes te toon en 'n daadwerklike bydrae op dié gebied te lewer.[247)]

Na die dood van Van Lier in 1739, het M.C. Vos met sy egge= note op 8 Maart 1794 aan die Kaap geland. Hoewel hy in Suid-Afrika gebore is, is hy as predikant in Nederland opgelei.[248)] In 1777 het hy tot bekering gekom en daarna het die geloofs= armoede en agterlikheid van die slawe hom getref.[249)]

http://etd.uwc.ac.za/

Van Lier het 'n sleutelrol in M.C. Vos se toetrede tot die sending gespeel en net soos Van Lier, was Vos besiel om sending=werk te doen.[250)]

Vos is na Roodezand gestuur.[251)] Sy intreepreek in Tulbagh op 4 Mei 1794, wat gegaan het oor die sendingboodskap van Markus "Gaat heen in de geheele wêreld en predikt het evángelie aan alle kreaturen,"[252)] is bewys van hoe M.C. Vos oor die sending gevoel het.[253)] Ook het hy sy begeerte om vir beide swart en wit te preek, bekend gemaak. Hierdie beleid van hom het hom die gram=skap van die blanke geledere op die hals gehaal, tog het hy met sy werk voortgegaan en later etlike van die heidene tot bekering gelei.[254)]

Hy het Bybelonderrigklasse vir slawe en Hottentotte op Sondae en Woensdae ingestel [255)] en die slawe-eienaars aangemoedig om hul werknemers na sy klasse te stuur.[256)] Elke veertien dae het hy 'n preek aan 'n groep inboorlinge (somtyds tot 180 in getal) gelewer[257)] in 'n saal wat deur mev. M. Smit vir hierdie doel opgerig is.[258)]

Mnr. Vos het sy eie katkisasie boekie opgestel en handgeskrewe afdrukke, tesame met Bybels, onder sy mense versprei.[259)] Baie van die koloniste het van hierdie boekie gebruik gemaak om hul slawe te katkiseer.[260)] Hy het ook aandag aan die onderwys van die gekleurdes gegee. Genoemde mev. M. Smit het vir Vos met die onderwys gehelp.[261)]

Daar is verskeie faktore wat gelei het tot die stigting van 'n sendinggenootskap op eie bodem. Die stigting van die Baptiste Sendinggenootskap in 1792,Londense Sendinggenootskap in 1795 en die Nederlandse Sendinggenootskap in 1797 het 'n beslissende rol ge=speel,[262)] so ook die aanvoorwerk wat deur Van Lier en M.C. Vos gedoen is.[263)]

http://etd.uwc.ac.za/

Onder voorsitterskap van ds. Vos is op 'n vergadering op 21 April 1799 besluit om "het Zuid-Afrikaanse Genootskap ter bevordering van die uitbreiding van Christus koningrijk" te stig.[264] Later het dit as die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap bekend gestaan.[265] Ds. Vos en nog agt here het in die eerste direksie gedien.[266]

Die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap (S.A.S.) het hom uitsluitlik bemoei met die opheffing van die slawe[267] aangesien die ander sendinggenootskappe hul tyd veral aan die geestelike bearbeiding van die Hottentotte en die Bantoes bestee het.[268]

Die sendingwerk onder die Hottentotte en slawe wat eers deur enkelinge behartig was, is toe op 'n georganiseerde grondslag geplaas. H. Manen= berg is in beheer van die sendingwerk in die Kaap geplaas.[269]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## 2.3.5 Hulpgenootskappe en die stigting van takke in die binneland

Nadat georganiseerde sendingwerk sy beslag gekry het, het die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap met sy werk onder die slawe in Stellenbosch, Wagenmakesvallei, Roodezand, Graaff-Reinet en Outeniqualand (nou George) begin.[270)]

In die buitedistrikte was korrespondente aangestel om die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap op hoogte te hou van gods= dienstige aangeleenthede in hul gebiede.[271)] Mettertyd het die korrespondente hul eie werkkomitees gestig wat uiteinde= lik onafhanklike groepe gewörd het.[272)] Sulke plaaslike komi= tees het bestaan op plekke soos Stellenbosch, Wagenmakersvallei, Roodezand, Graaff-Reinet en het as Hulpgenootskappe bekend gestaan.[273)] Later het hierdie Hulpgenootskappe afgestig van die moedervereniging en was voortaan op 'n onafhanklike voortbestaan aangewys.[274)]

## 2.3.6 Die Roodezandse Hulpgenootskap (1799)

Geen ander plek was meer geskik vir die oprigting van 'n Hulpsendinggenootskap as juis Roodezand nie - hier waar M.C. Vos sulke waardevolle evangelisasiewerk verrig het en homself hart en siel aan die opheffing van die geskiedenis gewy het.[275)]

Aan huis van mev. Smit en onder voorsitterskap van M.C. Vos, is die Tulbaghse Zendinggenootskap op 3 Oktober 1799 gestig.[276)] Die dienste van Herman Vorster is bekom en hy is na die Bosjes= veld gestuur om o.a. evangelisasiewerk onder blank sowel as nie-blank op die plase te behartig. Daarbenewens moes hy ook gewone onderwys onder sy vleuels neem.[277)] Na die vertrek van ds. Vos in 1805, het die kerkraad van Roodezand beswaar aange= teken teen die werksaamhede van Herman Vorster omdat hy, sonder dat hy 'n geordende predikant was, homself die reg toegeëien het om in die distrik van Bosjesveld met katkisasiewerk en ander kerklike bedrywighede bedrywig te wees.[278)] Ook De Mist

http://etd.uwc.ac.za/

het hom sterk teen die optrede van Herman Vorster uitgespreek.[279] Selfs nadat De Mist se bewind aan die Kaap verstryk was, was Vorster nog toegelaat om sy werk in die Bosjesveld voort te sit, maar op 4 Maart 1805 het die Tulbaghse Sendinggenootskap hom amptelik in kennis gestel dat sy dienste as sendeling beëindig is. Ondanks hierdie terugslag vir hom, het Vorster aansoek om 'n onderwysbetrekking gedoen.[280]

Aan die einde van 1809 is daar by die Suid-Afrikaanse Sendinggenoot=skap aangeklop om aan die Tulbaghse Sendinggenootskap 'n sendeling te stuur.[281] Die sendeling, Arrie Vos, is in Tulbagh aangestel om om te sien na die geestelike behoeftes van die mense in daardie distrik. In sy werkkring het die distrikte van Breërivier, Goudini, Bosjesveld en Hexrivier geresorteer.[282]

In 1827 doen die bejaarde Arrie Vos aansoek by die Londense Sendinggenootskap om hulp en in 1828 is eerw. Zahn van die Rynse Sendinggenootskap gestuur om hom in sy werk by te staan.[283] Vos het die sendingwerk in die dorpgebied van Tulbagh gedoen, terwyl die jonger Zahn die buitedistrikte tot by Worcester geestelik bearbei het.[284]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

### 2.3.7 Die Worcesterse Hulpgenootskap

Die stigting van Worcester het ook direk die stigting van 'n plaaslike gemeente te Worcester ingelui. Nog voordat die eerste sooi omgespit is om wonings op te rig, het heemraad Jacobus du Toit goedkeuring by die landdros gevra om fondse vir die eerste kerk in te samel.[285)].

Die landdros van Worcester, Van de Graff, het die predikant van Tulbagh, ds. J.J. Kichener, genader met die versoek om wanneer dit vir hom geleë was maandeliks 'n diens te Worcester te kom hou.[286)] Op 12 Julie 1820 is die owerheid gevra om 'n kerkraad vir Worcester te benoem.[287)] Die versoek is toegestaan en op 25 Januarie 1821 is die lede van die eerste kerkraad benoem,[288)] Die Worcesterse-gemeente is in dieselfde maand van die moedergemeente van Tulbagh afgestig.[289)]

Om predikante en onderwysers vir die nuutgestigte plekke soos Beaufort-Wes en Worcester te verkry,[290)] het Lord Charles Somerset aan dr. George Thom die opdrag gegee om geskikte persone in Skotland te werf en hulle na Suid-Afrika te laat emigreer.[291)] Dr. Thom het daarin geslaag om 3 aspirant-Prebiteriaanse predikante, nl. Sutherland, Fraser en Morgan, te oorreed om na Suid-Afrika te kom.

Sutherland is na die gemeente op Worcester gestuur en in September 1834 lewer hy sy intreepreek.[292)] Op 1 Januarie 1839 het Zahn by Arrie Vos aangesluit en onmiddellik met sy werk in die buitedistrikte van Tulbagh begin.[293)]

Teen 1832 het die nie-blanke bevolking in die distrik van Worcester aansienlik toegeneem. In die Worcester-distrik was daar 1 650 heidene en slawe wat in die Christelike geloof op=gevoed moes word en hulle was soos volg in die 'veldkornet=schapper' versprei:

http://etd.uwc.ac.za/

| | | | |
|---|---|---|---|
| Worcester en Goudini | 250 | Hottentotten | |
| | 421 | Slavin | 671 |
| Bokkeveld | 119 | Hottentotten | |
| | 143 | Slavin | 262 |
| Hexrivier | 36 | Hottentotten | |
| | 129 | Slavin | 165 |
| Over Hexrivier | 116 | Hottentotten | |
| | 152 | Slavin | 268 |
| Voorste Boschjieveld | 56 | Hottentotten | |
| | 146 | Slavin | 202 |
| Klyne Zwarte Berg | 35 | Hottentotten | |
| | 47 | Slavin | 82 |
| | | | 1 650 [294] |

Deur bemiddeling van Zahn en Vos is op 7 November 1831 'n versoek deur 'n groep Christene van Worcester aan die "Achtenwaardige Sendelings Genootskap ter uitbreiding van Christus Ryk onder die Heidene" in Duitsland gerig vir 'n sendeling om evangelisasiewerk onder die slawe en heidene te kom doen. Hulle benadering was "Wy willen naar vermogen by-een brengen zoveel sy kunnen om een fonds te vinden te volle of ter gedeeltelyke onderhoud van die gewenschte leraar" en ook 'n deel daarvan bewillig om 'n skooltjie te begin.[295] Aanvanklik wou die paar vooraanstaande Christene vir Zahn as perma= nente sendeling in hul midde hê, maar die Rynse Direksie het anders gedink en het eerw. G. Terlinden na Worcester gestuur, waar hy op 16 Februarie 1832 in die N.G. "Gesticht" van die moedergemeente deur eerw. Sutherland voorgestel en deur Zahn georden is.[296]

Op 6 April 1833, by die eerste algemene vergadering en onder voor= sitterskap van dr. Glaeser, is 'n direksie van die Worcesterse Hulpgenootskap benoem. Die direksie was soos volg saamgestel:

| | | |
|---|---|---|
| President | : | eerw. G. Terlinden |
| Sekretaris | : | Jan Meiring |
| Assistent | : | Jacobus de Wet |
| Tesourier | : | J.B. de Labat |

http://etd.uwc.ac.za/

Die volgende addisionele lede het die verskillende distrikte rondom Worcester verteenwoordig:
Dr. G.E. Glaeser, Jan Daniel Opperman, Wouter de Wet, Pieter Jacobus de Vos, Wouter de Vos, Phillipus P. du Toit, Gabriel Hugo, Daniel Jacobus de Wet en Johannes Petrus Jordaan.[297)]

Jan Meiring het ook as skriba en kassier vir die Moederkerk opgetree.[298)] Die direksie sou Terlinden bystaan en die belange van die Genootskap behartig.

2.3.8 Die Worcesterse Hulpgenootskap word deur die Rynse Sending=genootskap oorgeneem

Op 6 April 1839 is 'n buitengewone vergadering van direkteure en intekenaars[299)] in die Kapel van die Hulpgenootskap gehou. By hierdie vergadering is die vrees uitgespreek dat die Christelike werk onder die heidene gevaar loop om agteruit te gaan aangesien die geesdrif en ywer van die Genootskap aan die verflou was. Al hoe meer lede het hul lidmaatskap beëindig en ook van die intekenaars het aansoek om 'n verminder=ing van hul intekengeld gedoen.

'n Aanleidende oorsaak vir hierdie afvalligheid was die vry=stelling van die slawe, wat die koloniste agterdogtig teenoor die sending gemaak het.[300)]

Daar is gevolglik 'n besluit geneem om met die Rynse Sending=genootskap te onderhandel oor die moontlike oorname van die Worcesterse Sendinggenootskap. Eerw. Kulpman (eerw. Terlinden het Worcester in 1836 verlaat) is aangestel om die wettige oorname van die Worcesterse Sendinggenootskap en sy besittings te behartig.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Wettige transport van die twee erwe, nrs. 5 en 6 in Blok K, "met het daarop staande Kapel Gebouw," sou geneem word onder die volgende voorwaardes:

a) dat die Rynse Sendinggenootskap die verpligtinge oorneem om met die evangelisasiewerk onder die heidene voort te gaan;

b) dat die Rynse Sendinggenootskap besit van die besittings van die Worcesterse Hulpgenootskap neem en dit volgens hul eie oordeel sou kon gebruik, uitbou en beheer ter bevordering van die saak;

c) dat, indien die Rynse Sendinggenootskap dit onmoontlik sou vind om die werk van die Worcesterse Hulpgenootskap voort te sit, die Genootskap alles sou oordra aan 'n ander bekwame genootskap; en

d) dat die lede van die Worcesterse Hulpgenootskap die reg sou be= hou om as lede van die Rynse Sendinggenootskap aan te bly.[301)]

In 1839 is alle besittings van die Sendingvereniging aan die Rynse Sending oorgedra.[302)]

Onder die toesig van die Rynse Sendinggenootskap is die onderwys vir kleurlingkinders te Worcester verder uitgebou totdat die beheer van die opleidingskool in 1942 deur die N.G. Sending oorgeneem is.[303)]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

VOETNOOT LYS - HOOFSTUK 2

1. Pieter van Dam, Beschryvinge van de Oost Indische Compagnie, p. 492.
2. Edgar Lionel Maurice, The History and Administration of the Education of the Coloured Peoples of the Cape 1652 - 1910, p. 2.
3. Brian Barrow, South African People, p. 14.
4. George McCall Theal, History and Ethnography of Africa South of the Zambesi. From the Settlement of the Portuguese at Sofala in September 1505 to the conquest of the Cape Colony by the British in September 1795, p. 205.
5. H.C.V. Leibrandt, Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters and Documents received 1649 - 1662 Part I, p. 246.
6. Robin Hallet, Africa to 1875: A modern History, p. 238.
7. J.A. Wild, Die Geskiedenis van die Afrikaner. 'n Kultuur Geskiedenis van die Afrikaner deur Prof. Dr. C.M. van den Heever en Prof. Dr. de V. Pienaar, p. 41.
8. H.D. van Broekhuizen, Die Wordingsgeskiedenis van die Hollandse kerke in S.A. 1652 - 1804, p. 10.
9. N.J. Marais, Die Voorsiening en Administrasie van Kleurlingonderwys in Kaapland veral sedert 1910, p. 2.
10. George McCall Theal, op. cit., p. 36.
11. H.P. Cruse, Die opheffing van die kleurlingbevolking, p. 77.
12. A. Dreyer, Historisch Album van de Nederduitsche Gereformeerde kerk in S.A., p. 4.
13. C. Spoelstra, Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, Deel I, p. 23.
14. Olfert Dapper, Willem Ten Rhyne, e.a., The Early Cape Hottentots, p. 125.
15. Anette Joelson, South African Yesterdays, p. 2.
16. Ibid.
17. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap, Onder die Kompanjie 1652 - 1795, p. 40.
18. A.L. Behr, Three Centuries of Coloured Education in South Africa, p. 74.
19. Peter Kolbe, Beschryving van de Kaap de Goede Hoop, p. 318. Vgl. G. Logue, Aims and Methods of Western Education, p. 187.
20. George McCall Theal, op. cit., p. 148.
21. N.J. Marais, op. cit., p. 16.
22. J.R. Albertyn, e.a., Kerk en Stad, p. 63.

http://etd.uwc.ac.za/

23. A. Dreyer, "Historische Schets" in *Ons kerk-album van Hollandsche Leeraren*, p. 11.
24. E.C. Godee-Molsbergen, *Jan-van Riebeeck en sy tyd*, p. 61.
25. W.J. van der Merwe, *The Development of Missionary Attitudes in the Dutch Reformed Church in S.A.*, p.32.
26. J.P. Claasen, *Die Sieketroosters in S.A. 1652 - 1866*, p. 150.
27. Sir Harry H. Johnston, *A History of the Colonization of Africa by Alien Races*, p. 70.
28. H.D. van Broekhuizen, *op. cit.*, p. 19.
29. Eschel Rhoodie, *The Third Africa*, p. 114.
30. S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 72.
31. H.C.V. Leibrandt, *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters despatched from the Cape 1652 - 1662, Vol II*, p. 70.
32. H.C.V. Leibrandt, *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters despatched from the Cape 1652 - 1662 Vol I*, p. 56.
33. *Ibid*., p. 226.
34. *Ibid*., p. 85.
35. G.L. van Heerde, *Twee Eeue van Sendingwerk*, p. 7.
36. Eric Walker, *A History of South Africa*, p. 41.
37. P.J.J. Viljoen, *Tot ander kant uit - die pad van die trekboer in die Geskiedenis van Suidelike Afrika*, p. 9.
38. George McCall Theal, *op. cit.*, p. 78.
39. A.J.H. van der Walt,e.a., *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 47.
40. P.S. du Toit, *op. cit.*, p. 41.
41. P. van Dam, *op. cit.*, p. 499.
42. G.L. van Heerde, *op. cit.*, p. 7.
43. M.S. Geen, *The making of South Africa*, p. 16.
44. Brian Rose, e.a., (Ed), *Documents in South African Education*, p. 85.
45. A. Nachtigal, *De Oudere Zending in Zuid-Afrika*, p.32.
46. J.P.J. Barnard, *Die Salarisgeskiedenis van die Kleurlingonderwysers in die Openbare Skole in Kaapland 1910 - 1955, met verwysing ook na ander diensvoorwaardes as Salarisse*, p. 4.
47. P.S. du Toit, *op. cit.*, p. 41.
48. Alan F. Hattersley, *An Illustrated Social History of South Africa*, p. 57.
49. P.S. du Toit, *op. cit.*, p. 41.
50. E.G. Pells, *European, Coloured and Native Education in South Africa 1652 - 1938*, p. 21.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

51. J.P. Claasen, op. cit., p. 155.
52. C. Ziervogel, Brown South Africa, p. 62.
53. E.L. Maurice, op. cit., p. 155.
54. Ibid., p. 8.
55. A.J. Boëseken, Nederlandsche Commissarissen aan Die Kaap, p. 132.
56. S.F.N. Gie, op. cit., p. 72.
57. P.S. du Toit, op. cit., p. 41.
58. D.H. Cilliers, Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652 - 1939), p. 12.
59. E.L. Maurice, op. cit., p. 3.
60. M.E. McKerron, A History of Education in South Africa (1652 - 1932), p. 156.
61. C.M. van den Heever, e.a. (Red), Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner: Die eerste beskrywing van die Boerevolkslewe in al sy vertakkinge. Deel II, p. 300.
62. George McCall Theal, op. cit. p. 154
63. J.P. Claasen, op. cit., p. 153.
64. Ibid., p. 151.
65. J. Chr. Coetzee (Red), Onderwys in Suid-Afrika 1652 - 1960, p. 404. Vgl. F.C. Metrowich, Classrooms of Yesterday, Personality, 26 Feb. 1970, pp. 120 - 122.
66. A.F. Hattersley, op. cit., p. 57.
67. I.D. MacCrone, Race attitudes in South Africa, p. 45.
68. H.C.V. Leibrandt, Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters despatched from the Cape 1652 - 1662. Vol II, p. 102.
69. J.P. Claasen, op. cit., p. 156.
70. P.S. du Toit, Onderwys in Kaapland 1652 - 1939. 'n Historiese oorsig, p. 12.
71. H.P. Cruse, Die Geskiedenis van die Kleurlingonderwys in die Kaap=land 1652 - 1822, p. 5.
72. P.S. du Toit, Onderwys in die Kaap onder die Kompanje 1652 - 1795, p. 42.
73. H.P. Cruse, op. cit., p. 5.
74. J.P. Claasen, op. cit., p. 151.
75. George McCall Theal, Chronicles of Cape Commanders, p. 110.
76. H.B. Thom, (Red), Journal of Jan van Riebeeck 1659 - 1662 Vol. III, p. 358.
77. P.S. du Toit, op. cit., p. 43.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

78. J. Chris Coetzee, op. cit., p.404.

79. Victor de Kock, Those in bondage. An Account of the life of the slaves at the Cape in the days of the Dutch East India Company, p. 101.

80. C.M. van den Heever, op. cit., p. 303.

81. A. Nachtigal, op. cit., p. 45.

82. S.S. Barnard, Blanke-Onderwys in Transvaal in Histories-Pedagogiese perspektief, p. 4.

83. V. de Kock, op. cit., p. 45.

84. O.F. Mentzel, A Geographical and Topographical description of the Cape of Good Hope Part Two, p. 131.

85. P.R.T. Nicolaai, Die Bydrae van die Londense Sendinggenootskap en die Congregational Sendingskole tot die Onderwys, met besondere verwysing na Oos-Kaapland gedurende die tydperk 1799 tot 1930.

86. W. Gresswell, Our South African Empire, p. 229.

87. N.J. Marais, op. cit., p. 6.

88. H.P. Cruse, Die Opheffing van die Kleurlingbevolking. Aanvangs=jare 1652 - 1795 Deel I, p. 87.

89. A.F. Hattersley, op. cit., p. 57.

90. George McCall Theal, History and Ethnography of Africa South of the Zambesi. From the Settlement of the Portuguese at Sofala in September 1505 to the conquest of the Cape Colony by the British in September 1795 Vol II, p. 154.

91. V. de Kock, op. cit., p. 101.

92. J. Chris Coetzee, op. cit., p. 405.

93. A.J. Boëseken, op. cit., p. 132.

94. George McCall Theal, op. cit., p. 149.

95. J. Chris Coetzee, op. cit., p. 405.

96. E.L. Maurice, op. cit., p. 9.

97. P.S. du Toit, Onderwys in Kaapland 1652 - 1939. 'n Historiese oorsig, p. 12.

98. Ibid..

99. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap, Onder die Kompanjie 1652 - 1795, p. 44.

100. F.A. van Jaarsveld, Van Riebeeck tot Vorster 1662 - 1974. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika, p. 29.

101. J.P.J. Barnard, op. cit., p. 6.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

102. N.J. Marais, op. cit., p. 9.
103. D.H. Cilliers, op. cit., p. 13.
104. M. Horrell, The Education of the Coloured Community in S.A. 1652 - 1970, p. 4.
105. C. Ziervogel, op. cit., p. 62.
106. F.A. van Jaarsveld, op. cit., p. 29.
107. Donald L. Wiedner, A History of Africa, p. 121.
108. M.E. McKerron, op. cit., p. 157.
109. E.L. Maurice, op. cit., p. 11.
110. D.L. Wiedner, op. cit., p. 121.
111. A.F. Hattersley, op. cit., p. 57.
112. P.W. Laidler, A Tavern of the Ocean, p. 148.
113. G.S. Nienaber, e.a., Johan Daniel Buttner. Accounts of the Cape/ Natal / East Indies 17/6/1721, p. 66.
114. M. Horrell, op. cit., p. 4.
115. Ibid., p. 3.
116. V. de Kock, op. cit., p. 102.
117. A.J. Boëseken, Simon van der Stel en sy kinders, p. 113.
118. H.P. Cruse, op. cit., p. 101.
119. Ibid., p. 96.
120. P.S. du Toit, op. cit., p. 47.
121. H.P. Cruse, op. cit., p. 96.
122. S.S. Barnard, op. cit., p.5.
123. P.S. du Toit, op. cit., 183.
124. A.F. Hattersley, op. cit., p. 57.
125. M. Horrell, op. cit., p. 4.
126. P.S. du Toit, Onderwys in Kaapland 1652 - 1939. 'n Historiese oorsig, p. 14.
127. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652 - 1795, p. 47.
128. A.F. Hattersley, op. cit., p. 57.
129. M. Horrell, op. cit., p. 3.
130. P.S. du Toit, op. cit., p. 48.
131. C. Ziervogel, op. cit., p. 63.
132. P.S. du Toit, op. cit., p. 182.
133. P.S. du Toit, op. cit., p. 48.
134. A.J. Venter, Coloured. A Profile of Two Million South Africans, p.312.
135. P.S. du Toit, op. cit., p. 181.
136. M. Horrell, op. cit., p. 4.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

137. Ernst G. Malherbe, Education in South Africa Vol I. 1652 - 1922, p. 33.
138. E.L. Maurice, op. cit., p. 50.
139. C. Graham Botha, Social life and Customs during the Eighteenth century, p. 41.
140. E.L. Maurice, op. cit., p. 50.
141. C.M. van den Heever, op. cit., p. 304.
142. P.S. du Toit, Onderwys in Kaapland 1652 - 1939: 'n Historiese oorsig, p. 21.
143. M.K. Jeffreys, Kaapse Argiefstukke Kaapse Plakkaatboek Deel II (1707 - 1753), pp. 35-38
144. B. Rose, op. cit., p. 85.
145. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652 - 1795, p. 298.
146. A.L. Behr, op. cit., p. 153.
147. P.J. Idenburg, The Cape of Good Hope at the turn of the 18th century, p. 58.
148. E. Greyling, Godsdiensonderwys in die skool, 34,
149. B. Rose, op.cit., p. 34.
150. C.M. van den Heever, op. cit., p. 193.
151. E.G. Malherbe, op. cit., p. 62.
152. P.S. du Toit, Onderwys in Kaapland. 'n Historiese oorsig, p. 64.
153. G.E. Cory, The Rise of South Africa, p. 281.
154. D.H. Cilliers, op.cit., p. 52.
155. M. Horrell, op. cit., p. 13.
156. D.H. Cilliers, op. cit., p. 52.
157. T.N. Hanekom, Die liberale rigting in Suid-Afrika. 'n Kerkhistoriese studie. Eerste deel, p. 199.
158. M. Whiting Spilhaus, South Africa in the making 1652 - 1806, p. 35.
159. Leo Marquard, The story of South Africa, p. 43.
160. H.H. Johnston, op. cit., p. 74.
161. Die woord 'drosdy' het die woning en die administrasie kantoor van 'n landdros aan die Kaap tussen 1695 en 1828 aangedui. Vgl: Standard Encyclopedia of Southern Africa, Vol 4, p. 89. Deesdae word die woord slegs gebruik om die landdros se woning aan te dui.
162. E.E. Mossop, Old Cape Highways, p. 22.
163. Ibid., p. 174.
164. Monica M. Cole, South Africa, p. 103.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

165. H. Kling, Onder die kindere van Cham, p.22.

166. H.C.V. Leibrandt, Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters and Documents received 1649 - 1662 Part I, p. 222.

167. H.H. Johnston, op. cit., p. 71.

168. N.J. Marais, op. cit., p. 109.

169. M.S. Geen, op. cit., p. 32.

170. W.M. MacMillan, The Cape Colour Question. A Historical Survey, p. 35.

171. S.F.N. Gie, op. cit., p. 76.

172. M.S. Geen, op. cit., p. 55.

173. S.F.N. Gie, op. cit., p. 96.

174. T.R.H. Davenport, South Africa. A modern History, p. 35. Vgl. G.W. Eybers, Select Constitutional Documents Illustrating South African History 1795 - 1910, p. 17.

175. A.N. Boyce, Europe and South Africa. A History of the Period 1815 - 1939, p. 37.

176. G.W. Eybers, op. cit., p. 26.

177. William N. Boyce, Notes on South African Affairs from 1834 - 1838, p. 126.

178. J.A. Heese, Nederduitse Gereformeerde Kerk Gedenkboek Worcester, p.1.

179. Julian Mockford, Here are South Africans, p. 39.

180. G.E. Cory, op. cit., p. 12.

181. I.D. MacCrone, op. cit., p. 92.

182. M.W. Spilhaus, op. cit., p. 91.

183. John Barrow, An account of Travel into the Interior of Southern Africa in the years 1797 - 1798, p. 72. Die Breëriviervallei strek vanaf die gebied van Ceres in 'n noord-oostelike rigting na die gebied van Worcester, terwyl die Hexvallei sy oorsprong in die gebied van Worcester het en in 'n suid-westelike rigting na Touws=rivier strek.

184. John Fisher, The Afrikaner, p.21.

185. J.A. Heese, op. cit., p. 21.

186. C.W. de Kiewiet, A History of South Africa. Social and Economic, p. 16.

187. G.G. Rossouw (saamgestel), Stigting en Ontwikkeling van Worcester, p. 1. Vgl. Worcester 150 Jaar Jubileum 1820 - 1970 Gedenkbrosjure, p. 22.

188. J.J. Oberholster, The Historical monuments of South Africa, p. 97.

189. J.A. Heese, op. cit., p. 12.

190. R.G. Grebe, Worcester 1820 - 1970, p. 8.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

191. J.A. Heese, ibid..
192. George McCall Theal, Records of the Cape Colony Vol XX, p. 69.
193. A.K. Millar, Plantagenet in South Africa. Lord Charles Somer=set; p. 70. Vgl. Piet Meiring, Kronieke van 'n kerk, p. 48.
194. J.A. Heese, ibid..
195. The Cape Town Gazette and African Advertiser, p. 1.
196. George McCall Theal, History of South Africa from 1795 to 1828, p. 249
197. R.G. Grebe, op. cit., p. 15.
198. G.G. Rossouw, op. cit., p. 2.
199. J.A. Heese, op. cit., p. 15.
200. A.F. Hattersley, op. cit., p. 78.
201. Louis Michel Thibaul, 'n Franse argitek en dorpsbeplanner het in 1781 toe Nederland en Engeland in 'n oorlog gewikkel was, by die Kaap aangekom as 'n offisier in die Franse weermag. Tot sy dood in 1815 het hy die planne van 'n groot aantal openbare geboue opgestel. Vgl. The Cape Town Foreshore Plan. Final Report of the Cape Town Foreshore Joint Technical Committee June 1947, p. 4.
202. George McCall Theal, op.cit., p. 321.
203. Ibid..
204. G.G. Rossouw, op. cit., p. 1.
205. W.J. van der Merwe, op.cit., p. 134.
206. G.G. Rossouw, op. cit., p. 2.
207. Ibid., p. 4.
208. J.A.C. Visagie, Die ontwikkeling van Blanke Onderwys in Worcester, p. 21.
209. C. Ziervogel, op. cit., p. 61.
210. P.R.T. Nicolaai, op. cit., p. 1.
211. C. Ziervogel, op. cit., p. 61.
212. T.N. Hanekom, Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk, p. 305.
213. A. Morrees, Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in S.A. 1652 - 1873, p. 44.
214. E.L. Maurice, op. cit., p. 153.
215. D.L. Wiedner, op. cit., p. 121.
216. A. Nachtigal, op. cit., p. 75.
217. J. du Plessis, A History of Christian Missions in South Africa, p.50.
218. A. Nachtigal, op. cit., p. 86.
219. H.D. van Broekhuizen, op. cit., p. 78.
220. C. Spoelstra, op. cit., p. 196.
221. B. Kruger, The Pear tree blossoms, p. 32.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

222. J.E. Hutton, A History of Moravian Missions, p. 130.
223. George McCall Theal, Progress of South Africa in the Century, p. 158.
224. A.L. Behr, op. cit., p. 91.
225. E.L.G. Schnell, For Men must work, p. 233.
226. N.J. Marais, op. cit., p. p. 20.
227. J. Chris Coetzee, op. cit., p. 411.
228. E.L. Maurice, op. cit., p. 161.
229. J. du Plessis, op. cit., p. 80.
230. E.L.G. Schnell, op. cit., p. 232.
231. P.R.T. Nicolaai, op. cit., p. 14.
232. C.J. Kriel, Die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881 - 1956, p. 16.
233. W.N. Boyce, op. cit., p. 44.
234. J.P.J. Barnard, op. cit., p. 7.
235. G.L. van Heerde, op. cit., p. 61.
236. A.J. Venter, op. cit., p. 390.
237. Elfriede Strassberger, The Rhenish Mission Society in South Africa, p. 1.
238. E.L.G. Schnell, op. cit., p. 233.
239. Elfriede Strassberger, op. cit., p. 9.
240 A.L. Behr, op.cit., p. 138.
241. Elfriede Strassberger, op. cit., p. 11.
242. J. du Plessis, op. cit., p. 202.
243. J. Chris Coetzee, op. cit., p. 423.
244. W. Bird, State of the Cape of Good Hope in 1822, p. 67. Vgl. B. Kruger, op. cit., p. 187.
245. Horton Davies en R.H.W. Shepherd, S.A. Missions 1800 - 1950, p. 13.
246. N.J. Smith, Die Planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die N.G. Kerk in S.A., p. 15.
247. Ibid., p. 14.
248. A. Dreyer, Historisch Album van die N.G.K. in Suid-Afrika, p. 8.
249. W.J. van der Merwe, op. cit., p. 82.
250. J.P. Claasen, op. cit., p. 187.
251. C. Spoelstra, op. cit., p. 580.
252. A. Nachtigal, op. cit., p. 134.
253. J.P. Claasen, ibid..
254. W.J. van der Merwe, ibid..
255. H.S. Pretorius, Ons Kerk in Wording, p. 66.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

256. E.L. Maurice, *op. cit.*, p. 156.
257. W.J. van der Merwe, *ibid.*.
258. J.A.S. Oberholster, *Gedenkboek Tulbagh Gemeente 1743 - 1943*, p. 88.
259. J.A. Heese, *op. cit.*, p. 7.
260. J.P. Claasen, *op. cit.*, p. 187.
261. M.C. Vos, *Merkwaardige verhaal*, p. 134.
262. E.L. Maurice, *op. cit.*, p. 160.
263. P.S. du Toit, *op. cit.*, p. 310.
264. A. Nachtigal, *op. cit.*, p. 140.
265. T.N. Hanekom, *op. cit.*, p. 311.
266. M.C. Vos, *op. cit.*, p. 250.
267. J. Chris Coetzee, *op. cit.*, p. 241.
268. J.S. Marais, *The Cape Coloured People 1652 - 1937*, p. 168.
269. C.J. Kriel, *op. cit.*, p. 25.
270. J. du Plessis, *op. cit.*, p. 96.
271. N.J. Marais, *op. cit.*, p. 24.
272. A.J. Venter, *op. cit.*, p. 389.
273. A.L. Behr, *op. cit.*, p. 132.
274. J. Chris Coetzee, *op. cit.*, p. 422.
275. C.J. Kriel, *op. cit.*, p. 26.
276. Elfriede Strassberger, *op. cit.*, p. 22.
277. J.A. Heese, *op. cit.*, p. 7.
278. A. Morrees, *op. cit.*, p 392.
279. M.W. Spilhaus, *op. cit.*, p. 358.
280. J.A. Heese, *op. cit.*, p. 8.
281. J.A.S. Oberholster, *op. cit.*, p. 100.
282. J.A. Heese, *ibid.*.
283. J.A.S. Oberholster, *op. cit.*, p. 104.
284. G.L. van Heerde, *op. cit.*, p. 108.
285. J.A. Heese, *op. cit.*, p. 15.
286. D.W. de Villiers, *Reisbeskrywings as bronne vir die Kerkgeskiedenis van die N.G. Kerk in S.A. tot 1883*, p. 52.
287. J.A. Heese, *ibid.*.
288. *Ibid.*, p. 16.
289. Piet Meiring, *op. cit.*, p. 48.
290. G.W. Eybers, *op. cit.*, p. 23.

http://etd.uwc.ac.za/

291. A. Dreyer, Boustowwe vir die Geskiedenis van die N.G. Kerk in Suid-Afrika Deel III 1804 - 1836, p. 170.

292. J.A. Heese, op. cit., p. 21.

293. Ibid., p. 122.

294. W.S.G. Notuleboek I, p. 3.

295. W.S.G. Notuleboek I, p. 1.

296. C.J. Kriel, op. cit., p. 30.

297. W.S.G. Notuleboek I, p. 11.

298. D.W. de Villiers, ibid..

299. Die woord 'intekenaars' is gebruik om lede van die Worcesterse Hulpgenootskap wat hul ledegeld betaal het, aan te dui.

300. As gevolg van die vrystelling van die slawe, het die boere nie net hul bron van arbeid verloor nie, maar hulle het ook finansiële verlies gelei. Baie van die slawe-eienaars het hul slawe verpand en skuld=eisers het die verbande opgesê. Die kompensasie wat hulle vir hul slawe ontvang het, was eerstens ontoereikend (na alle aftrekkings is eienaars ongeveer £41 vir elke slaaf uitbetaal en die oorspronk=like waarde was gemiddeld £100) en tweedens is uitbetalings in London gedoen, nie in kontant nie maar in Britse staatseffekte. Vgl.C.F.J. Muller, Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 117. In daardie tyd was daar weinig bewuste sendingywer en belangstelling aan die kant van die koloniste en die koloniste het die blaam vir die wetgewing, wat die vrystelling van die slawe in 1839 ten gevolg gehad het, voor die deur van die sendelinge gelê. Vgl. E. Strass=berger, op. cit., p. 152.

301. W.S.G. Notuleboek I, p. 152.

302. C.J. Kriel, op. cit., p. 30.

303. Ibid., p. 129.

http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK 3

## DIE OPKOMS VAN KLEURLINGONDERWYS IN DIE DISTRIK WORCESTER

### 3.1 Onderwys onder die Departement van die Kaap die Goeie Hoop

Tydens die tweede helfte van die 18de eeu het daar al 'n hele aantal boere hulle in die Breërivierva1lei gevestig, maar geen vorm van georganiseerde onderwys kon van stapel gestuur word nie omrede die plase te ver van mekaar geleë was.[1)]

In daardie gebiede waar geen skole bestaan het nie, het die boere wat dit kon bekostig van die dienste van rondreisende boeremeester gebruik gemaak om onderrig aan hul kinders te gee.[2)] Hierdie huisonderwysers was òf eenvoudige onderwysers, òf gedroste òf ontslane matrose, òf soldate en was slegs vir 'n kort termyn deur 'n boer in diens geneem.[3)] Ook is kompanjie=dienaars teen 'n vasgestelde salaris en vir 'n termyn wat nooit langer as 'n jaar geduur het nie, aan boerefamilies verhuur.[4)] In enkele gevalle het boere in hul kontrakte, wat hulle met die boeremeesters aangegaan het, gestipuleer dat onderrig aan hul eie kinders sowel as dié van hul slawe gegee moes word.[5)] Om ekono=miese redes het 'n paar gesinne gewoonlik saam 'n boeremeester vir die onderwys van hul kinders in diens geneem.[6)]

Die leerplan wat die huisonderwyser gevolg het, was eenvoudig. Voordat die Engelse die Kaap in 1806 permanent beset het, het die formele onderwys wat die huisonderwysers aangebied het nog hoofsaaklik bestaan uit die onderrig in die leerstellings van die Nederlandse Gereformeerde Kerk, Bybelgeskiedenis, die sing van Psalms en 'n basiese kennis van lees en skryf om vir lid=maatskap van die kerk te kwalifiseer. Die enigste sekulêre vak was rekenkunde. Met hierdie geringe kennis wat die kinders op=gedoen het, was die ouers tevrede.[8)]

http://etd.uwc.ac.za/

Leerboeke was nie vrylik beskikbaar nie, maar die volgende was nietemin gebruik: Die ABC-boek met prente van Adam en Eva, die AB-jab wat woorde met 2 lettergrepe bevat het,[9] die Trap der Jeugd, 'n spelboek, die Bybel, die Gesangeboek en die Katkisasieboek.[10]

Dit is moeilik om te sê of die kinders van die boere enige betekenis= volle onderrig, behalwe vir die basiese kennis wat hulle opgedoen het, ontvang het, aangesien die huisonderwysers se kennis in die meeste ge= valle gebrekkig was.[11] Aan hierdie huisonderwysers is losies beskik= baar gestel, en hulle is van vleis en drank sowel as tee en koffie voorsien, terwyl hulle elkeen 'n salaris van nagenoeg 14 riksdalers per maand vir die eerste jaar, 16 vir die tweede jaar en 18 vir die derde jaar ontvang het.[12]
In gevalle waar die landbouer in verafgeleë gebiede nie in kontant kon betaal nie, is vee in ruil vir dienste gelewer aangebied.[13] Ook was dit van die boeremeesters verwag om die boer met sekere take te help, bv. met klere maak en met die boerdery.[14]

Van die boere wat die dienste van boeremeesters kon bekom, was Hendrik Jansze van Rensburg op Veeplaas De Nonna in die Hexrivier-gebied, Floris Visser van Breëriviervallei, Wouter de Vos op Buffelskraal aan die Hexrivier en D. Retief aan die Breërivier.[15] Vir die minder ge= goede boerefamilies wat die dienste van 'n huisonderwyser nie kon be= kom nie, was die opvoeding van die kinders egter uit die aard van die saak aan die ouers oorgelaat.[16]

In die boer se lewe het godsdiensonderrig 'n belangrike rol gespeel. Dit het tot die doop, lidmaatskap van die kerk en die huwelik gelei. Die bediendes van die boere het ook onder die invloed van die gods= diens gekom. Menigmaal was die bediendes met hul kinders toegelaat om die huisgodsdiens, wat 'n gereelde instelling van die nedersetter se lewe geword het, by te woon. Bowendien het die koloniste hul taal saam met hulle na die binneland uitgedra en hoofsaaklik as gevolg van sosiale kontak het die bediendes die taal van hul werkgewers aange= leer. In hierdie proses het 'n deelname aan die boer se huisgodsdiens ook 'n betekenisvolle rol in die lewe van die gekleurdes gespeel.[17]

http://etd.uwc.ac.za/

Tot aan die einde van die 18de eeu het hierdie toedrag van sake, wat die onderwys betref, op die platteland voortgeduur.[18)]

De Mist het 'n poging aangewend om die onderwys in die buite=distrikte op 'n gesonder voet te plaas deur voorsiening te maak vir meer en beter gekwalifiseerde onderwysers en vir die oprigting van gemengde laerskole op plekke waar dit prakties moontlik was.[19)]

### 3.1.1 Eerste skole

Met die stigting van Worcester in 1820 het die toestand van onderwys nie veel verbeter nie. Die skoolgeldvrye skole wat Lord Charles Somerset ingevoer het, het eerder 'n weersin by die koloniste gewerk, aangesien Somerset d.m.v. hierdie skole sy verengelsingbeleid ten uitvoer wou bring.[20)]

Eers in Sutherland se tyd is 'n skoolkommissie deur die Neder=duitse Gereformeerde Kerk te Worcester in die lewe geroep. Die eerste taak wat die kommissie hom ten doel gestel het, was die verkryging van 'n voorleser vir die kerk, wat ook terselfdertyd diens as onderwyser kon doen.

Worcester kry in 1825 sy eerste onderwyser in die persoon van mnr. James Rattay. Hy het in Worcester 'n private skool gestig, wat die eerste van 'n aantal soortgelyke skole sou wees.[21)]

### 3.1.2 Openbare skole

Worcester was die enigste landdrosdistrik wat nie oor 'n skool vir slawe beskik het nie. Op 24 Desember 1825 is 'n versoek deur die skoolkommissie van Worcester aan die owerheid gerig vir 'n skool van dié aard. Die fondse van die gemeenskap was nie vol=doende vir die oprigting van 'n slaweskool nie; desnieteenstaande kon die kerk wel 'n vertrek bied wat vir onderwysdoeleindes aange=wend sou kon word en die voorleser in staat kon stel om ook as onderwyser op te tree. Van hierdie versoek het egter niks tereg gekom nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

In 1826 het die Britse regering besluit om verdere finansiële hulp aan slaweonderwys te beëindig. Die "Colonial Government", wat uiteindelik die finansiële las moes dra, was nie in staat om sodanige onderwys te finansier nie. Vanaf 1824 is die "Free School System" (skoolgeldvrye skole) van Cradock, wat in 1813 in werking getree het, egter na alle dele van die kolonie uitgebrei. Op die platteland is meer onderwysers aangestel om skole te open.[22)]

Die daarstelling van skoolgeldvrye skole het heelwat verligting gebring, aangesien baie van die ouers nie eens die maandelikse skoolgeld van een pennie vir hul kinders kon betaal nie. Hier=die skole is deur blanke sowel as kleurlingkinders bygewoon. Die kinders het ook gratis boeke ontvang.[23)] In 1830 is die eerste skoolgeldvrye skool in Worcester opgerig.[24)]

Die kleurlinge het nie veel van hierdie onderwysfasiliteite wat deur die "Free School System" moontlik gemaak is, gebruik gemaak nie. Die grondliggende redes hiervoor is dat sommige blankes gekant was teen die teenwoordigheid van kleurlinge saam met hulle kinders in een skool.[25)]

Die gevolg is dat die kleurlingkinders hul toevlug tot die sendingskole moes neem om daar 'n mate van onderwys te ontvang.[26)]

### 3.1.3 Sendingonderwys

In die eerste jare van die bestaan van Worcester is, as gevolg van die ontwikkeling van die dorp - en die Kafferoorloë wat op die oosgrens plaasgevind het, geen voorsiening van owerheidsweë vir die onderwys van blank of gekleurd gemaak nie. Die blankes het later hul eie private skole tot stand gebring terwyl die regering eers in 1830 die eerste "Free Government school" kon instel. Die onderwys vir kleurlingkinders was op die sending=genootskap aangewese.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

### 3.1.3.1 Historiese aanloop

In 1821 is die Nederduitse Gereformeerde blanke gemeente van Worcester gestig. Uit die staanspoor is pogings aan=gewend om die dienste van 'n sendeling te bekom om die kleur=linge te bearbei.[27] Vanaf 1825 het M.C.P. Vogelgesang verlof van die kerkraad verkry om die heidene te onderrig, maar in 1829 vertrek hy na Kaapstad, nadat hy 'n eksamen as onderwyser in die godsdiens afgelê het.[28]

Na die vertrek van Vogelgesang het die belangstelling van die ingesetenes van Worcester om die heidene deur Christe=like bearbeiding te laat ophef, geensins verflou nie. Die toetrede van Zahn tot die sendingtoneel het daartoe bygedra dat die werk voortgesit kon word.

Ongeveer een keer per maand het Zahn die reis tussen Tulbagh en Worcester onderneem - 'n afstand van 26 kilometer wat hy in nagenoeg 8 uur te perd afgelê het - "om de Heiden alhier in Rooikamp (tans Pakersdam) en de in het gevangenhuis opgesloten=en met het Evangelie te bedienen."[29] Die koms na Worcester van die eerste sendeling, eerw. Terlinden, het die deur na sendingwerk in hierdie gebied wyd oopgemaak.

Die blanke gemeenskap het sy teenwoordigheid hoog gewaardeer en het hulle kerk aan Terlinden beskikbaar gestel tot tyd en wyl die Genootskap 'n eie gebou kon oprig.

Van Terlinden is onder meer verwag om gedurende die week onder=wys aan die Hottentotte en slawe te gee en om die Evangelie op die omringende plase te verkondig.[30] Sy Sondagrooster het soos volg daar uitgesien: "Des Morgens früh verkündige ich in der Kapelle vor Heiden und Christen, und des Abends halte ich Catechisation".[31] Al hierdie dienste moes hy verrig teen 'n salaris van R120 per jaar.

http://etd.uwc.ac.za/

Terlinden se gemeente het aanvanklik slegs uit twee kleurlinge be= staan wat voorheen deur eerw. Vos gedoop is. In die begin was sy taak nie 'n maklike een nie. Almal was begerig om sy dienste te bekom en hy wou nie graag aan boere aanstoot gee deur enige versoeke om plase te besoek, van die hand te wys nie. Hy het daagliks tot 9 uur op sy perd deurgebring en dit het sy sendingwerk belemmer. Sy bedieningsgebied het tot in die Bossiesveld gestrek, waar hy ook die heidene moes bearbei.[32)]

Ten spyte van sy druk program, kon Terlinden tog daarin slaag om 'n skool vir volwasse kleurlinge tot stand te bring en die werksaamhede van die skool in die hande van drie vrywillige persone te plaas. Ter= linden se noodwendige afwesigheid het meegebring dat die skool egter nie na wense gevorder het nie. In daardie stadium was 'n skool vir kleurlingkinders nog nie oorweeg nie.[33)]

In 1833 is 'n stuk grond, nl. erwe 4 en 5 van blok K, deur Sir Lowry Cole aan die "Vereniging vir die verkondiging van die Christendom tussen die Heidene" geskenk en wel vir die spesifieke doel om 'n kerk of 'n gebou vir skooldoeleindes daar op te rig.[34)] 'n Kapel, wat tussen 60 en 70 gekleurde skoolkinders gedurende die dag sou kon akkom= modeer en waarin dieselfde aantal volwassenes in die aand onderrig sou kon word, het later tot stand gekom. Gereelde subskripsies tot die fonds van die Genootskap deur intekenaars en bydrae deur ander belang= stellendes het die oprigting van hierdie kapel, die Genootskap se eie "Gestig", moontlik gemaak.[35)]

'n Pastorie vir Terlinden was benodig, maar die fondse om dit op te rig, was nie beskikbaar nie. 'n Versoek is derhalwe aan die goewerneur gerig om die onderhawige stuk grond, wat aan hulle bewillig was, "to be made to them, without any restriction, or otherwise that they may be permitted to obtain the free right to this land by paying for the same the sum of £7/10".[36)] Hierdie bedrag, wat vir elk van die twee erwe betaal sou word, was die gemiddelde prys wat betaal was vir erwe te Worcester.

http://etd.uwc.ac.za/

As gevolg van die werkywer van Terlinden, het die sendingwerk onder die kleurlinge uitgebrei en het die getalle wat sy gereelde godsdiens= oefeninge bygewoon het, toegeneem. Die oprigting van 'n groot godshuis het 'n noodsaaklikheid geword.

Op 6 Julie 1833 het die Worcesterse Sendinggenootskap nog 2 erwe aange= vra. Die twee erwe, nl. nommers 5 en 6 van blok K, is deur die staat aan hulle geskenk en daar is besluit om in die nabye toekoms 'n kerk= gebou vir die Genootskap op te rig.[37)] Later is erf 6 met erf 4 vervang, wat beteken het dat erwe 4 en 5 die eiendom van die Genootskap geword het.

Die hoeksteenlegging van die gebou wat as die eerste kerk en ook as die eerste skool sou dien, was 'n gedenkwaardige geleentheid in die kerk- en onderwysgeskiedenis. Die verrigtinge in die vorm van 'n godsdiens= plegtigheid het op Saterdag, 18 Januarie 1834, om 3 uur in die middag in die moederkerk plaasgevind. Eerw. Zahn het die godsdiens gelei en hy het Jesaja 44:28 as die teks vir sy preek gekies.[38)]

Na die diens, "begon de processie onder het luiden der klok" na die plek waar die hoeksteen gelê sou word, beweeg.[39)]

By die plek waar die nuwe gebou opgerig sou word, is die verrigtinge met 'n gebed deur eerw. Sutherland geopen. Hierna is die Siviele Kommissaris van Worcester, mnr. P.J. Truter deur die seremoniemeester, mnr. Wouter de Vos, aan die omstanders voorgestel en onderwyl mnr. Truter namens die regering die hoeksteen gelê het, is Psalm 118 vers 11 gesing.[40)] Dr. Glaeser het mnr. Truter vir sy aandeel in die totstandkoming van die kerk, en die staat vir die ondersteuning wat in hierdie verband reeds gegee is, bedank. Eerw. Zahn het die verrigtinge met 'n toespraak afgesluit, waarna vers 12 van Psalm 118 gesing is.[41)]

By die algemene vergadering wat op 16 Februarie 1834 gehou is, is 'n nuwe direksie benoem, omrede die lede van die vorige direksie nie die alge= hele steun van die gemeentelede ontvang het nie, veral waar dit die in= sameling van fondse vir die oprigting van die godshuis betref het.

http://etd.uwc.ac.za/

Die volgende persone is benoem om in die nuwe direksie te dien:
Vir Worcester: mnre. J.J. Le Seuer, Pieter Gert de Wet en Wouter de Vos;
vir Agter Hexrivier: mnr. Dirk de Vos;
vir Over Hexrivier: die heer Willem en
vir Boschjesveld: die here Hendrik en Jacobus van den Berg (senior)
vir Goudini: mnre. Ph. P. du Toit en Gabriel Steph. le Roux
en vir oor die Breërivier: mnr. Pieter B. Botha.[42)]

Vanweë die inspirasie en onbaatsugtige aanvoorwerk wat deur die direksie gedoen is en die groot bydraes wat deur die intekenaars gemaak is,[43)] kon 'n besluit geneem word om met die bouery op 24 Februarie 1834 te begin.[44)]

Ten spyte van die probleme in verband met werkers, die beskikbaarheid van messelaars, boumateriaal en fondse, kon die Genootskap tog daarin slaag om die kerk, wat sitplek aan 400 mense sou voorsien, op 11 Mei 1834 amptelik in te wy. In Desember van dieselfde jaar is die transport= akte van die twee erwe waarop die kerk opgerig is aan die Genootskap oorhandig. Die gebou sou bekend staan as "Het Evangelische Kapel."[45)] Die Kapel wat opgerig is, het baie eenvoudig daaruit gesien. Dit het 'n misvloer gehad en elke Saterdag was dit die plig van die koster om die vloer te smeer, sodat dit skoon en netjies vir die Sondagdiens kon wees. In hierdie oefeninghuis is beide openbare godsdiensoefeninge asook dagskool vir die klein en "minder gevordende" kinders gehou.[46)]

Eerw. Terlinden het voortgegaan met sy werk en hy het sy eerste bekeer= ling, Japhta Jacobus Heinrich Wilhelm, op 4 Januarie 1835 gedoop. Sy metode van werk, wat ook deur die ander sendelinge van die Rynse Sendinggenootskap gevolg is, was baie eenvoudig. Dit het basies neerge= kom op individuele bearbeiding, gevolg deur pastorale sorg. Vir Terlin= den was dit besonder belangrik om tussen die mense uit te gaan en na hul omstandighede in hul eie wonings te luister.[47)]

Hy het ook 'n armsorgfonds gestig en ook hierdeur het hy in nouer kontak met die kleurlinge gekom.

http://etd.uwc.ac.za/

As geestelike arbeider het Terlinden sy werk knap gedoen. Hy het nie net die liefde van sy gemeente gewen nie, maar ook 'n plekkie in die harte van die lede van die Genootskap verower. Toe Ter= linden op 13 Junie 1835 dit bekend maak dat hy verplaas sou word en dat eerw. J.H. Külpman hom sou opvolg, het die nuus groot kon= sternasie en ook ontevredenheid by die Genootskap en gemeente uit= gelok.[48)]

Aanvanklik wou die mense glad nie hoor van 'n plaasvervanger vir hul geliefde sendeling, eerw. Terlinden, nie, maar later toe dit besef word dat die Direkteure van die Rynse Sendinggenootskap nie beweeg kon word om hul besluit te heroorweeg nie, moes die Direksie van die Worcesterse Sendinggenootskap en die kleurlinggemeenskap dit vir lief neem dat eerw. Külpman hulle sou bedien. Op 20 November 1835 is besluit om Külpman wel as hul leraar te aanvaar.[49)]

In Januarie 1836 is Külpman na Worcester gestuur, terwyl Terlinden na Ebenhaezer verplaas is. Külpman het voorheen saam met Lückhoff op Stellenbosch gewerk.[50)] Toe Külpman op 28 Februarie 1836, sy intree= preek gelewer het, was die atmosfeer in die kapel betreklik swaar, dog vreedsaam, aangesien die teenstand nie teen die persoon van Külp= man gemik was nie, maar eerder teen die beginsel. Eers na verloop van tyd kon die Genootskap Külpman aanvaar en hom, soos sy voorganger, met 'n bedrag van 800 riksdalers finansieel onderhou.[51)]

Külpman het nie altyd die algehele samewerking van sy gemeente gehad nie daarbenewens was hy ook nie 'n gesonde mens nie. Eerw. J.F. Budler is uitgestuur om eerw. Külpman in sy werk by te staan en onder Budler se bekwame leiding en simpatieke bystand kon goeie vordering gemaak word.[52)]

Teen 1838 het Külpman alreeds twee persone gedoop en as lede in die gemeente van Christus aangeneem en hy was ook besig om 'n aantal ander persone vir aanneming tot lidmaatskap van die kerk voor te berei.[53)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die eerste persoon wat hy gedoop en aangeneem het, was Kaatjie Adonis. Sy was voorheen 'n slavin, maar tydens haar voorbereiding vir kerklidmaatskap (dit het op 6 Aug. 1837 plaasgevind), was sy 'n "vrye-arbeidende huismeid". Külpman het ook 'n Mozambieker, by name Christiaan, op 29 Maart 1840, gedoop. Van die 79 persone wat uiteindelik deur Külpman gedoop is, was 53 vrouens en 26 mans.[54)]

'n Woonhuis wat naby die kapel geleë was, is vir skooldoeleindes aangeskaf en dit sou as 'n pastorie vir eerw. Terlinden dien. Die skooltjie vir kleurlingkindertjies is op 11 Junie 1839 geopen en twee Nederlandse dames, mejj. B. en S. Zuykermans en die weduwee mev. W. de Wet het as die eerste leerkragte opgetree.[55)] Binne 'n beperkte tyd het die skool se inskrywing op 40 gestaan.[56)]

Na Terlinden se vertrek is die onderwys onder die toesig van Külpman voortgesit. In 1841 is die onderwyser Andreas, wat voorheen in Stellenbosch werksaam was, na Worcester gestuur om Külpman in sy werk te help. Hierdie verskuiwing is gedoen omrede die leerlingtal tot 210 gestyg het en die aantal dopelinge tot 114. Andreas was hoofsaaklik met die onderwys van die kinders gemoeid.[57)]

'n Merkwaardige dag in die geskiedenis van sendingwerk in Suid-Afrika is 1 Desember 1838 - die dag van die vrystelling van die slawe. Uit alle rigtings het die vrygestelde slawe na die verskillende dorpe gestroom. Die woningnood in die kleurlinggebiede het toegeneem en so ook die gepaardgaande sosio-ekonomiese probleme. Vir die sending het dit heelwat meer werk beteken: die inskrywing by sendingskole het gestyg asook die toenemende getalle wat geestelik bearbei moes word.[58)]

Op dieselfde dag dat die slawe vrygestel sou word, het 'n meteoor helder oordag bo Worcester verskyn en met 'n gedruis en skudding op 'n nabygeleë berg neergestort. Uit vrees het heidene hulle na die sendelinge om hulp gehaas. Die godshuis is deur 'n groot aantal mense gevul en baie van hulle het tot bekering gekom. In een stadium het ses huilende en berouvolle vroue gelyktydig in die Rooikamp tot bekering gekom. Hierdie geestelike oplewing het voortgegaan sodat baie meer persone gedoop is.[59)]

http://etd.uwc.ac.za/

Külpman se gesondheidstoestand het egter versleg en boonop het hy sy eggenote verloor. Hierdie terugslae in Külpman se lewe het hom nie ontmoedig nie, want in daardie stadium was sy sendingspogings baie suk= sesvol. As vrug van sy werk kon daar in 1843 reeds 71 gemeentelede wat aangeneem is, getel word, die sendingkas kon 'n bedrag van 800 riksdalers toon en die misdaadsyfer was aan die afneem.[60)]

Terlinden het later na Worcester teruggekeer en 'n ruk saam met Külpman gewerk tot laasgenoemde in 1845 uit Worcester vertrek het. Kolbe het hom by Terlinden aangesluit en na 'n dienstydperk van 3 jaar het die twee sendelinge Worcester verlaat. Hulle plek is deur twee ervare sendelinge, te wete Esselen en Nollan gevul.[61)]

Onder die leiding en invloed van eerw. Esselen het die werk in Worcester uitgebrei. Esselen het weinig die geleentheid gekry om besoeke aan die buitedistrikte te bring, aangesien die groeiende dorp Worcester al sy aandag vereis het. Die hou van katkisasieklasse alleen het 'n groot gedeelte van sy beskikbare tyd in beslag geneem. Behalwe die drie katkisasieklasse wat hy op Sondae moes behartig, is daar ook klasse op Maandae, Woensdae en Saterdae gehou.[62)]

Die woord van God het met die verloop van tyd meer vatbaar vir die kleurlinggemeenskap geword. Die aantal dopelinge en nagmaalgangers het heelwat toegeneem en wel in so 'n mate dat die kerk te klein geword het en Esselen tot die besluit gekom het om 'n tweede en groter kerk asook 'n skool op te rig. Die onkoste hieraan verbonde sou deur die blanke en kleurlinggemeenskap van Worcester gedra word. Esselen was daarteen om enige finansiële hulp van Duitsland aan te vra.[63)]

Ten einde sy projek ten uitvoer te bring, het Esselen 'n vergadering met die gesinshoofde gereël en aan hulle die besonderhede van sy voorge= nome skema verduidelik. Esselen het van elkeen verneem wat hy ten opsigte van tyd, arbeid en boumateriaal tot die oprigting van die voorgestelde geboue kon bydra en hierdie inligting het hy in 'n groot= boek opgeteken.[64)]

http://etd.uwc.ac.za/

Nadat eerw. Esselen al die besonderhede ontleed het, het hy in 1851 besluit om so spoedig moontlik sy eie sketsplan op te stel, argitek te wees en met die bouwerk op die erf net langs die kapel, wat deur die Worcesterse Genootskap opgerig is, te begin. Na ses maande het Esselen self die hoeksteen gelê en na nog ses maande, in 1852, is die nuwe kerk, wat nagenoeg 800 mense kon akkomodeer, in gebruik geneem.[65)]

'n Jaar later het Esselen en sy gemeente die skoolgebou voltooi.[66)]

Die uitbreiding van die Koninkryk van God onder Esselen se leiding het nog steeds voortgegaan, sodat die kerk in 1861 vergroot moes word deur twee vleuels aan te bou. Na die voltooiing van die kerk het Esselen sy kudde op geestelike sowel as opvoedkundige gebied meer in= tensief bearbei. Die helfte van die kleurlinggemeenskap van Worcester het tot sy kerk behoort, waarvan 300 lidmate was. Van hierdie lidmate kon 180 goed, 70 swak en 50 glad nie lees nie. Die kerkbywoning vir elke diens was gemiddeld 500. Esselen het 100 volwasse katkisante gehad en 30 tot 40 van hulle is jaarliks gedoop. In die Sondagskool was daar sowat 720 kinders. In die dagskool was daar 90 gedoopte en 120 ongedoopte kinders ingeskryf, terwyl die aantal leerlinge in die klein= kinderskool op 180 te staan gekom het.[67)]

Eerwaarde Louis F. Esselen was 'n outokratiese en streng persoon wat sy stempel op beide blank en gekleurd afgedruk het.[68)] Vir 30 jaar het hy sy gemeente stoksielalleen bearbei.[69)] Eers in 1879 kry hy vir 'n kort tyd die hulp van sy skoonseun, Christiaan Leipoldt, by.[70)] Vanaf 1883 (nadat C.F. Leipoldt na Clanwilliam vertrek het) was Esselen weer eens die enigste herder van die kleurlinggemeente van Worcester.[71)]

Nadat eerw. Esselen in 1890 die "oude oefeningshuis" laat afbreek en 'n skoolgebou vir die kleinkinders laat oprig het, het hy gevoel dat sy lig= gaamskragte aan die kwyn was, met die gevolg dat hy in April 1891 die broer van Christiaan Leipoldt, naamlik Johannes Leipoldt, beroep het om as assistent by hom (Esselen) aan te sluit.[72)]

Esselen het in sy leeftyd veel bereik. Die totstandkoming van 'n kerk en 'n skoolgebou, op die hoek van Hoog- en Greystraat, waarin die kinders van die kleurlinggemeenskap van Worcester onderrig is, is blyke van sy sukses. Sy grootste bydrae is egter geleë in die jare lange, toegewyde diens wat hy aan die kerk, die onderwys en die samelewing gelewer het.

http://etd.uwc.ac.za/

3.1.3.2 Bestuur

Voordat die sendingskool te Worcester in 1841 deur die staat ondersteun is, was dit 'n private onderwysonderneming.[73] Die Worcesterse sendinggenootskap was in die begin verantwoordelik vir die voorsiening van onderwysfasiliteite, die finansiering en beheer daarvan, en in 1839 het hierdie verantwoordelikheid na die Rynse Sendinggenootskap verskuif. Die sendeling van die sendinggenootskap het as bestuurder vir die skooltjie opgetree.[74] Vanaf 1841 het die staatsondersteunde Rynse sendingskool onder die algemene beheer van die Departement van die Kaap die Goeie Hoop geresorteer.[75] Op die plaaslike gebied was die beheer en administrasie van die skool nog steeds in die hande van die bestuurder en het hy die funksies van beide skoolraad en komitee vir die skool vervul.[76]

Die bestuurder was die amptelike skakel tussen die departement en die sendingskool en was regstreeks aan die departement verantwoordelik. Die benoeming van leerkragte vir vakante onderwysposte was die verantwoordelikheid van die sendingkerkliggaam, maar die finale besluit, soos ook met alle onderwysaangeleenthede, het by die bestuurder berus, maar nog steeds onderhewig aan die goedkeuring van die departement.[77] Ook was die sendingskool onderhewig aan periodieke besoeke deur die omgangsinspekteur van onderwys wat aanbevelings in verband met onderwysaangeleenthede by die departement gedoen het.

Namate die departement meer finansiële hulp aan die sendingskool verleen het, het die beheer van die departement oor die sendingskool toegeneem, soos dit weldra sal blyk.[78]

3.1.3.3 Huisvesting en skooluitrusting

Die eerste skooltjie was in 'n strooidakgebou, wat voorheen 'n "wagenmakerswinkel" was, gehuisves.[79] In later jare het die Rynse Sendinggenootskap hul eie skooltjie in Hoogstraat opgerig en hierdie skooltjie het die kleurlinggemeenskap gedien totdat Esselen 'n nuwe skoolgebou op die hoek van Hoog- en Greystraat tot stand gebring het.

http://etd.uwc.ac.za/

Die sendingskool het uit vier klaskamers bestaan. In die een klas=kamer was die seuns onderrig, in die tweede die meisies, in die derde die jong kinders en in die vierde klaskamer het die kleiner kindertjies hul onderwys ontvang. Hierdie vierde klaskamer was goed toegerus vir die onderrig van kleiner kindertjies en het ook as die kleinkinderskool bekend gestaan.[80)] Verdere klaskamers wat nog deur Külpman opgerig is, is mettertyd bygevoeg.[81)]

Namate die leerlingtal aangewas het, is die ou kapel wat as skoolsaal gedien het en tot vandag toe op die hoek van Hoog- en Greystraat staan, ook vir skooldoeleindes ingerig. Selfs die gallery[82)] van die ou kapel is in 1858 ingerig om as klaskamer vir die kleiner kindertjies te dien.[83)] Mettertyd het verdere uitbreiding plaasgevind sodat in 1902 vyf klaskamers vir onderwysdoeleindes aangewend kon word.[84)] In 1904 het die getal klaskamers op 6 te staan gekom nadat die skoolsaaltjie deur 'n houtafskorting in twee verdeel is.[85)] Die gebrek aan ruimte het die vooruitgang van die 213 kindertjies in die kleinkinderskool erg in die wiele gery.[86)]

Op 4 Maart 1907 is die akkomodasieprobleem, waarmee die Rynse skool vir 'n tyd lank te kampe gehad het, op hoë vlak bespreek. Die Superin=tendent-generaal van Onderwys en twee predikante van die Rynse Sending=genootskap, naamlik eerww. Weber en Spiecker, het probeer om 'n oplos=sing vir die Rynse skool te vind. Na die beraadslaging het die inspek=teur van onderwys sekere aanbevelings gemaak wat die onmiddellike posisie sou verlig voordat die addisionele klaskamers deur die gemeen=te opgerig sou word.[87)] Later is daar met die bouwerk aan die skool in Hoogstraat begin en teen 1908 kon die leerlinge van standerds 3 tot 6 in die nuwe klaskamers geakkommodeer word.[88)] Alhoewel hierdie uit=breiding van die skool plaasgevind het en sewe klaskamers vir onderwys=doeleindes beskikbaar gestel is, het die groot getalle in die Sub A- en Sub B-klaskamers weer kommer gewek, sodat in 1912 noodmaatreëls getref moes word deur 25 meisies van die Sub A-klas na die standerd 1-klaskamer te verskuif.[89)]

In 1920 was daar 561 leerlinge op die rol en hierdie getal het aangegroei tot 709 in 1922. Die geweldige toename in die leerlingtal het veroorsaak dat die skoolgebou die leerlinge nie langer gerieflik kon huisves nie. Heelparty van die klasse was oorvol. Die 3 seksies van standerds 2, 3 en 4 was in een klaskamer geakkommodeer met twee leerkragte per lokaal.[90)]

http://etd.uwc.ac.za/

Ook was dit nie moontlik om behoorlike akkommodasie aan die kwekelinge[91] te voorsien nie.[92] Die akkommodasieprobleem wat in 1922 ondervind is as gevolg van die toename in leerlingtal is tydelik opgelos deur sekere noodsaaklike veranderings in 'n ou pakkamer aan te bring en dit in 'n klaskamer vir die standerd 5- en 6-klasse te omskep. Omdat ge= noemde standerds nie groot klasse was nie, was dit moontlik om hierdie twee klasse saam met die kwekelinge in een klaskamer te huisves. Hier= die tydelike maatreëls sou in 1923 nog steeds as ontoereikend blyk te wees. Die kerkraad wat belas was met die voorsiening van akkomodasie vir skooldoeleindes, het nie sy weg om verder aan te bou, oop gesien nie. Die konsistoriekamer is egter beskikbaar gestel om as klaskamer te dien. In 1924 het die kerkraad egter besluit om addisionele klas= kamers aan te bou.[93]

Die skool was voorsien van skoollessenaars en kleiner skoolbanke vir die kleiner kinders. Daar was 'n skryfbord en teen die mure was leskaarte, sketse en tekeninge op kaarte wat deur die onderwysers self gemaak is, aangebring.[94]

'n Probleem waarmee die skool te kampe gehad het, was die beskikbaar= heid van leer- en leesboeke vir alle skoolkinders. Vanaf 1855 het die Rynse sendinggenootskap wel sy eie boeke die lig laat sien en aan al die sendingskole beskikbaar gestel. In die voorafgaande tydperk het die sendingskool hoofsaaklik van die skoolboeke wat in blanke skole ge= bruik was, gebruik gemaak. Die leerboeke wat veral gebruik was, is die ABC-boeke, spelboeke en leesboeke, asook die Bybel en Psalm- en Ge= sangeboek.[95]

In die sestigerjare kon boeke en skoolvoorrade van die departement bestel word.[96] Die departement het die helfte van die bedrag vir die bestelling betaal, bereken teen die Londense kleinhandelprys.[97] Aan die bestuurder is glad nie voorgeskryf watter besondere skoolboeke of apparaat gebruik moes word nie. Verder het dit die bestuurder vry gestaan om die skoolboeke aan die onderwysers en die leerlinge teen die normale pryse te verkoop.[98] Eers vanaf 1920 sou skoolboeke gratis aan leerlinge vanaf die sub-standerds tot st.6 verskaf word.[99]

http://etd.uwc.ac.za/

Die skoollei en griffie was al skryfbehoeftes wat deur die leerlinge gebruik is en hierdie items moes die ouers self plaaslik aankoop. Die kinders het die gewoonte gehad om hul leie met spuug skoon te maak. Reeds in 1907 het die departement hul kommer oor hierdie onhigiëniese gebruik van die lei uitgespreek en die onderwysers derhalwe versoek om hierdie gewoonte sonder meer te beëindig.[100)]

In 1908 het die skool met 'n bibliotekie begin. Die biblioteekmateriaal het uit 16 boeke bestaan waarvan 10 leesboekies vir die leerlinge was.[101)] Die biblioteekboeke was aanvanklik waarskynlik in 'n gewone skoolkas gehou, want eers in 1915 is 'n boekekas vir hierdie doel bekom.[102)] Vanaf 1912 kon die skool biblioteekboeke vanaf die departement op 'n pond-vir-pond grondslag aanskaf.[103)] Die maksimum hulp wat die departement aan 'n primêre skool met 'n gemiddelde inskrywing van 400 leerlinge of meer kon verleen het, was £ 7.10s.[104)] Onderstaande tabel dui die getal biblioteekboeke wat vir die tydperk 1908 - 1921 in die biblioteek was, aan:

TABEL XI[105)]

| BIBLIOTEEKMATERIAAL | |
|---|---|
| Jaar | Aantal boeke in biblioteek |
| 1908 | 16 |
| 1909 | 20 |
| 1910 | 30 |
| 1911 | 30 |
| 1912 | 36 |
| 1913 | 48 |
| 1914 | 48 |
| 1915 | 48 |
| 1916 | 48 |
| 1917 | 48 |
| 1918 | 60 |
| 1919 | 60 |
| 1920 | 60 |
| 1921 | 60 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die Inspekteur van Onderwys het in 1912 aanbeveel dat die "Supplementary Library" wat bestaan het uit 113 boekies en wat van die departement beskikbaar was teen 'n bedrag van 16 sjielings aangeskaf word.[106)] Dit is nie duidelik of hierdie aanbevelings in enige stadium ten uitvoer gebring is nie, aangesien die gegewens nie 'n skielike toename in biblioteekboeke vir enige van die jare toon nie. Vandat met die skoolbiblioteek begin is, kon oor 'n tydperk van twaalf jaar (1908 tot 1921) slegs 44 boeke aangeskaf word.

3.1.3.4 Leerplig

In die beginjare was geen vorm van leerplig van owerheidsweë vir kleurlingkinders ingestel nie. Die oorgrote meerderheid van die kinders het na twee jaar die skool verlaat en diegene wat langer op skool aangebly het, was toegelaat totdat hulle die ouderdom van 15 jaar bereik het.[107)]

Die School Board Act van 1905 het dit verpligtend gemaak dat blanke kinders die skool moes bywoon. Dieselfde regulasie was ook van toepassing op kleurlingskole, maar slegs onder sekere omstandighede en in gevalle waar die kleurlingbelasting=betalers verpligte skoolbywoning vir hul kinder geëis het. Hierdie regulasie het geen betrekking op sendingskole gehad nie.[108)]

Hoewel primêre onderwys tot st.6 vanaf 1920 gratis aangebied is,[109)] was skoolbywoning vir kleurlingkinders vir 'n aantal jare nie eens teoreties verpligtend gemaak nie. Eers in 1945 het die Coloured Education Ordinance voorsiening vir die geleidelike in=voering van verpligte skoolbywoning vir kleurlingkinders tussen die ouderdomme van 7 en 14 of tot st.6 gemaak, indien 'n versoek dien effekte deur 'n skoolraad of komitee gedoen is. Hierdie Ordinansie het egter die sendingskole uitgesluit.[110)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Dit kan aanvaar word dat die gemeenskap van Worcester in geen stadium leerplig vir hul kinders by die owerhede aangevra het nie, aangesien die neiging by kinders om die skool na 'n jaar of meer, met of sonder die toestemming van hul ouers te verlaat, vir vele jare voortgeduur het. In Tabel XII word die skoolbywoning vir die vier kwartale van 1893 tot 1903 weergegee:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## TABEL XII[111)]

### RYNSE SENDINGSKOOL

### SKOOLBYWONING VIR DIE TIEN JAAR 1893 TOT 1903

| | Kwartale | 1893 | 1894 | 1895 | 1896 | 1897 | 1898 | 1899 | 1900 | 1901 | 1902 | 1903 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Op Register | 1ste | 578 | 573 | 511 | 567 | 601 | 583 | 654 | 613 | 539 | 540 | 441 |
| | 2de | 531 | 565 | 546 | 560 | 552 | 568 | 629 | 586 | 508 | 500 | 464 |
| | 3de | 525 | 572 | 535 | 562 | 544 | 562 | 608 | 546 | 451 | 462 | 479 |
| | 4de | 519 | 558 | 510 | 572 | 548 | 558 | 599 | 477 | 432 | 458 | 492 |
| Werklike bywoning | 1ste | 393 | 441 | 394 | 362 | 374 | 392 | 450 | 446 | 397 | 426 | 334 |
| | 2de | 328 | 371 | 333 | 365 | 360 | 387 | 385 | 374 | 350 | 370 | 351 |
| | 3de | 360 | 382 | 268 | 320 | 380 | 390 | 411 | 346 | 336 | 305 | 394 |
| | 4de | 365 | 391 | 323 | 357 | 436 | 441 | 428 | 310 | 360 | 371 | 403 |



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Omdat leerplig in die vroeë jare in die algemeen nie van toepassing op kleurlingskole en in die besonder op sendingskole was nie, het die skoolrol van kwartaal tot kwartaal gedaal, soos Tabel XII hier=bo illustreer. Die vierde kwartaal van elke jaar, behalwe vir die jare 1896 en 1903, toon 'n verminderde inskrywing in vergelyking met wat dit vir die eerste kwartaal van daardie betrokke jaar was. Wat die werklike gemiddelde skoolbywoning vir die vier kwartale betref, is die ongereeldheid van skoolbesoek met die eerste oogop=slag duidelik. Opvallend in verband met hierdie statistiek is die feit dat na 'n daling in leerlingtal in die tweede kwartaal (vergelyk die jare 1893, 1894, 1895, 1897, 1899 en 1903), daar weer 'n toename in die derde kwartaal en 'n verbetering in die vierde kwartaal te bespeur is.

In die onderstaande tabel word 'n aanduiding gegee van die inskrywing van die Rynse Sendingskool vir die tydperk 1904 - 1918:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XIII [112)]

| Jaar | Substanderds | | Standerds | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| OP ROL TYDENS INSPEKSIE VIR DIE TYDPERK 1904 – 1918 | | | | | | | | | | |
| 1904 | 246 | 95 | 52 | 42 | 29 | 15 | 7 | – | – | – |
| 1905 | 243 | 86 | 64 | 42 | 32 | 16 | 7 | 7 | – | – |
| 1906 | 213 | 92 | 56 | 57 | 27 | 17 | 7 | 2 | – | – |
| 1907 | 247 | 66 | 69 | 49 | 34 | 15 | 8 | 1 | – | – |
| 1908 | 190 | 77 | 83 | 50 | 37 | 22 | 5 | 5 | – | – |
| 1909 | 218 | 65 | 78 | 55 | 30 | 20 | 6 | 4 | – | – |
| 1910 | 218 | 59 | 61 | 53 | 36 | 12 | 8 | 1 | – | – |
| 1911 | 218 | 65 | 49 | 58 | 33 | 20 | 5 | 7 | – | – |
| 1912 | 367 | 104 | 60 | 64 | 24 | 22 | 6 | 5 | – | – |
| 1913 | 375 | 126 | 89 | 67 | 35 | 13 | 11 | 3 | – | – |
| 1914 | 355 | 128 | 110 | 61 | 56 | 21 | 7 | 8 | 1 | – |
| 1915 | 308 | 119 | 119 | 89 | 34 | 30 | 11 | 6 | – | – |
| 1916 | 304 | 140 | 105 | 102 | 50 | 18 | 19 | 5 | – | – |
| 1917 | 307 | 115 | 120 | 102 | 54 | 38 | 12 | 13 | – | – |
| 1918 | 284 | 102 | 132 | 80 | 50 | 29 | 17 | 7 | – | – |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die skoollewe van 'n leerling was in 'n groot mate kortstondig. Tabel XIII toon dat na slegs een jaar op skool, ongeveer twee derdes van die leerlinge wat vir Sub.A ingeskryf was, nie in Sub.B opgeneem is nie. Vir die eerste agt jaar (1904 tot en met 1911) het Sub.A 'n gemiddelde inskrywing van ongeveer 224,1 gehandhaaf. Die gemid= delde inskrywing vir Sub.B vir dieselfde tydperk is 75,6. Dit wil sê dat ongeveer 66% van die leerlinge nie hul verskyning in Sub.B gemaak het nie, as dit aanvaar kan word dat geeneen in Sub.A gedruip het nie. Hierdie daling in getalle van Sub.B kan enersyds wel in 'n mate aan druiping toegeskryf word en andersyds moet dit noodwendig aan vroeë skoolverlating gewyt word.

Die volgende sewe jaar (van 1912 tot 1918) toon 'n klein verbetering aangaande die persentasie leerlinge wat in Sub.B aangetref is. Vir hierdie tydperk is die gemiddelde inskrywing vir Sub.A 238,5 terwyl die gemiddelde inskrywing vir Sub.B 119,1 is. Die gemiddelde persen= tasie leerlinge wat in Sub.B aangetref is, het van 33% tot 36% toe= geneem. Dis opvallend dat die getalle in die standerds geleidelik afneem, totdat slegs 'n paar leerlinge in die hoogste standerd (stan= derd 6) aangetref word. In 1914 bestaan die eerste standerd sewe- klas slegs uit een leerling.

Vroeë skoolverlating is 'n probleem wat die sendingskool vir jare geteister het. In 1907 is 143 nuwe leerlinge by die skool ingeskryf en van hierdie getal het 49 of ongeveer 34% die skool teen die vierde kwartaal verlaat. Die getalle vir 1908 is soos volg: 228 nuwe leer= linge is tot die skool toegelaat waarvan 45 oud-leerlinge is wat hertoegelaat is en van die getal nuwelinge is 68, of 29 in die vierde kwartaal reeds afgeskryf.[113)] Die vordering in die standerds vir die twee tydperke 1897 tot 1906 en 1907 tot 1918 word in tabelle XIV en XV onderskeidelik weergegee:

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XIV [114)]

VORDERING IN DIE STANDERDS 1 TOT 6 1897 TOT 1906

| | 1997 | 1898 | 1899 | 1900 | 1901 | 1902 | 1903 | 1904 | 1905 | 1906 | Gemid. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ingeskryf | 169 | 167 | 168 | 183 | 138 | 138 | 144 | 150 | 189 | 190 | 163,6 |
| Geslaag | 117 | 135 | 130 | 116 | 71 | 102 | 119 | 133 | 162 | 153 | 123,8 |
| Persentasie van geslaag=des | 69,2 | 80,8 | 77,3 | 63,3 | 51,4 | 73,9 | 82,6 | 88,6 | 85,7 | 80,5 | 75,6 |

Ten spyte van die swak bywoning van leerlinge,is die vordering in die stan=derds vir die tydperk 1897 tot 1907, nie baie onbevredigend nie. Die skool kon vir hierdie tydperk 'n gemiddelde slaagpersentasie van 75,67 persent handhaaf. Die beste vordering is in 1904 (slaagpersentasie 88,66 per=sent) gemaak, terwyl die slaagpersentasie van 51,44 persent in 1901 die laagste in hierdie tienjaartydperk is.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XV [115)]

| VORDERING VAN STANDERDS 1 TOT 6 1907 TOT 1918 | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 | 1911 | 1912 | 1913 | 1914 | 1915 | 1916 | 1917 | 1918 | Gemid. |
| Ingeskryf | 182 | 215 | 200 | 182 | 180 | 191 | 188 | 280 | 303 | 309 | 360 | 325 | 242,91 |
| Geslaag | 157 | 161 | 163 | 122 | 141 | 126 | 180 | 227 | 235 | 249 | 288 | 219 | 189,0 |
| Persentasie van geslaagdes | 86,26 | 74,88 | 81,5 | 76,03 | 78,33 | 65,96 | 95,74 | 81,07 | 77,55 | 80,58 | 80,0 | 67,38 | 77,80 |



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die uitslae vir die tydperk 1907 tot 1918 toon 'n verbetering op die vorige tydperk. In die onderhewige tydperk (1907 tot 1918) is die gemiddelde inskrywing vir die eksamen 242,9 en die gemiddelde aantal geslaagdes is 189, dit wil sê die Sendingskool het 'n slaag=persentasie van 77,8% gehandhaaf.

Die slaagpersentasie vir die tydperk 1907 tot 1918 het met 2,1 persent teenoor die vorige tydperk gestyg.

Die vordering wat die sub-standerd B leerlinge in die tydperk 1895 - 1899 gemaak het, word in onderstaande tabel, aangedui:

TABEL XVI [116)]

PRESTASIE VAN SUB B-LEERLINGE VIR DIE TYDPERK 1895 - 1899

| Jaar | Ingeskryf | Geslaag | Gedruip | Slaagsyfer |
|---|---|---|---|---|
| 1895 | 68 | 28 | 40 | 41,17 |
| 1896 | 43 | 33 | 10 | 76,74 |
| 1899 | 93 | 80 | 13 | 86,02 |

Die hoë druipsyfer in die substanderds is waarskynlik in 'n groot mate te wyte aan die gebrek aan genoeg leerkragte in hierdie standerds. In=dividuele aandag kon nie aan al die leerlinge gegee word nie, met die gevolg dat die vordering in die substanderds maar stadig was. In 1922 moes een leerkrag in beheer van 242 leerlinge geplaas word en 'n ander leerkrag het 'n leerlingtal van 100 gehad. Om hierdie swak prestasie die hoof te probeer bied, is aanbeveel dat die skoolgebou uitgebrei word en die afneem van eksamens op 'n kwartaallikse grondslag plaasvind.[117)] Die skool was in verskeie aparte geboue gehuisves en hierdie toedrag van sake het die behoorlike en gereelde toesighouding deur die prinsi=paal aansienlik bemoeilik en hierdie probleem is verder vergroot deur die grootte van laer klasse. Oor die personeelposisie word onder 'n ander opskrif volledig uitgebrei.

http://etd.uwc.ac.za/

3.1.3.5 Taalmedium

In die eerste sendingskool vir kleurlingkinders te Worcester is Hollands as voertaal gebruik.[118] Die verengelsingsbe= leid van Lord Charles Somerset het meegebring dat Engels as tweede taal by hierdie skool ingevoer is om die leer= linge as nuttige en waardige burgers voor te berei. Na 1 Januarie 1825 sou alle amptelike dokumente in Engels wees en na 1 Januarie 1828 sou alle verrigtinge in die howe deur middel van Engels geskied.[119]

Lord Charles Somerset se verengelsingsbeleid het heelwat teenkanting uit alle oorde uitgelok en met verloop van jare het die verset teen hierdie beleid in hewigheid toegeneem. 'n Onderwyskommissie wat ingestel is om die taalvraagstuk te ondersoek, het in 1879 aanbeveel dat alle beperkinge in ver= band met die taal wat as medium van onderrig van toepassing was, geskrap word. Hierdie kommissie van ondersoek het die Proklamasie nr. 13 van 1882 ten gevolge gehad en dit het die aksentverskuiwing weer eens na moedertaalonderwys laat plaas= vind. Oor die keuse van die voertaal kon die plaaslike besture besluit.[120] Vir die sendingskool het dit beteken dat die onderrig van en deur Hollands wettiglik erken en derhalwe deur hulptoelaes ondersteun sou word.[121]

Die taalklousule van die Unie-wet het bepaal dat beide Engels en Hollands die twee amptelike tale van die Unie sou wees en verder dat die twee tale op 'n grondslag van volkome gelykheid, wat vryheid, regte en voorregte betref, geplaas sou word. Die Gekonsolideerde Onderwysordonnasie nr. 11 van 1912 het weer verorden dat onderrig in die moedertaal tot en met standerd 6 kon plaasvind, maar met hierdie voorbehoud dat die ander ampte= like taal langsamerhand ingevoer moes word, totdat laasgenoemde taal sy regmatige plek as tweede amptelike taal in die onder= wys gekry het.[122] In Esselen se skool is die bepaling van hierdie onderwysordonnansie soos volg ten uitvoer gebring: in die kleinkinderskool is slegs Hollands as taalmedium gebruik en in die hoër klasse is beide Engels en Hollands in lees en spel gebruik. Nederlandse grammatika en stelwerk is slegs

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

in die kwekelingklasse onderrig.[123] Eers in later jare is taalleer en stelwerk in Engels aangebied.

Met verloop van tyd het Hollands 'n onnatuurlike en hoogdrawende taal geword, wat met veel moeite en inspanning geleer moes word. Afrikaans het intussen ontwikkel en na die sogenaamde taalstryd is hierdie taal as taalmedium vir die onderrig in alle klasse tot en met st.6 deur die Provinsiale Raad gemagtig (Ordonnansie nr. 14 van 1918). Kwekelinge is ook toegelaat om hul vraestelle, wat nog steeds in Hollands opgestel was, in Afrikaans te beantwoord.[124] Die plek van Afrikaans in die onderwys is verder verstewig deur Ordinansie nr.15 van 1919, wat voorsiening gemaak het vir Afrikaans om op 'n gelyke voet met Hollands geplaas te word.[125] Vanaf 1920 sou Afrikaans as 'n alternatiewe taal teenoor Hollands staan, veral waar dit die taalvraestelle in die derde jaar van die kwekelingskursus betref.

Die beywering van C.J. Langenhoven om Afrikaans as amptelike taal erken te kry, is uiteindelik verwesenlik toe die Parlement in Mei 1925 die gebruik van Afrikaans naas Hollands as amptelike taal in die Staatsdiens en in die onderwys bekragtig het.[126] In werklikheid het Afrikaans 'n meer dominante rol gespeel en stelselmatig maar seker Hollands as voertaal in die onderwys vervang.[127] Die Rynse sendingskool het gevolglik 'n Afrikaans-medium skool geword.

3.1.3.6 Personeelvoorsiening

In die eerste sendingskool het die bedienaar van Gods Woord ook die plek van onderwyser volgestaan. Waar die leerlingtal dit geregverdig het, is van die hulp van vrywillige helpers gebruik gemaak. Van tyd tot tyd het die eggenote van die sendelinge die meisies met die onderrig van naaldwerk gehelp. Die eerste leerkragte in Külpman se skool was die Nederlandse dames mejj. B. en S. Zuykermans en die weduwee, mev. W. de Wet.[128]

http://etd.uwc.ac.za/

In 1841 is die onderwyser Andreas vanaf Stellenbosch na Worcester oorgeplaas nadat die leerlingtal tot 210 aangewas het.[129] Die sendeling Kolbe, wat Külpman in 1845 opgevolg het, het die sendingskool=tjie verder uitgebou.[130]

In 1848, kry die skool sy eerste kleurlingleerkrag in die persoon van die negentienjarige Cornelia Februarie, wat Esselen van Stellenbosch laat kom het. "Meester" Cornelia, soos sy alombekend gestaan het, was in beheer van die kleinkinderskool en sy was deur 'n paar monitors[131] bygestaan.[132] Hierdie pos het Cornelia vir 56 jaar beklee totdat sy in 1893 met pensioen afgetree het.[133] Die groter seuns en meisies is deur eerw. Esselen self onderrig.

Namate die skool oor die jare verder uitgebrei het, moes die dienste van addisionele leerkragte en monitors bekom word. In 1873 staan mej. Esselen aan die hoof van die "Juvenile Department" en ses vrou=like assistente tree op as haar hulp. Twee van die assistente was mejj. Gertze en J. van der Merwe.[134] Die kleinkinderskool was nog steeds in die sorg van meester Cornelia en vier monitors geplaas. In 1874 is mej. Esselen deur mej. Kismer vervang. Mej. Esselen is in 1876 weer terug in haar vorige pos,[135] maar word die volgende jaar deur mnr. F. Beyer vervang.[136] Vanaf 1880 dien C.F. Leipoldt as leerkrag in Esselen se skool. Behalwe Cornelia Februarie het mej. Esselen in die personeel gedien.[137] In 1884 verlaat eerw. C.F. Leipoldt Worcester en sy pos word deur sy broer, eerw. J.G.C. Leipoldt oorgeneem.

Die eerste kleurlingman wat as leerkrag aangestel is, was mnr. A.W. Fransman en wel in 1888. Met die afsterwe van Cornelia Februarie in 1905, is mnr. Fransman as prinsipaal van die kleinkinderskool aange=stel terwyl die onderrig van die kwekelinge aan eerw. J.G.C. Leipoldt toevertrou is.[138] Toe eerw. Leipoldt die amp van predikant en onder=wyser in 1894 neerlê, is mnr. Fransman as prinsipaal van die Rynse Sendingskool aangestel. Op 3 Februarie 1920 is mnr. Fransman oorlede en sy dogter, mej. Fransman, neem as prinsipale waar totdat 'n plaas=vervanger in die persoon van mnr. A.D. Crotz aangestel kon word. Dit was in mnr. Crotz se dienstyd dat 'n afsonderlike opleidingskool vir

http://etd.uwc.ac.za/

kwekelinge te Worcester opgerig is (soos later uit hierdie ondersoek sal blyk).

In die volgende tabelle XVII tot XXIII word 'n aanduiding gegee van die leerkragte en kwekelinge wat aan die Sendingskool verbonde was:

TABEL XVII [139)]

DIENSDOENDE LEERKRAGTE EN KWEKELINGE VERBONDE AAN DIE RYNSE SENDINGSKOOL IN 1892

| Leerkrag | Kwalifikasies | Onder= vinding | Salaris per jaar | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Staats= hulp £ | Plaasl. bydrae £ |
| Cornelia Februarie | Onbekend | 47 jaar | 25 | 25 |
| Carolina Titus | 3de klas | 15 jaar | 25 | 23 |
| Andreas Fransman | 3de klas | 13 jaar | 25 | 35 |
| Elizabeth Thomson | 3de klas | 1 maand | 0 | 50 |
| Frieda Leipoldt | 3de klas | 1 maand | 0 | 42 |
| Annie Leipoldt | 3de klas | 1jr 9mde | 0 | 42 |
| Kwekelinge | | | | |
| S. Titus | Geen | 2 jaar | 18 | 0 |
| L. Hector | " | 2 " | 18 | 0 |
| A. Titus | " | 1 " | 12 | 0 |
| A. Hanmer | " | 1 " | 12 | 0 |
| A. Pool | " | 1 " | 12 | 0 |
| Op proef | | | | |
| A. Helm | Geen | 6 maande | 6 | 0 |
| F. Seegers | " | 6 " | 6 | 3 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

In 1892 het die personeel van die Rynse Sendingskool uit ses leerkragte bestaan en hulle is deur sewe kwekelinge byge= staan, waarvan twee naamlik, A. Helm en F. Seegers op proef was. Die enigste ongediplomeerde leerkrag was mej. C. Februarie.

Elke leerkrag se salaris het bestaan uit 'n gedeelte wat deur die staat betaal is en 'n gedeelte wat deur die plaaslike gemeen= skap bygedra is. Die kwekelinge is ook besoldig. Na een jaar van ondervinding het hulle elkeen 'n bedrag van £12 per jaar ontvang en na twee jaar het hierdie bedrag opgeskuif na £18 per jaar.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XVIII 140)

DIENSDOENDE LEERKRAGTE EN KWEKELINGE VERBONDE AAN DIE RYNSE SENDINGSKOOL IN 1897

| Leerkrag | Pligte | Kwalifi=kasies | Onder=vind=ing | Salaris per jaar | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Staats=hulp £ | Plaasl. bydrae £ |
| 1. Andreas Fransman | 1ste klas seuns | 3de klas | 16 | 30 | 30 |
| 2. Annie Leipoldt | 1ste klas dogters | " | 4jr 9mde | 30 | 18 |
| 3. Lucy Schimdt | kleiner dogters | " | 5 | 15 | 32 |
| Kwekelinge | | | | | |
| 4. S. Titus | kleiner seuns | 2de jaar kwekeling | 6 | 18 | 3 |
| 5. A. Titus | Ass. vir 2 | 1ste jaar kwekeling | 4 | 12 | 3 |
| 6. A. Pool | Ass. vir 1 | 1ste jaar kwekeling | 4 | 12 | 3 |
| 7. F. Hector | Ass. vir 3 | - | - | - | 15 |
| 8. F. Gertse | Ass. vir 3 | - | 2 | 9 | 0 |
| Op proef | | | | | |
| 9. C. DAvid | Ass. vir 3 | - | - | - | 6 |
| 10. A. Helm | Ass. vir 4 | - | - | - | 12 |
| 11. C. Mey | Ass. vir 4 | - | - | - | 6 |
| Naaldwerk | | | | | |
| Leerkrag | | | | | |
| 12. Hester Afrika | Naaldwerk | onbekend | onbekend | - | 18 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

In 1897 was daar drie leerkragte in die personeel, met agt kwekelinge wat help met die werksaamhede van die skool. Hester Afrika was die eerste naaldwerkonderwyseres van die skool.

TABEL XIX [141)]

DIENSDOENDE LEERKRAGTE EN KWEKELINGE VERBONDE AAN DIE RYNSE SENDING=SKOOL IN 1902

| Prinsipaal | Pligte | Kwalifikasies | Ondervinding | | Salaris per jaar: Staats=hulp £ | Salaris per jaar: Plaaslike bydrae £ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| A. Fransman | 3 + 4 seuns | T 3 | 21jr | 11mde | 30 | 36 |
| Assistent | | | | | | |
| E. Fransman | 3 + 4 dogt. | T 3 | 3jr | 6mde | 30 | 24 |
| H. Smit | 1 + 2 dogt. | T3 2de jaar | 10jr | 3mde | 30 | 24 |
| E. Jacobs | 1 seuns | – | 6jr | | 30 | 30 |
| A. Helm | B seuns | – | 7jr | 3mde | – | 19.10 |
| E. Katts | B dogters | kw. 2 | 2jr | 9mde | – | 15 |
| S. Titus | A seuns | kw. 2 | 10jr | 6mde | 15 | 12 |
| C. Mey | A seuns | kw. 1 | 3jr | 3mde | – | 15 |
| A. Titus | A dogters | kw. 1 | 9jr | 3mde | 15 | 9 |
| C. David | A dogters | kw. 1 | 4jr | 3mde | – | 16.10 |
| Kwekeling | | | | | | |
| F. Gertse | 2 seuns | kw. 2 | 6jr | 6mde | 15 | 6 |
| S. Africa | A dogters | – | | 3mde | 9 | – |
| Op proef | | | | | | |
| E. Helm | A dogters | – | – | | – | 7.10 |

http://etd.uwc.ac.za/

Interessant in bogenoemde tabel is die feit dat persone wat òf 'n een- òf 'n tweejarige kwekelingkursus geloop het, as assistent-leerkragte aan= gestel is. Die dame Francina Gertse, een van drie, het slegs tot die tweede jaar van die driejarige kwekelingkursus gevorder terwyl die dame, Christina Mey, een van drie, slegs die eerste jaar van die genoemde kursus voltooi het. Selfs persone met geen professionele kwalifikasies nie, soos byvoorbeeld Elizabeth Jacobs, is as assistente aangestel.

Die plaaslike bydraes van leerkragte en kwekelinge het van die rang wat hulle beklee, die jare van ondervinding en die hulp wat hulle van die staat ontvang, afgehang. Mnr. A. Fransman, die prinsipaal, met bykans 22 jaar ondervinding, het 'n plaaslike bydrae van £36 ontvang. Beide Anna Helm en Eva Katts het geen staatshulp ontvang nie, maar eersgenoemde met 7½ jaar ondervinding se salaris (plaaslike bydrae) was £15, terwyl Eva Katts ($2^{3}/4$ jaar ondervinding), 'n salaris van £15 ontvang het. Die plaaslike bydrae tot Anna Titus ($9^{1}/4$ jaar onder= vinding) se salaris was £9 omdat die staatshulp wat sy ontvang het, 'n bedrag van £15 beloop het.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XX [142)]

DIENSDOENDE LEERKRAGTE EN KWEKELINGE VERBONDE AAN DIE RYNSE SENDINGSKOOL IN 1907

| Prinsipaal | Pligte | Kwalifi= kasies | Onder= vind= ing | Salaris per jaar Staats= hulp £ | Plaasl. bydrae £ |
|---|---|---|---|---|---|
| A. Fransman | 3 tot 6 | T 3 | 26 | 60 | 363 |
| Assitente | | | | | |
| H. Featherstone | 3 tot 6 | T 3 | 13 | 42 | 24 |
| F. Gertse | 2 | T 3 | 12jr 6mde | 30 | 18 |
| E. Thomson | 1 | T 3 | 8 | 54 | 27 |
| M.C. Thomson | Sub. B | kw. 2 | 3jr 6mde | 30 | 18 |
| S.C. Africa | Klein-kinders | T 3 | 6 | 30 | 18 |
| E.J. Katts | Sub. A | T 3 | 7jr 6mde | 30 | 18 |
| M.J. September | Sub. B | - | 2jr 6mde | - | 18 |
| Kwekelinge | | | | | |
| L.C. Cupido | 2 | - | - | 9 | - |
| L.J. Titus | 1 | - | - | 9 | - |
| S.M. October | Sub. A | - | - | 9 | - |
| L.C. September | Sub. A | - | - | 9 | - |
| R.P. October | Sub. A | kw. 1 | - | 9 | - |
| E.J. Magappa | 1 | kw. 1 | - | 9 | - |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Namate die sendingskool meer en meer persone as leerkragte opgelei het, is daar meer voltydse onderwysposte in die skool deur gediplo= meerde leerkagte gevul. In 1907 is ses gekwalifiseerde leerkragte aangestel, teenoor die drie van 1897.

TABEL XXI [143)]

DIENSDOENDE LEERKRAGTE EN KWEKELINGE VERBONDE AAN DIE RYNSE SENDINGSKOOL IN 1912

| Prinsipaal | Pligte | Kwalifi= kasies | Onder= vinding | Salaris per jaar | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Staats= hulp £ | Plaasl. bydrae £ |
| A. Fransman | 5,6 & kw. | T 3 | 32 jr | 72 | 36 |
| Assistente | | | | | |
| E.J. Magappa | 4 | T 3 | 3jr 9mde | 30 | 18 |
| C.J.N. Geldenhuys | 3 | T 3 | 1jr 6mde | 36 | 18 |
| C.K.A. Reines | 2 | Kw.2 | 9 mde | 32 | 16 |
| E.H. Thomson | 1 | T 3 | 14jr 3mde | 54 | 27 |
| E.S.G. Helm | Sub. B | T 3 | 2jr 9mde | 30 | 18 |
| L.J. Titus | Sub. A | Kw.1 | 2jr 9mde | 24 | 12 |
| S.C. Africa | Klein= kinders | T 3 | 7jr 9mde | 36 | 18 |
| Kwekelinge | | | | | |
| J.D. September | | Kw.2 | - | 15 | - |
| M.J. Jason | | Kw.2 | - | 15 | - |
| M.S. Solon | | Kw.1 | - | 12 | - |
| E.P. Titus | | Kw.1 | - | 12 | - |

Die enigste twee leerkragte wat nie ten volle gekwalifiseerd was nie, was mejj. C. Reines en L. Titus. Mej. Reines het die tweede jaar en mej. L. Titus die eerste jaar van die kwekelingkursus geslaag.

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XXII [144)]

DIENSDOENDE LEERKRAGTE EN KWEKELINGE VERBONDE AAN DIE RYNSE SENDINGSKOOL IN 1917

| Prinsipaal | Pligte | Kwalifi= kasies | Onder= vind= ing | Salaris per jaar | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Staats= hulp £ | Plaasl. bydrae £ |
| A. Fransman | 6 & kwek. | T 3 & S.T.M.S. | 37 | 72 | 48 |
| Assistente | | | | | |
| J.J. Fransman | 5 & 5 | T 3 | 2jr 6mde | 40 | 20 |
| M.I. Jason | 4 | T 3 | 4jr 6mde | 36 | - |
| S. August | 3 | kw.2 | 6mde | 24 | 12 |
| C. Cebedo | 2 | T 3 | 3jr 3mde | 32 | 16 |
| E.H. Thomson | 1 | T 3 | 19jr | 54 | 27 |
| E.S. Helm | Sub. B | T 3 | 7jr 6mde | 40 | 24 |
| H.C. Fransman | Sub. A1 | T 3 | 1jr 6mde | 32 | - |
| M.S. Botman | Sub. A2 | T3 | 1jr 6mde | 32 | 16 |

Die tabel toon dat geen gesalarieerde kwekelinge gebruik is om met die werksaamhede van die skool te help nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XXIII [145)]

DIENSDOENDE LEERKRAGTE EN KWEKELINGE VERBONDE AAN DIE RYNSE SENDINGSKOOL IN 1923

| Prinsipaal | Pligte | Kwalifikasies | Ondervinding |
|---|---|---|---|
| A.D. Crotz | 6 & kwekelinge | T 3 | 17jr 10mde |
| Assitente | | | |
| S.C. Cloete | kwekelinge | T 3 | 16jr 10mde |
| A. Goliath | 5 & 6 | " | 3jr 1md |
| M.A. Jason | 4 | " | 10jr |
| W.T. Davis | 3 | " | 1jr 6mde |
| A.E. Helm | 2 seuns | " | 2jr |
| G.A. Frieslaar | 2 dogters | " | 2jr 8mde |
| A. Afrika | 1 seuns | " | 5mde |
| F.M. Afrika | 1 dogters | " | 1jr 2mde |
| E.S.G. Helm | Sub. B | " | 14jr |
| J.F. Anthony | Sub. B | " | 1md |
| M.G. Johannis= sen | Sub. A1 | " | 5mde |
| J.J.M. Lyners | Sub. A2 | " | 6jr |

Die tabel toon dat al die leerkragte van die Rynse Sendingskool in 1923 gediplomeerd was.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

3.1.3.7 Opleiding van onderwysers

Die sendingskooltjie waarheen eerw. Esselen in 1814 in Worcester gekom het, het in later jare sy eie onderwysers opgelei. Saam met Esselen het 'n kleurlingmeisie, Cornelia Februarie, gekom om te help met die onderwys van kinders in die sendingskool. Cornelia is self deur Esselen as onder=wyseres opgelei.[146)] In die vroeë jare is Esselen se skool=tjie op die monitorstelsel gebaseer. Hierdie stelsel het basies neergekom op die hulp wat meer gevorderde leerlinge onder toesig van die leerkrag aan die beginners gegee het.[147)] Later is die monitorstelsel deur die kwekelingstelsel vervang wat in 1858 van owerheidsweë sy beslag gekry het.[148)] Vanaf 1866 is leerlinge gekeur om as kwekelinge opgeneem te word. Kandidate tussen die ouderdomme van dertien en sewentien en wat 'n bevredigende standaard in rekenkunde, lees en skryf in Engels behaal het, kon aanvaar word om as kwekelinge ingeskryf te word.[149)] Die opleiding sou nie langer as vyf jaar duur nie en die suksesvolle kandidate sou 'n jaarlikse hulptoelae van £6 tot £12 ontvang.[150)] Rente wat verkry is uit die kapitaal van twee beleggings, naamlik die Bible and School Commission Fund en die Slave Compensation Fund, is gebruik om hulptoelaes aan kwekelinge in sendingskole te voorsien.[151)] Hierdie rente het 'n bedrag van bykans £600 per jaar beloop, wat voldoende was om vir 'n paar kwekelinge in die sendingskole en gevolglik ook die Rynse Sendingskool, te vergoed en op te lei. Die kur=sus bestaan uit praktiese sowel as professionele opleiding. Bo en behalwe die gewone skoolure, het die kwekelinge na skool 'n ekstra uur van onderrig van die leerkragte ontvang.[152)]

As 'n addisionele aanmoediging vir leerkragte om beter uitslae te lewer, het die departement vanaf 1859 aan leerkragte 'n be=drag van £5 vir een, £9 vir twee en £12 vir drie of meer kandi=date wat die finale eksamen suksesvol afgelê het, betaal.[153)] In 1874 is bepaal dat die prinsipaal van die inrigting £10 sou ontvang as die kandidaat die eksamen in die eerste klas ge=slaag het en £4 vir die tweede klas.[154)]

http://etd.uwc.ac.za/

In 1874 is die kwekelingregulasies hersien. 'n Kandidaat wat van voor= nemens was om as kwekeling in te skryf, moes van goeie karakter en minstens dertien jaar oud wees. Hulle sou in die eerste jaar 'n hulp= toelae van £12 maar daarna £18, van die staat ontvang. Die tydsduur van opleiding is na drie jaar verminder, maar dit kon tot vyf jaar verleng word. Die prinsipaal van die skool waaraan die kwekelinge verbonde was, moes hulle (die kwekelinge) vir minstens vier uur per week onderrig om hulle vir die eksamen van die Elementary Teachers' Certifi= cate voor te berei.[155)]

In 1892 het die inspekteur van onderwys, mnr. Fraser, die kommer uitge= spreek dat die kwekelingkursus nie tot sy reg kom nie. In die meeste van die sendingskole is die stelsel slegs aangewend om aan kwekelinge 'n onderrigtaak van 25 uur per week te gee, met weinig of geen professionele opleiding.[156)] Om hierdie probleem die hoof te bied, is 'n deegliker hersiene stel regulasies asook 'n goed beplande sillabus vir die oplei= ding van kwekelinge opgestel en in 1893 bekend gemaak.[157)] Die hersiene regulasie kom op die volgende neer: die minimum toelatingsouderdom vir die kwekelingkursus is op 14 jaar vasgestel en die kandidate moes die standerd 6-eksamen geslaag het. Die kandidate moes tien uur per week aan praktiese onderwys wy en aan hulle sou £12 vir die eerste jaar, £16 vir die tweede jaar en £20 vir die derde jaar betaal word. Dit sou 'n driejarige kursus wees en gedurende hierdie tyd sou die kwekelinge deeglike vak- en professionele opleiding ontvang.

Aan die prinsipaal van die skool is die taak opgedra om vir minstens vier uur per week professionele onderrig te gee. Elke jaar moes met 'n monde= ling sowel as 'n skriftelike eksamen afgesluit word en die kwekelinge moes 'n proefles in die teenwoordigheid van 'n inspekteur gee.[158)]

Die prinsipaal van die skool was verantwoordelik vir die keuring van die kandidate. Eienskappe waarna gekyk moes word, was onder andere die volgende: kandidate moes 'n goeie karakter openbaar en liggaamlik gesond wees, hul skoolprestasies moes bo-gemiddeld wees, hulle moes lief vir klein kinders wees en van voorneme wees om onderwys as hul lewenstaak op te neem. Hulle moes ook bewys lewer dat hulle daartoe in staat sou wees om 'n klas te beheer.[159)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Dit was die plig van die bestuurder van die sendingskool om aansoek te doen vir kandidate wat van voornemens was om die kwekelingkursus te volg. Suksesvolle applikante moes dan 'n skriftelike verklaring wat die kandidaat se ouderdom en hoogste standerd geslaag aandui, aflê, en onderneem om twee jaar lank onderwys na voltooiing van die opleidingskursus te gee.[160)]

Die hulptoelaes wat aan kwekelinge toegeken is, sou onmiddellik gestaak word as die kandidate onsuksesvol in die eksamen was, maar kon weer toegeken word nadat die kandidaat die jaar herhaal het en die eksamen geslaag het.[161)] Wanneer 'n kwekeling ongesteld was en vir 'n tyd lank nie die skool kon bywoon nie, sou die toelae agterweë gehou word tot die kwekeling sy/haar skoolbywoning kon hervat. Waar 'n kwekeling vir twee of meer dae afwesig was, moes die departement hieromtrent in kennis gestel word. 'n Kwekelingsertifikaat (E.15) wat deur die be= stuurder en prinsipaal onderteken is, sou kwartaalliks na die departe= ment gestuur word. Op die sertifikaat is die volgende inligting ten opsigte van elke kwekeling ingevul: sy ouderdom, aantal diensjare, huidige hulptoelae per jaar, aantal uur per week aan onderwys bestee (10 uur), ontvangs van opleiding (15 uur) en aantal dae teenwoordig en afwesig.[162)]

Die bepaling dat kwekelinge minstens 10 uur per week in hul eksamenvakke onderrig moes word, is nie altyd stiptelik nagekom nie. In 1895 het die inspekteur van onderwys die prinsipaal van die Rynse skool se aandag daarop gevestig, en verder gemeld dat die feit dat al die kwekelinge in die 1894 eind-eksamen gedruip het, toegeskryf kon word aan die feit dat die kwekelinge 25 uur per week aan praktiese onderwys bestee het.[163)]

In 1897 is die toelatingvereiste tot die kwekelingkursus verhoog. Eerstens moes die kandidate 'n toelatingseksamen slaag en tweedens is alle kandidate wat nie 'n toelae sou ontvang nie, geweier.[164)] Die eerste toelatingseksamen is in 1899 afgeneem en die kandidate is in skrif, diktee en rekenkunde geëksamineer.[165)] Hierdie toelatingseksamen is later afgeskaf en vanaf 1904 het dit verpligtend geword dat slegs kandidate met 'n st.6-sertifi= kaat tot die kwekelingkursus toegelaat sou word.[166)]

http://etd.uwc.ac.za/

As 'n kandidaat in die st.7-eksamen geslaag het, kon hy tot die tweede jaar van die kwekelingkursus toegelaat word.[167)]

3.1.3.8 Kursus

Voor 1893 het die kwekelinge 'n vakleerlingskap van 5 jaar gevolg. Die eerste twee jaar was 'n proeftydperk en indien die studente hulle goed van hul taak gekwyt het en die skool-bestuurder hulle geskik gevind het om ingeskryf te word vir die eerste jaar van die kursus, is aansoeke te dien effekte aan die departement gerig. Gedurende hierdie tyd het hulle die dag bestee deur te help in die kleiner klasse. Hulle is elke dag 'n uur in die eksamenvakke, naamlik Engels, Hollands, lees, skryf, rekenkunde en skoolbeheer onderrig.[168)]

Vanaf 1893 was die vakke vir die Derdeklas Sertifikaat soos volg:

| Vak | Tydsduur[169)] |
|---|---|
| Lees (Engels en Hollands) | 3 jaar |
| Grammatika (Engels en Hollands) | 3 jaar |
| Opstel en diktee (Engels en Hollands) | 3 jaar |
| Rekenkunde | 3 jaar |
| Aardrykskunde | 3 jaar |
| Geskiedenis | 3 jaar |
| Sang | 3 jaar |
| Teken | |
| Swartbordwerk | |
| Aanskouingslesse | |
| Liggaamlike Opvoeding | |
| Handwerk | |
| Skoolbeheer en Higiëne | 3 jaar |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XXIV [170)]

KURSUS WAT AANGEBIED IS VIR DIE EERSTE JAAR VAN DIE LAER PRIMêRE ONDERWYSERSERTIFIKAAT : 1924

| Vak | Periodes per week |
|---|---|
| Bybelonderrig | - |
| Eerste Amptelike Taal | 7 |
| Tweede Amptelike Taal | 4 |
| Rekenkunde | 4 |
| Aardrykskunde | 3 |
| Geskiedenis | 3 |
| Elementêre Wetenskap en Natuurstudie | 2 |
| Elementêre Fisiologie en Higiëne | 2 |
| Handwerk | 4 |
| Klasmusiek | 1½ |
| Teken | 2 |
| Liggaamlike Opvoeding en Speletjies | 1½ |

Periodes het minstens 40 minute geduur. Voorsiening is vir 34 lesure per week gemaak. Dit was van kandidate verwag om in die eerste taal, rekenkunde en in die groottotaal te slaag.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XXV [171)]

| KURSUSSE WAT AANGEBIED IS VIR DIE TWEEDE EN DERDE JAAR VAN DIE LAER PRIMEêRE ONDERWYSERSERTFIKAAT : 1924 | |
|---|---|
| Vak | Periodes per week |
| Bybelonderrig | - |
| Klasonderwys | 5 |
| Skoolbeheer | 3 |
| Eerste Taal | 5 |
| Tweede Taal | 3 |
| Skrif | 1 |
| Geskiedenis | 2 |
| Aardrykskunde | 2 |
| Elementêre Wetenskap en Natuurstudie | 2 |
| Elementêre Fisiologie en Higiëne | 1 |
| Rekenkunde | 2 |
| Handwerk | 4 |
| Klasmusiek | 1 |
| Teken | 1 |

Met ingang 1 Januarie 1927 is die toenmalige Elementêre Wetenskap- en Natuurstudiekursus met 'n nuwe Elementêre kursus vervang.[172)]

In 1924 is 'n eie leerplan vir Kleurling-opleidingskole ingestel.[173)] Drie kursusse is aangebied, naamlik:

1) 'n Kursus vir die Laer Primêre Onderwysersertifikaat;
2) 'n Kursus vir die Hoër Primêre Onderwysersertifikkaat en
3) 'n Kursus vir onderwysers van die Kleinkinderskool.

Die toelatingsvereistes vir die Laer Kursus was st.6 en vir die Hoër Kursus was dit st.8, maar onder sekere omstandighede kon kandidate wat die Laer Primêre Onderwysersertifikaat verwerf het, toegelaat word om die Hoër Primêre Kursus te volg. Na verwerwing van die Laer Primêre Onderwysersertifikaat kon studente die eenjarige kursus vir Kleinkinder= skool-onderwys volg. Aangesien die toelatingsvereistes vir die Laer

http://etd.uwc.ac.za/

Primêre Kursus relatief laag was, is die eerste jaar van die kursus as voorbereidend beskou en sluit dit geen professionele opleiding in nie. Aan die einde van die eerste jaar is 'n streng toets ten opsigte van die kandidate se kennis van die amptelike tale toegepas.

In hierdie kursus is meer klem op handvaardige opleiding gelê. 'n Mondelinge toets is in die tweede amptelike taal, 'n kursus in Elementêre Wetenskap en 'n praktiese kursus in Fisiologie en Higiëne ingevoer. Suid-Afrikaanse geskiedenis sou ook meer aandag geniet.[174)]

Die departement het 'n eksamen aan die einde van die eerste jaar en weer aan die einde van die derde jaar afgeneem. Aan die einde van die tweede jaar is 'n interne eksamen afgelê en die uitslae van hierdie eksamen moes gedurende die daaropvolgende jaar vir die inspekteur be= skikbaar wees. By genoemde inspeksie sou die inspekteur die vordering van die tweedejaarstudente toets, veral in hul praktiese vakke.[175)] Toe= latingsgeld vir die professionele eksamens moes deur kwekelinge betaal word. Dit was vir die tydperk 1923 - 1927 soos volg:

| | |
|---|---|
| Primary Lower First Year | 5s |
| Pupil Teacher II Junior | 5s |
| Pupil Teacher Junior | 5s |
| (Third Class Certificate Junior) | |
| Tweetaligheidseksamen | 5s[176)] |

Die Rynse Sendingskool het in 1924 voorsiening vir die Primary Lower Course gemaak en teen 1926 is die ou kwekelingkursus uitgefaseer.[177)]

Die eerste onderwysersertifikate wat deur die departement uitgereik is, is die Elementary of Third Class Certificate (T3) en kandidate vir hierdie sertifikaat is in Engels, rekenkunde, aardrykskunde, elementêre fisika, skrif, skoolbeheer en Hollands geëksamineer.[178)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Kandidate wat hierdie sertifkaat verwerf het, was bevoeg om in plaas= skole (derdeklasskole) of sendingskole onderwys te gee.[179] Die Primary Lower Certificate is uitgereik aan suksesvolle kandidate op aanbeveling van die omgangsinspekteur en nadat die kandidate 'n jaar onderwys voltooi het.[180]

Kragtens die Education (Language Certificate) Ordinance van 1916 is bepaal dat behalwe die gewone professionele Sertifikaateksamen, twee Taal Sertifikaat-eksamens afgelê sou word. Hierdie eksamens was die Laer Tweetaligheidsertifikaat-eksamen en die Hoër Tweetaligheidserti= fikaat-eksamen.[181]

Dit het kandidate vrygestaan om hulle vir die Tweetaligheidsertifikaat-eksamens in te skryf.

Die volgende tabel dui die aantal studente wat vir die kwekelingkursus vir die tydperk 1906 - 1918 ingeskryf het, aan:

TABEL XXVI[182]

KWEKELINGE: INSKRYWINGS VIR DIE TYDPERK 1906 - 1918

| | 1ste jr | 2de jr | 3de jr | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| 1906 | 7 | - | - | 7 |
| 1907 | 5 | 4 | - | 9 |
| 1908 | 4 | 4 | - | 8 |
| 1909 | 3 | 3 | 2 | 8 |
| 1910 | 7 | 1 | 1 | 9 |
| 1911 | 5 | 2 | - | 7 |
| 1912 | 5 | 3 | 2 | 10 |
| 1913 | 6 | 3 | 1 | 10 |
| 1914 | - | 5 | 3 | 8 |
| 1915 | 8 | - | 4 | 12 |
| 1916 | 1 | 10 | 1 | 12 |
| 1917 | 3 | 5 | 6 | 14 |
| 1918 | 6 | 5 | 5 | 15 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die kwekelingklasse was relatief klein. Vanaf 1915 is 'n geringe styging in die getal inskrywings te bespeur.

In die onderstaande tabel word die uitslae van die kwekelinge vir die tydperk 1908 - 1921 weergegee:

TABEL XXVI [183)]

KWEKELINGE: UITSLAE VIR DIE TYDPERK 1908 - 1921

| | In. | I | II | D | % | In. | I | II | D | % | In. | I | II | D | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1908 | 3 | - | 1 | - | 33,3 | 3 | - | 2 | - | 66,6 | 2 | - | 2 | - | 100 |
| 1909 | 7 | - | 2 | - | 28,5 | 1 | - | - | - | 0 | 1 | - | 1 | - | 100 |
| 1910 | 5 | - | 3 | - | 60 | 2 | - | 2 | - | 100 | - | - | - | - | - |
| 1911 | 7 | - | 3 | - | 42,8 | 3 | - | 2 | - | 66,6 | 2 | - | 2 | - | 100 |
| 1912 | 5 | - | 3 | - | 60 | 3 | - | 1 | - | 33,3 | 3 | - | 1 | - | 33,3 |
| 1913 | 5 | - | 5 | - | 100 | 3 | 1 | 1 | 1 | 66,6 | 1 | - | 1 | - | 100 |
| 1914 | - | - | - | - | - | 4 | - | 4 | - | 100 | 3 | - | 2 | - | 66,6 |
| 1915 | 8 | 1 | 7 | - | 100 | - | - | - | - | | 4 | - | 2 | - | 50 |
| 1916 | 1 | 1 | - | - | 100 | 8 | 1 | 3 | - | 50 | 1 | - | - | - | 0 |
| 1917 | 3 | - | 3 | - | 100 | 5 | - | 5 | - | 100 | 4 | - | 4 | - | 100 |
| 1918 | 6 | 1 | 5 | - | 100 | 3 | 1 | 1 | - | 66,6 | 5 | - | 3 | - | 60 |
| 1919 | 1 | - | 1 | - | 100 | 5 | 1 | 1 | - | 40 | 6 | - | 3 | - | 50 |
| 1921 | 5 | 5 | - | - | 100 | 4 | 3 | 1 | - | 100 | 4 | - | 2 | - | 75 |

In. - Aantal kandidate ingeskryf

I - Aantal kandidate wat in die eerste klas geslaag het

II - Aantal kandidate wat in die tweede klas geslaag het

D - Aantal kandidate wat slegs in die teoretiese gedeelte van die eksamen geslaag het.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Uit die tabel kon afgelei word dat die slaagpersentasie van 28,5% in 1909 vir die eerstejaarkandidate, die laagste vir die tydperk 1908 - 1921 is. Vir ses agtereenvolgende jare (1915 - 1921) het die sendingskool 'n slaagpersentasie van 100% gehandhaaf. Die beste uitslae is in 1921 verkry, toe al vyf die kandidate wat vir die eerste jaar ingeskryf was, in die eerste klas geslaag het.

Die uitslae van die tweedejaarstudente was bevredigend. In vier onderskeie jare (1910, 1914, 1917 en 1921) was die slaagpersentasie 100%. In 1909 kon die enigste tweedejaarkwekeling nie die paal haal nie. Drie van die vier kandidate het in 1921 die eindeksamen in die eerste graad geslaag.

Wat die derdejaarstudente betref, was die uitslae ook bevredigend. Die gemiddelde persentasie geslaagdes vir dié tydperk is 68,5%. In vyf onderskeie jare(1908, 1909, 1911, 1913, 1917) het al die studente die eindeksamen van die derdejaarkursus geslaag. Die enkele studente van 1916 kon nie die derdejaareksamen met goeie gevolge aflê nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

3.1.3.9 Finansiële bystand

Dit was die begeerte van die Home Board in Barmen dat die sendingstasie en so ook die gemeente van Worcester, self=onderhoudend moes wees, en hiervoor het die sendelinge hard gearbei. Die stasie was grotendeels 'n filantropiese onder=neming en gesteun deur bydraes vanuit Duitsland.[184] Om die sendingskool aan die gang te hou, het dit die samewerking van die hele gemeenskap vereis. Die sendelinge het die vry=willige bydraes en kerkgelde ingevorder, verkope, basaars en sangaande ensovoorts gereël om sodoende 'n mate van onderwys aan die kinders van die gemeenskap te verseker. Die ou regis=ters van die skool toon dat "ook Slaven van begin af hebben bygedragen tot onderhoud van Hunnen leeraar, zoals -

| | |
|---|---|
| Teunis en Catryn | 3 riksdalers [185] |
| Tim en Tietas | 4 riksdalers |
| Karools met zyn vrouw en kinderen | 7 riksdalers." |

Daar kon nie altyd op die steun van die plaaslike gemeente gereken word nie. Met Esselen se koms in Worcester het daar ontevredenheid onder die gemeente geheers en sommige het nie hul kerkgelde betaal nie. Eers nadat die Home Board aan die gemeente verduidelik het dat die aanstelling van 'n sendeling by die Home Board berus, is die saak in die reine gebring.[186]

Aan die ouers van die skoolgaande kind is 'n tweede verpligting opgelê. Vasgestelde skoolgeld moes vir elke leerling betaal word. in 1900 het die superintendent van die Rynse Sending=skool probleme ondervind om die skema van verhoogde skoolgeld, soos deur die departement voorgestel, by sy skool toe te pas.[187]

http://etd.uwc.ac.za/

'n Tweede sendingskool, die Congregational Sendingskool is in 1905 gestig. Dit het meegebring dat daar wrywing tussen die sendingskole as gevolg van die betaling van skoolgeld en toelating van leerlinge tot die twee onderskeie skole, ontstaan het. In 1912 het die Rynse Sendingskool en die Congregational Skool tot 'n vergelyk gekom sover dit die heffing van skoolgeld en ander skoolaangeleenthede aangaan.[188)]

'n Ander bron van inkomste vir die Rynse Sendingskool was die skool= geld wat die kwekelinge kwartaalliks moes betaal. By 'n raadsvergader= ing wat gehou is op 23 Junie 1924 is besluit dat die bedrag van 2/6 voortaan per kwartaal deur elke leerling betaal moes word.[189)] Hier= die skoolgeld is in die skoolfonds gestort en het deel van die leerkrag= te se salaris uitgemaak, maar in 1924 het die kerkraad besluit dat alle ingevorderde skoolgeld vanaf Oktober 1923,[190)] in die kerkkas gestort moes word. Die skoolfonds en kerkfonds was afsonderlik gehou. Hierdie besluit is geneem nadat die staat aangekondig het dat die prinsipaal en sy assistente "een Extra Renumeratie voor het opleiden der Pupil Teachers heeft ontvangen".[191)]

Die departement was nie blind vir die omstandighede waaronder die onderwys vir gekleurdes gebuk moes gaan nie. As gevolg van die beywer= ing deur Rose Innes, is staatshulp onder sekere voorwaardes in 1841 aan die sendingskole bewillig.[192)] Die maksimum toelae was £60 per jaar, maar was elke jaar hernieubaar[193)] en die toelaes kon slegs aangewend word om die onderwysers se salarisse te betaal.[194)] Die kerk het ook 'n plaaslike bydrae tot die salaris van elke leerkrag gemaak.[195)]

In 1865 is die regeringsteun aan die sendingskole verder uitgebrei.[196)] In die geval van die Rynse Sendingskool, wat as 'n Klas B-skool geklassi= fiseer was, was die toelae £75 per jaar. In 1880 is die hulptoelae aan 'n sendingskool wat uit 'n "Infants Department", 'n "Juvenile" en 'n "Female Industrial Department" bestaan het, tot £125 per jaar verhoog.[197)] Teen 1905 is die £-vir-£ beginsel om die onderwys te finansier, feitlik laat vaar en met die stigting van die Unie in 1910, het die regering alreeds ver op die pad om die onderwys in sy geheel te finansier, ge= vorder.[198)]

http://etd.uwc.ac.za/

Ordinansie nr.5 van 1921 (Afdeling 226 (b)) het bepaal dat alle plaaslike bydraes tot die salarisse van onderwysers met ingang 31 Maart 1922 moes staak.[199] In 1924 het die finansiering van onderwys die uitsluitlike verantwoordelikheid van die staat geword.[200] Die sendingskool het ook 'n huurtoelae, wat bereken was teen 'n persen=tasie van die koste om die gebou op te rig, van die staat ontvang. Die huurtoelae was aanvanklik 5%, maar in 1929 is dit tot 6% ver=hoog.[201]

Hierdie hulptoelae wat die sendingskool van die staat ontvang het, het die finansiële las van die sending help verlig en ook daartoe bygedra dat die standaard van die onderwys gestyg het.[202] Op hierdie wyse het die sendingskole staatsondersteunde skole geword.[203]

TABEL XXVIII[204]

FINANSIëLE BYSTAND VIR DIE TYDPERK 1882 - 1890 AAN DIE RYNSE SENDINGSKOOL

| | 1882 | 1883 | 1884 | 1885 | 1886 | 1888 | 1889 | 1890 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Bedrag van Toelae | £75 | £75 | £75 | £75 | £75 | £75 | £75 | £75 |
| Uitgereik | £75 | £75 | £75 | £75 | - | - | - | - |
| Vrywillige Bydrae | 50 | 39 | 42 | 44 | - | - | - | - |
| Skoolgeld | 54 | 53 | 50 | 46 | 42 | 36.10.0 | 46 | 46 |
| Ander bronne | 207 | 75 | 138 | - | 42 | 159.10.0 | 158 | 162 |
| TOTAAL | 386 | 242 | 305 | 165 | 159 | 271 | 279 | 283 |
| Skoolgeld Tarief per maand | 4d | 4d | 4d | 4d | 4d | 4d | 4d | 4d |

Vir die tydperk 1882 - 1890 is 'n bedrag van £75 deur die staat aan die skool toegeken. Die staat het egter slegs vir die jare 1882 tot 1885 hierdie bedrag uitbetaal.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Daarbenewens het die skool vrywillige bydraes vir dieselfde tydperk (1882 - 1885) ontvang. Deur middel van fondsinsamelings=pogings, soos konserte, basaars, ensovoorts, het die skool elke jaar, behalwe in 1885, 'n bydrae gelewer. In 1882 is die hoogste bedrag, naamlik £207, ingevorder. Die leerlinge het elkeen maandeliks 'n skoolgeld ten bedrae van 4d betaal.

## 3.2 Worcester kry opleidingskoolstatus

In 1922 het die inspekteur, mnr. H.J. Anderson, sy mening in verband met die opleiding van kleurlingonderwysers gehuldig en dat die opleiding tot opleidingskole beperk moes word en nie ook by skole nie.[205] Anderson het later voorgestel dat daar minstens nog twee opleidingskole geopen moes word om onderwyseropleiding meer gesentraliseerd te kry.[206]

Om aan die sentralisasiebeleid [207] van die Superintendent-Generaal van Onderwys uitvoer te gee, is besluit dat die drie Duitse Sending=genootskappe, te wete die Rynse, die Morawiese en die Berlynse Sendinggenootskappe, een interkerklike opleidingskool moes oprig.[208] Hierdie versoek was die gevolg van die feit dat die drie Genootskap=pe vanaf die vroegste tye noue kontak met mekaar gehad het [209] en al drie Genootskappe onderwysers opgelei het. Daar moes gekies word tussen Worcester en Genadendal waar hierdie opleidingskool tot stand sou kom.[210] Die dringendheid van 'n eie opleidingskool is by 'n leraarskonferensie te De Doorns in September 1925 bespreek en later in dieselfde maand is by 'n algemene konferensie van die drie Duitse Sendinggenootskappe met 'n meerderheid van stemme besluit dat Genadendal die sentrum vir die opleidingskool sou wees.[211] Hier=die besluit het 'n hewige reaksie onder die gemeenskap van Worcester ten gevolge gehad. 'n Interkerklike komitee is in 1925 gestig om die saak van die Worcestergemeente vir die oprigting van die opleidingskool in Worcester by die Superintendent-Generaal van Onderwys te bepleit. In die komitee het die volgende persone gedien: A.D. Crotz, P.J. Africa, D. Cupido, C. Helm en F. Stynder van die Rynse kerk, L.B. de Mendonca van die Engelse kerk, J. Africa en A. Issel van die Congregational kerk, W. Schobel en eerw. D.P. Gordon van die A.M.E. kerk. Mnre. P.J. Africa en A. Issel het onderskeidelik as

http://etd.uwc.ac.za/

voorsitter en sekretaris opgetree.[212]

Vertoë is aan die departement gerig en dit het blykbaar 'n gunstige effek gehad, want Worcester het uiteindelik die keuse as opleiding= sentrum van die Superintendent-Generaal van Onderwys geword. Op 26 Desember 1926 is in die Rynse gemeentevergadering aangekondig dat aan Worcester volle opleidingstatus toegeken is.[213] Hiermee is 'n lang gekoesterde ideaal verwesenlik.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

VOETNOOTLYS - HOOFSTUK 3

1. G.G. Rossouw, op. cit., p. 5.
2. J. Chris Coetzee, op. cit., p. 47.
3. S.P. Engelbrecht, Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika, p. 23.
4. C.G. Botha, op. cit., p. 41.
5. V. de Kock, op. cit., p. 106.
6. J.A. Heese, op. cit., p. 5.
7. E.G. Pells, op. cit., p. 17.
8. P.J. van der Merwe, Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaap=kolonie 1657 - 1842, p. 246
9. Ibid..
10. C.M. van den Heever, op. cit., p. 300. Vgl. hoofstukke 1 en 2.
11. J.A.C. Visagie, op. cit., p. 6.
12. O.F. Mentzel, Life at the Cape in Mid-eighteenth century 1784, p. 150.
13. A.F. Hattersley, op. cit., p. 132.
14. J. Barrow, op. cit., p. 82.
15. P.J. Idenburg, op. cit., p. 106.
16. C.M. van den Heever, ibid..
17. E.L. Maurice, op. cit., p. 55.
18. H.E. van Zijl, Die Reorganisasie van Kaapland se Skoolstelsel, p. 8.
19. J.E. Kellerman, Die Geskiedenis van die opleiding van Blanke Onder=wysers in Suid-Afrika (1652 - 1939), p. 8.
20. C.F.J. Muller, op. cit., p. 108.
21. G.G. Rossouw, op. cit., p. 3.
22. A.L. Behr, op. cit., p. 177.
23. A.F. Hattersley, op. cit., p. 131.
24. G.G. Rossouw, op. cit., p. 3.
25. A.L. Behr. op. cit., p. 178.
26. C. Ziervogel, op. cit., p. 67.
27. A. Morrees, op. cit., p. 377.
28. G.L. van Heerde, op. cit., p. 119.
29. W.S.G. Notuleboek 1, p. 7.
30. Ibid..
31. E. Strassberger, op. cit., p. 23.
32. Ibid..
33. Ibid..
34. Ibid..

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

35. C.J. Kriel, op. cit., p. 30.
36. W.S.G. Notuleboek 1, p. 70.
37. Ibid., p. 37.
38. Ibid., p. 48.
39. Ibid..
40. Ibid., p. 43.
41. Ibid., p. 50.
42. Ibid..
43. J.A. Heese, op. cit., p. 122.
44. W.S.G. Notuleboek 1, p. 61.
45. W.S.G. Notuleboek 1, p. 77.
46. Ibid..
47. E. Strassberger, op. cit., p.23.
48. W.S.G. Notuleboek 1, p. 109.
49. Ibid..
50. E. Strassberger, op. cit., p. 24.
51. Ibid..
52. W.S.G. Notuleboek 1, p. 78.
53. Ibid..
54. Ibid..
55. J.A. Heese, op. cit., p. 122.
56. E. Strassberger, op. cit., p. 23.
57. Ibid., p. 27.
58. Ibid., p. 24.
59. W.S.G. Notuleboek 1, p. 154.
60. Ibid..
61. Ibid..
62. Ibid..
63. E. Strassberger, op. cit., p. 28.
64. A Lady, Life at the Cape a Hundred Years ago, p. 97.
65. E. Strassberger, op. cit., p. 28.
66. A Lady, ibid..
67. W.S.G. Notuleboek 1 (addendum), p. 20.
68. G.G. Rossouw, op. cit., p. 32.
69. E. Strassberger, op. cit., p. 27.
70. Onderwysgaset Deel 10 no. 2, 28 Julie 1910, p. 35.
71. J.A. Heese, op. cit., p. 123.
72. W.S.G. Notuleboek 1 (addendum), p. 20.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

73. E.L. Maurice, op. cit., p. 251.
74. N.J. Marais, op. cit., p. 96.
75. G.H. Calpin, The South African way of life, p. 98.
76. C.J. Kriel, Die Eerste Eeu, p. 100.
77. D.P. Botha, Opkoms van ons derde stand, p. 16.
78. J. Chris Coetzee, op. cit., p. 454.
79. W.S.G. Notuleboek 1, (addendum), p. 20.
80. A Lady, op. cit., p. 98.
81. Anthony Trollope, South Africa, p. 122.
82. Die 'gallery' het bestaan uit 'n aantal trappe aan die voorkant van die Kapel.
83. S.G.O.-Jaarverslag, Kaap die Goeie Hoop, 1858, p. 78.
84. S.G.O.-Inspeksieverslag, 20 - 24 Maart 1902.
85. S.G.O.-Diverse ontvange briewe, 1/450 1904, 21 Jan. 1904.
86. S.G.O.-Inspeksieverslag, 26 Febr. - 1 Maart 1906.
87. S.G.O.-Diverse ontvange briewe 1/648 1907.
88. S.G.O.-Inspeksieverslag, 7 - 10 en 18 Des. 1908.
89. S.G.O.-Inspeksieverslag, 11 - 16 Sept. 1912.
90. S.G.O.-Inspeksieverslag, 7 - 16 Junie 1922.
91. Die woord 'kwekeling' is gebruik om studente wat gekeur was om as onderwysers opgelei te word, aan te dui.
92. S.G.O.-Inspeksieverslag, 7 - 16 Junie 1922.
93. W.S.G. Notuleboek 2, p. 6.
94. A Lady, op. cit., p. 98.
95. A.L. Behr, op. cit., p. 239.
96. S.G.O.- Jaarverslag, Kaap die Goeie Hoop, 1863, p. 110.
97. S.G.O.- Jaarverslag, Kaap die Goeie Hoop, 1863, p. 8.
98. S.G.O.- Jaarverslag, Kaap die Goeie Hoop, 1863, p. 110.
99. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superintendent-Generaal van Onderwys, 1920, p.1 0.
100. Onderwysgaset Deel 6 no. 25, 21 Maart 1097, p. 624.
101. S.G.O.-Inspeksieverslag, 7 - 10 en 18 Des. 1908.
102. S.G.O.-Inspeksieverslag, 24 - 17 Aug. 1915.
103. Onderwysgaset Deel 12 no. 3, 8 Aug. 1912.
104. Onderwysgaset Deel 24 no. 2, 29 Jan. 1925.
105. Onderwysgasette 1908 tot 1921.
106. S.G.O.-Inspeksieverslag, 11 - 16 Sept. 1912.
107. A. Trollope, op. cit., p. 122.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

108. N.J. Marais, _op. cit._, p. 51.

109. P.S. du Toit, _Onderwys in Kaapland 1652 - 1939_, p. 133.

110. S. Patterson, _op. cit._, p. 94.

111. _Onderwysgasette_ 1893 - 1903.

112. _Onderwysgasette_ 1904 - 1918.

113. _S.G.O.-Inspeksieverslae_, 3 - 6 Des. 1907 en 7 - 10 en 18 Des. 1908.

114. _Onderwysgasette_ 1897 tot 1906.

115. _Onderwysgasette_ 1907 - 1918.

116. _Onderwysgasette_ 1895 - 1899.

117. _S.G.O.-Inspeksieverslag_, 7 - 16 Junie 1922.

118. B. Rose, _op. cit._, p. 155.

119. B.F. Nel, _Aspekte van die Onderwys ontwikkeling in Suid-Afrika_, p. 17.

120. _Ibid._, p. 35.

121. S.G.O.-Jaarverslag, _Kaap die Goeie Hoop_, 1882, p. 12.

122. C.M. van den Heever, _op. cit._, p. 352.

123. _S.G.O.-Inspeksieverslag_, 12 - 18 Sept. 1913.

124. _Onderwysgaset_ 1918, p. 42.

125. _Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superinten= dent-Generaal van Onderwys, 1919_, p. 21.

126. E.G. Malherbe, _op. cit._, p. 11.

127. D.H. Cilliers, _op. cit._, p. 77.

128. J.A. Heese, _op. cit._, p. 122.

129. E. Strassberger, _op. cit._, p. 27.

130. _W.S.G. Notuleboek 2 (addendum)_, p. 18.

131. Die woord 'monitor' is gebruik om belowende senior leerlinge wat as onderwysers opgelei is, aan te dui.

132. W.S.G., _ibid._, p. 19.

133. ŉ Pensioen van £24.0.0 is met ingang van 1 April 1894 aan Cornelia February betaal. Vgl. S.G.O.-Jaarverslag, _Kaap die Goeie Hoop_, 1894, p. 148.

134. S.G.O.-Jaarverslag, _Kaap die Goeie Hoop_, 1873, p. 157.

135. _S.G.O.-Inspeksieverslae_ 1873, 1874 en 1876.

136. S.G.O.-Jaarverslag, _Kaap die Goeie Hoop_, 1879, p. 298.

137. S.G.O.-Jaarverslag, _Kaap die Goeie Hoop_, 1882, p. 252.

138. _'Ons Dag' Soewernierboekie van die Fransmanbeursfonds 1945_, p. 1.

139. _S.G.O.-Inspeksieverslag_, 29 Nov. - 1 Des. 1892.

140. _S.G.O.-Inspeksieverslag_, 10 - 12 Febr. 1897.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

141. S.G.O.-Inspeksieverslag, 20 - 24 Maart 1902.
142. S.G.O.-Inspeksieverslag, 26 Febr. - 1 Maart 1907.
143. S.G.O.-Inspeksieverslag, 11 - 16 Sept. 1912.
144. S.G.O.-Inspeksieverslag, 31 Julie - 3 Aug. 1917.
145. S.G.O.-Inspeksieverslag, 19 en 28 Sept. 1924.
146. A.L. Behr, op. cit., p. 216.
147. H.E. van Zijl, op. cit., p. 11.
148. N.J. Marais, op. cit., p. 86.
149. A.L. Behr, op. cit., p. 217.
150. J.P.J. Barnard, op. cit., p. 17.
151. S.G.O.-Jaarverslag, Kaap die Goeie Hoop, 1866, p. 16.
152. E.G. Malherbe, op. cit., p. 147.
153. A.H. du Preez, Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese 1806 - 1915, p. 81.
154. A.H. du Preez, op. cit., p. 109.
155. S.G.O.-Jaarverslae, Kaap die Goeie Hoop, 1873, p. 8. Vgl. Behr, op. cit., p. 218.
156. S.G.O.-Jaarverslag, Kaap die Goeie Hoop, 1892, p. 17.
157. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superintendent-Generaal van Onderwys, 1893, p. 23.
158. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superintendent-Generaal van Onderwys, 1894, p. 23. Vgl. Kellerman, op. cit., p. 161.
159. Onderwysgaset Deel 15, 22 Julie 1915, p. 31.
160. S.G.O.-Diverse ontvange briewe 1/648, 1907, 15 Febr. 1907.
161. Ibid..
162. S.G.O.-Diverse ontvange briewe 1/839, 1909, 16 Febr. 1909.
163. S.G.O.-Inspeksieverslag, 6 - 8 Febr. 1895.
164. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superintendent-Generaal van Onderwys, 1897, p. 21.
165. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superintendent-Generaal van Onderwys, 1900, p. 16.
166. Onderwysgaset Deel 2 no. 23, 21 Febr. 1902, p. 172.
167. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superintendent-Generaal van Onderwys, 1905, p. 22.
168. E.G. Pells, op. cit., p. 44.
169. J.E. Kellerman, op. cit., p. 163.
170. Onderwysgaset Deel 23 no. 2, 7 Febr. 1924, p. 10.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

171. Ibid..
172. Onderwysgaset Deel 25 no. 16, 12 Aug. 1926, p. 511.
173. N.J. Marais, op. cit., p. 58.
174. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superinten=dent-Generaal van Onderwys, 1923 - 1924, p. 44.
175. Onderwysgaset Deel 22 no. 2, 7 Febr. 1924, p. 10.
176. Onderwysgaset Deel 23 no. 4, 21 Febr. 1924, p. 212.
177. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superinten=dent-Generaal van Onderwys, 1923 - 1924, p. 44.
178. S.G.O.-Jaarverslag, Kaap die Goeie Hoop, 1873 en 1880.
179. J.E. Kellerman, op. cit., p. 147.
180. Onderwysgaset Deel 25 no. 19, 23 Sept. 1926, p. 627.
181. Onderwysgaset Deel 15 no. 21, 9 Sept. 1916, p. 908.
182. Onderwysgasette 1906 tot 1918.
183. Onderwysgasette 1908 - 1921.
184. J.P.J. Barnard, op. cit., p. 13.
185. W.S.G. Notuleboek 1 (addendum), p. 16.
186. E. Strassberger, op. cit., p. 30.
187. S.G.O.-Inspeksieverslag, 13 Aug. 1900.
188. S.G.O.-Diverse ontvange briewe 1/1118, 1912, 8 Okt. 1912.
189. W.S.G. Notuleboek 3, p. 7.
190. Die skoolfonds en kerkfonds was afsonderlik gehou.
191. W.S.G.Notuleboek 2, p. 7. Vgl. Onderwysgaset Deel 21 no.24, 13 April 1922, p. 733.
192. C.M. van den Heever, op. cit., p. 312.
193. M. Horrel, op. cit., p. 11.
194. R. Noble, The Cape and its people and other essays, p. 8.
195. E.G. Pells, op. cit., p. 31.
196. C.F.J. Muller, op.cit., p. 180.
197. S.G.O.-Jaarverslag, Kaap die Goeie Hoop,1880, p. 14.
198. J.S. Marais, op. cit., p. 72.
199. Onderwysgaset Deel 21 no. 24, 13 April 1922, p. 733.
200. J.S. Marais, ibid..
201. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superinten=dent-Generaal van Onderwys, 1929, p. 24.
202. J. Bond, They were South Africans, p. 150.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

203. Cruse, _op. cit._, p. 25.

204. _Onderwysgasette_ 1882 - 1890.

205. _Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superinten= dent-Generaal, 1922_, p. 72.

206. _Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superinten= dent-Generaal van Onderwys, 1923 - 1924_, p. 66.

207. Skole is in sentraalgeleë plekke opgerig. Vervoer en losies= beurse is beskikbaar gestel om die kinders by die skole te kry. Vgl. Greeff, _op. cit._, p. 45.

208. Memorandum from the S.G.E. to General Correspondence Branch 22 Jan. 1908 en MM/103/12, 23 Jan, 1912.

209. B. Krüger, _op. cit._, p. 187.

210. J.D. Schreuder, _Die opvoedkundige bedrywighede van die Morawiese Broederkerk onder die Kleurlinge in Suid-Afrika, 1737 - 1843; 1792 - 1950 - Historiese-Kritiese studie_, p. 216.

211. _Ibid._.

212. _Opleidingskool Söhnge Feesalbum_, p. 20.

213. _W.S.G. Notuleboek 2_, p. 236.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK 4

## DIE OPKOMS VAN DIE OPLEIDINGSKOOL SÖHNGE

### 4.1 Tydperk van ontwikkeling (1929 - 1936)

Die onderwys in Worcester het voor 'n nuwe era te staan gekom. Aan die opleiding van onderwysers wat voorheen as 'n afsonderlike afdeling van die sendingskool bestaan het, sou 'n nuwe dimensie gegee word. 'n Volwaardige opleidingskool wat in later jare deur 'n kleurlingprinsipaal beheer sou word, sou tot stand gebring word. Die kwessie van waar die opleidingskool opgerig moes word, het egter heelwat probleme vir die betrokke instansies besorg. Eers nadat hierdie knoop deurgehak is, kon daar na 'n tydperk waarin die ontwikkeling van die opleidingskool wat van veel meer betekenis vir die onderwys sou wees, uitgesien word.

#### 4.1.1 Die stigting van 'n selfstandige opleidingskool word 'n noodsaaklik= heid

Die verkryging van opleidingskoolstatus was inderdaad 'n besondere mylpaal wat bereik is in die geskiedenis van kleurlingonderwys in Worcester. Die klaskamerakkommodasieprobleem waarmee die Rynse Sendingskool 'n tydlank geworstel het, moes eers opgelos word voordat die vrug van hierdie gebeurtenis gesien word. Die toe= name in leerlingtal en veral wat die getalle van die kwekelinge betref, (in 1928 was daar alreeds 46 studente wat opleiding ont= vang het)[1] het die kerk genoop om òf die bestaande skoolgebou te vergroot òf alternatiewe akkomodasie vir die leerlinge te soek. As 'n tydelike maatreël om die akkommodasieprobleem die hoof te bied, is die sale van die Broederlike Ondersteuningsgemeenskap en die Independent Order of True Templars gehuur om die ekstra klasse te huisves.

'n Behoeftebepaling van die Rynse Sendingskool het opnuut die dringendheid van 'n selfstandige opleidingskool na vore gebring, veral nadat daar aangekondig is dat die opleiding van onderwysers vanaf 1928 as 'n afsonderlike afdeling van die Rynse Sendingskool sou bestaan.[2]

http://etd.uwc.ac.za/

### 4.1.2 Die oprigting van 'n afsonderlike skoolgebou vir die opleiding van onderwysers

Die vertoë van die skoolhoof, mnr. A.D. Crotz, en 'n versoek van die staat dat die skool uitgebrei moes word, aangesien klaskamerruimte beperk geword het,[3] het gelei tot die besluit van die kerkgemeente dat "die bouw van een nieuwe schoolgebouw volgens estimasie van de Bouwkomissie (£650) kan ter hand genomen worden".[4] Die staat het egter hierdie planne van die kerk op grond van die ligging van die beoogde gebou, verwerp.[5]

In 1926 is weer 'n besluit geneem om met die oprigting van 'n nuwe skool voort te gaan. Die skool sou op 'n ander stuk grond gebou word.[6] Aansoek sou by die Worcesterse Munisipaliteit gedoen word om die verkryging van 'n groot stuk grond wat van Durban- tot Milnestraat strek, vir skooldoeleindes.[7] Die munisipaliteit was nie geneë met die aansoek om die onderhawige stuk grond nie, maar was bereid om die drie "morgen weiveld" langs Greystraat en aan anderkant van die skutkraal vir genoemde doeleindes beskikbaar te stel.[8]

Die Rynse gemeente was sterk gekant teen die gedagte dat 'n opvoedingsinrigting vir hul kinders so naby die skutkraal en stortingplek van nagafval opgerig moes word en het voorgestel dat verdere uitbreiding aan die bestaande skoolgebou onderneem moes word.[9] Hierdie onderneming sou prakties meer uitvoerbaar wees, ook vanuit 'n finansiële oogpunt gesien, as die oprigting van 'n totaal nuwe skoolgebou.[10] Die departement het hierdie voorneme van die kerkraad ten sterkste teengegaan en vereis dat die nuwe skool op die aangebode stuk grond van die munisipaliteit gebou word.[11] Die munisipaliteit wou ook nie die planne van die kerk om by die bestaande skool aan te bou, goedkeur nie.

http://etd.uwc.ac.za/

Die Superintendent-Generaal van Onderwys, dr. Viljoen, het 'n ver= gadering met die Rynse gemeente van Worcester, onder voorsitterskap van die bestuurder van die skool. eerw. Söhnge, bygewoon om dit aan die gemeente duidelik te maak dat dit wys sou wees om die stuk grond wat die munisipaliteit gratis aanbied, te aanvaar.[12)] By 'n latere gemeentevergadering is die munisipaliteit se aanbod van die hand gewys.[13)] Eers nadat die departement dit duidelik gestel het dat hy geen uitbrei= ding by die skool sou steun nie en verder gedreig het om Worcester sy opleidingstatus te ontneem en dit aan Riversdal toe te ken, het die Rynse gemeente besluit om die munisipaliteit se aanbod te aanvaar en 'n nuwe skool te bou waar die teenswoordige opleidingskool Söhnge vandag staan.[14)]

Die grond is deur die Administrateur toegeken en getransporteer aan die Kuratore van die Rynse Evangeliese Gemeente te Worcester.

'n Bestuurskomitee sou in die lewe geroep word om na die welsyn van die toekomstige opleidingskool om te sien en die drie Duitse Sendinggenoot= skappe sou in die bestuur deur hul onderskeie Superintendente verteenwoordig word. Die Genootskappe sou vry wees van enige finansiële verantwoorde= likheid so ver dit die opleidingskool aangaan en die plaaslike leraar sowel as twee verteenwoordigers van die plaaslike gemeente sou in die bestuur dien.[15)]

Op 29 Oktober 1928 is besluit om met die oprigting van die nuwe skool te begin. Die hele kerkraad sou as boukommissie dien onder toesig van die argitek, mnr. Jan van Houwelingen, en die boumeester mnr. Jacobus Africa. Die bouers sou op 'n daaglikse basis vergoed word en magtiging is deur die kerkraad verleen om uitgawes ten opsigte van die bouery aan te gaan. Boukoste is egter tot 'n maksimum van £3000 beperk. Vir die voltooiing van die gebou sou vroegtydig aansoek om 'n lening gedoen word om verdere uitgawes te dek.[16)]

Die stene vir die skoolgebou is deur mnr. Helm en die Stynderbroers teen £1.14.0 per 1000 gelewer. Jacobus Davids was in beheer van die timmer= werk en Frederick Cupido is as nagwag teen 'n betaling van 3/6 per skof by die nuwe skool aangestel.[17)]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die beskikbare £2000 in die kerkkas is aan die voorlopige bouwerk bestee. 'n Lening van £1000 is met die Afrikaansche Ouderlinge Voogdy en Assuransie Maatskappy aangegaan om die bouwerk op so 'n vlak te bring dat die hoeksteen gelê kon word.[18)]

4.1.3 Hoeksteenlegging

Die bouwerk aan die nuwe skool het goed gevorder, sodat die hoeksteen op 16 Februarie 1929 gelê kon word. Die twee here D. Africa en J. January was aangesê om 'n hoeksteen te verkry en die Eerste Minister, sy edele genl. J.B.M. Hertzog, het ingestem om die hoeksteen te skenk.[19)]

Vir die plegtigheid is 'n tydelike verhoog by die bouwerk opgerig waarop die verrigtinge die oggend sou plaasvind. Weerskante van die verhoog het 'n Unievlag gewapper. Voor die verhoog het die genooi= de gaste en belangstellendes gesit. Die motörs waarin dr. D.F. Malan en sy geselskap gereis het, het verby 'n ry leerlinge met klein Unie= vlaggies in hul hande, na die skool wat in aanbou was, beweeg. Die eregaste het hul plekke op die verhoog tussen die ander hoogwaardig= heidsbekleërs ingeneem. Hulle was eerw. Söhnge; die burgermeester, mnr. C.H. Beck, en eggenote; di. Murray, Albertyn, Rabie, Pells, Sprengel, Meisenholl, Biesenbach; mevv. van der Byl, G.P. Theron, Murray en P.A. Malan; en mnr. W.A. Hofmeyr, dr. A.L. Geyer, mnr. P.A. Malan en die stadsklerk,mnr. Nel.

Die verrigtinge is met die sing van "Prijs den Heer" geopen en die begeleiding is deur die Rynse Sendingkerk se blaasorkes gedoen. Hierna het ds. J.S. Murray 'n gebed gedoen, gevolg deur eerw. Söhnge wat 'n kort toespraak gelewer het en 'n geskrif gelees het wat later onder die hoeksteen weggelê is.

Die hoogtepunt van die plegtigheid is bereik toe dr. Malan die geleentheid gegee is om die hoeksteen te lê met 'n troffel wat spesiaal vir hierdie doel deur die Worcesterse tak van die African National Bond verskaf is. Die geskrif op die hoeksteen

http://etd.uwc.ac.za/

lees soos volg:

Soli Deo Gloria
Rynse Opleidingskool

Geskenk deur genl. J.B.M. Hertzog, Eerste Minister van die Unie van S.A.
Gelê op 16/2/29 deur dr. D.F. Malan, Minister van Onderwys

Mik Hoog

Die gebruiklike plasing van muntstukke, wat in daardie tyd gebruik is en sekere dokumente onder die hoeksteen, het hierdie deel van die verrigtinge afgesluit. Die studente het hierna met die lewering van 'n sangstuk van eerw. Hartwig, "Heil, Heil ons land", aan die beurt gekom, wat gevolg is deur die hooftoespraak deur dr. Malan. Na dr. Malan, het die burgermeester aan die woord gekom en die prinsipaal van die opleidingskool, mnr. R.J. van Huyssteen het die dankbetuigings gedoen. Dr. Malan was be= indruk met die lied van die studentekoor en het hulle spesiaal daarvoor bedank. Met die gebruiklike "Drie hoera's vir dr. en mev. Malan!" het die verrigtinge tot 'n einde gekom.[20)]

4.1.4 Amptelike opening van die opleidingskool

Deur middel van verdere lenings kon die skool gedeeltelik voltooi word. Die skool grens aan Greystraat en is in die vorm van 'n vierkant gebou, behalwe dat die sye effens langer is. Voorsiening is gemaak vir 5 klaskamers, 'n saal, houtwerk- en huishoudkunde= lokale, biblioteek, 'n museum en 'n kantoor vir die prinsipaal. In al die lokale is elektrisiteit aangebring. Aan die voorkant van die gebou is twee hoofingange en die een aan die noordekant lei na die prinsipaal se kantoor.

Op 23 Maart 1929 het die studente en die leerkragte die nuwe skoolgebou betrek. Op daardie geskiedkundige dag het die studente saam met die personeel vanaf die ou skool in Hoogstraat na hul nuwe opleidingskool in Greystraat gestap.[21)] Sommige van die studente het hul lessenaars na hul nuwe klaskamers gedra. Twee weke daarna is die skool amptelik geopen.

http://etd.uwc.ac.za/

Op Saterdag 13 April 1929, om 3 nm. het die openingsplegtigheid 'n aanvang geneem. Dr. W.J. Viljoen is uitgenooi om as hoof= spreker by die plegtigheid op te tree. Hy het per trein, die Union Limited, na Worcester gereis. By sy aankoms is hy met 'n sangstuk verwelkom wat spesiaal tot sy eer gekomponeer is. Die ander eregaste wat saam met dr. Viljoen op die verhoog was, was mnr. C.B. Heatlie, mnr. G. van Zyl Wolfaard (L.P.R.), mnr. C.H. Beck (die burgemeester), kaptein A.J. van der Byl, sowel as plaaslike en genooide predikante en vooraanstaande burgers van die dorp. Eerw. Söhnge was die seremoniemeester en eerw. H.W. Pells het die verrigtinge met 'n gebed geopen. Eerw. Söhnge was eerste aan die woord en hy is gevolg deur die ander sprekers, naamlik dr. Viljoen, kaptein Van der Byl, mnr. C.H. Beck, mnr. J. Anders (die inspekteur van onderwys) en eerw. D.P. Gordon, van die A.M.E. kerk, eerw. S. Damon van die Congregational kerk, mnr. J. van Houwelingen (die argitek) en mnre. Danie en Koos Africa. Daarmee is die verrigitnge afgesluit.[22)]

### 4.1.5 Personeel

Nadat eerw. Söhnge amptelik in kennis gestel is dat daar aan die Rynse Sendingskool 'n opleidingsafdeling met ingang van 1 Januarie 1928 toegestaan is, het hy 2 poste vir die opleidingsafdeling in die Onderwysgaset van 23 Junie 1927 laat adverteer:[23)] 'n prinsi= paalpos en 'n pos vir houtwerkonderwyser. Op grond van mnr. Van Huyssteen se betreklik min ervaring sover dit die opleiding van onderwysers aangaan, saam met die feit dat hy geen bestuursonder= vinding van so 'n soort skool gehad het nie, het die departement aan die begin gehuiwer om hom in die pos aan te stel. Omdat dit egter eerwaarde Söhnge se begeerte was om mnr. Van Huyssteen in die pos te laat aanstel, het die departement ingewillig om hom vir 'n jaar teen 'n aanvangsalaris van £554 per jaar aan te stel vir 'n proeftyd van 'n jaar.[24)]

Mnr. Van Huyssteen het saam met mev. S. Cloete die opleidings= afdeling van die skool in twee klaskamers van die bestaande ge= boue van die Rynse Sendingskool begin tot tyd en wyl 'n afsonderlike gebou vir die opleiding van onderwysers opgerig kon word.[25)] Omdat daar twee prinsipale nie by een skool aangestel kon word nie, moes

http://etd.uwc.ac.za/

mnr. A.D. Crotz 'n pos ondergeskik aan die prinsipaalpos van mnr. Van Huyssteen beklee. Die titel van prinsipaal is van mnr. Crotz ontneem, maar sy salaris en diensvoordele sou in geen mate geaffekteer word nie.

Mnr. Crotz sou nog steeds aan die hoof van die primêre afdeling staan en die status van prinsipaal van die Rynse Sendingskool beklee totdat die twee afdelings geskei is en afsonderlike fasili= teite vir die opleiding van onderwysers daargestel is.[26) ] Die toelae wat mnr. Crotz ontvang het vir die onderrig wat hy aan kwekelinge gegee het,asook dié van mnr.J.F.T. Dowman en mev. Sabina Cloete, is op 31 Desember 1927 beëindig.[27)] Hierdie toelae is weer in 1928 aan mev. S. Cloete betaal aangesien sy daardie jaar nog steeds met die onderrig aan die kwekelinge behulpsaam was.

Die pos van Engelse leerkrag is in 1928 geadverteer en hierdie pos is met ingang van die tweede kwartaal van dieselfde jaar deur mej. E.M. Field gevul.[28)] 'n Geskikte leerkrag vir die houtwerkpos kon aanvanklik nie gekry word nie. Eers met ingang 1 Oktober 1928 is eerw. H.W. Pells in die deeltydse houtwerkpos aangestel.[29)]

In 1929 is die Worcesterse Rynse kleurlingskool as 'n Opleidings- en 'n Oefenskool geherklassifeer en die personeel van die Opleidingskool sou uit die volgende leerkragte bestaan:

TABEL XXIX [30)]

PERSONEEL VAN DIE RYNSE SENDINGSKOOL MET INGANG 1 JANUARIE 1929

| Pos | Naam | Salaris per jaar | Vanaf | Tot |
|---|---|---|---|---|
| Prinsipaal | Mnr. R.J. van Huyssteen | £615 | 1.1.29 | |
| Assistent | Mej. E.M. Field | £315 | 1.1.29 | |
| Assistent | Mev. S. Cloete | £146 | 1.1.29 | 31.3.29 |
| Assistent | Mnr. A.F.W. van Zyl | £330 | 1.4.29 | 31.3.29 |
| Deeltyds | Eerw. H.W. Pells | 10/- per uur | | |

http://etd.uwc.ac.za/

Mev. S. Cloete is in 'n tydelike hoedanigheid by die opleidingskool aangestel aangesien die suksesvolle applikant, mnr. D.C. Cronje, nie die aanstelling aanvaar het nie. Mnr. Van Zyl is op 'n tydelike grondslag tot 31 Maart 1930 by die opleidingskool in diens geneem.

Die leerkragte wat die onderwys van die primêre skoolleerlinge behartig het en onder toesig van mnr. A.D. Crotz gestaan het, was die volgende:

TABEL XXX [31)]

PERSONEEL VAN DIE RYNSE OEFENSKOOL MET INGANG 1 JANUARIE 1929

| Rang | Salaris per jaar (£) | Vanaf | Tot |
|---|---|---|---|
| Prinsipaal | | | |
| A.D. Crotz | 325 | 1.1.29 | |
| Assistente | | | |
| A. Africa | 115 | 1.1.29 | |
| E.H. Afrika | 89 | 1.1.29 | |
| A.F. Poole | 101 | 1.1.29 | |
| J.S. Fransman | 89 | 1.1.29 | |
| C.M. Hoofd | 89 | 28.1.29 | 31.3.29 |
| J.C. Aries | 101 | 1.4.29 | |
| J.C. Botha | 89 | 1.1.29 | |
| R.J. Fransman | 105 | 1.1.29 | 31.3.29 |
| S.C. Cloete | 146 | 1.4.29 | |
| A. Helm | 101 | 1.1.29 | |
| E.S. Helm | 131 | 1.1.29 | |
| M.J. Jason | 119 | 1.1.29 | |
| M.M. Davis | 101 | 1.1.29 | |
| J.F. Anthony | 115 | 1.1.29 | |
| A.E. Pietersen | 89 | 1.1.29 | 31.3.29 |
| H. Taylor | 89 | 1.4.29 | |
| L.C. Cupido | 89 | 1.1.29 | |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Nadat mev. S.C. Cloete vir 'n kwartaal in die opleidings=afdeling diens gedoen het, het sy na haar pos in die oefenskool teruggekeer. Namate die opledingskool uitgebrei het en veral nadat die sekondêre afdeling tot die skool toe=gevoeg is, is meer poste geskep. In 1936 het die personeel uit 8 leerkagte bestaan nl. mnre. J.J.F. le Roux, C.A. Rynhoud, J.H. Beukes, J.C. Potgieter, E. du T. Lambrechts, mejj. J.W. Luckhoff en E.M. Field.

4.1.6 Kursusse

Van die drie opleidingkursusse vir onderwysers wat deur die department in 1923 aangekondig is, is twee by die Rynse Oplei=dingskool aangebied.

Hierdie twee kursusse was die volgende:-

(a) 'n driejarige kursus ná st.6 wat tot die Laer Primêre Onderwysertifikaat gelei het en

(b) 'n tweejarige kursus vir die Hoër Primêre Onderwysserti=fikaat met st.8 as toelatingsvereistes.

Diegene wat van voorneme was om as onderwyser opgelei te word, het nie 'n keusevryheid ten opsigte van enige van hierdie kursusse gehad nie. Die Rynse Opleidingskool het ná st.6 'n toelatingeksamen tot die opleidingskursusse ingestel om sodoende kandidate op grond van hul prestasie vir hierdie kursusse te keur. Die beste kandi=date is tot st.7 toegelaat om, as hulle ook in die st.8 eindeksamen suksesvol was, die Hoër Primêre Kursus te volg, terwyl die ander suksesvolle kandidate wat swakker in die eksamen gevaar het tot die Laer Primêre Kursus toegelaat is.[32)]

In 1928 en 1929 was daar nog nie kandidate wat die Hoër Primêre Kursus gevolg het nie. Die werkindeling vir die leerkragte van die opleidingsafdeling vir hieride twee jaar het soos volg daar uitgesien:

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XXXI [33)]

| WERKINDELING VIR 1928 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Mnr. R.J. van Huyssteen | | Mej. E.M. Field | | Mev. S. Cloete | |
| Vak | Tyd | Vak | Tyd | Vak | Tyd |
| Rekenkunde | 3uur | Natuurstudie | 1½uur | Aardrykskunde | 3uur |
| Wetenskap | 3uur | Geskiedenis | 3½uur | Afrikaans | 6½uur |
| Fisiologie & Higiëne | 3uur | Engels | 10uur | Skrif | $^{3}/4$uur |
| Geskiedenis | 1½uur | Kritieklesse | 2uur | Teken | $2^{1}/4$uur |
| Aardrykskunde | 1½uur | Ligg. Op= voeding | $^{3}/4$uur | Naaldwerk | 3uur |
| Skoolbeheer | $2^{1}/4$uur | Klasonderwys | 1½uur | | |
| Kritieklesse | 2uur | | | | |
| Houtwerk | $1^{3}/4$uur | | | | |
| Kartonwerk | 3½uur | | | | |
| Landbou | 3uur | | | | |
| Totaal | 27½ uur | Totaal | $19^{1}/4$uur | Totaal | $15^{3}/4$uur |

Uit tabel XIV is dit duidelik dat die prinsipaal, mnr. R.J. van Huyssteen, oorlaai met werk was. Die twee assitente het nie net in minder vakke onderrig nie, maar ook was hul onderrig ure per week minder as dié van hul prinsipaal.

Die aanstelling van 'n addisionele leerkrag, eerw. H. Pells, hoewel op 'n deeltydse grondslag, het meegebring dat die werkindeling vir 1929 soos volg gereël kon word:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XXXII [34)]

WERKINDELING VIR 1929

| Leerkagte | Vak | 1ste jaar uur | 2de jaar uur | 3de jaar uur | Tot=taal uur |
|---|---|---|---|---|---|
| R.J. van Huyssteen | Klasonderwys | – | 3/4 | 3/4 | 1½ |
| | Kritiek & Demonstr=sielesse | – | 3 | 3 | 6 |
| | Wetenskap | 3/4 | 3/4 | 3/4 | 2½ |
| | Fisiologie | 1½ | 1½ | 1½ | 4½ |
| | Ligg. Opvoeding | – | 1 | – | 1 |
| | Landbou | 1 | 1 | 1 | 3 |
| | Musiek | 1 | 3/4 | 3/4 | 2½ |
| | Metodiek | – | 2 1/4 | 2 1/4 | 4½ |
| | | | | ure | 25½ |
| E.M. Field | Engels | 5½ | 4½ | 4½ | 14½ |
| | Aardrykskunde | 2 1/4 | 1½ | 1½ | 5 1/4 |
| | Geskiedenis | 2 1/4 | 1½ | 1½ | 5 1/4 |
| | Ligg. Opvoeding | 3/4 | – | – | 3/4 |
| | Natuurstudie | 3/4 | 3/4 | 3/4 | 2 1/4 |
| | | | | ure | 27 3/4 |
| S. Cloete | Afrikaans | 3 3/4 | 2 1/4 | 2 1/4 | 8 1/4 |
| | Skrif | – | 3/4 | 3/4 | 1½ |
| | Ligg. Opvoeding | 3/4 | – | – | 3/4 |
| | Rekenkunde | 3 | 1½ | 1½ | 6 |
| | Kleiwerk | 3/4 | – | – | 3/4 |
| | Raffia | – | 3/4 | 2de en 3de jr | 3/4 |
| | Naaldwerk | 1½ | 1½ | – | 3 |
| | Teken | 1½ | 3/4 | 3/4 | 3 |
| | Speletjies | 1ste, 2de & 3de jaar | | | 1 |
| | | | | ure | 25 |
| H.W. Pells | Kartonwerk | 3/4 | 3/4 | 3/4 | 2 1/4 |
| | Houtwerk | 1½ | 1½ | 1½ | 4½ |
| | | | | | 6 3/4 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

In 1928 is die tweede- en derdejaarkandidate gekombineerd om een klas te vorm, maar in 1929 het hulle twee afsonderlike klas=groepe gevorm. Die taak van mnr. Van Huyssteen is deur die aan=stelling van die deeltydse leerkrag, eerw. Pells, effens verlig en laasgenoemde was verantwoordelik vir die onderrig van Karton- en Houtwerk.

In 1934 is die geleidelike uitfasering van die ou driejarige kursus ná st.6 geïmplementeer en in Januarie 1936 is die nuwe regulasies vir die Laer Primêre Onderwysersertifkaat aangekondig. Die Hoër Primêre Onderwyssertifikaat is in Desember 1936 gestaak.[35)]

4.1.6 Inskrywing

In 1928 was die inskrywing van die opleidingskool van die Rynse Sendingskool 46 en in 1929 het die inskrywing op 68 ge=staan. Verdere studentegetalle blyk uit die volgende tabel:

TABEL XXXIII [36)]

INSKRYWINGS VIR DIE TYDPERK
1928 - 1934

| Jaar | St.6 | St.7 | St.8 | LP1 | LP2 | LP3 | HP1 | HP2 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1928 | - | - | - | 28 | 9 | 9 | - | - | 46 |
| 1929 | - | - | - | 41 | 16 | 11 | - | - | 68 |
| 1930 | - | - | - | 31 | 32 | 17 | - | - | 80 |
| 1931 | - | 16 | - | 37 | 24 | 36 | - | - | 113 |
| 1932 | - | 23 | 16 | 54 | 22 | 23 | - | - | 138 |
| 1933 | - | 23 | 23 | 28 | 36 | 24 | 6 | - | 140 |
| 1934 | 32 | 20 | 19 | 36 | 26 | 38 | 11 | 11 | 193 |

Die inskrywing vir die eerste jaar van die ou driejarige Laer Primêre Kursus het in 1933 'n afname getoon (die inskrywing in 1932 was 54 teenoor die 28 in 1933), aangesien die nuwe Hoër Primêre Kursus in dieselfde jaar ingestel is. Ses kandidate het in 1933 vir die Hoër Primêre Kursus ingeskryf. Vanaf die begin van 1931 is 'n st.7-klas (met 'n inskrywing van 16 leerlinge) by

http://etd.uwc.ac.za/

die Rynse Opleidingskool ingevoer.[37] Die Sekondêre Afdeling is in 1932 tot st.8 uitgebrei en die eerste st. 8-klas het uit 16 leerlinge bestaan. In 1934 is st.6 met 'n inskrywing van 32 leerlinge ook tot die sekon= dêre afdeling toegevoeg. Al die primêre skole van die dorp moes toe afstand van hul st.6-klasse doen.[38]

Sedert 1929 het die kerkraad van die Rynse Kerk versoeke vir die inskakeling van sekondêre onderwys by die opleiding= skool aan die departement gerig. Die departement was hier= die versoeke goedgesind mits die kerkraad een derde van die addisionele leerkragte se salarisse en die koste van bykomen= de benodigdhede soos skoolameublement en uitrusting sou waar= borg.[39] Hierdie poging om vir eers 'n st.7-klas ingestel te kry is deur The United Coloured Education Committee of Worce= ster gesteun.[40]

4.1.8 Fondsinsameling

Ouers van skoolgaande kinders was nog altyd verplig om tot die skoolfonds by te dra. In 1929 het die eerstejaarkwekelinge 2/6 per jaar skoolgeld betaal en vir die tweede- en derdejaar= studente was die bedrag vyf sjielings.[41] Om die addisionele koste vir die aanstelling van 'n leerkrag in die sekondêre afdeling te dek, het die kerkraad besluit om voortaan die skoolgeld tot 15 sjielings per leerling per kwartaal te ver= hoog.[42] In 1931 het 'n nuwe skaal van skoolgeld van krag geword.

Leerlinge en studente van ander plekke sou £6 per jaar betaal aangesien hulle ook in aanmerking vir losiesbeurse sou kom. Plaaslike leerlinge en studente moes dieselfde bedrag betaal, maar in hul geval sou die gemeente in verdienstelike gevalle 'n sekere korting toestaan. Die doel van die instelling van 'n uniforme skaal was om te verseker dat die kerk 30% van die ge= samentlike bedrag wat op hierdie wyse geïn is, van die staat sou kry. Hierdie besluit is geneem nadat die departement be= kend gemaak het dat nuwe regulasues ten opsigte van staatshulp aan kwekelinge vanaf 1931 ingevoer sou word.[43]

http://etd.uwc.ac.za/

Die opleidingskool het ook op ander wyses probeer om fondse in te samel. So is opvoerings en konserte aangebied en vertonings gereël. Aan die einde van elke jaar is ook 'n naald=werk- en handwerkuitstalling met 'n voorprogram gehou. By sulke geleenthede was dit gebruiklik dat eerw. Söhnge die verrigtinge open.[44] Somtyds het die kerk en skool saam 'n kantate of 'n sangaand gereël. Dan het die basuinkoor van die kerk, kerkkoor, opleidingskoolkoor, skoolkoor, susterskoor en soliste opgetree.[45] Alle gelde wat by hierdie fondsinsame=lingpogings ingevorder is, is in die kerkkas gestort aangesien dit die kerk was wat in 'n groot mate die finansiële verantwoorde=likheid van die opleidingskool gedra het.

4.1.9 Uitbreiding

Die opleidingskool wat in 1929 tot stand gekom het, was nog nie in sy geheel voltooi nie. Omdat die bestuurder in 1929 nie die dienste van 'n huisvlytonderwyseres kon bekom nie, moes die voltooiing van die huishoudkundelokaal eers agterweë gebly. In 1931 is 'n huisvlytleerkrag aan die skool toegeken en kon daar toe met die behoorlike inrigting van die lokaal vir die onderrig van die vak Huisvlyt, voortgegaan word. 'n Houtstoof is ingesit, kaste en rakke is aangebring en 'n skoorsteen is gebou. 'n Bedrag van £44.11.11 is aan hierdie veranderings bestee.[46] Die toe=voeging van die sekondêre afdeling tot die opleidingskool het meegebring dat die leerlingtal aansienlik vermeerder het. Akko=modasie het in 1931 weer 'n probleem geword.[47] Die kerkraad het die nodige aanvoorwerk en beplanning vir die aanbou van 3 addisio=nele klaskamers gedoen, maar as gevolg van finansiële probleme kon eers met die aanbou van een klaskamer aan die oostelike vleuel begin word.[48] Die bouwerk is so beplan dat die minste steurnis vir die skoolaktiwiteite veroorsaak is.[49] In die eerste helfte van 1932 is die werk aan die klaskamer voltooi.[50]

In dieselfde jaar is besluit om met die oprigting van die ander twee klaskamers voort te gaan. Behalwe die 6% huurtoelae ten opsigte van onkostes wat deur die kerk aangegaan is vir die oprig=ting van die addisionele klaskamers, en wat deur die departement toegeken is, het die kerkraad ook 'n lening van £300 teen 6% rente

http://etd.uwc.ac.za/

per jaar by 'n sekere mev. A. Lyners aangegaan.[51] Die 2 klas= kamers waarvan een 'n wetenskaplaboratorium was, is in 1933 voltooi en die totale koste vir die 2 klaskamers het 'n bedrag van £690.15.4 beloop.[52] Hierdie 2 klaskamers is op Maandag, 30 Januarie 1933, in gebruik geneem.[53]

Die aanbou van 3 addisionele klaskamers het heelwat verligting gebring, maar het geensins die akkommodasieprobleem opgelos nie. In 1933 het die prinsipaal, mnr. R.J. van Huyssteen, aansoek vir nog 'n klaskamer aan die kerkraad gerig en hy het belowe om £200 vir hierdie doel aan die kerkraad voor te skiet. Die lening was renteloos en terugbetaalbaar oor 'n tydperk van 2 jaar.[54] Instede van slegs een is twee klaskamers en twee kleedkamers aangebou en die werk is in 1934 voltooi teen 'n koste van £582.14.2.[55] Die laaste uitbreidings van die skool is in 1938 gedoen toe nog vier klaskamers aangebou is.[56] Die vernaamste groot leningmaatskappy wat al hier= die bouprojekte gefinansier het, was die Southern Life Association of Africa en die Annie Brown and Lawrence Trust Funds.[57]

Die uitbreidings het meegebring dat die opleidingskool oor die volgende lokale beskik het: sewe klaskamers, 'n huishoudkundekamer wat later in 'n naaldwerklokaal omskep is, 'n biblioteek, 'n demonstrasie-, musiek- en 'n kunslokaal, 'n skoolsaal en twee stoorkamers.


4.1.10 Finansiële bystand

Die staat het die Rynse Sendingkerk in sy pogings gesteun om die nuwe opleidingskool op te rig en later verder uit te brei. Staats= hulp was in die vorm van 'n 5% huurtoelae wat bereken was op die boukoste wat aangegaan is om die skool op te rig en verdere uitbrei= dings aan te bring.[58] Na die uiteindelike voltooiing van die oplei= dingskool is 'n huurtoelae van £189.10.0d per jaar deur die onderwys= departement aan die Rynse Kerk betaal. Met ingang 1 Julie 1929 is hierdie toelae tot £211.5.0 verhoog en met ingang 1 November 1929 het die betaalbare toelae op 'n bedrag van £216.12.0 te staan gekom.[59] Met ingang 1 April 1933 het die staat 'n addisionele huurtoelae van £34.10.9d per jaar betaal. Dié toelae is gebaseer op 5% van £690.15.4d wat die koste was om die 3 addisionele klaskamers in 1932 en 1933 op te rig.[60]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE


http://etd.uwc.ac.za/

Skoolplan : 1929





http://etd.uwc.ac.za/

Skoolplan : 1932




http://etd.uwc.ac.za/

Skoolplan : 1934




UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

'n Verdere huurtoelae van £29.2.8d per jaar is vanaf 10 Maart 1934 betaal vir die uitbreiding wat teen 'n koste van £582.14.3d in 1934 aangegaan is.[61] Die departement het ook skoolameublement en voor= rade aan die nuwe skool voorsien en in hierdie geval was die Rynse gemeente verplig om 'n kwart van die koste te dra.[62]

Die departement het driekwart van die uitgawes wat deur die skool ten opsigte van skoonmaak, sanitasie, elektrisiteit en waterverbruik aan= gegaan is, betaal. Vir die tydperk 1929 - 1931 het die opleiding= skool die volgende uitgawes aangegaan:

TABEL XXXIV[63]

SKOOLUITGAWES VIR DIE TYDPERK 1929 - 1931

| Jaar | Uitgawe | | Driekwart Toelae |
|---|---|---|---|
| 1929 | Sanitasie | £2.3.9 | £1.12.9$^{3}$/4d |
| | Skoonmaak | £54 | £40.5.0 |
| | Elektrisiteit | £1.10.4 | £1.2.9 |
| 1930 | Sanitasie | £6.17.6 | £5.3.2 |
| | Water | £3.0.0 | £2.5.0 |
| | Skoonmaak | £72.0.0 | £54.0.0 |
| | Elektrisiteit | £3.0.3 | £2.5.2 |
| 1931 | Sanitasie | £7.10.0 | £5.5.0 |
| | Water | £4.0.0 | £3.0.0 |
| | Skoonmaak | £72.0.0 | £54.0.0 |
| | Elektrisiteit | £2.17.8 | £2.3.6 |

Die kwitansies vir alle goedgekeurde uitgawes is by die departe= ment ingedien en die departement het driekwart van die bedrag aan die bestuurder van die skool terugbetaal. In 1939 is eise ten opsigte van klerklike werk[64] en telefoongebruik[65] vir die eerste keer ingestel.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Skoolboeke en skryfbehoeftes is deur die departement aan die oplei= dingskool voorsien en dit was die bestuurder se plig om hierdie items aan die leerlinge te verkoop. Die ingevorderde geld is aan die departement gestuur. Kragtens Artikel 12 van Ordonansie No.14 van 1923 moes die bestuurder minstens 50% van die waarde van die voorrade aan die departement betaal. Die orige 50% van die voorrade kon òf vry òf teen 'n verminderde koste aan be= hoeftige leerlinge verskaf word.[66] 'n Ander vorm van staatshulp wat leerlinge ontvang het, was losies- en vervoerbeurse wat vir die eerste keer in 1931 aan hulle beskikbaar gestel is.[67] Die waarde van hierdie beurse het afgehang van die beskikbaarheid van fondse en die bedrag wat daarvoor deur die Provinsiale Administrasie begroot is. Leerlinge van ander plekke waar daar ook voorsiening vir sekondêre onderwys gemaak is, het nie in aanmerking vir hier= die beurse gekom nie.[68]

Die studentelenings wat jaarliks aan suksesvolle applikante toegeken is en wat van tyd tot tyd verhoog is, het inderdaad gehelp om menige persoon finansieel instaat te stel om die onderwyserkursus te volg en dan as onderwyser te bekwaam.[69]

Die departement het ook fondse uit The Bible and School Commission and Slave Compensation Funds vir die aankoop van biblioteekboeke beskikbaar gestel.[70] Hieroor sal later meer uitgebrei word.

Verdere ondersteuning deur die departement is ten opsigte van die opsigter se salaris verleen. 'n Pos van opsigter teen 'n salaris van £6 per maand waarvan die plaaslike gemeente £1.10.0 per maand moes bydra, is deur die departement goedgekeur.[71]

## 4.1.11 Buitemuurse bedrywighede

In die vroeë jare het die studente nie slegs aan debatte en opvoerings deelgeneem soos soms aanvaar word nie: daar was ook ander aktiwiteite soos sport, koorsang en kuns.

Die enigste twee sportsoorte wat deur die studente beoefen is, was rugby en netbal. Mej. Field het die meisies in netbal afgerig,[72] terwyl mnr. Rynhoud die rugbybreier was. Die oefendae was Woensdae en die

http://etd.uwc.ac.za/

rugbyspelers moes dikwels as deel van hul oefening na die Breërivier en terug hardloop. By sommige van hierdie geleent= hede het mnr. Rynhoud 'n waatlemoen- of druiwefees vir die spelers by die rivier gereël.

Aangesien die sekondêre, hoër en opleidingskole in daardie jare maar min in getal en ver van mekaar geleë was, moes die studente maar tevrede wees om rugby teen die meer geharde dorpspanne en rugbyklubs van die omliggende dorpe te speel.[73)] Wanneer die ge= leentheid daar was om te reis, het die rugby- en netbalspanne kragte met die Opleidingskole Wesley (Kaapstad) en Athlone in die Paarl gemeet. Eers in die tydperk 1931 - 1934 is vriendskaplike en bekerwedstryde teen die Opleidingskool Zonnebloem en die Athlone Instituut gereël.[74)] In later jare het die skool ook op atletiekgebied teen ander skole meegeding. Interskool atletiek= byeenkomste het gewoonlik op die Groenpuntse stadium plaasgevind.[75)]

Vanaf mnr. A. Fransman se tyd het die skool goed in koorsang pres= teer. In die begin was die skoolsang deur mnr. Crotz, hoof van die laerskool en later deur een van die personeellede van die opleidingskool, mnr. J.J.F. le Roux, behartig. Gedurende een eleksie het generaal Hertzog en generaal Smuts die skool besoek - nie gelyktydig nie - en vir albei is daar 'n paar sangstukke gelewer.[76)] By 'n byeenkoms wat die kleurlinggemeenskap van Worcester gehou het, het die kwekelinge die Vaderlandslied gesing.[77)]

As gevolg van die feit dat kuns as vak by die opleidingskool aange= bied is, het die studente 'n lewende belangstelling daarin getoon. 'n Hoogtepunt in die jaar was wanneer die studente se kunswerk vir die publiek ten toon gestel is.

### 4.1.12 Benoeming van die eerste kleurling-prinsipaal

Behalwe sy gewone pligte as hoof was mnr. Van Huyssteen ook besig met navorsingwerk vir sy doktorsgraad. In 1935 het die Universi= teit van Kaapstad die graad Doctor Philosophiae aan mnr. Van Huys= steen toegeken.[78)]

Die volgende jaar het dr. Van Huyssteen bekend gemaak dat hy van voorneme was om Worcester te verlaat en 'n prinsipaalpos by die Primêre Skool Bellville sou aanvaar.[79)] 'n Benoeming moes ge=

http://etd.uwc.ac.za/

maak word vir die vakature wat sou ontstaan. By 'n skoolkomitee= vergadering wat gehou is op 10 Junie 1936, is 'n kleurling, mnr. C.J. Viljoen, van Paarl vir die pos benoem.[80] Hierdie nuus dat 'n kleurling as prinsipaal van die Rynse Opleidingskool aangestel sou word, het wye reaksie onder die blanke en kleurling= gemeenskappe van Worcester ten gevolge gehad. Die personeel wat slegs uit blankes bestaan het, was erg verontrus oor hierdie besluit van die skoolkomitee en so ook die studente. Die stadsraad van Worcester het op 'n spesiale vergadering wat gehou is op Saterdag, 13 Junie 1936, hul misnoeë oor die besluit van die skoolkomitee uitgespreek en het hul ontevredenheid aan die departement bekend gemaak.[81]

Die blanke leerkragte kon dit nie aanvaar dat hulle onder 'n kleur= lingprinsipaal sou dien nie, aangesien hulle nie presies geweet het wat hul posisie met betrekking tot die kleurlingprinsipaal sou wees nie. Al die lede van die personeel het by twee geleent= hede per motor na die departement se kantore te Kaapstad gereis om daar meer helderheid oor hul toekoms te verkry.

Intussen het eerw. Söhnge onderhandelinge met die departement gevoer, maar al wat bereik kon word, is 'n versekering deur die departement dat die hele aangeleentheid gedurende die volgende 18 maande (1 Julie 1936 tot 31 Desember 1937) in heroorweging geneem sou word.[82] Tydens hierdie tydperk van 18 maande het mnr. A.F.W. van Zyl as prinsipaal waargeneem. Dr. Van Huyssteen was met 6 maande verlof en met ingang van 1 Januarie 1937 het sy bedanking as hoof van krag geword.

Die studente se ontevredenheid jeens die aanstelling van 'n kleurling= prinsipaal het gespruit uit die vrese dat die blanke leerkragte eerder sou bedank as om onder 'n kleurling te dien en sou dit gebeur, het die moontlikheid bestaan dat swakker gekwalifiseerde kleurlinge aangestel sou word, as gegradueerde persone nie gevind kon word nie. Die studente het meer as een protesvergadering in die skool gehou en ook 'n versoekskrif waarin hulle hul bedenkinge bekend gemaak het, opgestel.[83] Die studente se aktiwiteite is onder die aandag van die bestuurder, eerw. H. Söhnge gebring, wat gelei het tot 'n

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

vergadering wat die skoolkomitee met die studente in die skool=saal gehou het. By hierdie geleentheid is die studente ernstig oor hul handelwyse vermaan en is dit aan hulle duidelik gestel dat hulle (die studente) hul aan die gesag van die skool moes onderwerp, aangesien hulle slegs as "gaste" van die skool beskou word. Hierop het die studente uit protes die vergadering en masse verlaat en hulle by hul ouers buite die skool aangesluit. Die skoolkomitee het daarna probeer om die belhamels aan die kaak te stel en hulle het gedreig om sodaniges uit die skool te skors. Hierdie gebeure het groot polemiek in die plaaslike en Kaapse koerante ontlok.[84)]

Die wending wat die gebeure by die skool geneem het, het 'n hewige protesgevoel by die leerkragte ontketen. 'n Versoekskrif is aan die bestuurder oorhandig waarin gevra is dat 'n onderhoud met die bestuurder gereël word in die teenwoordigheid van die inspekteur van onderwys, mnr. Luckhoff en die waarnemende prinsipaal, mnr. A.F.W. van Zyl.[85)] Die versoek van die personeellede is toegestaan en op hierdie vergadering het eerw. Söhnge dit beklemtoon dat dit onbillik was om slegs met die bestuurder sake te bespreek, aangesien 'n besluit wat deur die skoolkomitee geneem is, in hierdie geval die goedkeuring van die departement weggedra het.[86)]

Op 28 November 1936 het eerw. Söhnge 'n skrywe aan die departement gerig waarin hy enersyds verduidelik het waarom dit moeilik was om dissipline by die Rynse Opleidingskool te handhaaf en andersyds die departement gevra om tugstappe by die skool in te stel. Die volgen=de is sommige van die wantoestande by die skool wat deur eerw. Söhnge vermeld is:

a. "Die bestuurder se vermaninge word nie in ag geneem nie.
b. Griewe word nie by hom ingedien nie, maar sonder versuim word dit luidrugtig met die pers bespreek.
c. Demonstrasie word gehou en dit ten aanskoue van 'n samelewing van 6 000 kleurlinge.
d. Sonder om verlof te vra word uitgestap uit samekomste wat ek hou om dinge duidelik te maak.
e. Kom dit tot 'n ondersoek met een wat 'n aandeel neem in sake, dan is dit die praktyk om dinge te bemantel om ernstige gevolge te ontduik.

http://etd.uwc.ac.za/

f. Skoolkamers is gebruik om vergaderings te hou wat teen die outoriteite agiteer.

g. Die skoolkomitee (veral die gekleurde lede) word belaster en uitgejou by sig voordoende geleenthede!"[87]

In 1937 is die prinsipaalpos weer geadverteer.[88] Die skoolkomitee het by hul vorige besluit volstaan en weer eens mnr. C.J. Viljoen aanbeveel.[89]

Die reaksie van die blanke leerkragte was om almal kennis van hul bedanking wat met ingang Januarie 1938 van krag sou wees, in te dien.[90] Eerw. Söhnge was verplig om al die poste wat deur die blanke lede van die personeel beklee was, in die vroegste uitgawe van die Onderwysgaset te laat adverteer.[91]

Die skooljaar het sy verloop sonder enige verdere onaangename voor=valle by die opleidingskool geneem. Die leerkragte het nog steeds hul beste vir die studente gelewer want uit 'n totaal van 42 studente in hul finale jaar van studie, kon 29 van hulle die eind-eksamen suksesvol aflê.[92]

By 'n byeenkoms wat op Vrydag, 10 Desember 1937 in die skoolsaal gehou is, het mnr. Van Zyl van sy personeel en studente afskeid geneem. Hy het elke leerkrag individueel vir die samewerking en onderskraging wat aan hom (mnr. Van Zyl) gegee is, bedank. Die studente is aangemoedig om in hul studie te volhard en alles te doen om hul eie mense op te hef.[93]

So het die leiding wat die blanke leerkragte ten opsigte van die opleiding van studente te Worcester geneem het, geëindig.

http://etd.uwc.ac.za/

## 4.2 Tydperk van stabilisering

Teen die einde van 1938 is alle uitbreidings by die opleiding=skool voltooi en kon daar as gevolg van die bykomende klaskamer=ruimte, meer addisionele poste geskep word. Aan die studente is die geleentheid gegun om, behalwe die gewone sportsoorte, deel te neem aan kultuuraktiwiteite wat hul lewens heelwat sou ver=ryk. Die beheer van die opleidingskool deur die Rynse Sending=genootskap het in hierdie tydperk ook ten einde geloop en die strewe om 'n eie hoërskool op Worcester tot stand te bring, het in toenemende mate die aandag van die leiers van die gemeenskap geniet.

### 4.2.1 Personeel

Mnr. C.J. Viljoen was akademies toegerus om die pos van prinsi=paal te vul. Sy eerste personeel het hoofsaaklik uit kleurlinge bestaan en slegs twee blankes het in die personeel gedien. Die blanke leerkragte is in poste waar geskikte gekwalifiseerde kleurlinge nie beskikbaar was nie, aangestel en die aanstelling is op 'n tydelike grondslag vir 'n jaar gedoen.[94] Die personeel het uit die volgende persone bestaan: mnre. A. Davids, H. Jeftha, E.J. Moses, J.M. Naidoo, J. de Munk en T.G. Smith, mev. S.C. Cloete en mej. A.M. Wells.[95]

In 1942 is twee van die personeellede, mnr. F. Moses en mej. E. Cloete in die huwelik bevestig. Die bruidspaar het verlof van die kerkraad gekry om hul onthaal in die opleidingskool te hou.[96] In dieselfde jaar is die eerste kleurlingonderwyser, mnr. J.M. Naidoo, oorlede.[97] In 1944 het mnr. Viljoen, na 'n dienstyd van 6 jaar, sy bedanking as prinsipaal van die Rynse Sendingskool, ingedien.[98] Die skoolkomitee was verdeeld oor wie as sy op=volger aangestel moes word, met die gevolg dat mnr. F. Aldrich as waarnemende prinsipaal vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Junie 1945 aangewys is. Die prinsipaalpos is weer geadverteer en die sukses=volle applikant was mnr. L.C. la Vita wat hierdie pos tot aan die einde van 1951 beklee het.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Mnr. C.M. Kleintjies wat in 1942 in die personeel opgeneem is, is met ingang Januarie 1952 as die volgende prinsipaal van die opleiding=skool aangestel.

In 1955 is een van die leerkragte, mnr. W. van Schoor wat as presi=dent van die Teachers League of South Africa gedien het, uit die onderwys geskors. Hierdie skorsing het gevolg na die presidensiële toespraak wat mnr. Van Schoor in daardie jaar by die jaarvergadering van bogenoemde onderwyserliggaam gelewer het.

Oor die jare het 'n wisseling van personeel plaasgevind en namate die inskrywing van die skool gestyg het, het 'n ooreenstemmende skepping van bykomende poste daarmee gepaard gegaan. In 1938 het 9 leerkragte al die werksaamhede van die opleidingskool behartig. In 1940 moes nog 'n bykomende leerkrag[99)] aangestel word en so ook in 1941[100)] en 1942.[101)] Die volgende tabel toon dat vir die tydperk 1938 - 1960 die personeel met tien toegeneem het:

TABEL XXXV[102)]

INSKRYWING EN PERSONEELVOORSIENING VAN DIE SKOOL VIR DIE JARE 1938, 1948 EN DIE TYDPERK 1956 - 1960

| Jaar | Inskrywing | Personeel |
|---|---|---|
| 1938 | 212 | 9 |
| 1948 | 317 | 17 |
| 1956 | 433 | 18 |
| 1957 | 407 | 18 |
| 1958 | 477 | 18 |
| 1959 | 486 | 18 |
| 1960 | 534 | 19 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die personeel het in 1948 uit 17 leerkragte bestaan en die skool se inskrywing was 317. Die opleidingskool het in 1956 'n inskrywing van 433 gehandhaaf, 'n toename van 116 op die 1948-inskrywing. Slegs een bykomende leerkrag is in 1956 aangestel. Uit die tabel blyk dat vir die tydperk 1956 - 1959 geen verandering ten opsigte van die diensstaat van die opleidingskool plaasgevind het nie. 'n Bykomende leerkrag is eers in 1960 aan die skool toegeken, in welke jaar die inskrywing op 534 te staan gekom het.

4.2.2 Inskrywing

Die inskrywing van die "Kollege"[103] het oor die jare 'n geleidelike toename getoon. Die volgende tabel verstrek die getal leerlinge en studente wat vir die tydperk 1938 - 1960 by die opleidingskool ingeskryf was:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XXXVI [104)]

INSKRYWING VAN STUDENTE EN LEERLINGE VIR DIE TYDPERK 1938 - 1960

| Jaar | St.6 | St.7 | St.8 | L.P.1[105)] V | L.P.1[105)] M | L.P.2[106)] V | L.P.2[106)] M | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1938 | 43 | 66 | 52 | 9 | 20 | 5 | 17 | 212 |
| 1939 | 48 | 55 | 45 | 9 | 28 | 9 | 19 | 213 |
| 1940 | 53 | 71 | 44 | 12 | 27 | 8 | 28 | 243 |
| 1941 | 45 | 91 | 59 | 9 | 25 | 12 | 26 | 267 |
| 1942 | 51 | 75 | 70 | 14 | 28 | 9 | 24 | 271 |
| 1943 | 55 | 78 | 58 | 22 | 19 | 13 | 28 | 273 |
| 1944 | 50 | 96 | 55 | 21 | 26 | 22 | 18 | 288 |
| 1945 | 78 | 96 | 76 | 19 | 25 | 16 | 25 | 335 |
| 1946 | 101 | 111 | 79 | 23 | 21 | 17 | 25 | 377 |
| 1947 | 89 | 116 | 72 | 16 | 21 | 22 | 19 | 355 |
| 1948 | 93 | 116 | 82 | 27 | 25 | 14 | 20 | 377 |
| 1949 | 109 | 121 | 91 | 24 | 26 | 27 | 26 | 424 |
| 1950 | 111 | 112 | 91 | 20 | 20 | 23 | 23 | 400 |
| 1951 | 126 | 138 | 72 | 25 | 23 | 24 | 21 | 429 |
| 1952 | 122 | 149 | 78 | 32 | 27 | 31 | 22 | 461 |
| 1953 | 107 | 147 | 83 | 30 | 24 | 32 | 27 | 450 |
| 1954 | 160 | 147 | 79 | 25 | 20 | 28 | 24 | 483 |
| 1955 | 111 | 115 | 73 | 27 | 22 | 25 | 22 | 395 |
| 1956 | 125 | 116 | 90 | 25 | 23 | 27 | 27 | 433 |
| 1957 | 125 | 97 | 100 | 31 | 6 | 24 | 24 | 407 |
| 1958 | 143 | 144 | 66 | 56 | - | 32 | 6 | 447 |
| 1959 | 156 | 126 | 82 | 60 | - | 62 | - | 486 |
| 1960 | 199 | 139 | 83 | 54 | - | 59 | - | 534 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

In 1938 was daar 212 leerlinge en studente ingeskryf en in 1960 was die inskrywing 534, 'n toename van 151,8%. Vir die tydperk 1938 - 1942 is meer mans as dames vir die eerste en tweede jaar van die onderwyskursus ingeskryf. In 1938 het 20 mans vir die eerste en 17 vir die tweede jaar ingeskryf. Die ooreenstemmende inskrywings vir dames was 9 en 5 vir die eerste en tweede jaar onderskeidelik. Vanaf 1952 het meer dames hulle na die onderwysberoep gewend. In 1957 is 6 mans teenoor die 31 dames vir die eerste jaar van die kursus ingeskryf.

### 4.2.3 Kursusse aangebied

In 1942 is die regulasies en die opleidingskursusse vir kleurlingonderwysers hersien. Met ingang Januarie 1943 is voorsiening vir drie kursusse gemaak, naamlik vir 'n Laer Primêre Onderwysersertifikaat, 'n Hoër Primêre Onderwysersertifikaat en 'n Gevorderde Primêre Onderwysersertifikaat.

Die tweejarige Laer Primêre-kursus is deur die Rynse Opleidingskool aangebied. Kandidate moes die Junior Sertifikaat verwerf en minstens 15 jaar oud wees op 1 Januarie van die jaar van hul toelating. Hulle moes van onbesproke karakter wees sodat hulle 'n aanwins vir die onderwysberoep sou wees. Die onderwysersertifikate sou aan die suksesvolle kandidate uitgereik word eers 'n jaar nadat hulle hul opleiding voltooi het. Die opleidingskursus het die volgende vakke ingesluit:

> die twee amptelike tale, klasonderwys, Metodiek, rekenkunde, Handwerk, Elementêre Wetenskap en Natuurstudie, Fisiologie en Higiëne, Literatuur, Kuns, Musiek, Skrif en Liggaamlike Opvoeding.[107)]

In 1950 is 'n hersiene opleidingskursus vir die Laer Primêre Sertifikaat vir onderwysers ingestel. Die nuwe kursus het basies dieselfde vakke wat in die kursus wat vanaf 1943 gevolg is, ingesluit. Sommige vakke was op 'n eenjarige en ander op 'n tweejarige basis aangebied. Die afneem van die eksamen was deels intern en deels ekstern. Die klasonderwys-punte was d.m.v. 'n praktiese toets deur die inspekteur van onderwys gemodereer.[108)]

http://etd.uwc.ac.za/

### 4.2.4 Die St. John-Noodhulpliga

Fisiologie, Higiëne en Gesondheidsleer is vakke wat deur die opleidingskool aangebied is en in al hierdie kursusse maak eerstehulp 'n deel van die sillabus uit. Om die studente eerstehandse ondervinding ten opsigte van die praktiese deel van die eerstehulp te laat opdoen, het mnr. C.J. Viljoen die hoofkantoor van die St. John-Noodhulpliga in Kaapstad in hierdie verband genader. Op 22 Mei 1935 is die Mc Alister Ambulans Divisie te Worcester gestig. Mnr. Hugh. L. Mc Alister is as die superintendent aangestel en dr. Isaac Sagor as die distriksgeneesheer (divisional surgeon). Daar was altesaam 19 lede wat aan die Divisie behoort het.

'n Goedgekeurde Eerstehulpsillabus is gevolg vir die verkryging van 'n St. John Eerstehulp-sertifikaat. Studente wat so 'n serti= fikaat wou verwerf, moes die kursus wat deur dr. Sagor aangebied is, bywoon. Die kursus het uit 12 lesings bestaan wat bykans een uur se praktiese werk ingesluit het. Dr. Sagor het hierdie lesings een keer per week in die opleidingskool aangebied. Aan die einde van die kursus is 'n eerstehulpeksamen afgelê en daar was twee mondelinge en drie praktiese vrae wat beantwoord moes word. Die slaagsyfer was 60%.

In 1952 het mnr. E.M. Gordon die verantwoordelike amptenaar van die Divisie geword en hy het hierdie amp tot in 1956 beklee. Na 1956 het die Divisie ondoeltreffend geword totdat dit in 1960 ontbind is.[109)]

### 4.2.5 Leer- en leesboeke

Die opleidingskool het sy boeke by drie boekhandelaars naamlik, Maskew Miller, Juta en Darters gekoop. Die skool het 'n ooreen= koms met die boekhandelaars gehad wat daarop neergekom het dat die boeke eers by betaling voorsien sou word. Die betaling kon geskied eers nadat die boekegeld vanaf die studente ingevor= der is.[110)] Hierdie stelsel was onbevredigend en het heelwat probleme vir die skool opgelewer. Sommige ouers het in gebreke

http://etd.uwc.ac.za/

gebly om die boekerekenings van hul kinders te vereffen, en etlike boekerekenings moes afgeskryf word, veral in die geval waar die studente alreeds die skool verlaat het. Die opleidingskool het toe probeer om werk daarvan te maak om agterstallige boekegeld in te vorder, maar dit het maar stadig en moeilik gegaan.[111] en die opleidingskool het heelwat teenkanting van die ouers gekry, veral nadat die kerkraad gedreig het om 'n leerling toelating te weier indien die ouers nie die agterstallige rekening vereffen het nie.[112] Teen die einde van 1934 het die uitstaande boekrekening 'n bedrag van £36.15.0 beloop.[113]

Inmiddels het die prinsipaal, mnr. R.J. van Huyssteen, probeer om die finansiële verpligtinge van die ouers ten opsigte van die boekegeld wat hulle moes betaal, te verlig deur tweedehandse boeke by die winkel "Books & Books" in Kaapstad aan te koop en die boeke aan die meer behoeftige studente te verkoop.[114] Hierdie poging het in 'n mate verligting gebring, maar dit kon nie vergoed vir die verliese wat die skool alreeds gely het nie. Die kerkraad was verplig om by die departement oor hierdie aangeleentheid aan te klop en hierdie versoek het tot gevolg gehad dat die regulasies in sake sekere agterstallige skoolgeld kragtens Artikels 248 en 381 van Ordonnansie No.5 van 1921 opgestel[115] en onder die aandag van die kleurlinggemeenskap van Worcester gebring is.[116] Hoewel die regulasies soos in die skoolreëls vervat is, die hand van die kerkraad versterk het om leerlinge of studente toegang tot die skool te weier of hulle verbied om 'n eksamen af te lê indien hul finansiële verpligtinge ten opsigte van die skool nie nagekom is nie, het die boekeskuld oor die jare heen geleidelik opgehoop. In die onderstaan= de tabel word die agterstallige boekegeld wat deur die verskillende klasse in 1938 verskuldig was, uiteengesit:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XXXVII [117)]

AGTERSTALLIGE BOEKEGELD VIR DIE EERSTE HALFJAAR VAN 1938

| St. | Verskuldigde bedrag t.o.v. boekegeld |
|---|---|
| 7 | £45. 7. 1½ |
| 8 | £27.14. 5 |
| PL 1 | £24. 5. 3½ |
| PL 2 | £ 4. 2. 8 |
| | £101. 9. 6 |

Teen Junie 1938, was die opleidingskool 'n bedrag van £101.9.6 aan die boekhandelaars verskuldig.

Toe mnr. Aldrich in 1945 die prinsipaalspos tydelik beklee het, is nog geen oplossing vir die invordering van boekegeld gevind nie. Mnr. Aldrich wou nie hierdie verantwoordelikheid (die verkoop van boeke en die invordering van geld) aanvaar nie, en dit het die skoolkomitee verplig om hierdie taak aan twee senior leerkragte op te dra. Die kerkraad sou die verantwoordelikheid vir die vereffening van die boekerekening dra.[118)]

Die agterstallige boekegeld en die bedrag verskuldig aan die grootste skuldeiser, Maskew Miller, het jaarliks toegeneem. Maskew Miller was later nie meer geneë om leerboeke op rekening aan die opleidingskool te verskaf nie.[119)] In 1952 het die kerkraad aan die nuwe skoolhoof, mnr. C.M. Kleintjes en 'n senior leerkrag, mnr. E. Moses, die opdrag gegee om die boekekwessie in sy geheel na te gaan en te ondersoek en later 'n verslag uit te bring.[120)] Die verslag het aan die lig gebring dat die skoolreëls betreffende die aanskaffing van boeke deur leerlinge en studente en die invordering van boekegeld in die verlede nooit stip= telik nagekom is nie. Die prinsipaal het onderneem om hierdie aange= leentheid deeglik te ondersoek. Binne 'n tydsbestek van 2 jaar kon die prinsipaal aan die skoolkomitee rapporteer dat die boekeskuld totaal uitgewis is. In 1953 kon Maskew Miller getuig dat die boekerekening van die opleidingskool op 'n stewiger grondslag geplaas is.[121)] Na 1964

http://etd.uwc.ac.za/

kon 'n agterstallige boekerekeningprobleem nie meer voorkom nie, aangesien boekegeld sedertdien direk van die beurse wat deur die Departement van Kleurlingsake aan studente toegeken is, afgetrek sou word.[122)]

### 4.2.6 Die biblioteek

Die klein begin wat met 'n boekery in Esselen se skool gemaak is, het geleidelik aangegroei na gelang fondse uit die skoolfonds vir die aankoop van biblioteekboeke beskikbaar gestel is. Die opleidingsafdeling het in die eerste jare nog nie oor 'n behoor= lik toegeruste biblioteek beskik nie en met hierdie toedrag van sake was die inspekteur nie tevrede nie.[123)] Sowel leesboeke as naslaanboeke was ontoereikend, wat meegebring het dat die studente se private leeswerk nie bevredigend georgani= seer kon word nie.[124)] Vir mnr. Van Huyssteen was die toestand van die boekekry en die huisvesting daarvan in 'n kleinerige en ondoeltreffende lokaal eweneens 'n steen des aanstoots wat gevolg= lik nie veel vir die private lees van die studente gebied het nie.[125)]

Die opleidingskool wat in 1929 opgerig is het voorsiening vir biblioteekfasiliteite gemaak, maar die groei van die skool het die behoorlike benutting daarvan onmoontlik gemaak. Die oor= spronklike lokaal wat bedoel was om as die biblioteek te dien, moes as 'n gewone klaskamer ingeruim word. Die biblioteek was toe in die dames se personeelkamer gehuisves en 'n deel van die boekery het op die rakke in die prinsipaal se kantoor gestaan. Die boeke is tweeweekliks na skool uitgeneem en ingelewer.[126)] Eers vanaf 1937 het die staat fondse vir die aankoop van biblio= teekboeke aan die opleidingskool bewillig.[127)] Die bedrag wat aan die opleidingskool toegeken is, het bestaan uit 'n departe= mentele toelae en 'n bedrag wat uit die Slave Compensation Fund en die Bible and School Commission Fund verskaf is.[128)] Die prinsipaal moes 'n lys van boeke vir goedkeuring aan die departe= ment voorlê voordat enige aankope gedoen kon word.[129)]

http://etd.uwc.ac.za/

Daar kon nie meer as 6 boeke van 'n soort[130] of enige tweedehandse boeke aangeskaf word nie.[131] Alle fakture wat deur die prinsipaal gesertifiseer is, is aan die departement vir betaling versend. Sorg moes egter gedra word dat die aankope nie die toelae wat vir die betrokke jaar toegeken is, oorskry nie.

In tabel XXXVIII word die fondse wat beskikbaar gestel is vir die aankoop van biblioteekboeke vir die tydperk 1952 - 1964 weer=gegee:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

## TABEL XXXVIII [132]

FONDSE BESKIKBAAR GESTEL VIR DIE AANKOOP VAN BIBLIOTEEKBOEKE

| Jaar | Gemidd. aantal studente | Boektoelae | Toelae per student | Totaal | Slave Comp. Fund | 3/4 van die balans | Slave Comp. Fund pos 2J3 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 6/-per student | | | | |
| 1952 -53 | 103 | £60 | £30.18.0 | £90.18.0 | £30 | £60.18.0- £45.13.6 | £75.13.6 |
| | | | 10/-per student | | | Balans nadat Slave Comp. Fund afgetrek is | |
| 1958 -59 | 95 | £50 | £47.10.0 | £97.10.0 | £32 | £65.10.0 | |
| 1959 -60 | 107 | £50 | £58.10.0 | £108.10.0 | £33 | £75.10.0 | |
| 1960 -61 | 106 | £50 | £53.10.0 | £103.0.0 | £30 | £73.0.0 | |
| | | | R1 per student | | | | |
| 1962 -63 | 129 | R100 | R129 | R229 | R65 | R164 | |
| 1963 -64 | 138 | R100 | R138 | R238 | R64 | R174 | |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die toelae per student wat in berekening gebring is vir die bepaling van die toekenning vir die aankoop van biblioteekboeke, was 6 sjie= lings in 1952 en 10 sjielings per student vir die tydperk 1958 - 1961. Vanaf 1962 is die toelae na R1 per student verhoog. Fondse uit die Slave Compensation Fund het ook oor die jare heen gewissel. In 1952 was hierdie bedrag £30 en in 1959 het dit £33 beloop. Onder= staande tabel gee 'n aanduiding van die toename in biblioteekboeke in die tydperk 1956 - 1976:

TABEL XXXIX [133)]

AANTAL BOEKE IN DIE BIBLIOTEEK IN 1952, VIR DIE TYD= PERK 1956 - 1976 EN IN 1982

| Jaar | Aantal boeke |
|---|---|
| 1952 | 8 |
| 1956 | 2555 |
| 1957 | 2992 |
| 1958 | 3242 |
| 1959 | 3242 |
| 1961 | 2482 |
| 1966 | 5494 |
| 1967 | 4746 |
| 1968 | 3790 |
| 1969 | 4534 |
| 1970 | 5007 |
| 1972 | 5605 |
| 1973 | 5676 |
| 1974 | 5829 |
| 1975 | 6179 |
| 1982 | 7000 |

Oor 'n tydperk van 30 jaar het die aantal biblioteekboeke met bykans 6992 toegeneem. Die opleidingskool het oor slegs 8 biblioteekboeke beskik toe mnr. C.M. Kleintjies die prinsipaalpos in 1952 oorgeneem het.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Vanaf 1961 het die opleidingskool oor genoeg klaskamerruimte beskik (in 1961 het die st.6'e, 7's en 8's na die nuwe hoërskool verhuis), sodat die biblioteek in 'n afsonderlike en behoorlik ingerigte lokaal geakkommodeer kon word. Ook vir die eerste keer is 'n aanwinsregister in gebruik geneem. Die verantwoordelikheid van die biblioteek is aan die sorg van 'n bibliotekaris toevertrou en hy het 5 periodes per week vir die uitreiking van boeke en 3 periodes vir die algemene administrasie van die biblioteek tot sy beskikking gehad.[134)] Huidig= lik is die beheer en administrasie van die biblioteek die verantwoor= delikheid van mnr. J. Heradien.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

### 4.2.7 Identifisering met die skool

Die Rynse opleidingskool het nie 'n spesifieke skooldrag vir sy studente gehad nie. Die meisies het die gewone skooljurk gedra en die seuns het 'n vaal broek en swart of donkerblou kleurbaadjie gedra. Al wat opvallend was, was die blou das en hoedband wat die studente gedra het. Dan het elke student ook 'n skoolwapen gedra. Op die wapen het die letters W.O.R.S. (Worcester Rynse Opleidingskool) en die leuse GUTT MIT UNS (dit gaan goed met ons) verskyn. Jare later was die meisies se skooldrag 'n wit bloese en 'n donker romp. Eers vanaf 1960 kan die Söhnge damestudente op 'n eie skooldrag aanspraak maak en dit het bestaan uit 'n ligblou romp, 'n wit bloese, 'n gestreep=te donker- en ligblou das en 'n wit panamahoed met 'n bypassende gestreepte hoedband. Die huidige skoolwapen is deur mnr. C.M. Kleintjes en sy personeel ontwerp. Tans is die damestudente in 'n vlootblou romp uitgerus.

Die skool beskik ook oor 'n skoollied wat deur mnr. Viljoen ge=skryf en deur sy eggenote, mev. D. Viljoen, getoonset is. Hier volg die skoollied:

"Heil! S.O.S.

Waar die Brandwacht staan pryk
Oor die Worcester-vallei,
Is geleë ons Söhnge Opleidingskool.
En aan jou sweer ons
Trou waar ook al jy lei.
Sal ons immer gedenk
In liefde aan jou dink
Heil S.O.S. uit volle bors
Versprei die naam met stemme vors
in werk, in spel, in plig getrou.
Heil S.O.S. ons hart vir jou,
In werk, in spel, in plig getrou
Heil S.O.S. ons hart vir jou."

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Voorbeeldige senior studente is deur die prinsipaal en personeel gekies om as prefekte te dien. Op die prefekte het die medeverant= woordelikheid gerus om toe te sien dat die ander studente en leer= linge hulle by die gesag en skoolreëls van die skool hou. Die hoofprefek het soggens die skoolklok gelui en die res van die pre= fekte het gesorg dat die leerlinge en studente ordelik en op maat van marsmusiek wat oor 'n luidspreker gespeel is, na hul klaskamers marsjeer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

### 4.2.8 Dagprogram

'n Halfuur voordat die skool begin het, het die kerkklok van die N.G. Sendingkerk gelui. Dit was dan die teken dat studente en leerlinge nader moes staan. Die klok was gelui volgens die tyd van die toringhorlosie van die N.G. Kerk en hierdie horlosie was bekend vir sy akkuraatheid.[135] Later was hierdie gebruik gestaak en toe het slegs die skoolklok die begin van 'n skooldag aangekondig.

Die skooldag is begin met 'n gesamentlike godsdiensoefening in die saal wat gewoonlik deur die prinsipaal waargeneem is. Op Woensdae het eerw. Söhnge self die skriflesing by hierdie byeenkomste waargeneem.[136] In later jare, in die tyd toe mnr. Kleintjes aan die spits gestaan het, is hierdie byeenkomste op Maandae en Vrydae in Afrikaans gehou terwyl Engels op Dinsdae en Donderdae gebesig was.[137] Een van die plaaslike predikante het dan op Woensdae hierdie dienste waargeneem. Hierna het die lesure van 35 minute elk gevolg. Die skool het ook gebruik gemaak van die radiouitsaailesse wat in die dertigerjare ingestel is. In 1960 het die studente op Vrydae na die nuusbesprekings geluister.[138]

Vir proefonderwys-doeleindes was die opleidingskool op die 6 primêre skole van die dorp aangewese waarvan 2, naamlik die N.G.K. Oefenskool en N.G.K. Voorbereidendeskool, op dieselfde terrein as die opleidingskool geleë is. Proefonderwys vir al die studente was vir die eerste drie skoolkwartale gereël. Hierdie reëlings veral wat die datums betref, is in oorleg met die prinsipale van die primêre skole getref. Vir die eerste- en tweedejaarstudente het die tydperk 15 dae geduur d.w.s. 5 dae (aaneenlopend) per kwartaal. Die derdejaarstudente het 'n proefonderwystydperk van 20 dae gehad. Vyf dae per kwartaal vir die eerste twee kwartale was aan hierdie aspek van hul opleiding gewys, terwyl dit tien dae in die derde kwartaal was.

http://etd.uwc.ac.za/

Voordat die studente op proefonderwys uitgegaan het, was hulle eers opverdeel en gekeur vir bepaalde primêre skole waarheen hulle sou gaan. Daarna moes elke student sy lesse vir daardie tydperk van proefonderwys by die leerkrag kry wie se klas aan hom (die student) toegewys is.

Soggens gedurende die proefonderwystydperk het die student direk na sy spesifieke skool gegaan en daar in die teenwoordigheid van die leerkrag proeflesse tot aan die einde van die skooldag gegee. Later in die middag (na 'n pouse) het die studente na die opleidingskool gegaan waar hulle deur die prinsipaal en dosente met hul lesvoorbereiding en apparaat vir die volgende dag gehelp is. Die prinsipale en leer= kragte van die primêre skole was van groot hulp vir hierdie studente deur hul persoonlike belangstelling te toon en opbouende kritiek te lewer.[139)] Die studente se proeflesse was in die klaskamersituasie deur die prinsipaal en dosente geëvalueer soos laasgenoemde by die verskillende skole omgegaan het.

Die Handwerkdosent, mnr. T.G. Smith, en die Huishoudkunde- en Naald= werkdosent, mej. H. Taylor, het 'n spesiale reëling in verband met die praktiese afdeling van hul onderskeie vakke vir die tweedejaarstudente gehad. Gedurende die vierde kwartaal, nadat die studente se praktiese werk afgehandel is, het mnr. Smith aan die dames eenvoudige huishoude= like reparasiewerk soos die herstel van elektriese toestelle en slotte, die maak van gordynkappe en dergelike klein huishoudelike takies gedemon= streer en hulle geleer hoe om hierdie takies self te verrig. Mej. Taylor het vir die seuns kooklesse gegee en vir hulle gewys hoe om sokkies te stop, lapwerk te doen en so meer. Die doel van hierdie praktiese lesse was om die studente ook vir die eenmanskool voor te berei.

Namiddagklasse is vir tuiswerk en studie doeleindes gereël. Mnr. Van Huyssteen het hierdie klasse ook soms saans behartig.[140)]

Die studente het die aande gewoonlik aan studies bestee, maar weens gebrek aan 'n koshuis was daar geen wyse waarop hierdie na-uurse studie gekontroleer kon word nie.

http://etd.uwc.ac.za/

Behalwe op daardie dae wanneer die studente smiddae by die opleidingskool besig was met voorbereidingswerk vir hul proef=lesse, het hulle hul vrye tyd nuttig bestee aan een of ander buitemuurse bedrywigheid.

4.2.9 Buitemuurse bedrywighede

Die leerlinge en studente van die opleidingskol was aangemoedig om Sondagskool en die eredienste van hul onderskeie kerke by te woon. Voordat eerwaarde Söhnge 'n getuigskrif uitgereik het, het hy eers vasgestel hoedanig die Sondagskool- en kerkbywoning van die student was.[141] Om die studente by beide die erediens en Sondagskool te betrek, is daar in 1954 besluit om Sondagskool=klasse vir leerlinge net na die oggenddiens te reël.[142] Voor=heen was hierdie klasse Sondagmiddae gehou en toe het die bywoning veel te wense oorgelaat.

Op sportgebied het die opleidingskool uitgeblink en kon daar tereg gepraat word van belangrike wedstryde wat gewen is en trofeë wat verower is. Deur deelname aan interskool- en uniewedstryde en as gevolg van die sukses wat in hierdie wedstryde behaal is, het die bekendheid van die rugby van die Rynse Opleidingskool landwyd uitgekring.

Vir die dames is tussenklas- en interskoolnetbalwedstryde gereël. Nie net tuiswedstryde is gespeel nie, maar wegwedstryde het die rugby- en netbalspanne ook na plekke soos Kaapstad en Paarl ge=bring. Kort toere is in 1956 en 1957 na Kimberley onderneem. In 1958 het die opleidingskool se rugby ongelukkig feitlik tot 'n einde gekom, want ná 1958 is manstudente nie meer tot die twee=jarige onderwyskursus toegelaat nie. In die vyftigerjare is nog twee sportsoorte, naamlik krieket en tafeltennis tot die skool se buitemuurse bedrywighede toegevoeg.

Hoewel die skool reeds in 1928 sy beslag gekry het, is eers in die dertigerjare belangstelling in atletiek getoon. Jaarlikse Interhuis-kompetisies is gereël en na so 'n byeenkoms is 'n Söhnge-

http://etd.uwc.ac.za/

atletiekspan gekies om op Groenpunt onder beskerming van die Westelike Provinsie Skolesportunie teen die ander skole mee te ding. In 1955 is die atletiek van die Boland op 'n stewiger grondslag geplaas toe die Boland Senior Skolesportunie gestig is. Die prinsipaal van die oplei= dingskool was een van die stigterslede.[143)]

Die jaarlikse atletiekbyeenkoms wat die interskole atletiekbyeenkoms voorafgegaan het, was op die opleidingskoolterrein gehou, waartydens die huise - Rooihuis, Groenhuis, Blouhuis en Geelhuis - teen mekaar te staan gekom het. Na die pouse het die trompoppies van die verskil= lende huise 'n vertoning gelewer en hierna het elke huis aan die beurt gekom om sy strydkreet te lewer. Na 'n toespraak deur die betuurder van die skool, is trofeë uitgeloof vir die huis wat die deftigste ver= toon het, die huis wat die beste met hul kreet[144)] gevaar het en die huis wat die meeste kaartjies vir die atletiekbyeenkoms verkoop het.

Die verrigtinge van die dag is op film vasgelê.[145)] Aan die einde van die dag is die huis wat die algehele wenner was, aangekondig. Die sportdag is afgesluit met 'n gesellligheid vir onder meer al die atle= tiekbeamptes wat aan huis van die prinsipaal gereël was.

Teen die tweede helfte van 1937 het 9 senior studente besluit om 'n toneelgenootskap onder voorsitterskap van 'n finalejaarstudent, Adam Cerf, te stig. Die toneelgroep sou as "Die Excelsior Toneelgeselskap" bekend staan en hul doel was "die bevordering van voordrag en kuns, belangstelling in dramatiek en die aanwakkering van 'n algemene kulturele smaak" onder die studente en leerlinge van die opleidingskool. Daarbe= newens sou hulle poog om opvoedkundige praatjies en sangkompetisies te reël. In 1938 sou hulle hul eerste drama, "As die Tuig Skawe", opvoer.[146)]

Die belangstelling van die studente en leerlinge in die kulturele aktiwiteite van die skool en die aanmoediging wat hulle van die perso= neel gekry het, het daartoe gelei dat 'n aantal skoolkore gestig is. Die aspirant-onderwysers het self hierdie kore afgerig. Studentekore en kore uit die sekondêre en hoër primêre afdeling het in eisteddfods teen mekaar gekompeteer. Mnr. Naidoo het die eerste trofee vir hierdie sang=

http://etd.uwc.ac.za/

kompetisie geskenk. Diplomas is uitgereik aan deelnemers wat die beste gevaar het in ander nommers soos voordrag, klavierspel en solo's. In 1942 het die studentekoor onder leiding van 'n student, E. Aries, die eerste plek in die eisteddfod verower. Aan mnre. G. Pamplin en J. Magaar is die tweede en derde plekke onderskeide= lik toegeken.[147)] In 1955 het een van die st.6-kore daarin geslaag om 'n trofee by een van die interskoolwedstryde te verower.[148)] Mevrou D. Viljoen en mej. H. Taylor (nou mevrou Smith) het gewoonlik die be= geleiding waargeneem.[149)] Menige Sondag het die vrolike stemme van die studente- en leerlingkore die Sondagdienste van die N.G. Sendingkerk met sang opgeluister.

Aandag is ook op 'n ander wyse aan die geestelike sy van die student se lewe gegee. Die Christelike Studentevereniging is in die vyftigerjare gestig om in hierdie behoefte van die student te voorsien. Lidmaatskap was beperk tot die studente en die st.8-leerlinge. Die C.S.V.-vergader= ings is elke Dinsdagmiddag onder die toesig van leerkragte, wat as kringleiers opgetree het, gehou.[150)] Later is die vergaderings na Maandagmiddae verskuif. Die studente het fondse ingesamel om gedurende die skoolvakansies na voorafgereëlde C.S.V.-kampe te gaan.

Die skool het jaarlikse 'n funksie ten behoewe van die kerkfonds gereël.[151)] Opvoerings wat vir hierdie doel op die planke gebring is, het die vol= gende ingesluit: "Princess Ju-Ju", "The Bohemias Girl", "Alladin and his wonderful Lamp", "Die Kaskanades van Jakkals"[152)] en die kantate "From Manger to Cross", onder leiding van mnr. C.J. Viljoen.[153)] Die skool het ook jaarliks kuns- en handwerkuitstallings van die studente se werk gehou. Opvoedkundige uitstappies is onderneem en plekke wat besoek is, was die plaaslike nywerhede,[154)] die Breërivier en ander dorpe en stede, veral Kaapstad. Die skool het weekliks 'n rolprent in die skoolsaal vertoon. 'n Kwartier voordat die film gedraai is, is die leerlinge en studente vermaak met 'n "radio-uitsending" wat "Pakersdam Roep" genoem is.[155)]

http://etd.uwc.ac.za/

Die studente is verder ook in boks afgerig. Mnr. Bennie Pietersen het hierdie aspek van die student se skoollewe behartig. Die opleidingskool se boksers het tydens geleenthede soos prysuit=delingsaande en konserte teen mekaar geveg. Die verskillende gewigsafdelings het ook hul onderskeie kampioene opgelewer.

4.2.10 Ontgroening van nuwelinge

Die leerlinge wat vir die eerste keer na die opleidingskool ge=kom het, is altyd op die een of ander wyse geïnisieer voordat hulle in die skoolgemeenskap opgeneem is. Hierdie ontgroening=seremonie, waartydens die leerlinge verneder en verkleineer is, het somtyds vir 'n week of meer aangehou voordat daar tot die "doop" oorgegaan is. Die seniors het 'n dubbele ry gevorm en die groentjies moes tussen die twee rye deur na die "doopplek" stap. By die doopplek is die nuwelinge een vir een deur die senior studente opgelig en kop eerste in 'n sementdam vol water (later jare was dit 'n visdammetjie) gedruk terwyl daar oor die dopeling die volgende woorde gespreek is: "Ek doop jou in die naam van die Rynse Opleidingskool en nooit mag jy die waar=heid praat nie."

Met die terugkeer vanaf die doopplek is die gedooptes speelsgewys geklap en geskop. Somtyds is met 'n emmer water dieselfde resul=tate bereik, veral as die emmer oor die leerling se kop leeg=gemaak is. Enige groentjie wat hom verset en derhalwe geweier het om ontgroen te word, het die gramskap van die seniors op die hals gehaal. Aan sodanige leerlinge is dan 'n onaangename straf vir 'n tydlank opgelê. As die eerste paar dae vir 'n leerling te onuithoudbaar geword het en hy sy lot by die prinsipaal bekla het, het dit vir die betrokke seniors tot 'n pynlike konfrontasie in die prinsipaal se kantoor gelei, asook 'n verbod op enige verdere ontgroening van die nuwelinge. In so 'n geval het die studente hul "dopery" in die watersloot wat voor die skool ver=by geloop het, voortgesit.

Ontgroening was indertyd 'n nie-amptelike seremonie, maar toe mnr. Viljoen prinsipaal van die opleidingskool geword het, het dit die vorm van 'n plegtigheid aangeneem waarby die personeel

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

ook betrokke was. Gedurende die tweede week van die nuwe skooljaar is die ontgroeningsplegtigheid wat gewoonlik op die tweede Vrydag plaasgevind het, beplan en gereël.

ŉ Ontgroeningskomitee is elke jaar gekies en dit was sy plig om die verrigtinge vir die dag van die ontgroening te organiseer. Teen twaalfuur die middag het die plegtigheid begin. Die groentjies, almal kaalvoet en met hul skoene om hul nekke gebind, het verby twee rye senior studente die skoolsaal binne gemasjeer. Om elkeen se nek het ŉ bord met die woorde groentjie en die leerling se naam gepryk. In die saal moes die nuwelinge eers al in die rondte stap voordat hulle toegelaat is om hul sitplekke voor in die saal te neem. Die leerkragte het agter in die saal gesit. Die leier van die komitee het ook as seremoniemeester opgetree en hy moes aan elke groentjie ŉ opdrag gee wat die betrokkene verplig was om op die verhoog uit te voer. Die groentjie was aangesê om te sing of te resiteer of grappies te vertel of om een of ander snaaksigheid uit te voer. Party leerlinge was skaam, ander het gehuil maar almal het die dag geniet. Dit het ook gebeur dat as gevolg van die vertoning wat die groentjie gelewer het, ŉ bynaam aan hom gegee wat hy vir die res van sy skooljare gedra het.

Die styging in die studente- en leerlingtal het dit later in die jare vyftig onmoontlik gemaak om die ontgroeningsplegtig= heid in die saal te hou. Die toneel is toe na die grasperk en stoep van die vierkant verskuif. Behalwe vir die ontgroening= seremonie wat onder toesig van die prinsipaal en sy leerkragte plaasgevind het, is die groentjies ook op die speelgrond aan ŉ meer hardhandige vorm van ontgroening onderwerp.

4.2.11 Fondsinsameling

Nieteenstaande die finansiële hulp wat die opleidingskool van die staat ontvang het, was bykomende fondse nodig om sekere items vir skooldoeleindes wat nie deur die departement voorsien is nie, aan te skaf. Skoolprojekte wat geloods is om fondse in te samel, het die volgende ingesluit: skoolkonserte, lig=

http://etd.uwc.ac.za/

gaamlike opvoedingvertonings, eisteddfods, kollektelyste, kantates en hekgelde by die jaarlikse sportbyeenkoms en rugby=wedstryde. Die skoolfonds is aangewend om skoolapparaat, stro=kiefilms en sportbenodigdhede soos truie en balle aan te koop. Oudiovisuele apparaat vir skoolgebruik kon op 'n pond-vir-pond-grondslag aangeskaf word. Op hierdie wyse was die skool in staat om 'n klankfilmprojektor tesame met 'n platespeler, 'n strook=filmprojektor en 'n radiostel te bekom. Boeke vir die biblioteek is ook uit die skoolfonds aangekoop.[156)]

Die opleidingskool het die rekenings vir mediese behandeling van studente en leerlinge wat beseer is as gevolg van hul deelname aan enige skoolaktiwiteit uit die skoolfonds betaal. Mediese hulp is ook aan behoeftige leerlinge wat dit andersinds nie kon bekostig nie, verleen. Verder is die skoolfonds benut om die helfte van die studente en leerlinge se reiskoste te dek wanneer hulle weg-wedstryde gespeel het of gereis het om die opleiding=skool by atletiekbyeenkomste te verteenwoordig.[157)]

### 4.2.12 Die Fransmansbeursfonds

Die stigting van 'n beursfonds om aan verdienstelike en behoef=tige leerlinge en studente finansiële hulp te verleen, was die geesteskind van mnr. A.J. Abrahamse, een van die onderwysers wat aan die opleidingskool verbonde was. Die beursfonds is in 1945 gestig en was vernoem na "meester" Andreas Fransman, "een van die kleurlingbaanbrekers op gebied van die Onderwys te Worcester".[158)]

Fondsinsameling vir hierdie beursfonds het soos volg plaasgevind:

(a) Elke jaar is 'n 'Ons Dag'-funksie[159)] om en by 24 April (mnr. Fransman se verjaardag) by die plaaslike skole van Worcester gereël.

(b) Ander opbrengste is verkry deur straatkollektes, funksies soos konserte, vrywillige en munisipale bydraes en die ver=kope van die 'Ons Dag'-soewernierboekie teen 6 pennies elk.[160)]

http://etd.uwc.ac.za/

Die gelde is by die plaaslike tak van die Teachers League of South Africa wat ook in beheer van die Fransmansbeursfonds was, inbetaal. 'n Uiteensetting van die inkomste van die Fransmansbeursfonds en die bedraes wat ten opsigte van beurse uitbetaal is, word hieronder ver= strek;

TABEL XL 161)

INKOMSTE EN UITGAWES VAN DIE FRANSMANBEURSFONDS VIR DIE TYDPERK 1945 - 1954

| Jaar | Inkomste | Uitgawe |
|---|---|---|
| 1945 | £ 78. 8.3 | |
| 1946 | £ 114. 2.8 | £ 38. 0.0 |
| 1947 | £ 92.18.0 | £ 50. 0.0 |
| 1948 | £ 119. 3.0 | £ 70. 0.0 |
| 1949 | £ 99. 3.0 | £ 102.10.0 |
| 1950 | £ 98.19.9 | £ 95. 0.0 |
| 1951 | £ 78.17.2 | £ 130. 0.0 |
| 1952 | £ 93.13.1 | £ 110. 0.0 |
| 1953 | £ 37.13.7 | £ 71.15.6 |
| 1954 | - - - | £ 82. 0.0 |
| Totaal | £ 812.14.6 | £ 749. 5.6 |

In 1945 is geen beurse uitbetaal nie. Die rede sou wees om die beurs= fonds eers 'n kans te gee om te groei. In 1951 is die grootste bedrag, naamlik £130.0.0,in die vorm van beurse aan behoeftige dog belowende leerlinge en studente bewillig.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

### 4.2.13 Voedingskema

Die oorgrote meerderheid van die kinders wat die sendingskool bygewoon het, was arm. Die skool het die behoefte gesien om 'n voedingskema in te stel om hierdeur aan die kinders voedsame sop te voorsien. Hierdie voedingskema het in 1921 in werking getree en die ouers wat dit kon bekostig, het hul bydraes gelewer deur groente, hout, ensovoorts met hul kinders na die skool te stuur vir die maak van sop.[162)]

In 1935 het die staat besluit om hulp te verleen en na die behoeftes van die armblanke kind om te sien deur 'n voeding= skema vanaf owerheidsweë te inisieer. Fondse is aan die Suiwel= nywerheidbeheerraad beskikbaar gestel met die doel om gratis melk en kaas aan al die kinders in die blanke primêre skole en die leerlinge in die sekondêre skole wat as behoeftig ge= klassifiseer kon word, te voorsien.[163)] Hierdie skema is later na die kleurlingskole uitgebrei[164)] en so het sommige van die st.6-, 7- en 8-leerlinge van die Rynse Opleidingskool die gratis melk-, kaas- en vrugteuitgifte benut.[165)] Daardie leer= linge en studente wat nie deel aan hierdie skema gehad het nie, het van die geleentheid gebruik gemaak om gedurende tweede pouse wanneer die voedsel aan leerlinge uitgedeel is, die skoolterrein te verlaat en by die nabygeleë winkel van mnr. M.E. Nagia lekkers, sjokolade en ander lekkernye te koop. Hier= die winkel het ook 'n voorraad skryfbehoeftes vir die leerlinge en studente aangehou.

### 4.2.14 Oorname van die Rynse Sendinggenootskap deur die N.G. Sendingkerk

In 1940 het die kerkraad van die Rynse Sendingkerk kennis ge= neem van die besluit van die hoofbestuur van die Rynse Sending= genootskap te Barmen om hul sendingwerk in Suid-Afrika te staak. Die hoofbestuur het gevolglik die plaaslike bestuur versoek om die N.G. Kerk te nader sodat die oorname van die Rynse

http://etd.uwc.ac.za/

Sendinggenootskap bewerkstellig kan word. Die N.G. Kerk het sy bereidwilligheid verklaar om deur middel van die Algemene Sending=kommissie, die Rynse gemeente te Worcester by die N.G. Sendingkerk in te lyf.[166] Op 21 April 1941 het lede van die Binnelandse Sending Sub-kommissie, te wete di. J.G. Olivier, Brink, Louw en G.L. van Heerde, die Rynse kerkraad oor die besonderhede wat die inlywing behels, ingelig.[167] Eerwaarde H. Söhnge sou by die Algemene Sending=kommissie aanbly, en om ná verstryking van sy dienstydperk by die Rynse Sendinggenootskap aftree.[168] By 'n algemene gemeentevergadering wat op 12 Mei 1941 gehou is,is finaal besluit dat die onroerende eien=dom van die Rynse Sendingkerk, wat die Rynse opleidingskool ingesluit het, aan die Binnelandse Sending Sub-kommissie oorgedra word.[169] In dieselfde jaar is die eerste N.G. Sendingkerk-leraar beroep en eerwaarde J.N. van Zyl van Goudini het die beroep as leraar met ingang Janu=arie 1942 aanvaar.[170] Die nuwe pastoriepaar is op 16 Januarie 1942 deur eerwaarde Söhnge en sy kerkraad verwelkom en op dieselfde dag het eerwaarde Söhnge en sy gesin afskeid van die kerk geneem en na Somer=set-Strand vertrek.[171] So het 'n era in die geskiedenis van eerwaar=de Söhnge in Worcester ten einde geloop.

Heinrich Söhnge is op 10 Julie in Siegen, Duitsland gebore. Nadat hy skool verlaat het, het hy by 'n sakeonderneming as klerk gewerk en moes hy die verpligte militêre opleiding ondergaan. Sy opleiding as sendeling het hy by die Rynse Sending-Instituut in Wuppertal-Barmen ontvang. Behalwe onderrig in teologie moes hy ook 'n beperkte hoeveel=heid mediese kennis opdoen.[172] Nadat Söhnge hom as sendeling bekwaam het, is hy in 1906 na Suid-Afrika gestuur en sy eerste standplaas was Worcester. Na 'n kort tydperk van diens is eerwaarde Söhnge na De Doorns gestuur, waarna hy terugkeer na Worcester en vanaf begin 1913 is hy in Saron gestasioneer waar hy vir 9 jaar gewerk het. Met ingang 1922 is eerwaarde Söhnge andermaal in Worcester waar hy vir 20 jaar verantwoordelik was vir die geestelike en materiële versorging van die Rynse gemeente.[173] Die evangeliste wat die mense op die nabyge=leë plase bearbei het, is deur eerwaarde Söhnge self opgelei. Hy het

http://etd.uwc.ac.za/

na die welsyn van veral die opleidingskool, wat aan sy sorg as bestuurder toevertrou is, met die grootste toewyding om= gesien. Eerw. Söhnge het die kerkraad en skool deur onstuim= ige tye gelei en aan die einde van sy loopbaan was hy die leidende figuur wat die Rynse gemeente in die pastorale sorg van die N.G. Sendingkerk geplaas het. Dit is ook gepas dat die Rynse Opleidingskool 'n naamverandering[174)] ondergaan het en voortaan as die Opleidingskool Söhnge bekend sou staan.[175)] In 1944 het die herdopingsplegtigheid van die opleidingskool plaasgevind.[176)]

### 4.2.15 Die opleidingskool doen afstand van sy primêre en sekondêre afdelings

Die uitbreidings wat na die eerste paar jaar van die opleiding= skool se bestaan plaasgevind het, kon in geen mate tred hou met die aanwas van die leerlingtal oor die jare nie. Nadat die twee addisionele klaskamers in 1938 aangebou is, en die moontlikheid van enige verdere uitbreidings nie meer bestaan het nie,[177)] is die beskikbare klaskamerruimte en fasiliteite van die opleidingskool tot die alleruiterste beproef. Die opleidingskool kon later nie meer die luukse van 'n wetenskap= kamer, 'n naaldwerkkamer en 'n biblioteek bekostig nie. Hierdie lokale moes noodgedwonge as gewone klaskamers gebruik word, terwyl die naaldwerk op die stoep en vloer gedoen moes word. Vir die 3 st.6-klasse moes ander akkommodasie gesoek word. Een st.6-klas is in 'n gehuurde saal van die Independent Order of True Templars gehuisves en twee seksies in 'n gebou wat voor= heen as stalle[178)] vir die munisipaliteit gedien het.[179)] Die twee kleedkamers is ook vir ander doeleindes gebruik. In een van die kleedkamers het die houtwerkonderwyser die modelle van sy leerlinge en studente geberg en die ander kleedkamer is in= gerig vir die onderrig van naaldwerk asook die vertoning van strokiefilms.

http://etd.uwc.ac.za/

In 'n kleiner kamer is die leermiddels van die studente geberg.[180)]
In 1974 het die kerkraad besluit om aansoek by die departement te doen om aan die sekondêre afdeling van die opleidingskool hoërskoolstatus toe te ken. Om die kerkraad se aansoek te steun, is 'n deputasie wat bestaan uit die skoolbestuurder, die prinsipaal en drie kerkraadslede, afgevaardig om die Superintendent-Generaal van Onderwys oor hierdie aangeleentheid te spreek.[181)] Ongelukkig kon hierdie onderhoud met die Superintendent-Generaal van Onderwys nie toegestaan word nie, aan=gesien laasgenoemde op 13 Junie 1947 na die buiteland vertrek het.[182)] Benewens hierdie teleurstelling het die departement die kerkraad ook meegedeel dat hul aansoek nie goedgekeur is nie.[183)]

Hierdie terugslae het die kerkraad allermins gestuit om na ander moontlike oplossings vir die verkryging van hoërskoolstatus op Worcester te soek. In 1948 het die kerkraad aansoek om die oprigting van 'n nie-sektariese hoërskool te Worcester, gedoen.[184)] Die departement was die aansoek goedgesind en sou die oprigting van 'n hoërskool steun mits die opleidingskool bereid sou wees om afstand van sy st.6-, 7- en 8-klasse sou doen,[185)] en 'n kleurlingonderwyskomitee vir die Worcester distrik gestig sou word.[186)]

Na die kleurlingonderwyskomitee in die lewe geroep is, het hulle die kerkraad met die voorstel genader om die bestaande geboue van die Söhnge Opleidingskool aan die departement oor te dra sodat dit as 'n hoërskool gebruik kon word.[187)] Die kerkraad het hierdie voorstel egter van die hand gewys.[188)] 'n Ander versoek aan die kerkraad om 'n gedeel=te van die opleidingskool te gebruik om die voorgestelde hoërskool tydelik te huisves indien die departement sy goedkeuring daartoe sou verleen, is om praktiese redes insgelyks verwerp.[189)]

Die kleurlingonderwyskomitee het neitemin voortgegaan met hul onder=handelinge met die munisipaliteit totdat laasgenoemde op 27 April 1951 sy voorneme om die stuk grond, 6,0632 hektaar groot, aan die suidekant van Buitenkantstraat vir skooldoeleindes aan die kleurlingonderwys=komitee vir die bedrag van £ 1.0.0 te verkoop.[190)] Die opmeting van die grond het in Julie 1952 plaasgevind en in Junie 1955 is 'n argitek aangestel om die planne vir die nuwe hoërskool op te trek. Op 8 Septem=ber 1955 is die tekeninge by die Provinsiale Sekretaris ingedien en die

http://etd.uwc.ac.za/

beraamde koste om die skool op te rig sou £ 60 000 beloop. Die kleurlingonderwyskomitee is intussen afgeskaf en die skoolraad moes met die saak voortgaan.[191]

In 1959 is daar met die oprigting van die hoërskool begin en aan die einde van 1960 is die projek afgehandel. Aan die begin van 1961 het die opleidingskool afstand van sy st.6-, 7- en 8-klasse gedoen en saam met die leerlinge is die volgende leerkragte na die nuwe hoërskool oorgeplaas: mnre. T.J. Abra=hams, M. Anyster, E. Crotz, J. Davids, I. February, J. Heradien, J.D. Johnson, I Saunders, T.G. Smith, mej. M. Cupido en mev. R.R. Verhoog.[192]

Die verhuising van nagenoeg 420 leerlinge het vir die opleiding=skool veel meer beweegruimte gelaat om sy studente behoorlik te huisves. Van die klaskamers kon toe ingerig word om as biblio=teek, kuns- en naaldwerklokale te dien.

## 4.3 Tydperk van Konsolidering (1961 - 1982)

Na 30 jaar kon die Opleidingskool Söhnge met ingang Januarie 1961 weer eens 'n tydvak as 'n volwaaardige opleidingskool binnegaan. Die verwydering van die primêre en sekondêre klasse van die opleidingskool, het beteken dat voortaan volle aandag aan die opleiding van onderwysers bestee kon word.

### 4.3.1 Beheer

Die Opleidingskool Söhnge is 'n staatsondersteunde inrigting en was vanaf die beginjaar onder die beheer van die Provinsiale Administrasie. Die aanbeveling van die Kaapse Nasionale Party in 1956 dat die beheer van kleurlingonderwys vanaf die Provinsiale Administrasie na die Regering oorgedra word en wat deur die Kaapse Provinsiale Administrasie in 1957 geëndosseer is,[193] het gelei tot Wet nr. 47 van 1963 wat kleurlingonderwys met ingang Januarie 1964 as 'n afdeling onder die Departement van Kleurling=sake geplaas het.[194] Die departement het in 1969 'n naamver=andering ondergaan en daarna as die Administrasie van Kleurling=sake bekend gestaan.[195] In 1981 is die naam van die beherende

http://etd.uwc.ac.za/

onderwysliggaam na die Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake) verander.[196] Op plaaslike vlak is die beheer van die opleidingskool in die hande van die skoolbestuurder

4.3.2 Personeel

Die vermindering van die opleidingskool se inskrywing met 'n totaal van nagenoeg 420 het in 1961 'n ooreenstemmende vermindering van die personeel teweeggebring. Waar die skool in 1960 'n perso= neel van 17 leerkragte nodig gehad het om die onderrig van 543 leerlinge en studente te behartig, was 'n personeel van slegs 7 leerkragte in die jaar daarna blykbaar voldoende vir die oplei= ding van studente.

Die volgende persone het in 1961 in die personeel van die Oplei= dingskool Söhnge gedien: mnr. C.M. Kleintjes, mev. M. Abrahams, mnr. C. Abrahams, mej. C. Africa, mnre. P.J. Gordon, J.R. van Noie en E.A. Voigt. Die enigste leerkrag van hierdie personeel wat nog steeds aan die opleidingskool verbonde is, is mev. M. Abrahams. Mnr. J. Heradien wat in 1961 na die nuwe hoërskool oorgeplaas is, het hom weer in 1968 by die opleidingskool aange= sluit en is sedertdien een van die personeellede. In 1967 het mnr. P. Gordon die lewe gelaat en in 1979 is mnr. R. van Noie begrawe. Mnr. C. Abrahams is in 1967 as prinsipaal van die middelbare skool Langeberg aangestel, maar is in 1978 oorlede. Mej. C. Afrika het in 1978 en mnr. E.A. Voigt in 1979 afgetree.

Die prinsipaal, mnr. C.M. Kleintjes, wat die skool die lang= ste gedien het - 10 jaar as onderwyser en 25 jaar as prinsipaal - het aan die einde van 1976 die tuig neergelê. In 1977 het mnr. D. Kennedy die prinsipaalpos van die Opleidingskool Söhnge oor= geneem. Mnr. Kennedy se verbondenheid aan die opleidingskool was maar kortstondig, want in 1980 is hy in die inspektoraat opgeneem. Sedert 1980 is mnr. Kennedy se opvolger, mnr. D. Dirkse, die prinsipaal van die opleidingskool. Die personeel wat in 1982 aan die opleidingskool verbonde is, word in Tabel XLI aangedui:

http://etd.uwc.ac.za/

TABEL XLI [197)]

DIENSDOENDE LEERKRAGTE VERBONDE AAN DIE OPLEIDINGSKOOL SÖHNGE VIR 1982

| Pos | Pligte |
|---|---|
| Prinsipaal | |
| mnr. D. Dirkse | Administrasie - Afr. vir 2de jaars |
| Assistente | |
| mev. M.C. Abrahams | Liggaamlike opvoeding vir 2de en 3de jaars; Gesondheidsleer vir 2de jaars |
| mnr. I.P.M. Carelse | Afr. vir 3de jaars; spraak & drama |
| mev. A.M. de Silva | Musiek vir 3de jaars; vakmeto= diek vir 2de jaars |
| mev. G. Fortuin | Vakmetodiek vir 3de jaars; klasonderwys |
| mnr. J. Heradien | Engels vir 3de jaars; Boekop= voeding |
| mnr. C.M. Kleintjies | Beginsels van opvoedkunde vir 'n deel van die 3de jaars; Engels vir 2de - 3de jaars |
| mev. I.J. Murray | Wisk. vir 2de jaars; Aard. vir 2de jaars |
| mnr. B.H. West | Kuns vir 2de en 3de jaars |
| mnr. M. Willemse | Beginsels van opvoedkunde vir 2de jaars; Wetenskap vir 2de jaars |
| Klerklike hulp [198)] | |
| mej. M.E. Hartman | Tikwerk & liassering van ampte= like stukke |

Die pos van departementshoof wat deur mnr. R.T. September beklee word, is eers in 1977 vir die opleidingskool geskep. Voordat mev. de Silva in 1980 by die personeel aangesluit het, was die vak musiek deur mnr. M. Kannemeyer wat aan die N.G. Oefenskool verbonde is, onderrig. Mev. Abrahams het vir 'n tyd lank liggaamlike opvoeding= lesse ook aan leerlinge van die N.G. Oefenskool gegee, maar met in= gang van 1977 is sy voltyds betrokke by die werksaamhede van die op= leidingskool.

http://etd.uwc.ac.za/

### 4.3.3 Inskrywing

Die verskuiwing van die primêre en sekondêre afdelings na die nuwe hoërskool, het die opleidingskool met genoeg klas= ruimte vir al sy behoeftes gelaat. Die skoolgebou het be= staan uit agt klaskamers (waarvan vier deur die st.1-klasse van die N.G. Voorbereidende Skool gebruik is), 'n skoolsaal wat ook as gimnasium gedien het, 'n naaldwerkkamer, 'n kuns= kamer, 'n demonstrasielokaal, 'n biblioteek en 'n kamer waarin leermiddels bewaar was, twee personeelkamers, 'n boekekamer en ander bergplek vir skooluitrusting. Die skool kon 'n groter inskrywing handhaaf om maksimum gebruik van die besik= bare fasiliteite te maak. Die aantal studente wat vir die tydperk 1961 - 1976 by die opleidingskool ingeskryf is, word in Tabel XLII weergegee:

TABEL XLII 199)

INSKRYWING VAN DIE OPLEIDINGSKOOL SÖHNGE VIR DIE TYDPERK 1961 - 1976

| Jaar | Aantal studente | | Totaal |
|---|---|---|---|
| | 1ste jaar | 2de jaar | |
| 1960 | 54 | 59 | 113 |
| 1961 | 59 | 55 | 114 |
| 1962 | 68 | 59 | 127 |
| 1963 | 67 | 72 | 139 |
| 1964 | 69 | 66 | 135 |
| 1965 | 67 | 72 | 139 |
| 1966 | 72 | 67 | 139 |
| 1967 | 74 | 70 | 144 |
| 1968 | 72 | 76 | 148 |
| 1969 | 76 | 71 | 147 |
| 1970 | 110 | 76 | 186 |
| 1971 | 109 | 104 | 213 |
| 1972 | 145 | 105 | 250 |
| 1973 | 147 | 142 | 289 |
| 1974 | 145 | 148 | 293 |
| 1975 | 147 | 139 | 186 |
| 1976 | 143 | 136 | 279 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

In 1960 was die sekondêre en primëre afdelings nog deel van die opleidingskool en in daardie jaar was die inskrywing van die op= leidingsafdeling 113. Vanaf 1961 het die studentetal geleidelik gestyg totdat dit 'n totaal van 293 in 1974 bereik het. Die in= skrywing het 'n afname in die daaropvolgende twee jaar (286 in 1975) en 279 in 1976) getoon. Vanaf 1961 tot en met 1969 het die oplei= dingskool 'n gemiddelde inskrywing van 69,3 en 67,5 vir die eerste en tweede jaar van die L.P.O.S.-kursus onderskeidelik gehandhaaf. Met ingang van Januarie 1970 is 'n addisionele L.P.O.S.-klas aan die opleidingskool toegeken.[200)] Dit het meegebring dat die gemiddel= de inskrywing van die eerstejaarstudente tot 135,1 vir die tydperk 1970 - 1976 gestyg het en die gemiddelde inskrywing vir die tweede= jaars vir die ooreenstemmende tydperk, tot 121,4. In die onder= staande tabel word 'n aanduiding van die inskrywings vir die tydperk 1977 - 1982 gegee:

TABEL XLIII [201]

INSKRYWING VAN DIE OPLEIDINGSKOOL SÖHNGE VIR DIE TYDPERK 1977 - 1982

| | L.P.O.S. | | J.P.O.S. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | 1ste jaar | 2de jaar | 1ste jaar | 2de jaar | 3de jaar | Tot. |
| 1977 | - | 120 | 134 | - | - | 254 |
| 1978 | - | - | 105 | 116 | - | 221 |
| 1979 | - | - | 70 | 93 | 98 | 261 |
| 1980 | - | - | 71 | 64 | 90 | 225 |
| 1981 | - | - | 49 | 65 | 61 | 175 |
| 1982 | - | - | - | 95 | 90 | 149 |

Die finalejaar-studente van die ou L.P.O.S.-kurus wat in 1977 uitgefaseer is, was slegs 120 in getal en die eerstejaarsklas van die nuwe J.P.O.S.-kursus het uit 134 studente bestaan. Na 1978, nadat dit bekend geword het dat onderwyseropleiding na st.8 afgeskaf sou word, het die inskry= wing van die skool gedaal.

http://etd.uwc.ac.za/

In 1979 het 105 studente vir die eerste jaar van die J.P.O.S.-kursus ingeskryf, terwyl in 1981 die inskrywing tot 49 gedaal het. Uiteraard is geen eerstejaarstudent in 1982 ingeskryf nie.

Persone wat alreeds die ou Laer Primêre Onderwys-Sertifikaat ver=werf het, kon die derdejaar van die J.P.O.S.-kursus volg, indien hulle sou begeer om hul kwalifikasies te verbeter. 'n Aantal diens=doende leerkragte het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om hulle vir die kursus in te skryf nadat die departement aan hulle die nodige verlof toegestaan het. Tabel XLIV dui aan die aantal diensdoende leerkragte wat in die tydperk 1979 - 1982 by die oplei=dingskool aangesluit het:

TABEL XLIV [202]

INSKRYWING VAN DIENSDOENDE LEERKRAGTE VIR DIE DERDEJAAR VAN DIE J.P.O.S.-KURSUS AAN DIE OPLEIDINGSKOOL SÖHNGE

| Jaar | Aantal studente |
|---|---|
| 1979 | Geen |
| 1980 | Geen |
| 1981 | 3 |
| 1982 | 30 |

Uit die bestudering van die tabel kom die volgende feite aan die lig:

In 1979 en 1980 het geen diensdoende leerkragte hulle vir die derde jaar van die J.P.O.S.-kursus ingeskryf nie, maar in 1981 is belangstelling getoon en het daar 3 diensdoende leerkragte die geleentheid te baat geneem om hierdeur hul kwalifikasies te verbeter. In 1982 het die inskrywing op 30 gestaan.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

### 4.3.4 Kursus

Met ingang Januarie 1977 is 'n kursus vir 'n driejarige Junior Primêre Onderwysersertifikaat, wat die ou tweejarige kursus vir die Laer Primêre Onderwysersertifikaat (L.P.O.S.) ver= vang het, ingestel. Hierdie nuwe kursus, net soos die vorige L.P.O.S.-kurus, was uitsluitlik vir die opleiding van dames wat in besit van 'n erkende st.8-sertifikaat was, bestem. Aan die einde van 1977 het die laaste groep studente die L.P.O.S.-kursus voltooi en aan die einde van 1979 het die eerste groep studente vir die Junior Primëre Onderwysersertifkaat afgestu= deer. Dit het die besitters van laasgenoemde sertifikate in staat gestel om in die junior primêre klasse (dit wil sê substanderd A tot st.2) onderrig te gee.[203)]

### 4.3.5 Die Söhnge koshuis

Die hoofdoel vir die oprigting van 'n opleidingskool te Worcester was om opleidingfasiliteite aan die studente van die Boland en omstreke beskikbaar te stel. Die werklikheid het egter bewys dat studente feitlik vanaf dwarsoor Kaapland en selfs uit Suidwes-Afrika na die opleidingskool gekom het. Onderstaande tabel dui aan die plekke waarvandaan die studente na die oplei= dingskool gekom het:

TABEL XLV [204)]

INSKRYWING VAN STUDENTE VAN ANDER PLEKKE IN DIE RYNSE OPLEIDINGSKOOL VIR DIE TYDPERK 1929 - 1933

| Plek | 1929 | 1930 | 1931 | 1932 | 1933 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Artois | 1 | - | - | 2 | - | 3 |
| Alicedale | - | - | - | 1 | - | 1 |
| Ashton | - | - | - | - | 1 | 1 |
| Blanco | 2 | 1 | - | 6 | - | 9 |
| Britstown | 1 | - | 1 | - | 1 | 3 |
| Beaufort-Wes | 1 | 2 | 3 | 1 | 1 | 8 |
| Brandvlei | - | - | - | 1 | - | 1 |
| Bonnievale | - | - | - | - | 1 | 1 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

| Plek | 1929 | 1930 | 1931 | 1932 | 1933 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bredasdorp | 1 | – | – | – | – | 1 |
| Calvinia | – | – | – | 2 | 2 | 4 |
| Carnarvon | 6 | 6 | 4 | 3 | 2 | 21 |
| Ceres | – | 1 | 1 | 2 | – | 4 |
| Clanwilliam | 1 | – | 2 | – | – | 3 |
| Colesberg | – | – | – | 1 | – | 1 |
| Concordia | 1 | 1 | 1 | 3 | 2 | 8 |
| Dysselsdorp | – | – | 1 | 1 | – | 2 |
| De Aar | – | – | 2 | 1 | – | 3 |
| Drew | – | – | – | 1 | – | 1 |
| De Doorns | – | 1 | 3 | 1 | – | 5 |
| Danielskuil | – | – | – | 1 | – | 1 |
| Darling | – | – | – | – | 1 | 1 |
| George | – | 1 | – | 1 | – | 2 |
| Groot-Drakenstein | – | – | – | – | 1 | 1 |
| Grootbrakrivier | – | – | – | – | 1 | 1 |
| Humansdorp | – | – | – | 1 | – | 1 |
| Hope Town | – | 1 | – | – | – | 1 |
| Kaapstad | – | – | – | – | 1 | 1 |
| Klipdam | – | – | 1 | – | – | 1 |
| Kenhardt | – | – | 1 | – | – | 1 |
| Knysna | – | 1 | – | 1 | 1 | 3 |
| Ladismith | 2 | – | – | 4 | – | 6 |
| Laingsburg | 1 | – | 1 | 1 | – | 3 |
| Malmesbury | – | 2 | – | – | – | 2 |
| McGregor | 3 | – | 1 | – | – | 4 |
| Moravia | 2 | – | 1 | 1 | 1 | 5 |
| Morreesburg | – | – | – | 1 | – | 1 |
| Mosselbaai | 2 | – | 4 | 1 | 1 | 8 |
| Oudtshoorn | – | – | 1 | 1 | – | 2 |
| Orchard | 1 | – | 2 | 2 | – | 5 |
| Osplacts | – | – | 1 | – | – | 1 |
| Port Elizabeth | – | 1 | – | – | – | 1 |
| Prieska | – | 1 | – | 1 | – | 2 |
| Riversdal | – | 2 | 2 | 2 | – | 6 |
| Robertson | 3 | – | 2 | 2 | 1 | 8 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

| Plek | 1929 | 1930 | 1931 | 1932 | 1933 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Saron | - | 1 | - | 2 | - | 3 |
| Steinkopf | 1 | - | 1 | - | 1 | 3 |
| Steinsberg | - | - | - | 3 | - | 3 |
| Swellendam | - | - | - | - | 1 | 1 |
| Tulbagh | 4 | - | 1 | 1 | - | 6 |
| Transkei | 1 | - | 1 | - | - | 2 |
| Victoria-Wes | - | - | 2 | - | - | 2 |
| Wolseley | 1 | - | 5 | 7 | 1 | 14 |
| Worcester | 35 | 6 | 14 | 19 | 19 | 93 |
| Zuurbraak | 1 | - | - | - | - | 1 |
| Suidwes-Afrika | - | - | - | - | - | - |
| | 69 | 28 | 60 | 78 | 40 | 268 |

Worcester was verantwoordelik vir die grootste aantal inskrywings (93) vir die tydperk 1929 - 33. Die nabyliggende dorpe soos Wolseley (14), Robertson (8), Tulbagh (6) en Orchard (5) het ook 'n aansienlike aan= tal studente opgelewer. Vanaf verder geleë plekke soos Carnarvon (21), Beaufort-Wes (8) en Ladismith (5) het 'n gestadige toevloei van studente gekom. Concordia (8) in Namakwaland het vir 'n gereelde inskrywing van studente vir die onderhawige tydperk gesorg. Twee swart studente uit die Transkei het ook hul opleiding by die Rynse Opleidingskool ontvang.

Dit was die plig van die Raad van Bestuur van die kerk[205)] om geskik= te losies vir die leerlinge en studente wat van elders kom, te reël. Seuns en dogters is in afsonderlike losieshuise gehuisves en selfs nie eens broers en susters was toegelaat om in dieselfde huis te loseer nie.[206)] Studente kon slegs by huise inwoon wat deur die Raad van Bestuur goedgekeur is en slegs van losiesplek verander as die Raad van Bestuur hul nadruklike toestemming daartoe verleen het. Ver= der moes die kosgangers hulle aan die skoolreëls wat van toepassing op kosgangers en die dissipline van die losieshuise waarin hulle woon= agtig was, onderwerp.[207)] Die losieshuise was gereeld deur die prin= sipaal en sy personeel besoek.[208)]

http://etd.uwc.ac.za/

Die reëling en plasing van studente in private huise het nie sonder probleme vir die Raad van Bestuur van die kerk verloop nie. Ge= skikte losieshuise kon nie altyd bekom word nie.[209] en so ook kon die losiesouers nie altyd ten opsigte van die losiesgeld wat aan hulle betaal moes word, tevrede gestel word nie.[210] Alreeds in 1932 het die Inspekteur van Opleidingskole die mening gehuldig dat die opleidingskool enersyds en die studente andersyds baie sou baat as 'n koshuis vir studente opgerig sou kon word.[211] Aan= gesien 'n aansoek om departementele huurtoelae vir die daarstelling van 'n koshuis, en die bedinging by die munisipaliteit vir 'n geskik= te stuk grond vir die oprigting van sodanige koshuis 'n lang tyd sou duur, is die kerkraad aangeraai om 'n huis wat voorheen deur die kerk aangekoop is, vir die huisvesting van nagenoeg 30 manstudente te rig.[212]

Van hierdie gedagte het egter niks gekom nie en die kerkraad het aan= soek om addisionele grond vir verdere uitbreiding by die munisipali= teit gedoen.[213] Die aansoek is goedgekeur en 3 morge grond aan die suidekant van die skool is gratis op sekere voorwaardes aan die kerk= raad afgestaan.[214]

Die kerkraad het in daardie stadium nie oor voldoende middele beskik om self die oprigting van 'n koshuis te finansier nie, veral nadat die kerkraad die opleidingskool met al sy uitbreidings, en die Oefenskool tot stand gebring het,[215] en die departement nog minder in staat was om enige finansiële hulp te verleen.

Die kerkraad moes na 'n ander uitweg soek en toe wyle David J. Hartzen= berg se eiendom in die mark gekom het, het die kerkraad dadelik moeite gedoen om dié eiendom vir koshuisfasiliteite te bekom.[216] 'n Lening vir die transaksie is by die African Trust Maatskappy Worcester ver= kry en ouderling J. Fransman het as koper vir die kerkraad opgetree.[217]

Instede van die verkreë eiendom vir die doel waarvoor dit aangekoop is aan te wend, het die kerkraad die huis asook die tuingrond aan private mense verhuur.[218] Later het die kerkraad die moontlikheid ondersoek om die munisipale grond grensende aan die noordekant van die opleiding= skool en wat die skutkraal ingesluit het, vir die oprigting van 'n kos=

http://etd.uwc.ac.za/

huis te bekom.[219] Die stadsraad het hierdie versoek verwerp. 'n Nuwe voorstel om die pastorie in Hoogstraat vir die behuising van kosgangers in te rig, is by die kerkraad ingedien. Soos die vorige ondernemings, het hierdie voorstel ook deur die mat geval.

Die kerkraad het die pogings om die studente van elders behoorlik in 'n koshuis geakkommodeer te kry,onverpoosd voortgesit. In 1960 het die eerste deurbraak gekom. In daardie jaar het die departement die oprigting van 'n koshuis vir dames in beginsel goedgekeur.[220]

Die finale goedkeuring vir die oprigting van 'n koshuis op kerkgrond, het egter by die Kommissie van Toesig en Kontrole van die Sending= kerk in Suid-Afrika berus en die aansoek kon oorweeg word nadat die kerkraad die voorwaardes en die aard van finansiële ondersteuning van die Onderwysdepartement by die Kommissie ingedien het.[221] Die Kommissie het die daarstelling van die voorgestelde koshuisgeriewe vir die opleidingskool ondersteun. Die koshuis sou volgens die plan wat deur die argitekte Munnik, Visser en Block opgestel is,[222] op die grond wat eers aan wyle David Hartzenberg behoort het, naamlik erf nommer 4046 te Greystraat, gebou word.

Aanvanklik is besluit om aansoek om 'n lening van R120 000 teen 'n rente= koers van 6½% oor 'n delgingstydperk van 30 jaar by die A.M. Trust Be= perk vir die oprigting van die koshuis, te doen. Die departement sou finansiële hulp in die vorm van 'n huurtoelae teen 8% wat op die oprig= tingskoste bereken is, verleen nadat die gebou voltooi is en in gebruik geneem kon word.[223] Later het die departement onderneem om self 'n lening van hoogstens R120 000 teen 'n rentekoers van 5½% rente per jaar en wat oor 'n tydperk van 40 jaar terugbetaalbaar was, aan die kerkraad toe te staan.

Die grond waarop die koshuis tot stand gebring sou word, moes op die naam van die Onderwysdepartement getransporteer word.[224] Die pro= vinsiale sekretaris en die S.G.O. is kragtens artikel 193 van Ordinan= sie nr. 20 van 1956 as die onderwystrustees aangewys.[225] Hertrans= portering van die grond op die naam van die kerkraad sou alleenlik na 40 jaar, wanneer die leningskuld gedelg sou wees, geskied.[226]

http://etd.uwc.ac.za/

Uit 'n totaal van 15 is die tender vir die bedrag van R99 525 van mnr. D. Cupido aanvaar.[227] Mnr. A.J. van der Westhuizen, 'n gewese bouinspekteur van die Munisipaliteit van Worcester het as bouopsig= ter opgetree.[228] Op 17 September 1962 is daar met die bouwerk begin. Volgens die kontrakdatum moes die skema op 5 Julie 1963 voltooi wees,[229] maar dit het gebeur dat die koshuis eers 3 maande later oorhandig kon word en toe ook nie heeltemal voltooi nie.

Die kerkraad het om 'n rentelose voorskot van hoogstens R11 600 vir die aankoop van ameublement en toerusting vir die koshuis by die departement gedoen. Die voorskot sou deur 40 gelyke kwartaallikse paaiemente van die studiebeurse wat aan studente uitbetaal is, ver= haal word.[230] Die skoolbestuurder, eerw. W.M. Steenkamp, het eers 'n dieetkundige, mej. Robertson geraadpleeg in verband met die keuse van toerusting voordat enige aankope aangegaan is.[231]

Die koshuis het met ingang van 1964 sy deure vir die eerste keer vir damestudente oopgemaak. Die koshuis kon 'n maksimum van 93 studente akkommodeer. Dit het beskik oor 'n eetsaal, kombuis en studiesaal vir 100 studente, woonkwartiere vir die superintendent en sy gesin, vir die matrone en 2 assistent-matrones, vir 4 inwonende leerkragte, was-, bad- en toiletgeriewe vir die kosgangers en inwonende personeel, 'n siekekamer, was- en strykkamers, kwartiere vir die bediende met was- en toiletgeriewe, 'n motorhuis vir die superintendent en pakkamers. Die koshuis was ideaal geleë, regoor die opleidingskool.

Die sekerheid dat 'n koshuis vir die studente van die opleidingskool in die nabye toekoms opgerig sou word, sou heelwat verligting vir die skool bring, veral as in gedagte gehou word die talle probleme wat met privaatlosies saamgehang het. Die koshuis soos die oplei= dingskool sou ook na eerw. H. Söhnge vernoem wees.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

4.3.5.1 Koshuis-personeel

Die verantwoordelikheid van die koshuis het gerus op die superintendent wat ook die skakel tussen die ouers en die opleidingskool was. Die matrone was ondergeskik aan die superintendent en haar verantwoordelikheid was om toe te sien dat die organisering van werk vir die drie afdelings, naamlik die was-, skoonmaak- en kombuisafdeling glad verloop. Die matrone was verantwoordelik vir die voorrade van die koshuis en alle bestellings is deur haar gedoen. Die ver= pleging en versorging van siek studente was 'n plig wat ook aan die matrone opgelê is. Verder was die matrone verant= woordelik vir die toesighouding oor die algemene aktiwiteite van die koshuis. Die pos van superintendent en matrone is deur die prinsipaal, mnr. C.M. Kleintjes, en sy eggenote beklee vandat die koshuis geopen is totdat mnr. Kleintjes aan die einde van 1976 afgetree het.

Die koshuis-personeel bestaan uit een kok, vyf skoonmakers en een manspersoon wat tuin- en los werkies doen. Die super= intendent het nie van die dienste van addisionele toesighouers gebruik gemaak nie en derhalwe was daar nooit inwonende onder= wysers in die koshuis nie.

Vir die 3 jaar-tydperk wat mnr. D. Kennedy as prinsipaal aan die Söhnge Opleidingskool verbonde was, het hy ook die kos= huis onder sy beheer gehad. Na mnr. Kennedy het sy opvolg= er, mnr. D. Dirkse, slegs vir die eerste twee jaar (1980 - 1981) as superintendent opgetree. Die kerkraad het mev. M. Carolus met ingang van Januarie 1982 as beide superintendent en matrone aangestel.

Vir die eerste keer is 'n nie-doserende persooneellid met die verantwoordelikheid van superintendent toevertrou en 'n kos= huiskomitee aangestel om die mede-verantwoordelikheid van die koshuis te dra.

http://etd.uwc.ac.za/

4.3.5.2 Bedieningsgebied

Nie net studente uit die natuurlike bedieningsgebied is in die koshuis toegelaat nie. Studente uit alle oorde is in die koshuis Söhnge gehuisves. Die plekke vanwaar die studente in 1964 gekom het word in onderstaande tabel weer=gegee:

TABEL XLVI [232)]

DIE PLEK VAN HERKOMS EN AANTAL STUDENTE WAT IN 1964 BY DIE OPLEIDINGSKOOL INGESKRYF WAS

| Plek | Aantal kosgangers |
|---|---|
| Britstown | 1 |
| Beaufort-Wes | 3 |
| Caledon | 1 |
| Ceres | 3 |
| Colesberg | 1 |
| Concordia | 1 |
| Cradock | 1 |
| De Aar | 1 |
| Daniëlskuil | 1 |
| Garies | 3 |
| Genadendal | 2 |
| George | 2 |
| Goedverwacht | 1 |
| Groot-Aub | 1 |
| Humansdorp | 2 |
| Hanover | 1 |
| Hugenot | 1 |
| Kaapstad | 1 |
| Kenhardt | 1 |
| Ladysmith | 2 |
| Laingsburg | 3 |
| Lambertsbaai | 2 |
| Malmesbury | 1 |
| McGregor | 2 |
| Montague | 3 |
| Moravia | 2 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

| Plek | Aantal kosgangers |
|---|---|
| Moreesburg | 2 |
| Mosselbaai | 1 |
| Murraysburg | 1 |
| Noupoort | 1 |
| Namakwaland | 2 |
| Naauwpoort | 2 |
| Oudtshoorn | 10 |
| Oos-Transvaal | 1 |
| Paarl | 3 |
| Port Elizabeth | 1 |
| Prins Albert | 2 |
| Plettenbergbaai | 1 |
| Rawsonville | 1 |
| Riversdal | 1 |
| Robertson | 4 |
| Riebeeck-Wes | 1 |
| Steinkopf | 4 |
| Stellenbosch | 5 |
| Strand | 2 |
| Touwsrivier | 1 |
| Transkei | 1 |
| Upington | 3 |
| Tsolo | 1 |
| Van Rhynsdorp | 1 |
| Villiersdorp | 1 |
| Vredendal | 2 |
| Wellington | 13 |
| Williston | 1 |
| Wolseley | 1 |
| Worcester | 18 |
| Suidwes-Afrika | 3 |
| TOTAAL | 135 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Slegs 18 studente was plaaslik, terwyl 117 studente van elders gekom het. Van hierdie 117 buitestudente, is 86 in die koshuis opgeneem en vir die orige 31 moes alternatiewe losiesgeriewe gevind word. Drie studente van Suidwes-Afrika was ook by die skool ingeskryf. Die keur= ing van studente vir die koshuis is die uitsluitlike verantwoordelik= heid van die superintendent.

Die aantal loseerders vir elk van die betrokke jare vir die tydperk 1961 - 1976, word in Tabel XLVII aangedui:

TABEL XLVII [233)]

GETAL LOSEERDERS IN DIE KOSHUIS EN PRIVATE WONINGS VIR DIE TYD= PERK 1961 - 1976 EN 1982

| Jaar | Aantal kosgangers | Aantal private loseerdes | Aantal studente van S.W.A. |
|---|---|---|---|
| 1961 | - | 99 | 5 |
| 1962 | - | 110 | 5 |
| 1963 | - | 115 | 2 |
| 1964 | 86 | 30 | 3 |
| 1956 | 93 | 30 | - |
| 1966 | 92 | 13 | - |
| 1967 | 91 | 18 | - |
| 1968 | 93 | 30 | - |
| 1969 | 93 | 29 | - |
| 1970 | 93 | 48 | - |
| 1971 | 93 | 73 | - |
| 1972 | 93 | 109 | 13 |
| 1973 | 93 | 134 | 17 |
| 1974 | 93 | 142 | 13 |
| 1975 | 93 | 136 | 7 |
| 1976 | 93 | 144 | 8 |
| 1982 | 80 | 37 | 5 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Uit die statistiek kan afgelei word dat die koshuisfasiliteite elke jaar nie ten volle benut is nie. In die eerste bestaansjaar van die koshuis is slegs 86 studente gehuisves en in 1982 was daar 80 kosgangers. Die getal studente en hulle plekke van herkoms word in Tabel XLVIII hieronder getoon:

TABEL XLVIII [234)]

KOSGANGERS IN 1982 EN HUL PLEKKE VAN HERKOMS

| Plek | Aantal studente |
|---|---|
| Albertina | 2 |
| Ashton | 1 |
| Beaufort-Wes | 3 |
| Bonnievale | 1 |
| Botrivier | 1 |
| Bredasdorp | 4 |
| Calvinia | 1 |
| Ceres | 1 |
| Citrusdal | 1 |
| De Doorns | 1 |
| Frazerburg | 2 |
| Genadendal | 1 |
| Grabouw | 3 |
| Hawston | 2 |
| Hopefield | 1 |
| Johannesburg | 2 |
| Kaapstad | 1 |
| Klawer | 1 |
| Knysna | 1 |
| Koo | 1 |
| Laaiplek | 1 |
| Lamberstbaai | 1 |
| Middelburg | 1 |
| Mosselbaai | 6 |
| Niewsville | 1 |
| Noupoort | 1 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

| Plek | Aantal studente |
|---|---|
| Oudtshoorn | 5 |
| Paarl | 5 |
| Prins Albert | 1 |
| Riebeeck Kasteel | 1 |
| Rietpoort | 1 |
| Riversdal | 2 |
| Riviersonderend | 1 |
| Robertson | 3 |
| Springbok | 4 |
| St. Helenabaai | 2 |
| Swellendam | 1 |
| Touwsrivier | 3 |
| Tulbagh | 1 |
| Upington | 1 |
| Villiersdorp | 1 |
| Vredenburg | 1 |
| Vredendal | 1 |
| Wellington | 3 |
| Zoar | 1 |
| S.W.A. | 5 |
| | 80 |

Van Mosselbaai het die meeste (6) studente gekom.

4.3.5.3 Finansies

Die ouers van die studente is aanspreeklik gehou vir die betaling van die losiesgeld vir hul inwoning in die koshuis. Die losies=geld was kwartaalliks vooruitbetaalbaar. Die Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake) het egter hierdie finansiële plig van die ouers verlig deur beurse aan die studente toe te ken. Die studente se losiesgeld en enige ander skoolbe=nodigdhede wat deur hulle aangekoop is, is direk van hul beurs=gelde afgetrek. Nadat alle aftrekkings gemaak is, is die saldo

http://etd.uwc.ac.za/

aan die studente uitbetaal. In Tabel XLIX word die beurs- en losiesgelde wat in vir die tydperk 1964 - 1982 aan studente uitbetaal is asook die losiesgeld wat hulle aan die koshuis verskuldig was, weergegee:

TABEL XLIX 235)

BEURS- EN LENINGGELDE AAN STUDENTE BETAALBAAR VIR DIE TYDPERK 1964 - 1982

| Jaar | Beursgeld per jaar | Losiesgeld per jaar | Losiesgeld betaalbaar per jaar |
|---|---|---|---|
| 1964 | R90 | R90 | Onbekend |
| 1965 | R80 | R100 | Onbekend |
| 1966 | R80 | R100 | Onbekend |
| 1967 | R80 | R100 | R144 |
| 1968 | R200 | - | R144 |
| 1969 | R200 | - | R156 |
| 1970 | R200 | - | R156 |
| 1971 | R200 | - | R156 |
| 1972 | R200 | - | R160 |
| 1973 | R200 | - | R160 |
| 1974 | R250 | - | R180 |
| 1975 | R250 | - | R200 |
| 1976 | R250 | - | R200 |
| 1977 | R250 | - | R200 |
| 1978 | R250 | - | R240 |
| 1979 | R250 | - | R240 |
| 1980 | R325 | - | R280 |
| 1981 | R450 | - | R320 |
| 1982 | R450 | - | R450 |

In 1964 is beurs- en leninggeld van R90 elk aan die student toegeken. Na 1967 is slegs 'n beurs aan die studente uitbetaal. Die losiesgeld wat kosgangers moes betaal, het in 1967 'n bedrag van R144 per jaar beloop. Hierdie bedrag het oor die jare nie konstant gebly nie; in 1976 was die bedrag R200 en in 1982 R450.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die losiesgeld wat kwartaalliks ingevorder is,[236] is vir die bedryfskoste van die koshuis gebruik. Uit die koshuis=fonds is al die lewensmiddele en voorrade aangekoop, alle betalings gemaak en die koshuispersoneel, insluitende die matrone se salaris, betaal.[237] Die losiesgeld is van jaar tot jaar hersien en aangepas om voorsiening vir enige styg=ende bedryfskoste te maak. 'n Departementele huurtoelae is vir die instandhouding van die koshuis gebruik.[238]

As gevolg van die styging van die lewenskoste en inflasie was blykbaar probleme ondervind om die koshuis bloot uit die koshuisfonds te bestuur. Die bestuurder van die koshuis, mnr. Haas het die departement in 1981 in hierdie verband genader en die moontlike oorname van die Söhnge Koshuis deur die departement bespreek.[239] Die kerkraad was egter nie tevrede met die aanbod van die departement om die koshuis bloot met skuld en al oor te neem sonder enige vergoeding aan die kerk nie; vandaar die besluit van die kerkraad om die koshuis te behou en die finansies deur die koshuiskomitee[240] te admini=streer.

4.3.5.4 Huishoudelike reëls

'n Stel huishoudelike reëls wat die dissipline van die kosgangers bepaal het, en die benutting en waardering van die koshuis probeer beklemtoon, was vir die koshuis opgestel. Die superintendent is die persoon wat die dissipline handhaaf en hy word in sy taak deur prefekte bygestaan. Teen diegene wat enige van die koshuisreëls verontagsaam het,was die een of ander dissiplinêre stap gedoen. 'n Ongewilde tugmaatreël was om die dames in te hok. Vir 'n tydlank is die oortreders nie toegelaat om uit te gaan om besoeke by vriende te gaan aflê nie. Selfs hul inkopies moes deur ander kosgangers gedoen word.

Voor 1982 het die koshuis sonder 'n koshuiskomitee gefungeer en toe moes die superintendent, bygestaan deur die skoolbe=stuurder, alleen die belange van die inrigting behartig.

http://etd.uwc.ac.za/

In 1982 is 'n koshuiskomitee wat uit 15 lede bestaan, aangestel om die superintendent behulpsaam te wees om na die welsyn van die koshuis om te sien.

4.3.5.5 Uitstappies

As genoeg fondse beskikbaar was - die studente het self projekte ter invordering van fondse geloods - is uitstap= pies vir die finalejaarstudente wat by die koshuis inge= woon het na ander plekke gereël. In 1973 het die koshuis 'n uitstappie na Oudtshoorn en die Kongo-Grotte onderneem. Die superintendent en matrone, mnr. en mev. C.M. Kleintjes, asook 'n paar ander dosente het die uitstappie meegemaak.

4.3.6 Re-unies

Die gedagte om re-unies vir oud-studente te reël is gebore uit die opmerking wat mnr. Kleintjes in sy eerste jaar as prinsipaal van die Opleidingskool Söhnge aan sy finalejaar= studente van 1952 gemaak het. Die opmerking was: "Ek sal graag wil sien hoe julle oor twintig jaar lyk."

Een van die afgestudeerde studente in daardie klas, mnr. Ismael[241)] het blykbaar daardie woorde goed onthou want hy was verantwoordelik vir die beplanning van die eerste re-unie. Dit was maklik vir mnr. Ismael om met sy kollegas van 1952 kontak te maak aangesien hy 'n rondreisende verteenwoordiger van 'n Kaapse boekhandelaar was en sy werk hom derhalwe by feitlik almal waar hulle in hul onderskeie onderwysposte ge= staan het, gebring het. Met die oud-studente wat mnr. Ismael nie kon bereik nie, het hy óf telefonies óf skriftelik in verbinding getree. Die Administrasie van Kleurlingsake het hul ondersteuning gegee deur die adresse van oud-studente wat onderwysers is, te verstrek.

http://etd.uwc.ac.za/

Die plegtigheid het gedurende die skoolvakansie van September 1972 plaasgevind. Die tweede re-unie is in 1974 gehou en van die oud-studente wat in 1954 as leerkragte gekwalifiseer het, het die plegtigheid bygewoon.

Die derde re-unie in 1977 het 'n interessante program aangebied. 'n Komitee wat uit oud-studente bestaan het,[242)] was verantwoordelik vir die reëlings en organisering van die re-unie en hulle het die program opgestel. Die plegtigheid was gefinansier deur borge wat ontvang is, en die bydraes van R10,00 per oud-student wat die plegtigheid bygewoon het.

Die tweedaagse plegtigheid het op Saterdag 24 September 1977 om 10h00 by die opleidingskool 'n aanvang geneem. Daar is die oud-studente deur die studente van 1977 met 'n lied verwelkom. Na die kennismaking en verwelkoming, is die oud-studente deur die prinsi= paal van Söhnge Opleidingskool, mnr. D. Kennedy, toegespreek. Hier= na het almal die skoollied, "Heil S.O.S." saamgesing wat gevolg is deur tee en verversings vir die oud-studente. Drie oud-studente is ook die geleentheid gegee om hul wedervaringe en ondervinding van die afgelope 20 jaar aan almal te vertel.[243)]

Om 13h00 het die oud-studente in die Nerina Hotel vir 'n middagete saamgekom. Die heildronk op die oud-studente is deur die seremonie= meester, mnr. Len Appollis, ook 'n oud-student, ingestel. By hierdie geleentheid het die oud-prinsipaal, mnr. C.M. Kleintjes 'n toespraak gelewer. Die middag om 15h00 is die oud-studente op 'n busrit deur die dorp geneem. Al die bekende plekkies waar studente mekaar ont= moet het, soos "Lovers Lane", die Karootuin en die hospitaaldam, is besoek.

Om 20h00 is 'n dans ter ere van die oud-studente in die skoolsaal van die Senior Sekondêre Skool Esselenpark, gereël. Leerkragte van die opleidingskool, gades en vriende van die oud-studente het ook die dans bygewoon. Voor die dans is almal weer verwelkom, 'n heil= dronk ingestel en die skoollied gesing. Die bedankings het gevolg voordat daar tot die dans oorgegaan is.

http://etd.uwc.ac.za/

Die verrigtinge is op Sondag, 25 September met 'n erediens, wat deur ds. Kannemeyer[244] in die plaaslike N.G. Kerk gelei is. afgesluit. Die oud-studente het tydens die diens die "Onse Vader" gesing. Om 12h00 het die oud-studente van mekaar afskeid geneem.

Om die dag te gedenk is aan elke oud-student 'n soewernierpam=flet gegee waarop die opleidingskool se geskiedenis in breë trekke uiteengesit is. 'n Ruimte is op die pamflet gelaat waarop handtekeninge aangebring kon word.

4.3.7 50 jaar oud

Gedurende 1979 het die opleidingskool sy vyftigjarige bestaan gevier. Om hierdie geleentheid, 'n gedenkwaardige gebeurtenis in die geskiedenis van die opleidingskool, te laat voortleef en om daarvan 'n sukses te maak, het die prinsipaal en die personeel van die opleidingskool alreeds in 1978 besluit om fees te vier.[245] 'n Komitee[246] wat al die reëlings sou tref, is aangestel. Die komitee is uit sowel leerkragte as oud-studente van die opleidingskool saamgestel. By een van hul vergaderings het die komitee op die volgende program be=sluit:

Woensdag 26 September 1979

1. Informele ontvangs van oud-studente by die skool.
2. Kunsuitstalling en uitstalling van geskiedkundige foto's.
3. Verwelkomingsgeselligheid.

Donderdag 27 September 1979

1. Middag: Filmvertoning. (films oor atletiek en 'n onder=steunde program)
2. Aand: Verskeidenheidsprogram.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Vrydag 28 September 1979

1. Middag: Uitstappie per bus na plaaslike besienswaardighede.
2. Aand: Vleisbraaigeselligheid.

Saterdag 29 September 1979

1. Sportdag insluitende 'n tennistoernooi.
2. Aand: Afskeidgeselligheid.

Sondag 30 September 1979

1. Danksegging in die N.G. Sendingkerk Sentraal.
2. Middagete.
3. Vertrek.[247)]

'n Feesblad sou die lig sien en deur middel van die nuusmedia is oud-studente versoek om bydraes in die vorm van artikels, interessante nuusbrokkies en foto's tot die samestelling van die feesblad te lewer.

Op Woensdag 19 September is 'n debutantebal ter ondersteuning van die feesviering in The Top of the Park[248)] gehou. By hierdie geleentheid is mej. Ethiene Demas as Mej. Debutante gekroon en haar eerste en tweede prinsesse was Sorya Sadan en Sonia Jordaan onderskeidelik. Die kroning is deur mev. B. Arendse, eggenote van die Direkteur van Onderwys, mnr. A.J. Arendse, gedoen. Laas=genoemde was die hoofspreker by hierdie funksie.[249)]

'n Week daarna, op Woensdag 26 September 1979, is 'n verwelkomings=funksie vir oud-studente en studente van daardie jaar (1979) in die gemeenskapsaal van Worcester gereël. Hoogwaardigheidsbekleërs wat teenwoordig was, het die volgende persone ingesluit: mnr. A.J. Arendse (Direkteur van Onderwys) en sy eggenote; mnr. W. Hendricks, hoof-inspekteur en sy eggenote; mnr. A.P. Brinkhuys, streekver=teenwoordiger van die streekkantoor Worcester en sy eggenote; mnr. D. Kennedy, prinsipaal van die opleidingskool en sy eggenote en mnr. C.M. Kleintjes, oud-prinsipaal van die opleidingskool en sy eggenote.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Mnr. Sam Bothma , 'n oud-student van die opleidingskool het as seremoniemeester opgetree en die gasspreker was weer eens mnr. A.J. Arendse, wat gedurende die tydperk 1952 - 1953 ook as leerkrag aan die opleidingskool verbonde was.[250)]

Die feesviering ter herdenking van die vyftigste bestaansjaar van die Opleidingskool Söhnge het ten einde geloop op Sondag 30 September 1979 in die vorm van 'n dankseggingsdiens wat in die N.G. Sendingkerk Sentraal gehou is. Die boodskap is deur ds. G.P. Jekels waargeneem.

4.3.8 Wat bereik is

Een van die hoogtepunte in die geskiedenis van die Opleidingskool Söhnge is die aanstelling van die eerste kleurlingprinsipaal, mnr. C.J. Viljoen. Onder die leiding van mnr. Viljoen en sy eggenote het die opleidingskool nie net op akademiese nie maar ook op kulturele gebied 'n positiewe bydrae tot die verryking van die leerlinge en studente se lewe gemaak. Sover dit die opleidingskool se sport betref, is die geleentheid aan elkeen gebied om hom ten volle uit te leef. Die soort spel en oorwinnings van die rugbyspanne het die verbeelding van menige rugbyliefhebber aangegryp.

In hierdie tydperk is die naam van die opleidingskool verander en ook verewig deur 'n skoollied wat uit die pen van mnr. Viljoen gevloei het. Die N.G. Sending oorname van die Rynse kerk se eiendom en so ook die opleidingskool het in dieselfde tydperk afgespeel. Die opleidingskool kan daarop trots wees dat hy oorsprong aan die eerste kleurlinghoërskool van Worcester gegee het. Vanaf 1961 kon die opleidingskool, nadat dit finaal van die onderrig van die hoër primêre (st.6)- en die sekondêre (sts 7 en 8) leerlinge losgemaak is, hom stewiger op die gebied van onderwyseropleiding vestig en sy plek as 'n volwaardige opleidingskool tussen die ander opleidingsinrigtings inneem.

http://etd.uwc.ac.za/

VOETNOOT LYS - HOOFSTUK 4

1. Register van skoolbesoek (Register no. 11) 1928.
2. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superin= tendent-Generaal, 1928, p. 96.
3. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 27 Aug. 1923.
4. W.S.G. Notuleboek 4, Gemeentevergadering 30 Junie 1924.
5. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 21 Julie 1924.
6. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 23 Aug. 1926.
7. W.S.G. Notuleboek 4, Gemeentevergadering 30 Aug. 1926.
8. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 23 Nov. 1926.
9. H. Söhnge, Korrespondensie aan die Stadsraad van Worcester, 10 Junie 1927.
10. Dept. aan Söhnge, 8 Sept. 1927. Vgl. Notule van Gemeentevergadering, 20 Sept. 1927.
11. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 21 Nov. 1927.
12. W.S.G. Notuleboek 4, Vergadering met dr. Viljoen te Worcester, 15 Febr. 1928.
13. W.S.G. Notuleboek 4, Gemeentevergadering 27 Febr. 1928.
14. W.S.G. Notuleboek 4, Gekombineerde vergadering 4 Junie 1928.
15. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 30 Junie 1928.
16. W.S.G. Notuleboek 4, Gemeentevergadering 10 Desember 1928.
17. Ibid..
18. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 21 Jan. 1929.
19. Ibid..
20. Die Burger, 17 Februarie 1929.
21. Persoonlike skrywe, E.M. Field, 31 Maart 1981.
22. Worcester Standard & Advertiser, 20 April 1929, p. 2.
23. Onderwysgaset Deel 26 no. 13, 23 Junie 1927.
24. Dept. Korrespondensie M.S. 179/ p. 10, 28 Des. 1928.
25. Persoonlike skrywe, Mej. E.M. Field, 31 Maart 1981.
26. Dept. Korrespondensie M.S. 179/ p. 10, 28 Des. 1927.
27. Dept. Korrespondensie C.M.S. 178/20, 25 Julie 1927.
28. Onderwysgaset Deel 27 no. 5, 8 Maart 1928.
29. Dept. Korrespondensie M.S. 178/20, 19 Jan. 1929.
30. Dept. Korrespondensie M.S. 178/20, 30 Mei 1929.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

31. Dept. Korrespondensie, Ibid.

32. S.G.O.-Jaarverslag, Kaap die Goeie Hoop, 1932 - 1933, p. 90.

33. Aantekeninge van eerw. Söhnge.

34. Ibid..

35. S.G.O.-Jaarverslag, Kaap die Goeie Hoop, 1935 en 1936. Vgl. Behr. op. cit., p. 226.

36. Registers van skoolbesoek (Register no. II) vir 1928 - 1934.

37. Dept. Korrespondensie T.S. 107, 20 Des. 1929.

38. Opleidingskool Söhnge Feesalbum, p.20. Vgl. W.S.G. Notuleboek 4, Skoolraadsvergadering 27 Nov. 1933.

39. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 18 Nov. 1929.

40. Korrespondensie van The U.C.C. of Worcester, 12 Des. 1929 en 24 Mei 1930.

41. W.S.G. Notuleboek 4, Kerkraadvergadering 20 Mei 1929.

42. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 18 Nov. 1929.

43. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 21 Okt. 1930.

44. Mnr. van Huyssteen Korrespondensie aan die bestuurder, 22 Nov. 1933.

45. Eerw. H. Söhnge se aantekeninge.

46. H. Söhnge Korrespondensie aan die Dept., 22 April 1931.

47. W.S.G. Notuleboek 5, Raadsvergadering 19 Okt. 1931.

48. Dept. Korrespondensie TS 107/G., 30 Des. 1931.

49. Mnr. van Huyssteen Korrespondensie aan die bestuurder, 25 Jan. 1932.

50. S.G.O.-Inspeksieverslag, 12 - 13 Mei 1932.

51. Kopie van Skuldbrief opgeteken tussen mev. A. Lyners en die kerkraad, 15 Nov. 1932.

52. H. Söhnge Korrespondensie aan die Dept., 6 Okt. 1933.

53. H. Söhnge Korrespondensie aan die Dept., 30 Jan. 1933.

54. Mnr. van Huyssteen Korrespondensie aan die bestuurder, 22 Jan. 1934. Vgl. W.S.G. Notuleboek 5, Skoolraadvergadering 27 Nov. 1933.

55. H. Söhnge Korrespondensie aan die Dept., 10 Maart 1934.

56. By 'n kerkraadsvergadering wat gehou is op 29 Junie 1938 is oor=spronklik besluit om 6 klaskamers aan te bou, maar later (12 Sept. 1938) is slegs vir die aanbou van 4 klaskamers goedgekeur. Die tender (£810) van Christoffel Helm was aanvaar.

57. H. Söhnge Korrespondensie aan mnre. de Wet & Kie, 24 Junie 1935 en Southern Life Ass. of Africa Korrespondensie aan die bestuurder, 2 April 1931.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

58. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superin= tendent-Generaal van Onderwys, 1929, p. 24.
59. Dept. Korrespondensie, 7 Nov. 1929.
60. Dept. Korrespondensie, 24 Nov. 1934.
61. Dept. Korrespondensie, 9 April 1934.
62. Dept. Korrespondensie, 20 Febr. 1929.
63. Hoofkantoor leêr no. 7/4/1/D. 120, Skooleise vir die tydperk 1929 - 1931.
64. Die klerklike werk is deur die bestuurder behartig. Vir hierdie werk het eerw. Söhnge 'n toelae vanaf die Departement ontvang. Die kerkraad het in 1935 aansoek by die Departement vir die dienste van 'n klerklike hulp gedoen.
65. Die skool se telefoon is in 1939 aangebring.
66. Dept. Omsendbrief no.5 1930, 30 Aug. 1930.
67. Dept. van Onderwys Kaap die Goeie Hoop: Verslae van Superin= tendent-Generaal van Onderwys, 1936, p. 68.
68. Dept. Korrespondensie, 8 Maart 1937.
69. Dept. Korrespondensie, 15 Maart 1929.
70. Dept. van Kleurlingsakeverslag. R.P. 25/1966, p. 26.
71. Dept. Korrespondensie, 3 April 1929.
72. Persoonlike skrywe, E.M. Field, 31 Maart 1981.
73. Persoonlike skrywe, H. Engelbrecht, 5 Maart 1979.
74. Opleidingskool Söhnge Feesalbum (1979), p. 33.
75. Persoonlike skrywe, H. Engelbrecht, 5 Maart 1979.
76. Persoonlike skrywe, A.F.W. van Zyl, 4 Febr. 1981.
77. 'n Program uitgegee tydens 'n "Presentation of Address to their Excellensies The Governor-Generact and Countess Clarendon by the coloured community of Worcester, 9 April 1931".
78. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 23 Des. 1936.
79. 'n Ander rede vir dr. Van Huyssteen se besluit om Worcester te verlaat was die siekte van sy vrou. Vgl. dr. R.J. van Huyssteen Korrespondensie aan bestuurder, 8 Junie 1937.
80. W.S.G. Notuleboek 4, Skoolkommissievergadering 10 Junie 1936.
81. Die Burger, 15 Junie 1936, p. 1.
82. Persoonlike skrywe, E.M. Field, 14 Mei 1981.
83. A.F.W. van Zyl Korrespondensie aandie bestuurder, 17 Nov. 1936.
84. The Cape Argus, 18 Nov. 1936. Vgl. The Worcester Standard & Advertiser, 28 Nov. 1936, The Cape Times, 28 Nov. 1936.

http://etd.uwc.ac.za/

85. A.F.W. van Zyl Korrespondensie aan die bestuurder, 20 Nov. 1936.
86. H. Söhnge aantekeninge, 20 Nov. 1936.
87. H. Söhnge Korrespondensie aan die Departement, 28 Nov. 1936.
88. Onderwysgaset Vol. 36 no. 13, 8 Julie 1937.
89. W.S.G. Notuleboek 4, Skoolkommissievergadering 17 Aug. 1937.
90. H. Söhnge Korrespondensie aan die Departement, 25 Nov. 1937.
91. Sien Onderwysgaset Vol. 36 no. 19, 7 Okt. 1937 en Vol. 36 no. 21, 4 Nov. 1937.
92. Dept. van Openbare Onderwys Kaap die Goeie Hoop, VR-E 239, 1937 en Register van Skoolbesoek (Register no. II), 1937.
93. Worcester Standard & Advertiser, 17 Des. 1937, p. 7.
94. Dept. Korrespondensie, 9 Des. 1937.
95. S.G.O.-Inspeksieverslag, 22 tot 23 Maart 1938.
96. W.S.G. Notuleboek 5, Kerkraadsvergadering 23 Maart 1942.
97. W.S.G. Notuleboek 5, Skoolkomiteevergadering 22 Sept. 1942.
98. W.S.G. Notuleboek 5, Skoolkomiteevergadering 27 Julie 1944.
99. Dept. Korrespondensie, 24 Jan 1940.
100. S.G.O.-Inspeksieverslae, 7 Nov. 1941.
101. S.G.O.-Inspeksieverslae, 14 - 16 Okt. 1942.
102. Versamelstaat van skoolbesoek en aantekening van Inspeksieverslae (V 143) 1938 - 1960.
103. Die woord "kollege" was deur al die studente gebruik wanneer hulle na die Rynse Opleidingskool verwys het. Vgl. Söhnge Fees=album (1981), p. 21.
104. Versamelstaat van skoolbesoek en aantekening van inspeksieverslae 1938 - 1960.
105. Eerste jaar studente van die Laer Primêre-kursus.
106. Tweede jaar studente van die Laer Primêre-kursus.
107. Onderwysgaset 1943. Vgl. Behr. op. cit., p. 227.
108. Dept. van Openbare Onderwys Kaap die Goeie Hoop, Opleidings=kursusse vir Kleurlingonderwysers 1942 - 1950, p. 5.
109. Persoonlike skrywe, A.F.W. van Zyl, 4 Febr. 1981.
110. Leerlinge onder die ouderdom van 15 jaar het gratis leer- en skryfboeke ontvang.
111. W.S.G. Notuleboek 5, Skoolkomiteevergadering 26 Aug. 1933.
112. W.S.G. Notuleboek 5, Skoolkomiteevergadering 27 Nov. 1933.
113. R.J. van Huyssteen Aantekening, Des. 1934.
114. A.N. Nesbitt van Books & Books Korrespondensie, 3 Febr. 1936.
115. Dept. omsendbrief, 9 Julie 1936.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

116. Skoolreëls van Rynse Opleidingskool, Worcester 1936.

117. Mnr. C.J. Viljoen opgawe Junie 1938.

118. W.S.G. Notuleboek 5, Skoolkomiteevergadering 6 Febr. 1945.

119. W.S.G. Notuleboek 5, Kerkraadvergadering 19 Maart 1946.

120. W.S.G. Notuleboek 6, Kerkraadvergadering 21 Jan. 1952.

121. W.S.G. Notuleboek 6, Kerkraadvergadering 16 Febr. 1953.

122. Adm. van Kleurlingsake Beurse aan studente (VR-AE 3) 1974 - 1981.

123. S.G.O.-Inpseksieverslag, 10 Febr. 1928.

124. S.G.O.-Inspeksieverslag, 22 - 23 Okt. 1928.

125. Mnr. Van Huyssteen Korrespondensie, 13 Febr., 1936.

126. Prinsipaal se verslag, 17 Aug. 1955.

127. S.G.O.-Inspeksieverslag, 21 - 23 Maart 1938.

128. Die rente wat deur hierdie twee fondse opgelewer word en wat voorheen by die Public Debt Commissioners in ooreenstemming met die bepalinge van Section 3 of the Finance Act, 1938 (Act no. 17 of 1938) belê is, was jaarliks aan die S.G.O. uitbetaal om gebruik te word vir die voorsiening van biblioteekboeke aan opleidingskole. Aangesien die staat sedert 1964 ten volle verantwoordelik vir die opleiding van onderwysers is, word hierdie bedrae, in ooreenstemming met die bepalinge van Section 10 (2) of the Finance Act, 1964 (Act no. 76 of 1964), in die Consolidated Revenue Fund inbetaal. Vgl. Dept. van Kleurlingsakeverslag. R.P. 25/1966, p. 26.

129. Dept. Korrespondensie L. 15/30/2, 30 Des. 1955.

130. Dept. Korrespondensie L. 15/30/2, 25 Junie 1963.

131. Dept. Korrespondensie L. 15/30/2, 30 Des. 1955.

132. Hoofkantoor Leêr no. L. 15/30/2 vir die tydperk 1952 - 1964.

133. Versamelstate van skoolbesoek en aantekeninge van inspeksieverslae (V. 143) 1956 - 1982.

134. S.G.O.-Inspeksieverslag, 12 April 1965.

135. Persoonlike skrywe, A.F.W. van Zyl, 4 Febr. 1981.

136. Ibid..

137. S.G.O.-Inspeksieverslag, 17 Aug. 1955.

138. S.G.O.-Inspeksieverslag, 18 Febr. 1960.

139. S.G.O.-Inspeksieverslag, 20 Mei 1956.

140. Persoonlike skrywe, A.F.W. van Zyl, 4 Febr. 1981.

141. Ibid..

http://etd.uwc.ac.za/

142. Prinsipaal se verslag. 17 Augustus 1955. Vgl. W.S.G. Notuleboek 4. Raadvergadering 20 Febr. 1933.

143. Opleidingskool Söhnge Feesalbum, p. 35.

144. Die "kreet" was 'n stuk wat luidkeels voorgedra is. In die "kreet" het elke huis hulle self lof toegeswaai, gesê hoe goed hulle was en die ander huise verkleineer.

145. Die eerste rolprent is in 1958 vertoon.

146. Worcester Standard & Advertiser, 2 Okt. 1937, p. 2.

147. Worcester Standard & Advertiser, 31 Okt. 1942, p. 4.

148. Prinsipaal se verslag, 17 Augustus 1955.

149. Worcester Standard & Advertiser, 28 Nov. 1938, p. 8.

150. S.G.O.-Inspeksieverslag, 17 Augustus 1955.

151. S.G.O.-Inspeksieverslag, 17 Aug. 1955.

152. Opleidingskool Söhnge Feesalbum, p. 21.

153. Worcester Standard & Advertiser, 30 Okt. 1943, p. 3.

154. Persoonlike skrywe, A.F.W. van Zyl, 4 Febr. 1981.

155. 'n Klankfilmprojektor is op 8 Desember 1939 aangekoop. Stukke was deur senior studente geskryf en opgevoer. Die studente het voor 'n mikrofoon wat geplaas was in 'n kamer langs die saal, die op=voering gedoen en hul stemme is deur middel van die projektor se klankversterker na die gehoor in die saal gedra.

156. S.G.O.-Inspeksieverslag, 7 Nov. 1941.

157. Prinsipaal se verslag,17 Aug. 1955.

158. 'Ons Dag' Soewernierboekie van die Fransmanbeursfonds, 24 April 1945, p. 8.

159. Goedkeuring is eers vooraf van die bestuurder en skoolinspekteur verkry vir die 'Ons Dâg'-reëlings. Die 'Ons Dag' het die vorm aan=geneem van 'n optog deur die leerlinge en 'n konsert wat gratis vir die ouers in die aand aangebied is.

160. 'Ons Dag' Soewernierboekie van die Fransmanbeursfonds, 24 April 1945, p. 8.

161. 'Ons Dag' Soewernierboekie, 24 April 1954, p. 13.

162. Onderwysgaset Deel 22 no. 35, 11 Oktober 1923, p. 681.

163. Onderwysgaset Deel 34 no. 16, 22 Aug. 1935, p. 901.

164. Onderwysgaset Deel 38 no. 13, 13 Julie 1939, p. 724.

165. 'n Plaaslike melkery het die melk en kaas voorsien, terwyl K.B. Fakir die groente gelewer het.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

166. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 29 Julie 1940.

167. W.S.G. Notuleboek 5, Raadsvergadering 21 April 1941.

168. W.S.G. Notuleboek 5, Raadsvergadering 28 April 1941.

169. W.S.G. Notuleboek 5, Gemeentevergadering 12 Mei 1941.

170. W.S.G. Notuleboek 5, Raadsvergadering 21 Oktober 1941.

171. Worcester Standard & Advertiser, 17 Januarie 1942, p. 3.

172. Eerw. Söhnge het baie van die studente se tande self getrek. Mnr. F. Quint, voorheen hoofinspekteur van onderwys, was een van sy pasiënte.

173. Persoonlike skrywe, F.R.J. Söhnge, 12 Augustus 1978.

174. Eerw. Söhnge het aanvanklik nie daarvan gehou toe dit voorgestel is dat die Opleidingskool na hom vernoem moes word nie. Hy het geen verering gesoek nie, maar moes uiteindelik swig voor diegene wat die mening toegedaan was dat hy so baie vir die opvoeding beteken het.

175. W.S.G. Notuleboek 5, Skoolkomiteevergadering, 2 Febr. 1942.

176. J,N, van Zyl, Korrespondensie aan die bestuurder, 27 jan. 1944.

177. Die munisipaliteit het die stuk grond aan die Rynse Kerk geskenk vir die oprigting van 'n opleidingskool op voorwaarde dat die primêre skool vanaf die ou perseel in Hoogstraat binne vyf jaar na Greystraat verskuif sou word. Na 1934 moes eers aandag aan die oprigting van die Oefenskool te Greystraat gegee word. Eers in 1939 is die nuwe Rynse Oefenskool betrek.

178. Die Stalle was deel van die skutkraal wat aan die opleidingskool gegrens het en deur die munisipaliteit aan die Rynse Kerk geskenk is.

179. W.S.G. Notuleboek 5, Kerkraadsvergadering 23 Maart 1946.

180. S.G.O.-Inspeksieverslag, 19 Aug. 1955.

181. W.S.G. Notuleboek 5, Kerkraadsvergadering 27 Jan. 1947.

182. W.S.G. Notuleboek 5, Kerkraadsvergadering 16 Jun. 1947.

183. W.S.G. Notuleboek 5, Kerkraadsvergadering 28 April 1947.

184. J.N. van Zyl, Korrespondensie, 18 Junie 1948.

185. Dept. Korrespondensie C.B.S. 180/ p. 150, 26 Julie 1948.

186. Dept. Korrespondensie C.B.S. 180/ p. 150, 27 Sept. 1948. Die Dept. het die stigting van 'n kleurlingonderwyskomitee as 'n sine qui non voorgestel aangesien die skoolraad van Worcester hulle nie met kleurlingonderwys gemoeid wou wees nie.

187. Kleurlingonderwyskomitee aan die bestuurder, Korrespondensie 27 Julie 1949.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

188. J.N. van Zyl, Korrespondensie, 25 Oktober 1949.
189. W.S.G. Korrespondensie, Kerkraadsvergadering, 25 Junie 1951.
190. Worcester Standard & Advertiser, 27 April 1951, p.7.
191. Worcester Standard & Advertiser, 28 Junie 1951, p. 2.
192. Opleidingskool Söhnge Feesblad, pp. 18 - 27.
193. A.L. Venter, op. cit., p. 319.
194. Dept. van Kleurlingsakeverslag, R.P. 82/1964, p. 18. Vgl. Alpha Deel 4 no. 5, Mei 1966 en Malherbe, op. cit., p. 565.
195. Met ingang 1 Julie 1969 het die Adm. van Kleurlingsake, wat die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad met sy werkverrigtinge behulpsaam is, sy beslag gekry. Sien Adm. van Kleurlingsakeverslag, R.P. 75/1971, p.1.
196. Dept. van Kleurlingsake, Alpha Deel 18 no. 10, Des. 1980, p.2.
197. Jaarlikse opgawe (VR-E 125), 1982.
198. Sedert 1935 het eerw. H. Söhnge aansoek om die dienste van 'n klerklike hulp by die Departement gedoen. Eers in 1977 is aan die opleidingskool die pos van klerklike hulp toegestaan. V.J.C. Beets is die eerste persoon wat hierdie pos beklee het.
199. Hierdie statistiek is aamgestel uit die Versamelstaat en jaarlikse statistiek.
200. Departementele Korrespondensie, 4 Nov. 1969.
201. Opsommingsregister van skoolbesoek en gegewens van inspeksie (Register no. III VR-E 63) 1977 - 1982.
202. Jaarlikse Opgawe VR-E 125, 1979 - 1982.
203. Verslag van die Adm. van Kleurlingsake vir die tydperk 1 April 1976 tot 31 Maart 1977, p. 10.
204. Toelatingsregister (Register no. II), 1929 - 1933.
205. Op die Raad van die Bestuur het die skoolbestuurder, die prinsi= paal van die opleidingskool en 'n paar kerkraadslede gedien.
206. Prinsipaalverslag, 17 Aug. 1955.
207. Rynse Opleidingskool Skoolreëls.
208. Prinsipaal se verslag, op. cit.
209. H. Söhnge, Korrespondensie aan Dept., 26 Julie 1932.
210. Skrywe van losiesouers aan eerw. H. Söhnge, 3 Okt. 1940.
211. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering, 25 Junie 1932.
212. S.G.O.-Inspeksieverslag, 12 - 13 Junie 1934.
213. H. Söhnge, Korrespondeise aan munisipaliteit, 4 Des. 1934.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

214. Munisipaliteit Korrespondensie, 18 Febr. 1935.

215. H. Söhnge, Korrespondensie aan die Dept., 26 Julie 1932.

216. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 22 Nov. 1937.

217. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 29 Nov. 1937.

218. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 6 Des. 1937.

219. W.S.G. Notuleboek 4, Raadsvergadering 11 Julie 1938.

220. Departement Korrespondensie L. 5/180/0/5, 10 Junie 1960.

221. A. Vlok (inspekteur van skole) Korrespondensie, 8 April 1960.

222. Prov. Adm. Korrespondensie, 22 April 1962. Vgl. Theron & Andrews Landmeters Korrespondensie, 12 April 1962.

223. Provinsiale Administrasie Korrespondensie, 10 Junie 1960.

224. Onderneming tussen Onderwysdepartement en kerkraad, 1962.

225. Departementele Korrespondensie, 26 Julie 1961.

226. W.S.G. Notuleboek 5, Kerkraadsvergadering 16 Jan. 1961.

227. Eerw. W.M. Steenkamp, Korrespondensie 20 Aug. 1962.

228. Eerw. W.M. Steenkamp, Korrespondensie 17 Julie 1962.

229. Prov. Adm. Korrespondensie, AC 133/51/2, 31 Okt. 1962.

230. Onderneming Prov. Adm. & Kerkraad, 1963.

231. Dept. Korrespondensie, 29 Julie 1963.

232. Toelatingsregister (Register no. I), 1964.

233. Jaarlikse opgawe (VR-E 125), 1961 tot 1982.

234. Toelatingsregister van die koshuis.

235. Beurse en Leninggelde (VR-AE 3), 1964 - 1982.

236. Die Adm. van S.W.A. vergoed die Dept. vir onkoste wat aangegaan is vir die opleiding van studente uit daardie gebied. Vgl. Dept. van Kleurlingsakeverslag vir die tydperk 1 April 1964 tot 31 Maart 1965, p. 18.

237. Al bron van inkomste vir die koshuis was die losiesgeld wat deur die inwonende studente betaal is. Vgl. Dept. Korrespondensie L. 5/180/015, 1960.

238. ŉ Huurtoelaag van 2% bereken op die oprigtingskoste van die koshuis word maandeliks aan die skoolbestuur uitbetaal.

239. Besoek van mnr. H. Haas aan hoofkantoor op 3 Maart 1981.

240. Die koshuiskomitee is mnr. Haas (voorsitter), mnr. B. Wentzel (onder-voorsitter), mnr. I.M.P. Carelse (sekretaris), mnr. D.S. Cornelius (kassier), ds. G.P. Jekels en mev. M. Carolus (addisionele lede).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

241. Mnr. Ismael is in 1980 oorlede.

242. Op die komitee het die volgende persone gedien: Len Appollis as voorsitter, Ruth Fortuin (gebore Leonard) as sekretaresse, Rita Carelse (gebore Africa), Tommy Cowley, Beryl Isaacs (gebore Quickfall), Carol Langenhoven (gebore Africa), Jacobus Opperman en Mildred September (gebore Abrahams).

243. Die oud-studente wat opgetree het, was Awie de Klerk, Tommy Cowley en Carol Africa.

244. Ds. Kannemeyer is die eggenoot van een van die oud-studente, te wete Lizzie Botha.

245. Adm. van Kleurlingsake, Alpha Deel 16 no. 7 & 8, Sept./Okt. 1978, p. 13.

246. Die komiteelede het die volgende persone ingesluit: mnr. D. Kennedy as voorsitter, mnr. J. Heradien as sekretaris, mnr. I.M.P. Carelse as kassier en die addisionele lede mnre. C.M. Kleintjes, E. Sambaba, L. Pick, J.A. Stynder, M. Petersen, T.G. Smith en mej. B. Boonzaaier.

247. Die Ligdraer, Jaargang no. 22, 16 Nov. 1978, p. 262.

248. The Top Of The Park is 'n nagklub wat in Esselenpark geleë is.

249. Worcester Standard, 21 Sept. 1979, p. 2.

290. Worcester Standard, 5 Okt. 1979, p. 5.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK 5

## BYDRAE

Vir die afgelope 53 jaar (vanaf 1928) het die Opleidingskool Söhnge hom uitsluitlik daarop toegespits om leerkragte vir diens in die primêre skole op te lei. Vanaf die eerste jaar tot en met 1958 het beide man- en damestudente hul opleiding daar ontvang. Met ingang Januarie 1959 kon slegs dames onderwyser= opleiding na st.8 ontvang en is die opleidingskool vanaf ge= melde jaar vir manstudente gesluit.

## 5.1 Wat die Opleidingskool Söhnge al tot stand gebring het

Die aantal leerkragte wat die opleidingskool tot dusver opge= lewer het, word in die volgende tabel aangetoon:

TABEL L [1)]

AANTAL STUDENTE WAT AS LEERKRAGTE AAN DIE OPLEIDINGSKOOL SÖHNGE GEKWALIFISEER HET VIR DIE TYDPERK 1928 - 1982

| | Aantal studente wat afgestudeer het | | | |
|---|---|---|---|---|
| Jaar | L.P.O.S. | J.P.O.S. | H.P.O.S. | Totaal |
| 1928 | 4 | | | 4 |
| 1929 | 9 | | | 9 |
| 1930 | 14 | | | 14 |
| 1931 | 21 | | | 21 |
| 1932 | 18 | | | 18 |
| 1933 | 22 | | | 22 |
| 1934 | 25 | | 11 | 26 |
| 1935 | 19 | | 7 | 26 |
| 1936 | 21 | | 16 | 37 |
| 1937 | 12 | | 17 | 29 |
| 1938 | 21 | | | 21 |
| 1939 | 24 | | | 24 |
| 1940 | 29 | | | 29 |
| 1941 | 37 | | | 37 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

| Jaar | L.P.O.S. | J.P.O.S. | H.P.O.S. | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1942 | 24 | | | 24 |
| 1943 | 34 | | | 34 |
| 1944 | 35 | | | 35 |
| 1945 | 31 | | | 31 |
| 1946 | 36 | | | 36 |
| 1947 | 35 | | | 35 |
| 1948 | 28 | | | 28 |
| 1949 | 43 | | | 43 |
| 1950 | 37 | | | 37 |
| 1951 | 24 | | | 24 |
| 1952 | 32 | | | 32 |
| 1953 | 42 | | | 42 |
| 1954 | 35 | | | 35 |
| 1955 | 32 | | | 32 |
| 1956 | 32 | | | 32 |
| 1957 | 32 | | | 32 |
| 1958 | 21 | | | 21 |
| 1959 | 37 | | | 37 |
| 1960 | 38 | | | 38 |
| 1961 | 33 | | | 33 |
| 1962 | 53 | | | 53 |
| 1963 | 59 | | | 59 |
| 1964 | 56 | | | 56 |
| 1965 | 65 | | | 65 |
| 1966 | 64 | | | 64 |
| 1967 | 69 | | | 69 |
| 1968 | 69 | | | 69 |
| 1969 | 68 | | | 68 |
| 1970 | 70 | | | 70 |
| 1971 | 97 | | | 97 |
| 1972 | 100 | | | 100 |
| 1973 | 108 | | | 108 |
| 1974 | 140 | | | 140 |
| 1975 | 102 | | | 102 |
| 1976 | 110 | | | 110 |
| 1977 | 109 | | | 109 |
| 1978 | – | | | – |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

| Jaar | L.P.O.S. | J.P.O.S. | H.P.O.S. | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1979 | | 91 | | 91 |
| 1980 | | 68 | | 68 |
| 1981 | | 32 | | 32 |
| Totaal | 2 276 | 191 | 51 | 2 518 |

Die statistiek in Tabel L [illegible] toon dat 2 518 onderwysers in die onderhewige tydperk opgelei is. Hierdie totaal sluit nie die aantal kandidate wat in hul finale jaar gedruip en in 'n latere stadium as onderwysers gekwalifiseer het (eksamen by 'n ander eksamensentrum afgelê het), in nie.

Daar is 'n aantal persone wat hul skoolloopbane aan hoër onder= wysinrigting voortgesit het en 'n aantal persone wat deur pri= vate studie hul kwalifikasies verbeter het. Sommige van hulle het later hoë betrekkings in die onderwys beklee. Die onder= staande tabel gee 'n aanduiding van tot watter vlak in die onder= wys oud-studente van Söhnge gestyg het:

TABEL LI [2)]

| BEVORDERINGSPOSTE WAT DEUR OUD-STUDENTE VAN SÖHNGE GEVUL IS | |
|---|---|
| Naam van persoon | Pos |
| Mnr. J.A. Myburg | Senior lektor in Farmaseutika aan die U.W.K. |
| Mnr. R. Kleintjies | Rektor aan die Onderwyskollege Suid-Kaap |
| Mev. S. Adams | Inspektrise |
| Mnr. J. Arendse | Hoofinspekteur |
| Mnr. C. Golding | Inspekteur |
| Mnr. L. Kleintjies | Inspekteur |
| Mnr. C. Quint | Hoofinspekteur |
| Dr. F. Quint | Hoofinspekteur [3)] |
| Mnr. Z. Simpson | Inspekteur |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Aangesien Söhnge die enigste onderwysinrigting in Worcester is wat in 1961 voorsiening vir sekondêre klasse gemaak het, is daar mans en dames wat hulle op kerklike, maatskaplike, kulturele en mediese terrein onderskei het. Persone wat hul basiese opleiding aan die opleidingskool ontvang het en beroepe anders as die onderwys ge=kies het, word in Tabel LII weergegee:

<u>TABEL LII</u> [4)]

BEROEPE WAARTOE PERSONE TOEGETREE HET NADAT HULLE 'N GEDEELTE VAN HUL AKADEMIESE OPLEIDING AAN SÖHNGE ONTVANG HET

| Naam van persoon | Beroep |
|---|---|
| Dr. C. Abrahamse | Algemene praktisyn |
| Dr. P. Africa | Tandarts |
| Dr. Y. Omardien | Algemene praktisyn |
| Dr. J. Taylor | Algemene praktisyn |
| Dr. M. Valley | Algemene praktisyn |
| Dr. G. Williams | Kinderspesialis |
| Ds. E. Appies | Predikant |
| Ds. A. de Vries | Predikant |
| Eerw. J. Krieger | Predikant |
| Eerw. W. September | Predikant |
| Eerw. G. van Stavel | Predikant |

Die aantal beroepe wat hierbo getabelleer word, maak hoegenaamd nie aanspraak op volledigheid nie,veral nie as die verskeiden=heid beroepe waarin oud-studente hulself bevind nadat hulle die skoolbanke van Söhnge verlaat het, in ag geneem word.nie.

Sommige persone wat as dosente aan Söhnge verbonde was, is later in sleutelposisies in die onderwys aangestel. Mnr. A.J. Arendse beklee die pos van Direkteur van Onderwys in die Onderwysdeparte=ment, terwyl prof. A.J. Cupido as dekaan in die Departement van Opvoedkunde van die Universiteit van Wes-Kaapland aangestel is.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die hoë standaard wat deurgaans in Söhnge gehadhaaf is, kan grootliks toegeskryf word aan die besieling wat van die prinsipaal uitgegaan het en die erns waarmee die personeeel die opvoedingstaak aangepak het. Daarby was daar by elke personeellid 'n besondere trots op die inrigting en dit was 'n groot bydraende faktor tot die sukses wat hulle behaal het om elke student tot sy volle potensiaal te ontwikkel en voor te berei vir die taak wat daar vir elkeen gewag het.

## 5.2 Knelpunte

Die blote feit dat die opleidingskool 'n staatsondersteunde skool is en derhalwe op die welwillendheid van die gemeenskap vir die aanskaffing van daardie geriewe wat nie deur die departement verskaf is nie, aangewese is, het meegebring dat sy bestaan altyd maar deur sekere knelpunte gekenmerk was. Die volgende probleemareas wat blykbaar 'n stremmende effek op die onderwys van die opleidingskool gehad het, kan geïdenti= fiseer word: beheer deur die kerk, personeelvoorsiening en kwalifikasies van die personeel, akkommodasie en fasiliteite, proefonderwys, losiesgeriewe en die instandhouding van geboue.

### 5.2.1 Beheer deur die kerk

Die opleidingskool was eers deur 'n skoolkomitee wat uit vyf komiteelede onder voorsitterskap van die leraar van die kerk bestaan het, beheer. Dit was soms moeilik weens die lang= durige rompslomp om toestemming by die komitee te verkry vir die aanskaffing van benodigdhede en die daarstelling van ge= riewe. Later (vanaf 1961) toe slegs 'n bestuurder die beheer behartig het, kon op die versoeke van die opleidingskool heelwat gouer gereageer word.

### 5.2.2 Personeelvoorsiening en kwalifikasies van die personeel

Die personeelvoorsiening was toereikend, maar die kwalifikasies van die leerkragte was meestal laag in die opsig dat gewenste gekwalifiseerde leerkragte vir spesifieke vakke nie altyd beskikbaar was nie. Dit het gebeur dat in sommige gevalle leerkragte vakke moes doseer waarin hulle weinig of geen oplei=

http://etd.uwc.ac.za/

ding gehad het nie. Die volgende tabel dui die kwalifikasies aan van die leerkragte wat aan die opleidingskool gedurende die tyd= perk 1955 en 1976 verbonde was en hoe dit vergelyk met die jare 1981 en 1982 (Tabel LIV):

TABEL LIII [5)]

KWALIFIKASIES VAN LEERKRAGTE WAT IN DIE PERSONEEL GEDURENDE DIE TYDPERK 1955 - 1976 GEDIEN HET

| | Kategorieë | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | AA | A | B | C | D | Totaal |
| 1955 | 3 | 2 | | 1 | 2 | 8 |
| 1956 | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | 7 |
| 1957 | 1 | 2 | 3 | | 1 | 7 |
| 1958 | 2 | 2 | 3 | | 1 | 8 |
| 1959 | 2 | 1 | 3 | | 1 | 7 |
| 1960 | 2 | 1 | 3 | | 1 | 7 |
| 1961 | 3 | | 3 | | 2 | 8 |
| 1962 | 2 | | 3 | | 2 | 7 |
| 1963 | 2 | | 1 | 2 | 2 | 7 |
| 1964 | 2 | | 1 | 1 | 3 | 7 |
| 1965 | 2 | | 1 | 1 | 3 | 7 |
| 1966 | 3 | | 2 | 1 | 3 | 9 |
| 1967 | 2 | | 1 | 1 | 3 | 7 |
| 1968 | 2 | | 2 | 1 | 2 | 7 |
| 1969 | 2 | | 3 | 1 | 2 | 8 |
| 1970 | 1 | 3 | 2 | 1 | 2 | 9 |
| 1971 | | 2 | 4 | 2 | 2 | 10 |
| 1972 | 1 | 3 | 4 | 3 | 2 | 13 |
| 1973 | 5 | | 3 | 3 | 2 | 13 |
| 1974 | 5 | | 5 | 3 | 1 | 14 |
| 1975 | 1 | 5 | 5 | 2 | 1 | 14 |
| 1976 | 2 | 4 | 5 | 2 | 1 | 14 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Vir die tydperk 1955 tot 1960 was die leerkragte oorwegend by die laer kategorieë (AA), A en B) ingedeel. Slegs die prinsipaal was vir hierdie tydperk gegradueer behalwe in 1955 toe nog 'n ander leerkrag universiteitsopleiding gehad het. In 1975 en 1976 moes vyf leerkragte met tweejarige onderwyseropleiding na st.8 help met die opleiding van onderwyseresse. In die jaar 1964 tot 1967 was die grootste aantal gegradueerde leerkragte naamlik 3, aan die opleidingskool verbonde.

TABEL LIV [6)]

KWALIFIKASIES VAN PERSONEEL VERBONDE AAN DIE OPLEIDINGSKOOL SÖHNGE VIR DIE JARE 1981 EN 1982

| Kategorieë | Kwalifikasies | 1981 | 1982 |
|---|---|---|---|
| E | Gegr. en gedipl. & opvoedk. graad | - | 1 |
| D | Sonder opvoedk. graad | 4 | 3 |
| C | Gegr. (ongedipl.) | - | - |
| D | Sen. Sert. + 4 jr. of meer onderw. opleiding | - | - |
| C | Sen. Sert. + 3 jr. | 2 | 3 |
| B | Jun. Sert. + 2 jr. + Sen. Sert. | 1 | - |
| B | Sen. Sert. + 2 jr. | 2 | 2 |
| A | Jun. Sert. + 4 jr. | - | - |
| A | Jun. Sert. + 3 jr. (J.P.O.S.) | - | - |
| A | Jun. Sert. + 3 jr. (L.P.O.S. - Spes) | 3 | 2 |
| B | Jun. Sert. + 3 jr. + Sen. Sert. | 1 | - |
| B | Jun. Sert. + 4 jr. + Sen. Sert. | 2 | - |
| AA | Jun. Sert. + 2 jr, | - | - |
| | Totaal | 15 | 11 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

In 1981 en 1982 was vier leerkragte in besit van 'n graad, terwyl drie leerkragte in 1981 en twee in 1982 slegs die Junior Sertifikaat as die laagste akademiese kwalifikasie verwerf het. Die enigste geval waar 'n leerkrag in besit was van 'n bykomende opvoedkundige graad (B.Ed), word in 1982 aangetref. As die twee tabelle (Tabel LIII en Tabel LIV) vergelyk word, is dit duidelik dat die leer=kragte van Söhnge in 1982 effens beter gekwalifiseer is as wat voorheen die geval was. In die vorige tydperk (1955 - 1976) moes die opleidingskool noodgedwonge ook van kategorie AA-leerkragte gebruik maak.

### 5.2.3 Akkommodasie en fasiliteite

Akkommodasie in die opleidingskool was tot 1960 onvoldoende. Sommige van die klasse moes in buitegeboue gehuisves word. Dit was die geval met twee st.6-klasse wat in twee klein kamertjies in Adderleystraat en nog twee wat in 'n ou stal=gebou van die munisipaliteit geakkommodeer moes word. Daar was ook nie genoeg klaskamers vir die st.7's nie en daar was soms van 45 tot 58 leerlinge in elke klaskamer. Kuns- en wetenskaplokale het totaal ontbreek en so ook stort=baddens vir gebruik na liggaamlike oefeninge of rugby- en netbaloefeninge of -wedstryde. Naaldwerk moes ook noodge=dwonge buite op die stoepe gedoen word. Die demonstrasie=kamer en die ander klaskamers was nie behoorlik toegerus vir die doel waarvoor hulle gebruik moes word nie. Geen vesel=borde was op die klaskamersmure aangebring nie.

### 5.2.4 Proefonderwys

Proefonderwys het ook probleme opgelewer. As gevolg van die stelsel van dubbelskofklasse,[7)] was daar nie genoeg klaskamers, veral tussen substanderd A en st.2 by die plaaslike primêre skole om te voorsien in die behoefte om doeltreffende oefenonderwys te gee nie. Sommige studente moes 'n klas deel omdat die studente net hul proeflesse by die oggendskofklasse kon gee, daar die

http://etd.uwc.ac.za/

middagskofklas te laat in die middag uitgekom het en die studente in die middag proeflesse by die opleidingskool moes bywoon en hulself vir die volgende dag nog moes voor= berei.

5.2.5 Losiesgeriewe

Voor 1964 was losies vir die studente 'n wesenlike probleem. Daar was geen koshuis nie. Studente moes by private huise loseer en toestande daar het in baie gevalle veel te wense oorgelaat sodat groot probleme deur losiesouers en loseerders geskep is. Die daarstelling van 'n koshuis het 'n groot verlig= ting gebring alhoewel al die studente wat van elders gekom het nie in die koshuis kon opgeneem word nie. Daar was nog studente wat van privaatlosiesgeriewe gebruik moes maak.

5.2.6 Instandhouding van geboue

Die departement het maandeliks aan die kerk 'n instandhoudings= toelae betaal wat aangewend moes word om die skoolgebou in 'n bevredigende toestand te hou. Die instandhouding was egter nie altyd na wense nie en die kerk het gedurig in gebreke gebly om dit behoorlik en gereeld te doen.

5.3 Vooruitskouing

Die afskaffing van die J.P.O.S.-kursus het besondere kompli= kasies vir die Opleidingskool Söhnge geskep. Slegs twee moont= like oplossings vir sy voortbestaan lê op die opleidingskool se pad. Òf die opleidingskool word omskep in 'n opleidingskollege waarin die nuwe O.D.-kursus aangebied kan word, òf die oplei= ding van onderwyseresse in hierdie inrigting word finaal gestaak, in welke geval die gebou vir ander onderwysdoeleindes gebruik sal word.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Die departement het die eerste moontlikheid summier van die hand gewys omdat die opleidingskool nie op doeltreffende fasiliteite vir die onderrig van studente wat die O.D.-kurus wil volg beskik nie. Die departement het in beginsel besluit om Worcester as 'n opleidingsentrum vir onderwysers te behou en om hierdie rede word beplan om 'n nuwe kollegegebou met opleidingsgeriewe vir 650 studente en huisvesting vir 400 kosgangers in die nabye toekoms op te rig.[8)] Onderhandelinge om 'n groot genoeg stuk grond vir hierdie projek te be= kom, word tans met die betrokke owerhede aangeknoop. Tot tyd en wyl die nuwe opleidingskollege tot stand gekom het, sal die Opleiding= skool Söhnge nog steeds gebruik word om die laaste studente wat nog die J.P.O.S.-kursus moet voltooi, op te lei en boonop 'n beperkte aan= tal O.D.-studente tydelik te akkommodeer. Die laer gekwalifiseerde dosente wat tans aan die opleidingskool verbonde is en wat nie geskik sal wees om as dosente in 'n kollege op te tree nie, is aangeraai om onderwysposte by primêre of sekondêre skole te aanvaar, maar dit staan die departement vry om hierdie leerkragte na Opleidingskool Söhnge te sekondeer as die dienste van beter gekwalifiseerde persone nie verkry kan word nie. Hierdie leerkragte sal bes moontlik slegs tot die opleiding van J.P.O.S.-studente beperk wees.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die Söhnge-koshuis sal nog steeds beskikbaar gestel word vir die huis= vesting van studente totdat die beoogde onderwysopleidingskompleks met sy eie koshuisgeriewe voltooi is. In hierdie stadium is die N.G. Sendingkerk nog nie seker vir watter doel die koshuis aangewend sal word nadat die studente finaal afskeid geneem het nie.

## 5.4 Slotsom

Nieteenstaande die feit dat die Opleidingskool Söhnge deur die jare deur sekere knelpunte geteister is, kon dit tog daarin slaag om jaar= liks 'n aantal onderwysers op te lei en aan die verskillende skole te lewer. So ook kon die kerk ten spyte van sy tekortkominge 'n betekenis= volle rol in die geskiedenis van die opleidingskool en al sy bedrywig= hede speel. Oor die jare is as gevolg van die ywer en toewyding waar=

http://etd.uwc.ac.za/

mee die prinsipale hul daaglikse taak tot vervulling gebring het, 'n tradisie opgebou wat nooit uit die geheue van hulle wat nóú aan die opleidingskool verbonde was, uitgewis sal word nie en wat sal voortleef in die annale van die geskiedenis.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

VOETNOOT LYS - HOOFSTUK 5

1. Hierdie statistiek is saamgestel uit die Uitslae van die Departement van Openbare Onderwys van die Kaap die Goeie Hoop (K 239) en die Departement van Binnelandse Aangeleent= hede (Kleurlingsake) VR-E 239.
2. Inligting is deur mnr. C.M. Kleintjes verskaf.
3. Dr. F. Quint het in 1980 uit die inspektoraat getree nadat hy deur die regering as lid van die Presidentsraad benoem is.
4. Inligting is deur mnr. C.M. Kleintjes verskaf.
5. Jaarlikse Opgawe, VR-E 125, 1955 - 1976.
6. Ibid., 1981 - 1982.
7. By skole waar daar nie voldoende klaskamerruimte is nie, word klasse in die oggend en in die middag gehou.
8. Die Burger, Donderdag 22 Julie 1982, p. 8.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Opsomming

In hierdie verhandeling word die geskiedenis van die Opleiding= skool Söhnge en die bydrae wat dit tot die onderwys gemaak het, ondersoek.

Hoofstuk 1

Hierdie is 'n oriënterende inleiding waarin onderwysopleiding vir kleurlinge in Suid-Afrika bespreek word. Die organisatoriese struktuur van die onderwysstelsel word in die algemeen behandel om onderwyseropleiding in perspektief te plaas. Die besonderhede aangaande die duur en toelatingsvereistes vir die verskillende opleidingskursusse wat deur die opleidingskole, -kolleges en universiteite aangebied word, word uiteengesit.

Die belangrikheid van onderwyseropleiding word onder die volgende opskrifte bespreek:

i) Akademiese opleiding
ii) Professionele opleiding
iii) Opleiding in ekstra-kurrikulêre bedrywighede
iv) Die daarstelling van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing

Verder word leierskap en die onderwyser in die gemeenskap behandel.

Al die fasiliteite wat tans bestaan vir onderwyseropleiding vir sekondêre en primêre skole word met tabelle weergegee en die wyse waarop die Opleidingskool Söhnge hier inskakel, word verduidelik.

Hoofstuk 2

'n Kursoriese oorsig van die opkoms van kleurlingonderwys in die Kaapland word gegee. In die historiese aanloop word na die eerste skole waarin onderwys aan sowel blankes as anderkleuriges gegee is, verwys. Die hoofdoel van die onderwys in die beginjare was om die leerlinge te onderrig sodat hulle lidmate van die kerk kon word. Vir hierdie doel het die onderwysinhoud hoofsaaklik uit lees, skryf en 'n elementêre begrip van rekenkunde bestaan.


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vir die eerste aantal jare was die onderwysstelsel geensins ge= organiseerd nie. Elke hooggeplaasde amptenaar van die H.O.I.K. wat op weg na of van die Ooste by die Kaap aangedoen het, wou sy beleid insake die onderwysstelsel geïmplementeer hê. Chavon= nes het 'n poging aangewend om die onderwysstelsel op 'n meer gesonde grondslag te plaas deur 'n Onderwyswet in 1714 uit te vaardig waar= in voorsiening gemaak is om die beheer van die onderwys in die hande van die Raad van Skolarge te plaas. De Mist se Skoolorde van 1804 het ingrypende wysigings aan die bestaande Onderwyswet gebring. Die werk van die Raad van Skolarge is toe beëindig en onderwysbeheer het die verantwoordelikheid van die Skoolkommissie geword. In 1813 het Cradock 'n wysiging aan De Mist se Skoolkommissie aangebring en die nuwe onderwysliggaam wat as die Onderwys Departe= ment van die Kaap die Goeie Hoop bekend sou staan en onder beheer van een persoon, die Superintendent-Generaal van Onderwys, sou wees, ingestel.

Vanaf die begin van die 18de eeu het die uitbreiding van die Kolonie na die binneland geleidelik plaasgevind. Intussen is wette aange= kondig om die rondloopneiging van die Hottentotte aan bande te lê. Orals waar die blanke nedersettings tot stand gekom het, het die ge= kleurdes hulle ook gevestig. 'n Kerk en 'n skooltjie was gewoonlik opgerig nadat 'n nedersetting tot stand gekom het.

Die verskillende sendinggenootskappe wat hul verskyning in Suid-Afrika gemaak het en wat aanleiding tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap en sy dogter-hulpgenootskappe gegee het, was 'n beweging wat die lewens van die anderkleuriges sou verander. Die Worcester Hulpgenootskap en daarna die Rynse Sending= genootskap het 'n groot impak op veral die onderwys van die kleur= linggemeenskap van Worcester gehad.

Hoofstuk 3

Die kleurlinge in die Worcester-distrik het geen formele onderwys ontvang nie. Slegs in enkele gevalle is die kinders van plaaswerkers saam met die kinders van die eienaar deur boeremeester onderrig. Die

http://etd.uwc.ac.za/

Worcesterse Sendinggenootskap het die eerste skooltjie vir kleurlingkinders opgerig. Later is hierdie skooltjie deur 'n ander een wat deür Esselen opgerig is, vervang. Die sillabus van die Departement van die Kaap die Goeie Hoop is gevolg. Nadat die sendingskooltjie staatshulp ontvang het, het dit aansienlik uitgebrei. Die sendingskooltjie moes ook sy eie leerkragte deur middel van eers die monitor- en later die kwekelingstelsel, oplei. Hierdie afdeling van die skool was so doeltreffend behartig dat die Departement in 1927 die status van die sendingskool tot dié van opleidingskoolstatus verhoog het.

Hoofstuk 4

Een van die groot dryfkragte agter die totstandkoming van die oplei=dingskool te Worcester, was eerw. H. Söhnge. In 1929 is die nuwe opleidingskool opgerig en die eerste skoolhoof was mnr. R.J. van Huyssteen. In 1932 is ook met 'n sekondêre afdeling (st.7) begin en in 1934 is al die st.6-leerlinge van al die plaaslike primêre skole bygevoeg. Die eerste kleurlingleerkrag, mev. Binnie Cloete, is in 1934 in die personeel aangestel.

Oor die aanstelling van die eerste kleurlingskoolhoof het heelwat ontevredenheid ontstaan. Die blanke personeel het aan die einde van 1937 hul poste bedank toe die aanstelling van mnr. Viljoen bekend geword het. In 1945 het mnr. Viljoen bedank en mnr. F. Aldrich het vir 6 maande as skoolhoof waargeneem. In Junie 1946 het mnr. L.C. la Vita die prinsipaalpos tot sy vertrek na Engeland aan die einde van 1951 beklee. Mnr. C.M. Kleintjes is met ingang Januarie 1952 in hierdie pos aangestel en dit beklee tot sy aftrede in 1976. Die huidige skoolhoof is mnr. D. Dirkse.

In 1942 is die beheer van die opleidingskool deur die N.G. Sending=kerk oorgeneem en in 1944 is die skool se naam na dié van die Oplei=dingskool Söhnge verander.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Vir die eerste bestaansjare van die opleidingskool het die studentetal jaarliks aangewas, sodat van tyd tot tyd addisionele klaskamers aangebou moes word. Die opleidingskool het tot in 1958 voorsiening vir die opleiding van beide mans en dames gemaak, maar vanaf 1959 is slegs dames toegelaat om onderwyser= opleiding na st.8 te volg.

In 1961 het die opleidingskool afstand van sy hoër primêre (st.6) en sekondêre afdelings (sts.7 en 8) gedoen toe die nuwe hoërskool in dieselfde jaar geopen is.

Die lankgevoelde behoefte aan 'n koshuis is in 1964 verwesenlik. 'n Nuwe koshuis is geopen met mnr. C.M. Kleintjes as die superinten= dent en mev. M. Kleintjes as die matrone.

Die volgehoue belangstelling van die oud-opleidingskoolstudente in hul alma mater, word getoon deur die re-unies wat van tyd tot tyd gereël is. Die eerste een was in 1972 gehou.

'n Hoogtepunt van die opleidingskool is in 1979 bereik toe die skool sy vyftigste bestaansjaar gevier het. Die skool was ook geraak deur die skoleboikotte wat deur die Republiek gewoed het, maar geen permanente skade is òf fisies òf andersinds aan die oplei= dingskool berokken nie.

<u>Hoofstuk 5</u>

Ten spyte van knelpunte wat die skool oor die jare gepla het, kon dit tog slaag om 'n noemenswaardige bydrae tot die onderwys te maak. Die opleidingskool kon bykans 2 500 onderwysers in sy 53 jaar van diens oplei. Die knelpunte waarmee die opleidingskool te kampe gehad het, was die volgende:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

i) Beheer deur die N.G. Sendingkerk
ii) Personeelvoorsiening en kwalifikasies van personeel
iii) Akkommodasie
iv) Fasiliteite
v) Proefonderwys
vi) Losiesgeriewe
vii) Instandhouding van geboue

Die bestaan van die skool word eersdaags beëindig as die beoogde nuwe opleidingskollege opgerig word. So sal die geskiedenis van 'n merkwaardige opleidingskool met 'n ewe merkwaardige verlede ten einde loop.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# BRONNELYS

## Primêre Bronne

(a) Staatsargief

Koningin Victoriastraat, Kaapstad.

S.G.O.-Inspeksieverslae, 1873 - 1876

S.G.O.-Inspeksieverslae, 1894 - 1925

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2/12 | Tarka tot Worcester | Vol. VII | 1894 |
| 2/22 | Tarka tot Worcester | Vol. VIII | 1895 |
| 2/32 | Tarka tot Worcester | Vol. VIII | 1896 |
| 2/44 | Van Rhynsdorp tot Worcester | Vol. X | 1897 |
| 2/56 | Van Rhynsdorp tot Worcester | Vol. X | 1898 |
| 2/68 | Van Rhynsdorp tot Worcester | Vol. X | 1899 |
| 2/81 | Uniondale tot Worcester | Vol. XI | 1900 |
| 2/96 | Uniondale tot Worcester | Vol. XII | 1901 |
| 2/111 | Uniondale tot Worcester | Vol. XII | 1902 |
| 2/128 | Uitenhage tot Worcester | Vol. XIV | 1903 |
| 2/146 | Victoria-West tot Worcester | Vol. XIV | 1904 |
| 2/166 | Vryburg tot Worcester | Vol. XV | 1905 |
| 2/188 | Vryburg tot Worcester | Vol. XVII | 1906 |
| 2/210 | Vryburg tot Worcester | Vol. XVII | 1907 |
| 2/236 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1908 |
| 2/261 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1908 |
| 2/287 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1910 |
| 2/313 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1911 |
| 2/339 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1912 |
| 2/365 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1913 |
| 2/391 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1914 |
| 2/417 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1915 |
| 2/443 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1916 |
| 2/469 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1917 |
| 2/495 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1918 |
| 2/521 | Willowmore tot Worcester | Vol. XX | 1919 |
| 2/537 | Williston tot Worcester | | 1920 |
| 2/563 | Williston tot Worcester | | 1921 |
| 2/589 | Williston tot Worcester | | 1922 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

| | | |
|---|---|---|
| 2/614 | Williston tot Worcester | 1923 |
| 2/637 | Williston tot Worcester | 1924 |
| 2/660 | Williston tot Worcester | 1925 |

S.G.O.-Diverse ontvange briewe

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1/2 | Diverse ontvange briewe van | Worcester | 1851-1859 |
| 1/13 | | Worcester | 1865 |
| 1/239 | | Van Rhynsdorp tot Worcester | 1899 |
| 1/300 | | Wodehouse tot Worcester | 1901 |
| 1/343 | | Wodehouse tot Worcester | 1902 |
| 1/399 | | Worcester | 1903 |
| 1/450 | | Wodehouse tot Worcester | 1904 |
| 1/499A | | Wodehouse tot Worcester | 1905 |
| 1/567 | | Wodehouse tot Worcester | 1906 |
| 1/648 | | Worcester | 1907 |
| 1/745 | | Worcester | 1908 |
| 1/839 | | Worcester tot Bizana | 1909 |
| 1/928 | | Worcester | 1910 |
| 1/1204 | | Worcester | 1911 |
| 1/1118 | | Worcester | 1912 |
| 1/1214 | | Wodehouse tot Worcester | 1913 |
| 1/1325 | | Worcester | 1914 |
| 1/1432 | | Willowmore, Worcester | 1915 |
| 1/1520 | | Willowmore, Worcester | 1916 |
| 1/1671 | | Worcester | 1917 |
| 1/1953 & 1/1954 | | Worcester | 1918 |

(b) Suid-Afrikaanse Biblioteek

Koningin Victoriastraat, Kaapstad.

The Cape of Good Hope Almanac & Annual Register for 1816, 1829, 1845.

Cape of Good Hope Blue Book Co 5964. Colony of the Cape of Good 1822.

Cape of Good Hope Census 1904, Times Ltd 1905.

Cape of Good Hope Votes & Proceedings of the House of Assembly 6 session 6th Parliament 27 June to 27 September 1883. W.A. Richards & Sons 1883.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

The Cape Town Foreshore Plan. Final report of the Cape Town Foreshore Joint Technical Committee June 1947, published by the Government printer of the Union of South Africa, 1948.

Department of Public Education Cape of Good Hope, Courses of Training for Coloured Teachers 1924 - 1950.

Onderwysgasette van die Kaapse Onderwysdepartement 1882 - 1963.

S.G.O.-Jaarverslae 1856 - 1963.

Statistical Register of the Colony of the Cape of Good Hope 1892 - 1904, W.A. Richards & Sons, Cape Town 1893.

(c) Argief van die Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake).

Hoofkantoor, Roelandstraat, Kaapstad

Departement van Kleurlingsake-verslae, 1962 - 1969.

Administrasie van Kleurlingsake-verslae, 1969 - 1980.

Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake), Onderwysdiploma en Hoër Onderwysdiploma.
Leêr no. 7/4/1/4/120
Leêr no. L 15/30/2

(d) Worcester Museum Hugo Naudehuis.
Worcester Sendinggenootskap notuleboeke nos. 1 - 6.

(e) Argief van Opleidingskool Söhnge

Administrasie van Kleurlingsake Beurse en Leninggelde (VR-AE 3), 1964 - 1982.

Administrasie van Kleurlingsake-Inspeksieverslae, 1964 - 1981.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Departement van Openbare Onderwys Kaap die Goeie Hoop, KA 239, 1929 - 1964.

Departement van Binnelandse Aangeleenthede (KLeurlingsake), VR-E 239, 1965 - 1981.

Jaarlikse Opgawe VR-E 125, 1961 - 1982.

Opsommingsregister van skoolbesoek en gegewens van inspeksie (Register no. III VR-E 63), 1977 - 1982.

Registers van skoolbesoek (Register no. II), 1928 - 1982.

S.G.O.-Inspeksieverslae, 1928 - 1963.

Toelatingsregister van die koshuis.

Toelatingsregister (Register no.I), 1929 - 1982.

Versamelstate van skoolbesoek en aantekeninge van inspeksieverslae (V 143), 1938 - 1960.

(f) <u>Argief van die N.G. Sendingkerk Worcester.</u>

N.G. Sendingkerk notuleboeke nos. 7 & 8.

<u>Korrespondensie</u>

(i) <u>Onderwysdepartement aan die skoolbestuurder.</u>

15 Febr. 1907

16 Febr. 1909

8 Okt. 1912

C.M.S. 178/20, 25 Julie 1927

8 Sept. 1927

M.S. 179/p.10, 28 Des. 1927

M.S. 179/p.10, 28 Des. 1927

M.S. 178/p.20, 19 Jan. 1929

20 Febr. 1929

3 April 1929

15 April 1929

M.S. 178/20, 30 Mei 1929

7 Nov. 1929

T.S. 107, 20 Des. 1929

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

T.S. 107/G, 30 Des. 1929

Omsendbrief no.5 1930, 30 Augustus 1930

T.S. 107/G 30 Des. 1931

9 April 1934

24 Nov. 1934

9 Julie 1936

8 Maart 1937

9 Des. 1937

24 Jan 1940

3 Okt. 1940

C.B.S. 180/p. 150, 26 Julie 1948

C.B.S. 180/p. 150, 27 Sept. 1948

L 15/30/2, 30 Des. 1955

L 5/180/0/5, 10 Julie 1960

26 Julie 1961

22 April 1962

AC 133/51/2, 31 Okt. 1962

L 15/30/2, 25 Junie 1963

(ii) Diverse briewe aan die skoolbestuurder.

The United Coloured Education Committee of Worcester, 12 Des. 1929 en 24 Mei 1930.

Mnr. R.J. van Huyssteen, 25 Jan. 1932 en 22 Jan. 1934.

Munisiplaiteit van Worcester, 18 Febr. 1935.

A.N. Nesbitt van die boekwinkel Books & Books, 3 Febr. 1936.

Mnr. R.J. van Huyssteen, 13 Febr. 1936.

Mnr. A.F.W. van Zyl, 17 en 20 Nov. 1936.

Mnr. R.J. van Huyssteen, 8 Junie 1937.

Die kleurlingonderwyskomitee van Worcester, 27 Julie 1949.

Mnr. A. Vlok (inspekteur van Onderwys), 8 April 1960.

Theron & Andrews, 12 April 1962.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

(iii) Skoolbestuurder aan die Onderwysdepartement.

22 April 1931
26 Julie 1932
30 Jan. 1933
6 Okt. 1933
10 Maart 1934
28 Nov. 1936
25 Nov. 1937
27 Jan. 1944
18 Junie 1948
25 Okt. 1949
17 Julie 1962
20 Aug. 1962
4 Nov. 1969

(iv) Diverse uitgaande briewe van die skoolbestuurder.

Munisipaliteit van Worcester, 10 Junie 1927 en 4 Des. 1934.
Mnre. De Wet & Kie, 24 Junie 1935

Prinsipaalsverslae

17 Augustus 1955.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Ondernemings.

Kopie van skuldbrief opgestel tussen mev. A. Lyners en die kerkraad, 15 Nov. 1932.

Onderneming tussen Onderwysdepartement en die kerkraad, 1962 en 1963.

Persoonlike aantekeninge van eerw. H. Söhnge

In die argief van die N.G. Sendingkerk is ook op aantekeninge van eerw. Söhnge, wat lig op die geskiedenis van die opleidingskool werp, afgekom.

http://etd.uwc.ac.za/

(g) Persoonlike skrywes aan persone wat nóú verbonde aan die opleidingskool was en wat die skrywer in sy besit het.

Mnr. F.R.J. Söhnge, 12 Aug. 1978

The Order of St John, 5 Sept. 1978

Mnr. H. Engelbrecht, 5 Maart 1979

Mnr. A.F.W. van Zyl, 6 Febr. 1981

Mej. E.M. Field, 31 Maart 1981

(h) Nuusblaaie, periodieke publikasies en tydskrifte.

Alpha, Maandblad van die Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake)
Deel 4 no.5, Mei 1966; Deel 16 no. 7 & 8, Sept./Okt. 1978;
Deel 18 no. 10, Des. 1980 en Deel 20 no. 1, Febr. 1982.

Burger, Die, 17 Febr. 1929, 15 Junie 1936 en 22 Junie 1982.

Cape Argus, 28 Nov. 1936.

Cape Times, 28 Nov. 1936.

Cape Town Gazette & African Advertiser, The,
Deel XVII no. 878, Saterdag 9 Nov. 1822.

Ligdraer, Die, Jaargang no.22, 16 Nov. 1978

Onderwysbulletin, Tweeweeklikse blad van die Departement van Binnelandse Aaangeleenthede (Kleurlingsake), no. 10/82.

Personality, 26 Febr. 1970.

Worcester Standard & Advertiser, 20 April 1929,
28 Nov. 1936, 2 Okt. 1937, 17 Des. 1937,
28 Febr. 1938, 17 Jan. 1942, 31 Okt. 1942,
30 Okt. 1943, 27 April 1951, 29 Julie 1954,
28 Julie 1957, 21 Sept. 1979 en 5 Okt. 1979.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/